

**Brugbediening in vakante gemeentes
gemik op 'n missionale fokus:
'n Holistiese benadering deur 'n multifokale lens**

JG Janse Van Rensburg



orcid.org/0000-0001-8084-4884

Proefskrif aanvaar ter nakoming vir die graad *Philosophiae*
Doctor in *Missiologie* aan die Noordwes-Universiteit

Promotor: Dr IW Ferreira

Mede-promotor: Dr RA Denton

Gradeplegtigheid: Mei 2021

Studentenommer: 29297788

BEDANKINGS

Watter voltydse en hardwerkende predikant het nog tyd vir 'n nagraadse studie? Die een met 'n passie vir die Heer van die kerk. Die een met 'n passie vir die kerk van die Heer. Die een met 'n passie vir die uitdagings van die plaaslike gemeente en in die konteks van die studie, 'n passie vir die vakante plaaslike gemeente. Die een met 'n passie vir die gemeentelêde en hulle uitdagings, beproewings en aanvegings.

'n Jong kollega skryf onlangs op sosiale media die volgende: "Dertig dae en dertig nagte PhD." Geen kritiek teen die harde werk en entoesiasme van die jong kollega nie. Met die harde werk en entoesiasme gaan sy dit waarskynlik regkry en ek sal eerste in die ry staan om haar geluk te wens. Vir my is dit meer soos 30 jaar van harde werk, ervaring opdoen, nalees, dink en gesprek voer. Gedurende die laaste vier jaar het ek ook begin om my gedagtes neer te pen in hierdie navorsingstuk. My dertig jaar PhD.!

Die jaar 2019 was vir my persoonlik baie uitdagend. Dit is die jaar waarin ek my studie moes voltooi, maar toe het ek as gevolg van uitbranding 'n hartritme-probleem ontwikkel. Dit het my in groot moeilikheid in die hospitaal laat beland. Ek moes 'n dringende ablasieoperasie ondergaan en daarna die langerige herstelproses. In hierdie tyd het my pa, Hans Janse van Rensburg, al die pad by my gestaan. Dit is hy wat my aanvanklik na die dokter se spreekkamer gehaas het en wat my laat opneem het. Hy was daar om my te motiveer en vir my te bid. My doktorale studie was my pa se droom. Hy het alles in sy vermoë gedoen om dit moontlik te maak. Die dag as ek my doktorale graad ontvang sal ek dit aan hom opdra. Ongelukkig kan hy dit nie meer self ervaar of beleef nie, want hy is in 2019 net na my hart operasie aan kanker oorlede.

My steunpilaar is nog altyd my vrou, Elizabeth Janse van Rensburg. Vir haar was 2019 ook nie 'n goeie jaar nie. Eers my hart probleme, toe die afsterwe van haar geliefde skoonpa en in daardie selfde tyd 'n knieervanging. Trouens, sy het die nuus van haar skoonpa se afsterwe in die hospitaal, waar sy na die knieervanging herstel het, ontvang. 'n Rukkie later is sy weer vir drie weke in die hospitaal opgeneem om van 'n siekte te herstel. Deur dit alles en deur die hele dertig jaar het sy nie vir 'n oomblik opgehou om my te motiveer om my studies te voltooi nie. Sy is die steunpilaar wat ek so bitter nodig gehad het.

Ons enigste seun is Hanro Janse van Rensburg. Hy het nooit opgehou om my aan te moedig om die studie te begin en deur te voer nie. Hy het die vermoë om vuur onder my te maak en om my aan te help. Hy laat my ook altyd trots voel op die studiewerk. Hy is deel van 'n ander

generasie, maar het soveel begrip vir myne. Ure se gesprekke met hom oor God, godsdiens, die kerk en gelowigwees het my help verstaan dat daar 'n generasie is wat anders as ek dink en doen. Dit is uiters belangrik vir die werk van 'n brugpredikant. Hy woon ver in New York City, maar is daaglik deel van my lewe.

Die moeder van my studie is Annatjie Botha. Sy is ook die studiestuk se taalkundige versorger. Deur die jare van ure se nalees en geselsies het sy my aanhou bemoedig, my moed ingespraak en my op koers gehou. Sy het later oor die inhoud van hierdie navorsingstuk gepraat asof dit haar eie is. Sy het my goed laat voel oor die inhoud en die bruikbaarheid daarvan vir die plaaslike vakante gemeente. Ek het nie genoeg geld of woorde om haar daarvoor te bedank nie.

In hierdie navorsingstuk lê 'n stuk van myself. Die studie het my gevorm as mens. Ek het veral geleer om na almal se perspektiewe te kyk en dan 'n eie holistiese perspektief te formuleer. Met hierdie studie het my twee promotors sterk leiding gegee. Hulle het veral my vermoë om na kritiek te luister verbeter. Ek is deur die proses geleer om 'n dikker vel teen kritiek te ontwikkel en my eie navorsing en ervaring te vertrou. Hulle bydrae is van onskatbare waarde en daarom spreek ek graag 'n dankwoord uit teenoor dr. Naas Ferreira en Rudy Denton.

Soos enige ander bedanking wat iemand moet skryf, is hierdie een nie volledig nie. Veral omdat die studie oor soveel jare strek. Daar is soveel meer dosente, kollegas, gemeentes, gemeentelede, familie en vriende wat 'n aandeel hierin het. Sommige se aandeel is meer opsigtelik as ander s'n, maar elkeen s'n was nodig. As jy hier lees sal jy ook weet in watter mate jy 'n aandeel in hierdie navorsingstuk het. Hiermee dan my eenvoudige, maar opregte dankie.

Ten slotte wil ek erkenning gee vir die voorreg om in die teologie te kon navorsing doen. Dit het nie net my verhouding met verskeie mense versterk nie, maar ook my verhouding met God. Aan Hom dan ook my finale en grootste dank!

My wens is dat hierdie navorsing 'n sinvolle bydrae tot brugbediening sal lewer.

Mag dit so wees.

OPSOMMING

Die begeleiding van brugbediening binne vakante gemeentes tot 'n missionale fokus: 'n Holistiese benadering deur 'n multifokale lens

Navorsing gedoen ter voorbereiding van hierdie studie toon dat brugbediening tans op 'n enkelvoudige (die gebruik van slegs een lens) wyse gefasiliteer word. 'n Holistiese benadering tot veelvoudige (die gebruik van meer as een lens of multifokale lens) lense, beklemtoon die noodsaak van brugbediening binne die nuwe konteks en gee gefokusde antwoorde vir die spesifieke vakante gemeente se missionale roeping. Tot op hede maak opgeleide brugpredikante wêreldwyd van slegs een lens gebruik, dié lens wat in hulle opleiding aangebied word.

Die bogenoemde situasie lei tot die oorkoepelende navorsingsvraag: Hoe kan 'n holistiese benadering 'n vakante gemeente begelei om hulle missionale roeping te herontdek?

Die oorkoepelende navorsingsdoelstelling van hierdie studie is om aan te toon waarom en hoe 'n holistiese benadering tot die brugproses (veelvoudige lense of multifokale lens) 'n vakante gemeente begelei tot 'n herontdekking van 'n vakante gemeente se missionale roeping.

Die beskrywend-empiriese taak vra in hoofstuk twee die vraag: "Wat is aan die gebeur?" Volgens Osmer se model is die doel van hierdie taak om inligting te versamel wat ons help om patrone en dinamika in spesifieke kontekste te onderskei. 'n Deskriptiewe literatuurstudie van die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die VSA en in Suid-Afrika word uitgebrei met 'n studie van kerngesonde leierskap en saam dra dit by tot meer kennis van die brugproses en brugbediening in vakante gemeentes.

Die interpreterende taak vra volgens Osmer se model die volgende vraag: "Waarom gebeur dit?" Die doel van hoofstuk drie is om die onderskeie lense wat tans wêreldwyd gebruik word te bestudeer ten einde te verduidelik waarom 'n holistiese benadering eerder gaan lei tot die vakante gemeente se verstaan van hulle missionale roeping.

'n Normatiewe studie kenmerk hoofstuk 4 in 'n poging om die volgende vraag van Osmer se model te beantwoord, naamlik: "Wat behoort te gebeur?" Dit bepaal watter teologiese perspektiewe en missionale merkers die Skrif vir die brugbediening bied. Die fokus in hierdie hoofstuk is op normatiewe beginsels met betrekking tot die brugproses deur hoofsaaklik te

konsentreer op Matteus 28: 16-20, Openbaring 2-3, Openbaring 10 en 'n Pauliniese perspektief op die brugbediening. Dit is duidelik uit die bestudering van spesifieke Skrifgedeeltes dat relevante teologiese perspektiewe en missionale merkers ten opsigte van brugbediening wel vanuit die Bybel afgelei kan word.

Die pragmatiese taak reageer op die laaste van die vier vrae in verband met die vier take van Osmer se model, naamlik "Hoe kan ons reageer?" Hoofstuk 5 beskryf hoe die brugproses holisties aangebied kan word. 'n Metafoor, die van 'n oogkundige, word aangebied om 'n holistiese benadering tot brugbediening te verduidelik.

Sleuteltermes: Brugbediening, brugpredikant, brugproses, ekklesiologie, enkelvoudige lens, holistiese benadering, lense, missionale ekklesiologie, missionale fokus, missionale roeping, program, roeping, vakante gemeente, veelvoudige lense.

SUMMARY

Assisting vacant congregations by means of interim ministry to a missional focus: A holistic approach through a multifocal lens.

Research done before the commencement of this study showed that interim ministry is currently being done in a singular manner (through the use of one lens only). A holistic approach to multiple lenses (using more than one or multiple lenses) emphasises the necessity for interim ministry within the new context and provides clear-cut answers to the specific vacant congregation's missional calling. Until now trained interim ministers world-wide used only the one lens they were trained to.

This situation led to the broader research question: How can a holistic approach assist a vacant parish in rediscovering its missional vocation

The research objective of this study is to establish how and why a holistic approach to the interim process (multiple lenses or multifocal lens) assist a vacant congregation to realize their missional vocation.

The descriptive empirical task put in chapter two leaves the question: "What is happening?" According to Osmer's model the purpose of this task is to gather information aiding in distinguishing patterns and dynamics in certain contexts. A Descriptive literature study of the origin and development of interim ministry in the USA and in South Africa is enhanced by the study of fundamentally sound leadership and together it contribute to a more valuable knowledge of the interim process and interim ministry in vacant congregations.

The interpreting task according to Osmer's model raises the following question: "Why is it happening?" The aim of chapter three is to study the different lenses currently being used world-wide in order to explain why a holistic approach more precisely would lead to the vacant congregation's understanding of their missional vocation.

A normative study marks chapter four as being an attempt to respond to the next question in Osmer's model, namely "What should be happening?" It determines the theological perspectives and missional attributes scripture presents to interim ministry. The emphasis in this chapter is on normative elements of the interim process by concentrating on Matthew 28: 16-20, Revelation 2-3, Revelation 10 as well as a Pauline perspective on interim ministry. By

examining specific parts of scripture, it is clear that relevant theological perspectives and missional elements regarding interim ministry can be Biblically asserted.

The pragmatic task reacts to the last of the four questions regarding the four tasks of Osmer's model, namely "How can we react?" Chapter five the way the interim process can be presented holistically. The metaphor of an optometrist is applied in order to explain a holistic approach to interim ministry.

Key words: Interim ministry, interim pastor, interim process, ecclesiology, singular lens, holistic approach lenses, missional ecclesiology, missional focus, missional purpose, program, calling, vacant congregation/parish, multiple lenses, missional vocation.

TABLE OF CONTENTS

BEDANKINGS.....	I
OPSOMMING	III
SUMMARY	V
 HOOFSTUK EEN	 1
INLEIDING TOT DIE STUDIE	1
1.1 Voorgestelde titel en sleutelwoorde	1
1.1.1 Voorgestelde titel	1
1.1.2 Sleutelbegrippe	1
1.2 Agtergrond en probleemstelling	1
1.2.1 Agtergrond	2
1.2.1.1 Ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA.....	2
1.2.1.2 Ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika	3
1.2.2 Probleemstelling.....	4
1.2.2.1 Snelveranderende konteks.....	6
1.2.2.2 Missio Dei	17
1.2.2.3 Holistiese benadering.....	21
1.3 Navorsingsvraag	22
1.4 Doel en doelwitte.....	23
1.4.1 Doel	23
1.4.2 Die doelwitte.....	23

1.5	Sentrale teoretiese argument	24
1.6	Navorsingsmetode	25
1.6.1	Deskriptiewe literatuurstudie	26
1.6.2	Interpreterende literatuurstudie	26
1.6.3	Normatiewe studie.....	27
1.6.4	Pragmatiese studie.....	27
1.7	Etiese implikasies van die navorsing	28
1.8	Voorlopige hoofstuk indeling	28
1.9	Skematiese uiteensetting van die navorsingsprosedure	28
HOOFSTUK TWEE		30
WATTER PERSPEKTIEWE KAN 'n DESKRIPTIEWE LITERATUURSTUDIE TOT DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BRUGBEDIENING IN DIE ALGEMEEN EN IN SUID-AFRIKA BYDRA? (DESKRIPTIEWE LITERATUURSTUDIE)		30
2.1	Inleiding	30
2.2	Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening.....	30
2.2.1	Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA	30
2.2.2	Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika.....	35
2.3	Die brugpredikant en brugbediening	49
2.3.1	Die brugpredikant is 'n spesialis fasiliteerder.....	49
2.3.2	Brugbediening dien 'n vakante gemeente	68
2.4	Samevatting van die hoofstuk.....	70

HOOFSTUK DRIE	71
WAT GEBEUR IN BRUGBEDIENING? (INTERPRETERENDE LITERATUURSTUDIE)	71
3.1 Inleiding	71
3.2 Drie Lense vir brugbediening	71
3.2.1 Lens 1: Prakties-teologiese interpretasie	73
3.2.1.1 Inleiding.....	73
3.2.1.2 Wat is aan die gebeur?	74
3.2.1.3 Hoekom het dit gebeur?	76
3.2.1.4 Wat behoort te gebeur?.....	77
3.2.1.5 Hoe behoort ons daarop te reageer?.....	79
3.2.1.6 Samevatting van die prakties-teologiese interpretasie.....	80
3.2.2 Lens 2: Identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling	80
3.2.2.1 Inleiding.....	80
3.2.2.2 Motivering, ontvriësing en missieformulering	81
3.2.2.3 Gemeente-analise	83
3.2.2.4 Doelgerigte aksie	86
3.2.2.5 Gemeentelike strategiese beplanning	87
3.2.2.6 Implimentering van die strategiese plan	88
3.2.2.7 Evaluasie, stabilisering en herhaling	90
3.2.2.8 Samevatting van die identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling	90
3.2.3 Lens 3: Vyf fokusareas.....	91
3.2.3.1 Inleiding.....	91

3.2.3.2	Erfenis.....	92
3.2.3.3	Leierskap	93
3.2.3.4	Missie.....	95
3.2.3.5	Netwerke	96
3.2.3.6	Toekomsvisie	96
3.2.3.7	Samevatting van die vyf fokusareas	97
3.3	Samevatting van die interpreterende literatuurstudie	97
HOOFSTUK VIER		98
WAT BEHOORT TE GEBEUR? (NORMATIEWE STUDIE)		
	MISSIONALE FOKUS	98
4.1	Inleiding	98
4.2	Teologiese interpretasie vir 'n missionale fokus.....	99
4.2.1	Eksegese	99
4.2.2	Wat is eksegese?	100
4.2.3	Matteus 28: 18-20 - Apostoliese opdrag	101
4.2.4	Openbaring 2-3 - Die boodskap aan die sewe gemeentes van Klein-Asië	102
4.2.5	Openbaring 10: 1-11 – missionale roeping in beeldryke taal	105
4.2.6	Pauliniese perspektief	106
4.3	Etiese refleksie vir 'n missionale fokus.....	110
4.4	Goeie praktyk vir 'n missionale fokus	115
4.4.1	Jaarvergadering van die International Consortium for Congregational Studies (ICCS)	115

4.4.1.1	Inleiding.....	115
4.4.1.2	Die sewe verklarings:	116
4.4.1.2.1	'n Nuwe beweging van God se Gees, wat Christene van reg oor die wêreld wakker maak en oproep, om deel van God se missie vir die wêreld te word.....	116
4.4.1.2.2	Die herontdekking van 'n lewende God, wat teenwoordig is en aktief deelneem in die geskiedenis	116
4.4.1.2.3	Ons hoor God se stem wat ons oproep om vir die wêreld en sy mense om te gee	116
4.4.1.2.4	Missionale kerk is bereid om die kruis vir die missio Dei op te neem.	117
4.4.1.2.5	Kerkstrukture kan die werk van die Heilige Gees versmoor.....	118
4.4.1.2.6	Missionale kerkwees werk van onder na bo	119
4.4.1.2.7	Netwerke is belangrik vir missionale kerkwees.....	119
4.4.1.3	Missionale Ekklesiologie	120
4.4.1.3.1	Die onverwagse draai na 'n gemeentefokus.....	126
4.4.1.3.2	Ekklesiologie en sosiologie.....	126
4.4.1.3.3	Vernuwing van bestaande gemeentes.....	127
4.4.1.3.4	Vorming van nuwe gemeentes	127
4.4.1.3.5	Sistematiese teologie en ekklesiologie	127
4.4.1.3.6	Missionale studie en ekklesiologie.....	129
4.4.1.4	Missionale uitdagings vir die toekoms	129
4.4.1.4.1	Missionaal is 'n unieke uitdaging in die post-Christendom.....	129
4.4.1.4.2	Demografiese skuiwe bring geleenthede vir nuwe missionale gemeenskappe.....	130

4.4.1.4.3	Die uitdaging van geloofsonderskeiding	131
4.5	Slotopmerkings van die normatiewe studie	134
HOOFSTUK VYF		136
HOE BEHOORT ONS OP 'n MISSIONALE FOKUS EN HOLISTIESE BENADERING TE REAGEER?		136
5.1	Inleiding	136
5.2	Die gebruik van 'n metafoor	138
5.3	Toepassing van die metafoor	139
5.3.1	Brugpredikant (Oogkundige)	141
5.3.2	Vakante gemeente (pasiënt)	143
5.3.3	Holistiese brugproses (Phoropter)	145
5.3.4	Missionale roeping (Oogkaart)	149
5.3.5	Bedieningsplan (Voorskrifbril).....	150
5.4	Slot	152
HOOFSTUK SES.....		153
SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS		153
6.1	Struktuur van die studie	153
6.2	Deskriptiewe-empiriese studie	153
6.3	Interpreterende Literatuurstudie	154
6.4	Normatiewe studie	155
6.5	Pragmatiese studie	155
6.6	Tekortkominge van die studie	156

6.7	Voorstelle uit die studie	156
6.8	Finale bevinding	157
	BRONNELYS	158
	BYLAAG A: HOW HEALTHY IS YOUR LEADERSHIP?	176
	BYLAAG B: ETIEK KLARING	178
	BYLAAG C: VERKLARING AANGAANDE TAALVERSORGING	180

LIST OF FIGURES

Figure 2.1:	Die inwendige take vir kerngesonde leierskap	56
Figure 2.2:	Die uitwendige take vir kerngesonde leierskap	59
Figure 5.1:	Grafiese voorstelling vir die drie lense wat oormekaar gebruik word	147

HOOFSTUK EEN

INLEIDING TOT DIE STUDIE

1.1 Voorgestelde titel en sleutelwoorde

1.1.1 Voorgestelde titel

Brugbediening in vakante gemeentes gemik op 'n missionale fokus: 'n Holistiese benadering deur 'n multifokale lens.

1.1.2 Sleutelbegrippe

Brugbediening, brugpredikant, brugproses, ekklesiologie, enkelvoudige lens, holistiese benadering, lense, missionale fokus, missionale roeping, program, roeping, vakante gemeente, veelvoudige lense.

1.2 Agtergrond en probleemstelling

Die studie het nie 'n spesifieke denominasie in die oog nie. Dit is 'n generiese studie wat brugbediening as bediening ondersoek. Opleiding van brugpredikante in Suid-Afrika en die buiteland is generies. Brugbediening is die fokus.

Die Interim Ministry Network se webblad (IMN 2020) gee 'n beknopte, maar duidelike opsomming van die inhoud en wese van brugbediening. Hulle beskryf die hele proses soos volg:

This time period called the “interim” provides congregations an opportunity to call a clergy leader to provide transitional leadership during a period of pastoral vacancy. Such vacancy may arise because of a pastoral move, resignation, retirement, death, or some other reason. When the vacancy arises, the congregation and the administrative body of the denomination need time to think through the appointment of a new pastoral leader. Sometimes such replacement may take as much as six months to two years. During this interim period, the congregation needs an experienced pastoral leader who can fill the interim time, help to heal any wounds or sense of loss the congregation may be suffering, discover and explore their purpose and mission and provide a continuation in ministry — in preaching and pastoral caring.

Brugbediening is egter nog meer omvattend en word daarom verder deur die Interim Ministry Network (IMN 2020) omskryf:

Interim ministry also is about seeking effective ways to organize for ministry, recruit, train and develop new leadership. It involves assessing the way decisions are made in the church and determining if there are more inclusive ways to handle this task. This is a time to look at how the community of faith relates to one another, the surrounding neighborhood, and the wider church. Finally, this is a time for a congregation to discover their identity apart from the pastor of the church. This is an opportunity to develop a vision that will help meet the spiritual needs of members and enhance their ministry beyond themselves. With this kind of clarity, the congregation can find a new leader who will equip them to follow what they believe to be God's will, direction and purpose.

Brugbediening het plaaslik en in die buiteland oor die laaste dertig jaar geweldig ontwikkel. Die groei het plaasgevind as gevolg van brugbediening se vermoë om aan te pas by nuwe sosiale wetenskappe, sosiale tegnologie, teologiese refleksie en die aanhoudende hersiening van die kurrikulum vir die opleiding en toerusting van brugpredikante (Bendroth, 2015:5).

'n Literatuurstudie sal aantoon dat brugbediening tans op 'n enkelvoudige (die gebruik van slegs een lens) wyse gefasiliteer word. 'n Holistiese benadering tot veelvoudige (die gebruik van meer as een lens) lense, beklemtoon die noodsaak van brugbediening binne die nuwe konteks (meer breedvoerig bespreek by 1.2.2.1 Snelveranderende konteks) en gee gefokusde antwoorde vir die spesifieke vakante gemeente se missionale roeping. Tot op hede maak opgeleide brugpredikante wêreldwyd van slegs een lens (of enkelvoudige lens) gebruik, die lens wat in hulle opleiding aangebied word. Hierdie studie wil voorstel dat ten minste drie lense of dan 'n multi-fokale lens op 'n holistiese wyse gefasiliteer behoort te word. Die metafoor van 'n oogkundige en sy instrumente sal help om hierdie holistiese proses te verduidelik.

1.2.1 Agtergrond

1.2.1.1 Ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA

Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA is die konteks waarbinne een van die moontlike lense vir die brugproses ontwikkel en geïmplementeer is. Dit het begin as "vyf ontwikkelingsstake" (Mead, 2015:37-50) en later ontwikkel tot die huidige gebruik van "vyf fokuspunte" (Keydel, 2015:54). Dit gaan dus hier oor die proses waarmee die brugbediening gefasiliteer word. Die gebruik van die lense (brugproses) begelei die vakante gemeente tot 'n missionale fokus.

Die bestudering van die geskiedenis is belangrik, want dit fokus op die oorsprong van brugbediening en hoe dit 'n noodsaaklike bydrae tot die plaaslike vakante gemeente se missionale roeping kan lewer. Die ontstaan van brugbediening (soos in die VSA en Suid-Afrika) het te doen met die praktiese uitdagings wat die kerk in die gesig staar, naamlik groot lidmaatverliese en finansiële agteruitgang. Die literatuurstudie wys duidelik op die ontstaansredes van brugbediening. Beide in die VSA en RSA het brugbediening begin met die vrae: Hoekom word die kerklidmate minder en minder? Hoekom beleef die kerk finansiële agteruitgang? Anders gestel, die lidmaatverliese en gepaardgaande finansiële agteruitgang het die ontwikkeling van brugbediening gestimuleer en nie die missionale roeping van die plaaslike vakante gemeente nie.

Brugbediening het sy ontstaan in die VSA met Loren Mead wat as vader van *Interim Ministry* bekendstaan. Mead (2015:Loc.785) beskryf die ontstaan van brugbediening in die laat-sestigerjare as 'n tyd toe die kerklike omgewing in die VSA besig was om ernstige uitdagings te ervaar.

Die Episkopaalse Kerk (en die meer tradisionele denominasies) het groot lidmaatverliese en finansiële agteruitgang ervaar. Die biskop (John Hines) het Loren Mead na New York ontbied sodat hy hom kon oortuig om leiding te neem met 'n navorsingsproses oor die veranderende konteks waarin die kerk hom bevind het. Mead (2015:Loc.803) het gevoel dat dit 'n bykans onmoontlike taak was en dit het oortuiging gegee: "I do not know what happened in that room, but somehow he made me change my mind, and I left shortly after I found myself saying, I'll do it!"

Gemeenteleiers het dié uitdaging (veranderende konteks waarin die kerk hom bevind) in informele samekomste begin verwoord. Die aanvanklike gevoel was dat demografiese verskuiwings die grootste oorsaak is, en hulle kon gevolglik aantoon dat gemeentes hulle impak op gemeenskapsvlak verloor het. Daar was 'n besef dat dringende aandag gegee moet word aan die heropbou van gemeentes en stabilisering van lidmaatgetalle.

Die volledige ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA sal in hoofstuk twee bespreek word.

1.2.1.2 Ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika

Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die Suid-Afrikaanse konteks begin ongeveer 30 jaar na dié van die VSA. In hierdie ontstaansgeskiedenis ontwikkel die konteks waarbinne twee van die moontlike lense vir die brugproses ontwikkel en geïmplementeer word. Die eerste

lens is die praktiese teologiese interpretasie van Osmer wat aan die universiteit van Stellenbosch onderrig word (Communitas, 2013) en die tweede lens is identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling wat aan die universiteit van Pretoria onderrig word (Die sentrum vir kontekstuele teologie, 2017).

Dié literatuurstudie ontdek dat lidmaatverliese en finansiële agteruitgang, ook in Suid-Afrika, die ontwikkeling van brugbediening gestimuleer het. Ook die kerk in Suid-Afrika staan voor die geweldige uitdaging van lidmaatverliese en finansiële agteruitgang, daarom behoort vakante gemeentes opnuut begelei te word tot 'n herontdekking van hulle missionale roeping.

Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika strek oor die laaste 15 jaar. Hierdie geskiedenis is nêrens amptelik opgeteken nie en daarom wil die navorser in hierdie navorsingstuk ook 'n bietjie meer volledig hierby stilstaan. Dié geskiedskrywing sal help met die konteks. Die opteken van die geskiedenis in hoofstuk twee het dus 'n tweeledige doel: (i) ondersteuning vir die navorser se spesifieke navorsing en (ii) 'n bydrae tot voortgesette en toekomstige navorsing oor brugbediening in Suid-Afrika.

Sedert ongeveer 2004 is daar ook in Suid-Afrika begin om pertinent aandag te gee aan die Interim of Transitional Ministry wat deur die kerke in die VSA ontwikkel is. Verskillende persone het met die implementering van die Interim Ministry in Suidelike Afrika 'n rol gespeel, soos dr Arnold Smith, ds Helen Dekker van die Hervormde Kerk in Nederland en prof Malan Nel (van Loggerenberg & du Toit, 2014:1).

Op 20 Junie 2008 is die Network for Interim Ministry in South Africa (NIMSA) gestig. Hierdie literatuurstudie sal in hoofstuk twee die notules van NIMSA bestudeer en die bydrae van NIMSA tot brugbediening as konteks dokumenteer.

Die volledige ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika sal eweneens in hoofstuk twee bespreek word.

1.2.2 Probleemstelling

'n Literatuurstudie sal aantoon dat die brugproses tans op 'n enkelvoudige (die gebruik van slegs een lens) wyse gefasiliteer word. 'n Holistiese benadering tot veelvoudige (die gebruik van meer as een lens of multifokale lens) lense, beklemtoon die noodsaak van brugbediening binne die nuwe konteks en gee gefokusde antwoorde vir die spesifieke vakante gemeente se

missionale roeping. Tot op hede maak opgeleide brugpredikante wêreldwyd van slegs een lens gebruik, dié lens wat in hulle opleiding aangebied word.

Die drie lense wat enkelvoudig deur drie opleidingsinstansies aangebied word is:

- Lens 1 - Prakties-teologiese interpretasie, soos ontwikkel deur Osmer, word aangebied aan Communitas, kweekskool Universiteit van Pretoria,
- Lens 2 – Identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling, soos ontwikkel deur Nel, word aangebied aan Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie, Universiteit van Pretoria en
- Lens 3 - Vyf fokus-areas, soos ontwikkel en aangebied deur die Interim Ministry Network in Baltimore, VSA. word gewy aan die opleiding van brugpredikante.

Elkeen van dié drie genoemde lense kan vakante gemeentes help om 'n gedeelte van hulle missionale roeping te herontdek, maar meervoudige lense of 'n multifokale lens gaan gemeentes eerder help om hulle missionale roeping ten volle te herontdek en in bediening te stel. Die navorser sal in hoofstuk vyf aandui dat hierdie drie gesamentlik eerder as afsonderlik aangewend moet word – dit is die holistiese benadering tot die brugprosesse. Hierdie studie wil voorstel dat ten minste drie lense op 'n holistiese wyse gefasiliteer behoort te word.

Dié benadering word tans nie in die opleiding en gevolglike fasilitering van brugbediening gevolg nie. Dit lei daartoe dat gemeentes nie hulle volle missionale roeping herontdek nie. Hoofstuk drie sal die drie lense bestudeer en 'n holistiese benadering voorstel. Hoofstuk vyf sal verduidelik hoe die holistiese of multifokale benadering werk. Vir dié doel gebruik die navorser 'n metafoor, naamlik die brugpredikant as oogkundige, wat met sy instrumente vir die vakante gemeente 'n "leesbril" gee waarmee die vakante gemeente sy missionale roeping ten volle herontdek en leer leef.

'n Vakante gemeente het leiers en 'n bepaalde leierskapstyl nodig; ons verwys graag daarna as kerngesonde leierskap. Konflik is algemeen in vakante gemeentes omdat 'n missionale doelwit dikwels ontbreek. Daarvoor is kerngesonde leierskap nodig (meer hieroor in 2.2.1 Die brugpredikant is 'n spesialis fasiliteerder). 'n Kultuurskuif binne die gemeente en binne die konteks van die vakante gemeente, veroorsaak dat mense baie meer sigbaar en hoorbaar krities teenoor mekaar, die konteks en selfs teenoor die kerk is. Kerkleiers hou gewoonlik nie van verandering nie en ervaar dit negatief (Van Wyk, 2016:3). Wanneer 'n geslaagde proses van brugbediening suksesvol deurleef is, word die seer van predikante wat hulle vasgeloop het teen gemeenteleiers wat geen verandering duld nie, gehoor (Van Wyk, 2016:3).

Die verstaan van kerngesonde leierskap is van kardinale belang vir die fasilitering van brugbediening, daarom 'n verdere literatuurstudie van kerngesonde leierskap soos beskryf deur Peter Scazzero (2015) en John Helgeson (2016). 'n Nuwe blik op kerngesonde leierskap kan brugbediening verryk. Hierdie studie word in die tweede helfte van hoofstuk drie aangepak.

In die navorsing sal die navorser aantoon dat brugbediening sy ooglopende ontstaan by lidmaatverliese en finansiële agteruitgang het. By nadere ondersoek sal die navorser aantoon dat brugbediening eerder sy ontstaan by 'n missionale roeping behoort te vind. Zscheile (2012:1) sê: "At the heart of the missional church conversation lies a challenge: to recover and deepen the church's Christian identity in a post-Christendom world in light of the triune God's mission in all of creation."

Later wys Zscheile (2012:5-6) daarop dat die kerk se verhouding met die snelveranderende konteks onherroeplik verander het. Dit het die kerk se missionale fokus op God se missio Dei vervlak en selfs vernietig. Dit is nodig dat die kerk weer deelneem aan God se besigwees met en in die wêreld; missio Dei. In die navorsing gaan hoofstuk vier aan die missionale roeping van die vakante gemeente aandag gee.

1.2.2.1 Snelveranderende konteks

Die literatuurstudie se bydrae ten opsigte van snelveranderende konteks sal beperk wees, aangesien dit bloot gesien word as ondersteuning vir die fokus op 'n missionale ekklesiologie. Dit gaan dus meer oor 'n beter verstaan en toepassing van die brugproses en daarmee saam die hantering van die fokus (missionale roeping).

Volgens The Centre for Congregational Health se webblad (2016) ervaar alle geloofsgemeenskappe verandering in snel veranderende tye. Hierdie verandering sluit die volgende in: demografiese verskuiwing, dalende bywoningsyfers, dalende lidmaatgetalle, finansiële agteruitgang, die verandering van leierskap, gebrekkige visie en missie, gebrek aan missionale identiteit en samewerkingsooreenkomste of selfs die ontbinding van 'n gemeente.

Consequently, the way a congregation chooses to use its interim time will shape congregational growth, identity, and health for years to come. What is done in the interim time really determines whether the new minister, staff and congregation will form a solid ministry team. This interim time is the ideal opportunity for a congregation to clearly answer the questions: "Who are we?" "Who is God calling us to be in the future?"

To openly and candidly address these questions, faith community leaders find that they are best served by outside assistance. Such help can be secured in one of three ways: traditional interim minister, intentional interim minister, or transition facilitator (Centre for congregational health, 2016).

Joubert (2007:7-13) vergelyk die uitdagende tye waarin ons leef met dié van 'n perfekte storm; 'n kategorie 5-storm het losgebars. 'n Storm wat ons eenvoudig nie kan systap nie. 'n Storm wat die kerk eenvoudig nie kan vermy nie. 'n Storm wat dikwels in die kerk eenvoudig misgekyk of selfs geïgnoreer word. Dit is 'n storm wat wêreldwyd woed. Gemeentes wat bloot met die alledaagse bediening en diensake aangaan, gaan in hierdie storm katastrofiese gevolge in die gesig staar.

Die storm in Suid-Afrika word gekenmerk deur werkloosheid, armoede, ongekende toename in misdaad, regstellende aksie en nog vele ander. Kerkloosheid, kerklosheid en 'n kerkgemeenskap wat verouder, dra by tot die perfekte storm. Drastiese dalende lidmaatgetalle is deel van die gevolge van bogenoemde storm. Bykans elke vakante gemeente worstel met die gevolge van die perfekte storm: dalende lidmaatgetalle en die verswakking van gemeentes se finansiële posisie.

Die Jaarboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (2019:199) verklap die realiteit van dalende lidmaatgetalle in dié Kerk. Die navorser gebruik hier bloot die getalle van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, omdat die navorser 'n dienende predikant van die Kerk is. Die navorser is egter bewus daarvan dat dieselfde tendens in die ander susterskerke voorkom. Dreyer (2016:146) bevestig dat verskeie kerklike tradisies van oor die wêreld die storm van dalende lidmaatgetalle ervaar en beleef.

Die getal mense sonder enige kerklike lidmaatskap is besig om te groei. Buitekerklikes het in 1947 17,1% van die Nederlandse bevolking beslaan; ongeveer dertig jaar later in 1979 het die getal buitekerklikes gegroei met tien persent (27%) en nog veertien jaar later (1993) het hierdie syfer gestyg tot 52% (Heitink, 2000a:14). Teen 2020, so word beraam, sal slegs 4% van die Nederlandse bevolking nog aan die Protestantse Kerk in Nederland behoort (De Roest & Stoppels, 2007:12).

Dieselfde storm woed ook in die VSA. Volgens die Barna Research Group se navorsing, wat in 'n verslag (The state of the church) bekend gemaak is, het die getal volwasse mense wat nie meer kerk bywoon nie gegroei van 39 miljoen na 75 miljoen. Hiervolgens word voorspel dat plaaslike kerke en gemeentes teen 2025 die helfte minder lidmate sal hê (Barna, 2005).

Hierdie tendens kom in die tradisionele hoofstroom kerke, plaaslike gemeenskapkerke, evangeliese megakerke en pinksterkerke voor (Hirsch, 2006:36).

In Suid-Afrika is die drie Afrikaanse susterskerke se ervaring van die getallestorm sedert 2007 bykans identies. Die drie susterskerke - die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika - bevind in 'n vergelyking van die getalle (Dreyer, 2016:150-152):

- Die drie susterskerke se geboortes het oor die laaste klompie dekades ongeveer 20% per dekade gedaal. Die eerste oorsaak is ongetwyfeld die lae geboortesyfer. Nog redes is: emigrasie, verlaat vir ander kerke, verlaat om buitekerklik te wees.
- Die kerke groei nie as gevolg van natuurlike aanwas nie, want die sterftes is meer as die getal geboortes.
- Die afname bly konstant en sal waarskynlik vir nog 'n onbepaalde tyd so voortduur.
- Die getal lidmate per predikant neem drasties af en gemeentes sal gedwing word om saam te smelt en/of gemeentes sal met mekaar moet meewerk wat beteken dat een predikant meer as een gemeente sal bedien.
- Die verlies aan dooplidmate is in die drie susterskerke feitlik identies.

Die fokus bly egter net op die syfers van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se kerkfamilie. Die syfers is vir die tydperk 1988-2018 (laaste 30 jaar):

- Die lidmaattal het met 108 621 lidmate afgeneem – vanaf 193 484 lidmate in 1988 tot 84 863 lidmate in 2018. Dit is 'n afname van 56,13% - Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het in die laaste 30 jaar meer as gehalveer. Volgens Mann (1998:1) sal 'n aanduibare verlies aan lidmate, noodwendig verandering verg. Hiermee saam verander ook die identiteit en funksionering van die gemeente. Dit is met hierdie inligting, ervaring en opleiding waar die brugpredikant vakante gemeentes kan begelei.
- Die belydende lede het met 62 903 lede afgeneem – vanaf 131 466 belydende lede in 1988 tot 68 563 lede in 2018. Dit is 'n afname van 47,84% - Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se belydende lede het in die laaste 30 jaar bykans gehalveer.

- Die nie-belydende lede het met 45 718 lede afgeneem – vanaf 62 018 nie-belydende lede in 1988 tot 16 300 nie-belydende lede in 2018. Dit is 'n afname van 73, 71% - Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se nie-belydende lede het die laaste dertig jaar met ongeveer 'n driekwart verminder. Hierin lê 'n baie groot uitdaging en realiteit. Die brugpredikant van die vakante gemeente moet die gemeente begelei om hierdie realiteit in die Kerk en gemeente te verdiskonteer alvorens daar bloot oorgegaan kan word tot die beroepsproses.
- In 1988 het 1471 lidmate - dit is 0.76% van die lidmaattal - gesterf. In 2018 was die getal 1181 lidmate; dit is 1,39%. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se persentasie per lidmaat sterftes het verdubbel, maar dit het nie 'n noemenswaardige invloed op die lidmaatlaling nie.
- In 1988 het 3449 lidmate na die Kerk oorgekom. Dit verteenwoordig 1.78% van daardie jaar se lidmaattal. In 2018 het 6299 lidmate, wat 7.42% van die jaar se lidmaattal verteenwoordig, oorgekom na die Kerk. Dit reflekteer positief op die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se missionale gerigtheid.
- In 1988 het 2536 lidmate die Kerk met bewys van lidmaatskap verlaat. Dit verteenwoordig 1.29% van die vorige jaar (1987) se lidmaattal. In 2018 het 10539 lidmate die Kerk met bewys van lidmaatskap verlaat. Dit verteenwoordig 11.82% van die vorige jaar (2017) se lidmaattal. Dit oortref die getal lidmate wat by die Kerk gevoeg is en dit reflekteer negatief op die Kerk se missionale gerigtheid.
- Die aantal gemeentepredikante in 1988 was 285. Die aantal gemeentepredikante in 2018 is 287, wat beteken dat die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika twee gemeentepredikante oor die dertig jaar bygevoeg het.
- In 1988 was daar 461 lidmate per gemeentepredikant, en in 2018 295 lidmate per gemeentepredikant. Dit is 'n afname van 166 lidmate, of te wel 36% per gemeentepredikant. Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika staan onder geweldige druk om gemeentepredikante finansieel te versorg, aangesien die gemeentes ongeveer een derde kleiner as dertig jaar gelede is. Wanneer 'n gemeente vakant raak, kan die brugpredikant die gemeente help om hier reg te beplan en gesond uit te voer. Daar leef 'n mite in die kerk dat 'n vakante gemeente net weer 'n voltydse dominee moet beroep en alles sal regkom. Getalle verliese en ekonomiese verlamming as gevolg daarvan, moet noukeurig in ag geneem word alvorens die

vakante gemeente voortgaan met die blote beroep van 'n voltydse en volversorgde predikant. Getalle verliese en ekonomiese verlamming gaan nie bloot deur 'n nuwe voltydse en volversorgde standplaas teengewerk word nie.

Op grond van hierdie en ander gegewens bevind Dreyer (2016:153-154) die volgende:

- Die tradisionele herder / kudde model vir gemeentewees raak toenemend onuitvoerbaar. Die behoefte bestaan dikwels nog sterk onder gemeentes, ten spyte van die storm. Gemeentes sal nie meer die getalle of finansies hê om 'n eie, ten volle versorgde predikant vir elke gemeente te hê nie. Geografiese wyke met 'n ouderling en diakens vir elkeen is onhaalbaar.
- Die ontwikkeling van 'n nuwe kerkbegrip en kerklike praktyk, omdat die kerk waarskynlik in die toekoms in mikrogemeentes gaan voortbestaan. Dit bied uitdagings ten opsigte van toerusting en opleiding van lidmate om weer die priesterskap van gelowiges uit te leef.
- Die samesmelting van gemeentes, en soms ook die samesmelting van gemeentes oor kerkgrense heen, is in die vooruitsig.
- Teologiese opleiding sal noodwendig interkerklik moet gebeur. Die opleiding sal verder rekening moet hou met die effek van getalleverliese en gepaardgaande finansiële agteruitgang.
- Barmhartigheidsdienste en sinodale dienste sal interkerklik moet gebeur. Van die sinodale dienste sal afgewentel moet word na gemeentes en persone in ander deelpersorgde standplase. Dit beteken 'n proses van desentralisasie. Die rol en verantwoordelikhede van die predikant sal ingrypend verander en dié van die lidmate ook.
- Sekerlik die belangrikste gevolg van hierdie getalle- en finansiële storm is dat die huidige bedieningsmodel van 'n pastorale- na 'n missionale bedieningsmodel aangepas sal moet word. Volgens Heitink (2000a:293) was die tradisionele bedieningsmodel nog meestal die van 'n pastorale bediening en diens.

Die navorser wil met hierdie studie aantoon dat 'n vakante gemeente eers deeglik bewus moet raak van die huidige situasie alvorens daar bloot oorgegaan word tot 'n beroepsproses. 'n Holistiese benadering tot die brugproses kan hierdie storm effektief help bestuur.

Die perfekte storm word in die negentigs versterk met 'n informasie ontploffing. Hierdie ontploffing is versterk deur persvryheid, demokrasie, godsdiensgelykheid, modernisme en postmodernisme (Joubert, 2007:8). Radikale postmodernisme is die tydperk waarin elkeen se eie waarheid die reïne waarheid geword het. Bogenoemde het die storm wat reeds in en om die kerk gewoed het, net verder in intensiteit laat toeneem.

Mead (2005:Loc.32-80) beskryf die verlies aan 'n predikant as 'n uiters traumatiese gebeurtenis vir die vakante gemeente. Die ervaring van verlies gebeur as gevolg van 'n beroep, siekte, emeritaat of afsterwe van die predikant. Dit veroorsaak ook verskillende ervarings van verandering. Dit word deur die meeste gemeentes as traumaties ervaar en beleef. Dit sou raadsaam wees om die gemeente eers geleentheid te gee om hierdie trauma te verwerk alvorens enige besluite oor 'n nuwe predikant geneem word. Om weer 'n nuwe predikant te beroep en te ontvang bring verandering en nuwe uitdagings wat nie op die vorige trauma gebou kan word nie.

Volgens Trimble (2015:40-51) het ons 'n keuse van hoe ons die kerk van vandag wil benader en hoe ons wil bou na die kerk van môre. Hiervoor moet ons die veranderende wêreld en tydsgees herken, erken en verdiskonteer. Haar navorsing wys weer op vier kragte waarmee ons rekening moet hou: hulpbronne, tegnologie, intergeneratiewe verhoudings en leierskap.

Dit is noodsaaklik om 'n bepaalde gemeente in 'n bepaalde plek op 'n bepaalde tyd se hulpbronne te identifiseer (Trimble, 2015:40). Vir die brugpredikant is dit 'n spesifieke vakante gemeente in 'n spesifieke plek op 'n spesifieke tyd met spesifieke hulpbronne (of die gebrek daaraan).

Vandag se gemeentes moet begelei word om hul hulpbronne te identifiseer, te vier en verantwoordelik te gebruik. Hierdie hulpbronne is veel meer as bloot beskikbare kapitaal; dit kan die gemeente se geskiedenis wees, leierskap, geboue, tyd, spiritualiteit en selfs die opleiding wat lidmate in hulle persoonlike hoedanigheid ontvang het. Volgens Trimble (2015:41-42) is die huidige samelewing ontnugter deur die kerk se institusionele misbruik van hulpbronne: "The resources for the emerging church remain focused on spiritual, human, and financial assets, but how and why they are used is changing dramatically."

Volgens Niemandt (2007:38-41) kan die blote instandhouding van strukture verkeerdelik as die wese van die kerk aanvaar word. As strukture so verstaan word, lei dit tot institusionalisme (Dreyer, 2016:142). Hierdie poging om die kerk as instituut te beskerm beperk die kerk se vermoë om te transformeer (Smit, 2007:213-214). Dit lei tot 'n verlies aan missionale roeping,

die kerk stagneer en gaan selfs agteruit. Dreyer (2016:143) waarsku dat institusionalisering noodwendig uitmond in 'n toksiese kerkbestuur, beheersing en kontrole. In die kerk lei dit tot oneffektiewe en lomp sinodale strukture en 'n sentralisering van die bediening en diens van die kerk. Om hierdie saak reg te stel moet die kerk soek na nuwe modelle om fondse te bekom, kerkgeboue sal met ander groepe mense gedeel moet word, 'n aanvaarding van meer as een vorm van spiritualiteit en meer aanvaarbare en geïntegreerde liturgieë.

Vir die voortbestaan van die kerk is dit nodig dat die kerk rekening sal hou met die tegnologiese ontploffing (Trimble, 2015:44-45). Die kerk kan nie weerstandig wees nie, maar moet eerder soek na maniere om die tegnologie ingespan te kry. Ons word deur tegnologie uitgenooi om deel te word van die tegnologiese ontploffing. Ongelukkig is ons baie swak toegerus en aangepas om met die pas van tegnologiese ontwikkeling tred te hou. Nog meer uitdagend is die kerk (lees: sommige gemeentes) se weerstand teen alle vorme van tegnologiese ontwikkeling. "The survival of the church will depend upon our capacity to see all of our technologies and innovate" (Trimble, 2015:44).

Tegnologie kan byvoorbeeld ingespan word vir die samelewing wat baie reis en nie altyd op dieselfde plek is nie. Mense dra nie meer kontant saam en tegnologie kan help dat hulle steeds 'n finansiële bydrae kan maak. Ons durf nie die waarde van sosiale media onderskat nie. Deur sosiale media kan mense-verhoudings reg oor die wêreld bou. Laastens durf die kerk van die toekoms nie die waarde van wi-fi tegnologie by die kerk en selfs op Sondag onderskat nie. Jongmense, veral, beweeg na plekke waar daar netwerk beskikbaar is.

Die derde toekomsbepalende krag is intergeneratiewe sensitiviteit (Trimble, 2015:45-48). Vir haar gaan dit in die eerste plek oor die groep een en twintig jaar tot vyf en veertig jaar wat weg van die kerk geskuif het. Vir haar is dit die grootste demografiese skuif in Noord Amerika. Met hierdie groep wat wegbeweeg het van die kerk, word die kerk net ouer en ouer. Boonop beïnvloed dit die getalle en finansiële vermoëns van die kerk. Die kerk sal eenvoudig maniere moet vind om hierdie generatiewe groepe te verstaan en te akkommodeer (Wuthnow, 2007:7). In elke gemeente is daar van hierdie verskillende groepe. Hulle ervaar en beleef die kerk verskillend. Hulle sien die oplossing vir die toekoms van die kerk verskillend. Hulle sal verskillend deel vorm van die bediening en diens van die gemeente.

Trimble (2015:46) noem vyf generatiewe groepe: "Silents, Boomers, Millennials, Gen-Xers, and Gen-Zers." Die verskillende generasies strek elkeen oor 'n tydperk van ongeveer 20 jaar. Die karaktereienskappe van die verskillende groepe is uniek en 'n individu kan selfs verskil van die groep, tog bly dit uiters bruikbare algemene aanduibare karaktereienskappe. Die

indeling van generatiewe groepe verskil tussen die Westerse-, Oosterse- en Afrika-wêrelddele. Daar is verskille omdat verskillende gebeure op verskillende tye verskillende invloede op verskillende mense van verskillende wêrelddele het.

Die Stille Generasie verwys na mense wat tussen 1925 en 1945 gebore is. Mense wat tydens hierdie tyd gebore is, het baie hard gewerk en altyd stil gebly. Dit is gedurende hierdie tyd wat die spreekwoord “kinders word gesien en nie gehoor nie”, gebore is (Williams, 17 Januarie 2019). The Centre for Generational Kinetics (2019) help verder met die opeenvolgende generasies. Die Baby Boomers is mense wat gebore is tussen 1946 en 1964. Hulle word so genoem omdat die geboortegetalte in hierdie tyd merkbaar toegeneem het. Ná die Tweede Wêreldoorlog was daar groter fokus op die gesinslewe. Generasie X is gebore tussen 1965 en 1976. Die begin van die emansipasie van die vrou. Meer vrouens tree toe tot die werksmag. Kenmerkend van hierdie generasie is 'n toename in hersaamgestelde gesinne. Die Millennials, weer, is gebore tussen 1977 en 1995. Die Millennials word ook Generasie Y genoem. Hulle word deur handelsmerke aangetrek en as hulle eers met 'n handelsmerk geïdentifiseer het, is hulle baie lojaal. Generasie Z is die mense wat ná 1996 gebore is. Tegnologie is hulle sterk punt. Sosiale media is 'n integrale deel van hulle bestaan en hulle word hoofsaaklik beweeg en beïnvloed deur aanlyngebeure. “The world of laptops, iPhones, Facebook, and reality TV informs their worldview, providing overwhelming choices and an exposure to a mountain of information” (Bendroth, 2015:11).

Die laaste krag wat 'n invloed op die kerk van vandag het is leierskap (Trimble, 2015: 48-51). Goeie leierskap is noodsaaklike gereedskap om vandag se omstandighede te aanvaar, integreer en die kerk daaruit te kan lei. Een van die hooftake van goeie leierskap is die bevryding van die kerk as instituut. Sy haal Deming (1993) aan wat daarop wys dat die kerk as instituut hoofsaaklik gefokus is op instandhouding. Die rol van brugpredikante is juis om ontslae te raak van onnodige administrasie. Die gemeente moet eerder deur beginsels en waardes gemotiveer word. Easum (1995) is vir Trimble (2015:49) 'n bewys hiervan. Hy sê gemeentes staan te maklik voor die versoeking om alles te wil beheer. Leierskap moet eerder gemeentes begelei om lidmate toe te laat om Geesvervuld in die kerk te dien met die gawes wat hulle van God ontvang het en in die rigting wat God hulle geroep het.

Kerklike lojaliteit is drasties aan die afneem. Dit vorm deel van die perfekte storm wat tans in en om die kerk woed. Meer en meer mense gee te kenne dat hulle spiritueel is, maar nie godsdienstig nie. Hulle glo dalk nog in God, maar die kerk is glad nie meer vir hulle belangrik nie (Bendroth, 2015:6-7). Kerke kan nie meer verwag dat hulle sal groei of oorleef deur net 'n gebou op te rig en wag dat die mense daarheen kom nie. Hierdie kultuurverandering het

veroorsaak dat die hele manier van bediening en diens in en deur die kerk verander het. Sommige herken en erken dit nie. Die brugpredikant is opgelei om die vakante gemeente te laat insien dat die kerk in 'n steeds veranderende wêreld bedien en dien. Brugbediening het ten doel om gemeentes te begelei om aan te pas by die veranderende omstandighede.

Vandag word die storm aangeblaas deur die veranderende samestelling van gemeenskappe (Bendroth, 2015:8-9). Gemeenskappe en ook kerkgemeenskappe is minder en minder homogeen saamgestel en meer en meer van 'n heterogene samestelling. Hier gaan dit nie net om die generatiewe diversiteit nie, maar ook die kulturele diversiteit van verskillende (en hersaamgestelde) bevolkingsgroepe. Hierdie heterogene samestelling van gemeenskappe bring ook invloede van verskillende godsdienste. Die kerk is nie noodwendig goed toegerus om met hierdie diversiteit in en om die kerk te leef nie. Hiervoor sal gemeentes begelei moet word om belangrike vrae te kan beantwoord, soos:

- Wat glo ons?
- Wat is onderskeidend van ons geloof?
- Wat is die betekenis agter ons tradisies?
- Hoe gaan ons deelneem aan die diverse gemeenskap?

Om antwoorde op hierdie en soortgelyke vrae te vind is die werk van die kerk in transisie.

Die kerk het sy invloed in die samelewing verloor (Bendroth, 2015:12). Die kerk het in hierdie perfekte storm lidmate verloor, omdat hulle nie “clear-cut” antwoorde op die vrae van die samelewing en tyd het nie. Vrae oor spiritualiteit, vrae oor seksualiteit, vrae oor reg en geregtigheid en nog vele meer. As gevolg hiervan het godsdienste 'n persoonlike keuse geword en is dit nie meer 'n noodsaaklike deel van menswees of die samelewing nie.

Hierdie perfekte storm verwar die wêreld, maar bowenal ook die kerk. Dit veroorsaak chaos en angs.

... we now are riding on two seemingly separate trains: The I train of institution church and the E train of the emerging church. We are standing on the stairs between two platforms, listening carefully to learn which train will arrive first in the churches we are serving. Some of us are longing to ride both (Trimble, 2015:37).

Die doel van brugbediening en die brugpredikant is om 'n vakante gemeente deur hierdie storm te begelei. Hiervoor moet brugpredikante goed opgelei wees. Hulle moet passie vir gemeentes van God hê en 'n sterk missionale roeping om gemeentes deur die storm te lei.

Mainline Protestants need to continue in the tradition that takes both theology and social action seriously; that appreciates the social sciences, the critical study of science, the critical study of scripture, and practicing the presence of God made known in Jesus Christ; that appreciates tradition and new ways of expressing the faith; that values the gifts of culture and remains countercultural and distinctively Christian (Bendroth, 2015:15).

George (2000:22) bevestig dat sy navorsing ook dui op kleiner wordende gemeentes en dat hierdie gemeentes in die toekoms deur spesiale pastors of andersoortige predikante, vrywilligers en tentmakers, bedien sal word. Dit is duidelik dat hierdie predikante anders toegerus sal moet word, sodat kleiner wordende gemeentes meer effektief bedien kan word in die nuwe en veranderende omstandighede (George, 2000:22).

Daar is verskeie voordele vir die gebruik van 'n brugpredikant (Gripe, 1997:6-10). Dikwels sukkel klein gemeentes om finansiëel te oorleef as 'n predikant na jare in die gemeente besluit om te emeriteer of 'n beroep te aanvaar. In die tyd wat daar 'n brugpredikant aan die werk is, kry die gemeente geleentheid om finansiëel te herbesin en finansiële beplanning te doen. Saam met die nuwe brugpredikant kom daar boonop 'n stuk objektiwiteit wat nodig is in die evaluering en herbesinning van die gemeente se finansiële uitdagings. Dikwels is gemeentes in hierdie tyd vasgevang in moeilike emosies van die verlede wat deur 'n objektiewe persoon gelei kan word tot 'n positiewe energie wat selfs verandering teweeg kan bring. Met die brugpredikant gaan alle aktiwiteite van die gemeente voort en verloor die gemeente in die proses nie fokus nie.

Verder is die brugpredikant 'n persoon wat baie ondervinding saambring om te help met die beplanning van die gemeente se nuwe toekoms. As die kerk in die toekoms die seer en hoop van die gemeenskap wil help dra en vier, moet ons anders begin dink en ook aanpas in ons maniere van bediening en diens. Hiervoor moet die brugpredikant 'n leier wees wat kan aanpas. Met hierdie leierskapstyl gaan dit nie in die eerste plek daaroor om probleme op te los nie, maar veel eerder leierskap wat mense help om sinvol aan te pas (Bendroth, 2015:16-17).

Brugbediening begelei leiers om aan te pas deur te soek na eerlike antwoorde op vrae soos: Wat is ons waardes? Wat is ons Goddelike roeping? Watter prosesse gaan ons gebruik om 'n verskil te maak? Die evangelie wat verkondig word sal eerlik 'n transformerende geloofsperspektief moet bevat. Dit sal ons by baie draaipunte bring en verseker ook gereeld konfronteer met die bereidwilligheid om eerlik en herhaaldelik tot bekering te kom. Alle

gemeentes is as gevolg van die perfekte storm in transisie, maar nie alle gemeentes beskik oor die vermoë om te wil transformeer nie.

Daar bestaan onduidelikheid oor die intensionaliteit van 'n brugpredikant. Die webblad van Interim Ministry Network stel dit soos volg: "All Interim Pastors are Transition Pastors but not all Transition Pastors are Interim Pastors" (IMN, 2017).

In spite of the increasing number of quality Presbyterian and ecumenical interim pastor training programs now available throughout the country, there is still a shortage of intentional trained interim pastors. There is an even more acute shortage of certified interim pastors. One result is that trained interim pastors are seldom unemployed. Another result is that churches often are forced to employ temporary pastors who lack an understanding of or training in interim ministry. That has led to some unfortunate experiences in a number of presbyteries, when temporary pastors have overlooked or misunderstood the dynamics and needs of the congregation they were serving (Gripe, 1997: viii).

'n Vakante gemeente het leiers en 'n bepaalde leierskapstyl nodig. Daar bestaan dikwels spanning as gevolg van die redes of blote feit dat 'n gemeente vakant is. 'n Kultuurskuif veroorsaak dat mense baie meer sigbaar en hoorbaar krities teenoor mekaar, die konteks en selfs teenoor die kerk is (Van Wyk, 2016:3). Wanneer 'n geslaagde proses van brugbediening suksesvol deurleef is, word die seer van predikante wat hulle vasgeloop het teen leierskap wat geen verandering duld nie, gehoor. Van Wyk (2016:3) beskryf die situasie soos volg:

Kerklik is dikwels meedoënloos vasgehou aan sekere uitgangspunte wat in die oë van die eie kerk so rég was, lewensvoorwaarde vir die voortbestaan van die kerk. Oorkoepelend beskou, het daar 'n stakersmentaliteit in die kerk posgevat wat daarop uitloop dat meningsverskil nie geduld word nie en dat kerkverlating en weerhouding van offergawes handige uitinge geword het van 'n vorm van sydelingse sensuur.

Gripe (1997:2) sê dat daar in die Amerikaanse konteks brugpredikante is wat vir korter tye in gemeentes spesialiswerk verrig. Hulle kan - naas die voltydse predikant - sekere werkopdragte uitvoer of fasilitering doen.

... every congregation has special needs when it lacks an installed pastor. Changes in the secular society around us and new appreciation of the dimensions of interpersonal relations and group dynamics have helped the church to think

more carefully about the in-between time and the opportunities and dangers it presents (Gripe, 1997:13).

In hierdie proses het die gemeente ook 'n paar fases om deur te werk, maar die probleem is dat die meeste gemeentes dit nie eers beseef nie. Daarom is dit onwaarskynlik dat 'n gemeente alles sal hanteer en verwerk alvorens die nuwe predikant in die gemeente begin met sy bediening. Omdat die meeste gemeentes nie eers hiervan bewus is nie, is dit die spesialis brugpredikant wat hulle hierdeur moet begelei. Indien hierdie fases nie sinvol hanteer word nie, sal die voltydse predikant sy/haar energie en tyd daaraan moet spandeer en kan die gemeente nie voortgaan om hul missionale roeping uit te leef nie (Mead, 1976 & 1986).

Volgens Gripe (1997:xii) kan brugbediening as suksesvol beskryf word wanneer 'n brugpredikant kan terugkyk op sy bediening en diens in 'n vakante gemeente waar daar nou 'n nuwe predikant beroep is om 'n gemeente te lei of waar 'n vakante gemeente nou op 'n gefokusde wyse missionaal kan kerkwees. 'n Gemeente wat vrede gemaak het met sy verlede en wat duidelikheid het oor sy missionale roeping in die besonder, is 'n gemeente wat opgewonde uitsien na die missionale toekoms.

Die snelveranderende konteks word moontlik die beste deur Fuchs (2001:43) beskryf wanneer hy sê dat die kerk vir baie jare die belangrikste komponent van bykans enige Westerse sosiale gemeenskap was. Dit het egter sodanig verander dat gemeentes nou na die struktuur daarvan verlang. Hy stem saam met Guder (1998:48-55) dat die kerk, in hierdie nuwe konteks, sy missionale roeping verloor het.

1.2.2.2 Missio Dei

'n Literatuurstudie toon aan dat die genoemde snelveranderende konteks die kerk van 'n missionale fokus beroof. Brugbediening help die vakante gemeente om weer daardie missionale fokus te herontdek. Die holistiese benadering tot die brugproses kan die vakante gemeente in 'n snelveranderende konteks help om weer missionaal te leef.

Dit is duidelik dat die kerk nie langer gekenmerk word deur die blindelinge ondersteuning van 'n denominasie nie. 'n Suksesvolle gemeente is nie noodwendig die een wie se getalle gegroei het en daarom die langste oorleef nie. Easum (2001:27) sê: "Rather we gauge faithfulness by a congregation's willingness to follow Jesus into the mission field". Hendriks (2004:105-106) skryf dat gemeentes, in hierdie soeke, hulself konstant die volgende vrae moet afvra: "Wie is ons?" en "Waarheen is ons op pad?"

Dit gaan nie soseer oor die behoud van die kerk as sodanig nie. Dit is eerder 'n hernude ontdekking en fokus op die kerk se deel-wees van die missio Dei, 'n herontdekking van die missionale fokus. 'n Wedergeboorte moet plaasvind: Nie 'n wedergeboorte van die kerk as instituut in die eerste plek nie, maar 'n hergeboorte van elke individuele lidmaat. Die lidmate is geestelik dood en daarom het die kerk die missionale fokus verloor. Kerk is dan nie meer kerk nie, maar bloot 'n geestelike organisasie. Gemeentes wat dié fokus verloor het, kan nie maar net vernuwe word nie want hul aandag is bloot op lidmaatskap toegespits.

Dreyer (2016:161) skryf oor hierdie aangeleentheid dat die ingrypende transformasie van kerk en samelewing in ag geneem moet word. So ingrypend dat hy praat van 'n radikale transformasie in kerkwees. 'n Transformasie op grond van 'n Bybelse ekklesiologie. Dit spruit uit die verstaan dat ons deur die Almagtige God geroep word om kerk van die Here te wees. Gemeentes wat dié fokus verloor het, kan nie maar net vernuwe word nie want hul aandag is bloot op lidmaatskap toegespits. Daarom sluit Nel aan by Easum (2007:vii,3) se “revitalization is not the answer”:

God's people are people who:

- know the story they are part of;
- care for creation;
- are a blessing to the nations;
- walk in God's way;
- are redeemed for redemptive living;
- represent God to the world;
- attract others to God;
- know the one living God and savior;
- bear witness to the living God;
- proclaim the Gospel of Christ;
- send and are sent;
- live and work in the public square;
- praise and pray” (Wright, 2010:29-30, 35, 48, 63, 82, 96, 114, 128, 149, 151, 163, 179, 201, 222, 224).

Nel (2015:50) stel dat Guder (2000) se beskrywing hiervan duidelik is in die titel van sy 2000 publikasie: *The continuing conversion of the church*. Malphurs (2011:9) haal Pieter Wagner aan: “It is the difference between having babies and trying to raise the dead ... Struggling,

established churches are steeped in complacency and the status quo and thus tend strongly to resist needed change.”

Nel (2015:55-56) beweeg vorentoe, die goeie-ou-dae-sindroom is nog een van die redes waarom gemeentes hulle missionale fokus verloor. Sulke gemeentes fokus op instandhouding. Hand aan hand hiermee loop die dominees-kerk, waarin die predikant se gawes en behoeftes (of die gebrek daaraan) die sentrale fokus word. Dreyer (2016:191) ondersteun bogenoemde deur daarop te wys dat vernuwing, transformasie en bekering nie oppervlakkig en kosmeties van aard is nie. Dit vra ingrypende vernuwing op alle terreine van kerkwees. Dit is die rede waarom gemeentes die goeie-ou-dae sindroom ontwikkel. Hulle het nie die kennis of vaardigheid om hierdie komplekse bediening en diens te begelei nie. Dit lei baie dikwels tot spanning en uiteindelik tot konflik.

Die navorser sal aantoon dat 'n verwronge ekklesiologie lei tot 'n kerk wat nie meer missionaal gefokus bedien en dien nie. Hiervoor sluit die navorser aan by Newbigin (1995:2) wat gesê het 'n kerk wat nie missionaal gefokus is nie, kan nie kerk wees nie. God het 'n kerk vir sy missie. Die missio Dei kom nie vanuit die kerk nie, maar die kerk is gebore vanuit die missio Dei. Die kerk is dus geskep vir God se missie (Wright; 2010:23-24). Wanneer oor die missie van die kerk gepraat word, word verwys na die missionale doel waarvoor God die kerk geroep het. Nel (2015:92) skryf: “such a congregation could indeed exist, but actually it has denied and lost its identity as the church of Christ.”

Volgens Van Gelder (2007:17, 27-28) leef die kerk nou in 'n tyd waar dit uiters nodig is om die kerk se missio Dei en ekklesiologie met mekaar te versoen. Hy beskryf dit soos volg “The church is / The church does what it is / The church organizes what it does”.

Daar is 'n klompie uitgangspunte wat missionale ekklesiologie definieer (Dreyer, 2016:166-171):

- Alles draai om die Drie-enige God. Hy is besig met sy kerk. Die kerk het afstand geskep tussen God en die wêreld, maar ook tussen die kerk en die wêreld. Dit het gegroei uit die kerk se behoefte om onderskeid te tref tussen kerk en wêreld, tussen Christene en nie-Christene, tussen lidmate van die kerk en buite-kerklike individue. Die gevolg hiervan is dat God Drie-enig verskraal is tot 'n God wat net in die kerk gedien kan word en boonop net op Sondae in die erediens. God is reeds in die wêreld aan die werk (Niemandt, 2007:68-69).

- Die kerk is 'n geloofsgemeenskap wat gehoorsaam aan God in die wêreld van Jesus Christus getuig. 'n Fundamentele uitdaging van ons tyd is dat die mense die kerk en Jesus Christus nie noodwendig met mekaar versoen nie. Hulle mening is dat die kerk vandag en Jesus Christus selfs nie meer met mekaar vereenselwig kan word nie (Niemandt, 2007:63). Mense sê daarom nog ja vir Jesus Christus, maar beslis nie vir die kerk. Daarom is die kerk se uitdaging nie om Jesus Christus nog meer en meer te verkondig nie, maar om eerder sterker klem te lê op die gelowige naleef van Jesus Christus self. Die bediening en diens van die kerk moet deur die leer en lewe van Jesus Christus geïnspireer word (Dingemans, 2005:420).
- Die gaan primêr om die verkondiging van die evangelie deur Woordverkondiging en die sakramente. Hierdie verkondiging gebeur met hart en hand. Die wêreld moet na die gelowiges kyk en Jesus Christus raaksien. Augustinus het gesê: "Verkondig die evangelie en, as dit nodig is, gebruik woorde." Omdat die eerste Christene betrokke was in die nood van die mense om hulle het die kerk merkbaar vinnig gegroei. Kerkwees beteken noodwendig deelwees van alle Jesus-volgelingen en die totale gemeenskap. 'n Missionale bedieningspraktyk beteken juis dat die kerk sigbaar teenwoordig sal wees op die markplein. Die klem val hier op relasionele bediening en diens (Niemandt, 2007:81-82). Hirsch (2006:277) sê die kerk word nie alleen geroep om na binne te leef nie, maar verseker ook na buite. Van Ruler (1952:11) het die feit reeds in 1952 beklemtoon.
- Die kerkgemeenskap is 'n verbondsgemeenskap wat as dissipels van die Here Jesus Christus funksioneer. Volgens Niemandt (2007:104) is geloof ten diepste deelnemend van aard. Volgens hom is God met die wêreld besig, maar Hy verwag ook dat Sy volgelingen moet deelneem aan die sending en handelinge. Daar is vier vereistes vir dissipelskap (deelname aan 'n missionale bedieningspraktyk): eienaarskap en 'n langtermyn-verbintenis aan 'n geloofsgemeenskap, onderlinge verantwoording aan mekaar, beoefening van onderskeiding en 'n gedeelde visie (Niemandt, 2007:106).
- In 'n missionale ekklesiologie gaan dit nie primêr oor die kerk se eie agenda om oorlewering nie. Nel (2015:97) beskryf die missionale kerk wat "exists as a community created by the Spirit that is missionary by nature in being called and sent to participate in God's mission in the world".

- Missionale ekklesiologie is die Goddelike roeping van die kerk. Dit vra aanhoudende bekering, weg van die kerk se eie belang na die kerk as koninkryk van God. Bekering beteken 'n onwrikbare gehoorsaamheid aan God en 'n roepingsbewustheid tot eer van God (Guder, 2000:150). Labuschagne (2009:156-157) het weer op sy beurt aangetoon dat hierdie gebrek aan opregte bekering die kerk se beeld en bediening baie skade berokken. Tog bly dit belangrik om te onthou dat kerkhervorming eerstens van God se roeping kom.
- Kerkwees vir vandag is die beweging vanaf 'n pastorale kerk na 'n missionale kerk. Missionale kerkwees staan nie teenoor pastorale kerkwees nie, maar skuif eerder die fokus na 'n diensbare en gelowige bestaan in die huidige wêreld.

1.2.2.3 Holistiese benadering

Die klem val nie op die persoon wat brugbediening fasiliteer nie, maar op die gemeente wat 'n geleentheid (vakantskap) benut om sy missionale roeping te herontdek. Om holisties te fasiliteer moet die brugpredikant bewus wees van en in staat wees om verskeie lense te benut.

In die navorsing sal die drie lense volledig bestudeer, geanaliseer en die waarde daarvan bespreek word. Tog sal die navorser een stap verder gaan en met die gebruik van 'n metafoor verduidelik hoe hierdie drie lense holisties ingespan kan word. Die metafoor wat gebruik word is dié van 'n oogkundige (brugpredikant) wat die pasiënt (vakante gemeente), deur middel van die phoropter (holistiese proses) help om die Snellen-oogkaart (missio Dei) te lees. Die oogkundige wil vir die pasiënt 'n voorskrif bril (missionale bediening) ontwikkel, wat die pasiënt in staat sal stel om die Snellen-oogkaart (missio Dei) voortdurend helder en duidelik te lees.

Die navorser se hipotese is dat brugbediening impak verloor omdat brugpredikante toegerus word om net een van die lense, vir alle vakante gemeentekontekste, te gebruik. Elkeen van die drie lense het die vermoë om 'n gemeente tydens brugbediening te kan begelei. Die konteks sal bepaal watter een van hierdie lense meer toepaslik sal wees. In die navorsingsmetafoor sal die holistiese integrasie van lense uitloop op die ontwikkeling van 'n voorskrifbril vir die gemeente.

Die HAT (2015:465) definieer holisme as volg:

... filosofiese standpunt wat berus op die beginsel dat die geheel meer is as die som van die dele en wat die heelal sien as 'n geheelheid wat bestaan uit 'n groot aantal geheelhede waaronder verskeie trappe onderskei kan word, bv. atome,

lewende organismes, persoonlikhede en gemeenskappe – 'n teorie wat lankal reeds ontwikkel is deur J.C. Smuts en waarin veral klem gelê word op sintese en skeppende invloede binne die geheel (Smuts:1962).

Holisme is 'n Griekse woord (*holos*) wat *alles, geheel, som* beteken, 'n begrip wat deur Aristoteles in die metafisika gebruik is. Die navorser sal poog om deur die holistiese benadering tot brugbediening klem te lê op 'n sintese van beskikbare lense ten einde 'n skeppende invloed van brugbediening binne die geheel van die vakante gemeente en sy missionale roeping te fasiliteer.

Die HAT (2015:465) definieer holisties as “wat behoort tot of ooreenstem met die leer van die holisme.”

Die HAT (2015:465) definieer holisme:

filosofiese standpunt wat berus op die beginsel dat die geheel meer is as die som van die dele en wat die heelal sien as 'n geheelheid wat bestaan uit 'n groot aantal geheelhede waaronder verskeie trappe onderskei kan word, bv. atome, lewende organismes, persoonlikhede en gemeenskappe – 'n teorie wat ontwikkel is deur J.C. Smuts en waarin veral klem gelê word op sintese en skeppende invloede binne die geheel.

Die navorser wil voorstel dat brugbediening moet geskied binne die skeppende invloede binne die geheel van al drie dié lense.

1.3 Navorsingsvraag

Die vraag wat deur hierdie navorsing beantwoord moet word:

Hoe kan 'n holistiese benadering 'n vakante gemeente begelei om hulle missionale roeping te herontdek?

Vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei:

Om bogenoemde navorsingsvraag sinvol te beantwoord, word die volgende vrae wat uit die oorkoepelende navorsingsvraag voortvloei, geformuleer:

- Watter perspektiewe kan 'n deskriptiewe literatuurstudie tot die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika bydra?
- Hoe kan 'n literatuurstudie bydra tot die holistiese verstaan van brugprosesse?

- Watter perspektiewe bied Skriftuurlike en teologiese perspektiewe op brugbediening?
- Watter perspektiewe bied missionale merkers op brugbediening?
- Hoe kan die brugproses aangebied word, sodat dit help met die ontdekking van 'n vakante gemeente se missionale roeping?

1.4 Doel en doelwitte

1.4.1 Doel

Die oorkoepelende navorsingsdoelstelling van hierdie studie is om aan te toon waarom en hoe 'n holistiese benadering tot die brugproses (veelvoudige lense of multifokale lens) 'n vakante gemeente begelei tot 'n herontdekking van daardie gemeente se missionale roeping.

1.4.2 Die doelwitte

Die spesifieke doelwitte wat in hierdie studie bereik moet word is:

- Om deur 'n deskriptiewe literatuurstudie, van die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika in besonder, meer te leer oor die fasilitering van brugbediening in vakante gemeentes.
- Om deur 'n literatuurstudie 'n holistiese benadering tot die brugproses te formuleer.
- Om met behulp van 'n metafoor (die oogkundige en sy instrumente) die holistiese fasiliteringsproses toe te lig.
- Om vanuit die vakante gemeente se perspektief op hul missionale roeping vas te stel wat Skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir brugbediening bydra.
- Om vanuit die vakante gemeente se perspektief op hul missionale roeping vas te stel wat missionale merkers vir brugbediening bydra.
- Om 'n holistiese benadering tot brugbediening saam te stel om 'n vakante gemeente te ondersteun en 'n missionale identiteit te herontdek.

1.5 Sentrale teoretiese argument

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat 'n holistiese benadering tot die brugproses (veelvoudige lense of multifokale lens) 'n vakante gemeente doeltreffer kan begelei om 'n missionale roeping te herontdek.

'n Brugproses behoort holisties gefasiliteer te word. Die klem val nie op die persoon wat brugbediening fasiliteer nie, maar op die vakante gemeente wat 'n geleentheid benut om sy missionale roeping te herontdek. Om holisties te fasiliteer moet die brugpredikant bewus wees van onderskeie lense en in staat wees om dit te kan benut. Die brugpredikant behoort daarby 'n kerngesonde leierskapstyl te openbaar.

Die brugproses is in wese missionaal. Die vakante gemeente word die ideale geleentheid gebied om sy missionale roeping opnuut te ontdek. Nel (2015:12) sê "... the church is missional, or it is no church at all." Feldtkeller (2008:37) bring dit in verband met algemene teologiese denke as hy die volgende opmerk:

Entsprechend der Einsicht dass Kirche entweder missionarisch ist oder sie ist nicht Kirche, gilt auch für die Theologie: entweder ist sie missionarische Theologie, oder sie ist nicht Theologie (Volgens die insig is die kerk missionêr óf dit is nie kerk is nie. Dieselfde vir die teologie: óf dit is missionale teologie óf dit is nie die teologie nie).

Gibbs (2013:252) sluit sy boek af met: "Local congregations must endeavour to engage their total membership in ministry to one another and in mission to the world."

Getz (1974:51) en De Klerk (1971:154) het vroeg reeds beklemtoon dat die gemeentelêde mekaar hierin behoort te ondersteun, aan te moedig, te vermaan, en te versterk. Nel (2015:16-19) beklemtoon dat dit God Drie-enig is wat aan die werk is, maar Hy gebruik mense om hierdie werk deur te voer. God gebruik mense om bediening en diens te ontwikkel, om geestelike herstelwerk te doen, om God te bring aan mense wat nog van Hom moet hoor, om gelowiges se geloofsverhoudings te laat groei en om geloofsgemeenskappe op te bou. Brugbediening is inderdaad 'n proses gerig op die missionale beginsel van die bediening en diens wat teruggegee word aan die gemeenskap van gelowiges.

Die gelowiges aanvaar nie net verantwoordelikheid nie, maar neem aktief deel aan die proses om die geloofsgemeenskap missionaal gerig te kry:

We can identify the following activities in building up the local church:

- the believers encourage one another;
- the believers admonish and caution one another with wisdom;
- the believers are patient with one another;
- the believers love one another;
- the believers speak the truth to one another in love;
- the believers grow with one another in their knowledge of the Son of God;
- the unified believers grow and serve – especially when it comes to communicating the Gospel in word and deed” (Nel 2015:18).

1.6 Navorsingsmetode

In hierdie studie gaan Osmer (2008) se model as navorsingsmetode gebruik word. Volgens Osmer (2008:4) is daar vier belangrike take in die hantering van enige uitdaging. Al vier hierdie prakties-teologiese take sal die basis vorm van die navorsing. “Practical theological interpretation involves four key tasks: the descriptive-empirical, the interpretive, the normative, and the pragmatic” (Osmer, 2008:10).

Dit gaan belangrik wees om hierdie vier take binne ’n hermeneutiese sirkel te konseptualiseer. Die hermeneutiese sirkel sal help met die integrasie en interpretering van al die momente en uitdagings ten opsigte van brugbediening (Palmer, 1969: 25-26, 87-88, 118-121).

Daar is vier baie belangrike vrae wat gevra moet word: “What is going on? Why is this going on? What ought to be going on? How might we respond?” (Osmer, 2008:4). Die antwoorde op hierdie vrae identifiseer vier take vir die navorsing:

The descriptive-empirical task. Gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts.

The interpretive task. Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring.

The normative task. Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our responses, and learning from good practice.

The pragmatic task. Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the talk back emerging when they are enacted (Osmer 2008:4-5).

Dit is belangrik om hierdie vier take nie chronologies toe te pas nie. Dit is nie vier stappe wat agtereenvolgens afgehandel moet word nie. Daar is steeds 'n wisselwerking, vorentoe en agtertoe, tussen hierdie take. "..., it is helpful to think of practical theological interpretation as more like a spiral than a circle. It constantly circles back to tasks that have already been explored" (Osmer 2008:11).

"Systems are nestled within systems" (Osmer 2008:17). Capra (1996) vergelyk hierdie proses met die web van 'n spinnekop of selfs die wêreldwye web (www) waarin alles interaktief met mekaar verbind is.

1.6.1 Deskriptiewe literatuurstudie

Osmer (2008:Loc.422) beskryf hierdie stadium van intrede tot die gesprek met 'n vraag: *Wat is aan die gebeur?* Met hierdie studie kom die konteks van die vakante gemeente aan die beurt. Osmer (2008:Loc.434) sê: "Here it describes a spiritual orientation of attending to others in their particularity and otherness within the presence of God."

Dit is belangrik dat die brugpredikant so sal luister dat daar in die wêreld van die gemeente ingetree word. Die brugpredikant moet so intens luister dat die ervaring van die vakante gemeente self ervaar kan word (Keck, 1978:62).

1.6.2 Interpreterende literatuurstudie

Osmer (2008:4) beskryf dié fase met 'n vraag: *Hoekom het dit gebeur?* Hierdie taak wil die gemeente begelei om te verstaan waarom sekere dinge met hulle gebeur het en wil dit boonop stelselmatig verduidelik. Hiervoor is wysheid nodig. Osmer (2008:Loc.1041) beskryf wysheid soos volg:

It is the capacity to interpret episodes, situations, and contexts in three interrelated ways: (1) recognition of the relevant particular of specific events and circumstances; (2) discernment of the moral ends at stake; (3) determination of the most effective means to achieve these ends in light of the constraints and possibilities of a particular time and place.

Hierdie vraag word beantwoord deur te gaan kyk na die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA en Suid-Afrika. Verder word die beginsel van kerngesonde leierskap hier ondersoek. Kerngesonde leierskap is kritiek belangrik vir suksesvolle brugbediening.

1.6.3 Normatiewe studie

Hierdie fases word deur Osmer (2008:04) met nog 'n vraag beskryf: Wat behoort te gebeur? Osmer (2008:Loc.1554) beskryf dit soos volg: "Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our responses, and learning from good practice."

Hier is die doelwit om te gaan kyk na brugbediening en die plaaslike vakante gemeente se missionale roeping. Die normatiewe studie neem ons na die Skrif waar die studie gaan kyk na tekste uit Openbaring hoofstuk twee en drie. Johannes se briewe aan die sewe gemeentes is van belang. 'n Literêre studie toon aan dat elkeen van hierdie gemeentes deur middel van 'n ontwikkelingsproses begelei is tot 'n missionale verstaan van hulself. Elke gemeente ontvang 'n brief waarin 'n gemeente-analise van elkeen gedoen word. Daar is sterk punte, swakpunte en doelwitte vir elkeen. Die gemeentes wat hierdie sterkpunte, swakpunte en doelwitte ernstig opneem ontdek hulle missionale gerigtheid.

1.6.4 Pragmatiese studie

Die pragmatiese studie word deur die volgende vraag van Osmer (2008:04) omskryf: Hoe gaan ons hierop reageer? Osmer (2008:Loc.2064) beskryf dit as volg: "... the task of forming and enacting strategies of action that influence events in ways that are desirable."

Hier vind ons 'n fokus op die plaaslike vakante gemeente se missionale roeping. Dit is die navorser se hipotese dat 'n holistiese benadering tot die fasilitering van brugbediening die vakante gemeente kan begelei tot 'n nuwe missionale verstaan van kerkwees. Die metafoor is dié van 'n oogarts (brugpredikant) wat met al sy toerusting en vaardighede (lense) vir die pasiënt (vakante gemeente) 'n voorskrifbril (proses) maak. In hierdie metafoor lees die pasiënt op die oogkaart (missionale roeping) om aan te toon wat die toestand van die pasiënt se oë is. Die toerusting en vaardigheid van die brugpredikant sluit in dat hy die drie lense oormekaar kan gebruik om 'n voorskrifbril vir die spesifieke pasiënt te ontwikkel. Die drie lense wat gebruik word, word volledig in hoofstuk drie beskryf.

1.7 Etiese implikasies van die navorsing

Hierdie studie sal voldoen aan die Noordwes Universiteit se etiese riglyne. Hierdie studie is 'n literatuurstudie (verkennde en beskrywende ontwerp deur 'n literatuurstudie) en lei tot 'n lae etiese risiko as gevolg van die feit dat dit nie menslike deelnemers insluit nie.

1.8 Voorlopige hoofstuk indeling

Hoofstuk 1: Inleiding tot die studie

Hoofstuk 2: Deskriptiewe literatuurstudie: Hoe het brugbediening ontstaan en ontwikkel?

Hoofstuk 3: Interpretierende literatuurstudie: Wat gebeur in brugbediening?

Hoofstuk 4: Normatiewe studie: Wat behoort in en deur brugbediening te gebeur?

Hoofstuk 5: Pragmatiese studie: Hoe behoort ons op 'n missionale fokus en holistiese benadering te reageer?

Hoofstuk 6: Slotopmerkings en aanbevelings

1.9 Skematiese uiteensetting van die navorsingsprosedure

Titel: 'n Holistiese benadering tot brugbediening. Die ondersteuning van vakante gemeentes om 'n missionale roeping te ontdek		
Navorsingsvraag	Doel	Metodologie
Hoe kan 'n holistiese benadering tot brugbediening 'n vakante gemeente ondersteun om 'n missionale roeping te herontdek?	Die oorkoepelende navorsingsdoelstelling van hierdie studie is om aan te toon waarom en hoe 'n holistiese benadering tot brugbediening 'n vakante gemeente begelei tot 'n dieper besef van 'n missionale roeping.	In hierdie studie gaan Osmer (2008) se model as navorsingsmetode gebruik word.
Vraag 1 uit die oorkoepelende navorsingsvraag:	Doelwit 1:	Deskriptiewe literatuurstudie
Watter perspektiewe kan 'n deskriptiewe literatuurstudie bydra tot die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika?	Om deur 'n deskriptiewe literatuurstudie perspektiewe te formuleer wat kan bydra tot die beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika.	Beantwoord die vraag: "What is going on?" Inligting oor die ontstaansgeskiedenis word ingesamel om die prosesse vir brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika beter te verklaar.

Titel: 'n Holistiese benadering tot brugbediening. Die ondersteuning van vakante gemeentes om 'n missionale roeping te ontdek		
Navorsingsvraag	Doel	Metodologie
Vraag 2 uit die oorkoepelende navorsingsvraag:	Doelwit 2:	Interpreterende studie
Hoe kan 'n literatuurstudie bydra tot die holistiese verstaan en beskrywing van wat in brugbediening gebeur?	Om deur 'n literatuurstudie die holistiese verstaan en beskrywing van wat in brugbediening gebeur te formuleer.	Beantwoord die vraag: "Why is this going on?" Daarvoor word drie lense vir brugbediening bestudeer
Vraag 3 uit die oorkoepelende navorsingsvraag:	Doelwit 3:	Normatiewe studie
Watter perspektiewe bied skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir brugbediening vanuit 'n missionale fokus?	Om vas te stel wat Skriftuurlike en teologiese perspektiewe bied vir brugbediening vanuit 'n missionale fokus.	Beantwoord die vraag: "What ought to be going on?" 'n Missionale fokus op brugbediening.
Vraag 4 uit die oorkoepelende navorsingsvraag:	Doelwit 4:	Pragmatiese studie
Watter holistiese benadering tot brugbediening kan saamgestel word om 'n vakante gemeente te ondersteun en 'n missionale roeping te herontdek?	Om 'n holistiese benadering tot brugbediening saam te stel om 'n vakante gemeente te ondersteun en 'n missionale roeping te herontdek.	Beantwoord die vraag: "How might we respond?" 'n Holistiese proses met 'n missionale fokus.

HOOFSTUK TWEE

WATTER PERSPEKTIEWE KAN 'n DESKRIPTIEWE LITERATUURSTUDIE TOT DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BRUGBEDIENING IN DIE ALGEMEEN EN IN SUID-AFRIKA BYDRA? (DESKRIPTIEWE LITERATUURSTUDIE)

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk val die fokus op Osmer (2008:4) se eerste taak, genaamd die “descriptive-empirical task”, wat ten doel het om die vraag “Wat het gebeur?” te beantwoord. Volgens Osmer (2008:4) is die doel van hierdie taak, “gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular episodes, situations, or contexts.” Om die eerste navorsingsvraag “Watter perspektiewe kan 'n deskriptiewe literatuurstudie tot die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika bydra?” te beantwoord is 'n literatuurstudie onderneem om te voldoen aan die eerste navorsingsdoelwit; “om deur 'n deskriptiewe literatuurstudie, van die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika in besonder, meer te leer van die fasilitering van brugbediening in vakante gemeentes.”

2.2 Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening

2.2.1 Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA

Deur die ontstaansgeskiedenis van brugbediening te bestudeer, wil die navorser aantoon dat brugbediening gemeentes sinvol kan begelei tot die herontdekking van 'n missionale ekklesiologie. Die bestudering van die geskiedenis fokus op wat brugbediening is en hoekom dit 'n noodsaaklike bydrae kan lewer.

Brugbediening het sy ontstaan in die VSA met Loren Mead wat as vader van *Interim Ministry* bekend staan. Mead (2015:Loc.785) beskryf die ontstaan van brugbediening in die laat-sestiger jare soos volg: In die VSA was die kerklike omgewing besig om ernstige uitdagings te ervaar. Die Episkopaalse Kerk (en die meer tradisionele denominasies) het groot lidmaatverliese ervaar. Gemeenteleiers het die uitdaging in informele samekomste begin verwoord. Die aanvanklike gevoel was dat demografiese verskuiwings die grootste oorsaak is, en hulle kon gevolglik aantoon dat gemeentes hulle impak op gemeenskapsvlak verloor het. Daar was

'n besef dat dringende aandag gegee moet word aan die heropbou van gemeentes en stabilisering van lidmaatgetalle.

Die gemeenteleiers het gevoel die saak verg dringend aandag en alhoewel Loren Mead nie met hulle metode saamgestem het nie, deel hy hulle passie vir 'n oplossing. Die gemeenteleiers se gevoel en ervaring word deur Mead (2015:Loc769) soos volg beskryf:

Get the fifty "best" parish clergy from the "best" parishes across the country, take them all to the middle of the country (like St. Louis), give them full-bore, round-the-clock training, motivate the hell out of them with the best preacher (Billy Graham was suggested), the best liturgical leader (Massey Shepard was suggested), the best group life leader, the best specialist in spirituality and personal piety, the best ... name it yourself. ... Then turn those clerics loose and watch what happens.

Die biskop (John Hines) het Loren Mead na New York ontbied sodat hy hom kon oortuig om die proses te lei. Mead (2015:Loc.803) het gevoel dat dit 'n bykans onmoontlike taak was en dit het oortuiging gegee.

Die volgende fase in die ontwikkelingsgeskiedenis van brugbediening was die geboorte van "Project Test Pattern" (Mead, 2015:Loc.918). Die projek se naam is deur die biskop van Arkansas, Bob Brown, ontwikkel om klem te lê op die eksperimentele en tydelike aard van die projek. Met 'n klein begroting, vir 'n kort tyd, word 'n kantoor vir "Project Test Pattern" in Junie 1969 in Washington gevestig. Die projek sou uiteindelik oor drie jaar strek. Oor die personeel wat met hom op hierdie projek sou saamwerk skryf Mead (2015:Loc.905) soos volg:

... James Anderson, Jack Harris, and Jean Haldane ..., specialist in education, organization development, and clergy training; John Fletcher and Bennett Sims, specialist in theological education and continuing education for clergy; Tilden Edwards of the Metropolitan Ecumenical Training Institute; and John Denham's Mid-Atlantic Training Committee.

Tydens hierdie proses ontdek Mead (2015:Loc.949) dat die kerk geen proses in plek het om verandering in plaaslike gemeentes te fasiliteer nie. Die gedagte om gemeentekonsultante te ontplooi om gemeente-begeleiding te doen is hier gebore. Dit sou later die begin van 'n volgende ontwikkelingsfase wees: "We never thought that with our expanding budgets we were building a religious infrastructure that would begin to choke us to death within twenty or thirty years (Mead, 2015:Loc.1015)." Net soos die titel van Mead (2015) se boek sê: "The parish is the issue: what I learned and how I learned it."

Teen die vroeë 1970's was daar 'n spontane oorgang na die volgende ontwikkelingsfase. Mead (2015:Loc.1015) se blootstelling aan opleiding as konsultant het die begin van hierdie fase ingelei. Blootstelling aan die opleiding vir fasilitering het hom vir die eerste keer ook blootgestel aan opleiding buite die kerk, in die wêreld van die politiek en ekonomie.

Now we believed change would come from congregations who helped to define where they wanted to go and got help organizing how to do it. It needed to be motivated by the people in the congregation, not by a bishop (even a presiding bishop) or a rector, or even two or three leading vestry members. We didn't articulate it as such, but we were moving from "leadership development for mission" to "organizational development for mission" We had put our money on developing a leadership cadre of a few leaders and a rector who would lead from the top. Now we were beginning to look at developing a parish community, leading as a whole, not just from the top (Mead, 2015:Loc.1031).

Die volgende ontwikkelingsfase het op spesifieke gemeentes gefokus: gemeentes wat graag hulle gemeentelike-bediening wou ontwikkel. Gemeentes wat kies om verandering in 'n veranderende wêreld (die gemeentes se konteks) te omarm. Op hierdie punt kom daar nuwe gedagtes na vore: (i) die gemeente neem die finale besluit om deel te wees van 'n proses van gemeente-ontwikkeling, (ii) die gemeente verbind hulle tot 'n ooreengekome vergoeding en (iii) fasiliteerders werk in spanne.

They were choosing to try to change. And they had agreed with consultants on what the consultants understood the change to involve. We also made some further commitments: The congregation would make the final decision about participating and would pay agreed fees, and the consultants would not be lone rangers, but would work in pairs (Mead, 2015:Loc.1055).

Volgens Mead (2015:Loc1055-1072) was dit die plan. Hierna begin hulle om fasiliteerders te werf vir opleiding en implementering. Dit was belangrik, want 'n opgeleide fasiliteerder is nie noodwendig 'n suksesvolle fasiliteerder van die prosesse van verandering nie. Veral ook nie noodwendig geskik vir gemeentes met 'n eie aard, karakter en konteks nie. Die opleiding ontwikkel in 'n "learning community" waar brugbediening steeds groei. Die gemeenskap van Chicago vergader vir die eerste keer in Februarie 1970 op die kampus van Chicago Universiteit. Die onderrigspan het bestaan uit: Loren Mead, Jim Anderson, Carman Hunter, Robert Macfarlane, George Reynolds, Al Rollins, Bishop Jack Wyatt en Tyler Scott. Uit die navorsing, opleiding en konferensie - wat oor 'n week gestrek het - ontwikkel die Parish

Intervention Handbook. Met hierdie handboek moes die fasiliteerders prakties in gekontrakteerde gemeentes gaan werk. Die handboek het gehandel oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe: (i) die gemeente, (ii) metodes om inligting in te samel, (iii) evaluering van die gemeenskap, (iv) konflikthantering en (v) leierskapsontwikkeling.

Die uitstuur en implementering van bogenoemde was 'n tydsame en moeisame proses (Mead, 2015:Loc1090-1123). Al die fasiliteerders het 'n voltydse werk gehad en moes in hulle eie tyd met gemeentes onderhandel en begin om die proses te implementeer. Daar was aanvanklik 'n lang stilte, omdat alles nie altyd verloop het soos daar gehoop is nie. Daar was gemeentes waar dit moeilik gegaan het en fasiliteerders wat op die ongebaande weë gesukkel het. Daar was ook weerstand vanaf die kerklike strukture en kerklike leierskap. Tog was daar gemeentes wat by die proses ingekoop en fasiliteerders wat vordering gemaak het. Kosbare inligting van die gemeentes en fasiliteerders is deur Loren Mead en sy span ingewin.

Each case was unique. We should have known it would be that way, but the common wisdom took it for granted that parishes were all alike, basically. Well, they weren't. Each had its own slant. Its own agenda. Its own unique, and sometimes strange, decision-making system. They couldn't be pushed to make my schedule. And they did not do what we wanted them to – they did what felt right to them (Mead, 2015:Loc.1106).

Mead (2015:Loc.1123-1139) onthou dat hy opgewonde was om by hierdie fasiliteerders van die fasilitering in gemeentes te leer. Hy het geglo hulle sou hom eerstehands kon inlig hoe fasilitering in gemeentes werk. Aan die hand daarvan wou hy nuwe planne inwerking stel. Tot sy verbasing het hy self meer oor gemeentes en hoe hulle funksioneer, geleer. Sy gevolgtrekking was dat gemeentes uit 'n mengelmoes van kommunikasie en wankommunikasie bestaan en hy het algaande besef dat hy eintlik geen benul gehad het wat die werklike posisie in gemeentes was nie.

As we drew toward the planned end of the funding for Project Test Pattern, two realities got clear: (i) PTP was ending, not morphing gradually into something else or, the way many things in the church did, simply oozing away and disappearing; and (ii) something needed to come next. Congregations did need help, and PTP had made it clear that some changes were possible. There were many people who would love to see PTP continued, somehow (Mead, 2015:Loc.1190).

Na talle gesprekke, onderhoude en die besef dat Project Test Pattern tot 'n einde gekom het, besluit Mead (2015:Loc.1237) om iets nuuts te begin. Sy droom was 'n ekumeniese bediening en diens aan alle gemeentes, ongeag die gemeente se status en denominasie. Dit sou fokus op gemeentelike-ontwikkeling, toerusting van fasiliteerders en die fasilitering van 'n gesprek oor voortgesette toerusting van gemeenteleiers. "It would, overall, provide a framework for making strategic interventions in religious institutional life" (Mead, 2015:Loc.1237). Hiermee die geboorte van The Alban Institute in 1974.

Mead (2015:Loc.1612) onthou hoe Felix Kloman die idee van 'n brugpredikant by hom tuisgebring het. Felix Kloman het verwys na werk wat Craig Eder in gemeentes gedoen het waar gemeenteleiers afgetree het. Kloman het gesê:

We need people like that, he said. Smart people, good pastors to put in all the parishes we have in the church who are changing pastors in the next year or so. Lots of those parishes really need extra care, and we need more Craig Eder's (Mead, 2015:Loc.1612).

Aangesien brugpredikante toenemend ingespan is, was die logiese volgende stap om 'n professionele ekumeniese netwerk te skep. Die netwerk het aanvanklik aan die Alban Institute begin, maar later het dit onafhanklikheid verkry en The Interim Ministry Network is gebore (Mead, 2015:Loc.1662). Volgens Du Toit (2019:1) het die Interim Ministry Network tans ongeveer 1300 lede afkomstig uit 25-30 denominasies.

Die literatuurstudie van brugbediening se ontstaansgeskiedenis in die VSA bring die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Die ontstaan van brugbediening in die VSA was as gevolg van die kommer ten opsigte van lidmaatgetalle wat afneem en die gepaardgaande finansiële druk.
- Die konteks van die gemeente speel 'n belangrike rol.
- Vakante gemeentes is ideale geleenthede om brugbediening te fasiliteer.
- Die ontwikkeling van brugbediening is 'n voortdurende proses met multi-fasette.
- Fasilitering speel 'n baie belangrike rol.
- Gesonde leierskap speel 'n baie belangrike rol.

- Opleiding speel 'n baie belangrike rol.
- Gemeentes moet begelei word om hulle missionale roeping te herontdek.

2.2.2 Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika

Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika loop ongeveer dieselfde pad as die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA. Dié literatuurstudie sal afsluit met die navorser se gevolgtrekkings. Alhoewel die Suid-Afrikaanse ontstaansgeskiedenis ongeveer 30 jaar na dié van die VSA begin, word dieselfde motivering vir brugbediening as basis aangedui. Ook die kerk in Suid-Afrika staan voor geweldige uitdagings en moet opnuut begelei word tot 'n missionale ekklesiologie en missionale roeping.

Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in Suid-Afrika strek oor ongeveer die laaste 15 jaar. Hierdie geskiedenis is nêrens opgeteken nie en die navorser glo dat die geskiedenis ook kan bydra tot die eie verstaan van brugbediening in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Hiervoor het die navorser verskillende notules, wat betrekking het, bestudeer.

Sedert ongeveer 2004 is daar ook in Suid-Afrika begin om pertinent aandag te gee aan die Interim of Transitional Ministry wat deur die kerke in die VSA ontwikkel is. Verskillende persone het met die implementering van die Interim Ministry in Suidelike Afrika 'n rol gespeel, soos dr. Arnold Smit, ds Helen Dekker van die Hervormde Kerk in Nederland en prof. Malan Nel (van Loggerenberg & du Toit, 2014:1).

Die idee vir brugbediening in Suid-Afrika is afkomstig van dr. Arnold Smit van die Church Facilitation Network, wat al sy boeke oor die onderwerp beskikbaar gestel het (Du Toit, 2019:1).

Du Toit en Nel (2005:49) bring helderheid oor die eerste gebruik van die term “brugbediening”. Volgens hulle kennis het Van Rensburg van die Parkruim-Familiekerk voorgestel dat hierdie term in plaas van interim-pastor gebruik sal word. Dit gaan hier immers oor 'n oorbruggingsaksie waar 'n vakante gemeente 'n nuwe toekoms tegemoetgaan.

Die navorser se enigste bron is skrywes en notules van NIMSA. Hierdie bron is ongelukkig nie volledig beskikbaar nie en plek-plek het notules tussen persone en rekenaars verlore gegaan. Tog wil die navorser aantoon dat NIMSA 'n onmisbare rol in brugbediening in Suid-Afrika gespeel het.

'n Skrywe van Nel op 18 April 2008 nooi kerke (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Church of the province of Southern Africa – Anglican, Methodist Church, Presbyterian Church, Verenigde Gereformeerde Kerk Suid-Afrika, Gereformeerde Kerke en Nederduitse Gereformeerde Kerk) om te kom deelneem aan 'n ekumeniese struktuur vir brugbediening in Suid-Afrika. Die bedoeling is dat elke denominasie self brugpredikante sal werf, maar dat opleiding gesamentlik aangepak sal word ten einde kostes te bespaar en kwaliteit opleiding te verseker. Daar word melding gemaak van predikante wat reeds ingeskryf het vir opleiding by die Sentrum vir Kontekstuele Bediening by die Teologie Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria. Errol Dengler van die Anglikaanse Kerk het by die Sentrum vir Kontekstuele Bediening ingeskryf en het na sy opleiding hier plaaslik ook na die VSA gereis vir opleiding by die Interim Ministry Network. Die stigting van 'n ekumeniese struktuur vir Brugbediening in Suid-Afrika sou plaasvind in Kempton Park by die Nederduitse Gereformeerde Kerk Kempton-Kruin op Vrydag 20 Junie 2008 (9:30-12:30).

Die notule van die Stigtingsvergadering (2008) dokumenteer die teenwoordiges:

- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Christo van der Merwe en Hannes Janse van Rensburg
- Anglican Church of Southern Africa: Errol Dangler
- Uniting Presbyterian Church of Southern Africa: Kingsley Dale, Jessie Dale en Vusi Mkhungo.
- United Congregational Church of Southern Africa: Bruce Theron
- Nederduitse Gereformeerde Kerk: Hugo van der Linde, Ig Schutte, Albert Cruywagen, Dolf de Beer, Johan Marais en Howard du Toit.

Hugo van der Linde, voorsitter van die Sinode Hoëveld se Diensgroep vir Gemeente-ontwikkeling is gevra om as sameroeper op te tree. Hy maak verskoning vir prof. Malan Nel wat as konvenor sou optree, maar vanweë ander verantwoordelikhede nie teenwoordig kon wees nie.

Twee bondige verslae word deur Dolf de Beer en Howard du Toit aan die vergadering uitgedeel en kortliks bespreek: Implementing the Bridge Ministry in the DRC en Oorsig ten opsigte van Brugbediening in Suid-Afrika.

Voorkeur word verleen aan 'n meer losser struktuur en daarom verkies die vergadering die term Netwerk. Die voorstel vir 'n naam vir die ekumeniese liggaam word aanvaar: Network for Interim Ministry in South Africa (NIMSA). 'n Taakgroep word aangewys om die funksionering van so 'n Netwerk nader uit te werk en te omskryf. Die dokument sou per e-pos aan almal gekommunikeer, en terugvoer in 'n werkdokument saamgevat word vir die volgende samekoms. Die Taakgroep bestaan uit: Errol Dengler, Bruce Theron en Howard du Toit.

Die Taakspan (NIMSA, 2008) roep 'n volgende vergadering van NIMSA byeen met die doel om terugvoer te gee van hulle vergadering op 31 Augustus 2008, hulle werksaamhede sedert 20 Junie 2008 te bespreek en om NIMSA meer formeel te konstitueer.

Die notule van die vergadering (NIMSA, 2008) toon aan dat die volgende persone die vergadering bygewoon het:

- Anglican Church of Southern Africa: Errol Dengler en Reuben Ndlovu.
- Uniting Presbyterian Church of Southern Africa: Vusi Mkhungo.
- United Congregational Church of Southern Africa: Bruce Theron
- Nederduitse Gereformeerde Kerk: Bossie Muller, Dolf de Beer, Howard du Toit, Jan Botha, Albert Cruywagen, Anton Doyer, Frank Janse van Rensburg, Andre Bester en Fanie Steyn.

NIMSA het al amptelik kennis geneem van brugopleiding aan die Sentrum vir Kontekstuele Bediening, Fakulteit Teologie – Universiteit Pretoria. Bossie Muller gee nou inligting oor die kursusaanbieding in brugbediening vanuit Communitas en die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing (Buvton) aan die Universiteit van Stellenbosch.

Dit dien aangetoon te word dat Errol Dengler opleiding aan die Interim Ministry Network in die VSA (IMN) ondergaan het. Hy het kursusmateriaal saamgebring om opleiding in Suid-Afrika te ondersteun. Hy spreek die hoop uit dat nadere kontak met IMN tot voordeel van brugbediening in Suid-Afrika sal dien.

'n Webblad vir NIMSA is ontwikkel en in bedryf gestel: www.nimsa.co.za. 'n E-pos adres is geskep: nimsa@mweb.co.za en die akroniem NIMSA is amptelik geregistreer. Die grondwet is deur Dengler (NIMSA, 2008), met dié van die IMN as voorbeeld, opgestel en aanvaar.

Die eerste Beheerraad word verkies:

- Voorsitter: Errol Dengler
- Onder-voorsitter: Bruce Theron
- Sekretaris: Howard du Toit
- Tesourier: Jan Botha of Dolf de Beer. Die Notule (NIMSA, 2008) van die eerste Beheerraadsvergadering toon aan dat Jan Botha nie die benoeming aanvaar het nie en dus nie deel vorm van die Beheerraad nie. Dolf de Beer stem in om as tesourier te dien.
- Addisionele lede: Jesse Dale, Bossie Muller en Hannes Janse van Rensburg.

'n Laaste rigtinggewende besluit is dat NIMSA se Jaarvergadering jaarliks met 'n werkswinkel en / of konferensie sal saamval.

Die eerste Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2009) vind plaas op 1 en 2 September 2009 in die Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Die volgende persone is teenwoordig:

Anton Doyer (Ohrigstad), John Warren (Johannesburg), Dolf de Beer (Kempton Park), Errol Dengler (Johannesburg), Bruce Theron (Kaapstad), Albert Cruywagen (Pretoria), Mukondi Ramulondi (Diepsloot), Vuyani Mabija (Port Elizabeth), Pierre Goosen (Stellenbosch), Bossie Muller (Ceres), Christo van der Merwe (Kempton Park), Malan Nel (Pretoria), Andre Bester (Kempton Park), Jan Botha (Germiston), Johan Marais (Kempton Park) en Howard du Toit (Johannesburg).

Sprekers by die vergadering en hulle temas:

- Prof. Malan Nel: Foundational aspects of the Interim Ministry.
- Erol Dengler: Encounter and incarnation in culture.
- Jan Botha: Die Brugbediening in die praktyk.

Die Tweede Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2010) vind plaas op 18 September 2010 in die Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Die volgende persone is teenwoordig:

John Warren (Johannesburg), Audrey Hick (Bedfordview), Dolf de Beer (Kempton Park), Errol Dengler (Bedfordview), Bossie Muller (Ceres), Hannes Janse van Rensburg (Kempton Park), Andre Bester (Kempton Park), Ernst Zeelie (Boksburg) en Howard du Toit (Johannesburg).

Spreker by die vergadering en die tema:

- Rod Charlton: Conflict and Change in an Interim Context.

In die jaarverslag word aangetoon dat daar reeds 63 Brugpredikante opgelei is. Bossie Muller bevestig dat Communitas besluit het om Osmer (NIMSA, 2008) se boek (Practical Theology. An Introduction.) te gebruik as basis vir die opleiding aan die Universiteit van Stellenbosch. Daar word besluit om die volgende Jaarvergadering en Konferensie in Stellenbosch te hou.

Die Derde Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2011) vind plaas op 28 en 29 September 2011 in die Argiefgebou van die Kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die volgende persone is teenwoordig:

Jan Basson (Sandbaai), Jacques Durand (Kleinmond), Jimmy de Villiers (Kleinmond), Mike Maatjan (Kraaifontein), Dolf de Beer (Kempton Park), Errol Dengler (Bedfordview), Bossie Muller (Ceres), Hannes Janse van Rensburg (Kempton Park), Burrie du Toit (Herbertsdale), Christo Alheit (Hermanus), Louis Hough (Bredasdorp), Pierre Goosen (Stellenbosch), Bruce Theron (Kuilsvier), Barend Piek (Mosselbaai), Floors van Rooi (Bergvliet), Peet Taljaard (Stellenbosch), Wynand van Beek (Vermont), Pieter Louw (Stilbaai), Emile Blommaert (Kuilsvier) en Howard du Toit (Johannesburg).

- Sprekers by die vergadering en die temas:
- Wynand van Beek: Dienservaring oor agtien maande as brugpredikant in Calitzdorp.
- Christo Alheit: Dienservaring as brugpredikant in Stanford.

Volgens die Konstitusie word 'n nuwe beheerliggaam verkies:

- Voorsitter: Bossie Muller
- Onder-voorsitter: Bruce Theron
- Sekretaris: Hannes Janse van Rensburg
- Tesourier: Errol Dengler.
- Addisionele lid: Howard du Toit.

Die Vierde Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2012) vind plaas op 26 en 27 September 2012 in die Argiefgebou van die Kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die volgende persone is teenwoordig:

As gevolg van 'n rekenaar diefstal is hierdie notule se bylae wat die teenwoordigheidsregister bevat, nie beskikbaar nie.

Sprekers by die vergadering en die temas:

- Johan en Magda Wepener: 'n Verhaal uit die praktyk.
- Frederick Marais: Transformerende Leierskap.
- Johan Kotze: Transformasie en die Brugpredikant.

Beheerliggaam verkies:

- Voorsitter: Bossie Muller
- Onder-voorsitter: Howard du Toit
- Sekretaris: Hannes Janse van Rensburg
- Tesourier: Nelis du Toit
- Addisionele lede: Bruce Theron en Errol Dengler.

Die Vyfde Jaarvergadering en Konferensie (2013) vind plaas op 23 en 24 Oktober 2013 in die Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Die volgende persone is teenwoordig (Die notule toon nie aan van waar die teenwoordiges is nie):

J Bester, J Botes, J Joubert, G van Jaarsveld, E Dengler, T Truter, M Rowland-Aitken, J van Loggerenberg, T Grobler, E Zeelie, H du Toit, M Lazenby, B Muller, A Bukashe, H Janse van Rensburg en D Malema.

Sprekers by die vergadering en die temas:

- The Right Reverend dr Steve Moreo: The important role of Interim Ministry.
- Prof. Stephan Joubert: 'n Holistiese missionale kerk-wees gerig op Brugbediening.

Beheerliggaam verkies:

- Voorsitter: Bossie Muller

- Onder-voorsitter: Howard du Toit
- Sekretaris: Martin Lazenby
- Tesourier: Hannes Janse van Rensburg.
- Addisionele lid: Anastasia Bukashe.

Lidmaatskap aan die Interim Ministry Network (IMN) in die VSA word in beginsel goedgekeur maar weens finansiële implikasies laat ontstaan. Die droom ontstaan om verteenwoordigers na die jaarlikse IMN Conference in die VSA te stuur. Die volgende vergadering word vir September 2014 in Kempton Park beplan.

'n Telefoonkonferensie van NIMSA se Beheerraad (NIMSA, 2014) vind om 11:00 op 21 Oktober 2014 plaas. Van belang uit hierdie vergadering is:

- 'n Jaarvergadering en Konferensie is nie gedurende 2014 gehou nie.
- 'n Gesprek oor die toekoms van NIMSA, onder leiding van dr. Andre Bartlett, moet plaasvind. Die gesprek word vir 2 Desember 2014 geskeduleer.
- Ses uitdagings vir brugbediening in Suid-Afrika word bespreek en aanvaar: (i) algemene onkunde oor brugbediening, (ii) gebrek aan ondersteuning van sinodale leiers, (iii) die ondeurdagte heraanstelling van emeriti in vakante gemeentes, (iv) groot klem op die finansiële aspekte van die brugbediening ten nadele van die behoeftes van die vakante gemeente, (v) die jaarlikse samekoms moet sterker fokus op die toerusting as die amptelike jaarvergadering.

'n Werkswinkel (NIMSA, 2014) oor die toekoms van NIMSA vind op 2 Desember 2014 by die Kerkentrum van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zuurfontein, plaas. Dr Andre Bartlett fasiliteer die geleentheid.

Die volgende persone is teenwoordig:

Bossie Muller, Malan Nel, Dolf de Beer, Howard du Toit, Hannes Janse van Rensburg, Anton Doyer, André Bartlett en Martin Lazenby.

Ses vrae word ter die tafel gelê:

- Hoe verstaan ons brugbediening?
- Hoe werk brugbediening in verskillende denominasies?
- Watter uitdagings is daar?
- Watter moontlikhede is daar?

- Wat is NIMSA se rol?
- Hoe lyk die pad vorentoe?

Die brugpredikante moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Gespesialiseerde opleiding ontvang.
- Spesifieke gawes.
- Spesifieke persoonlikheid.
- Spesifieke bedieningsvaardighede.
- Nederigheid.
- Objektiewe benadering.
- Goeie verhouding met kerklike strukture.

Die pad vorentoe:

- 'n Onderskeid tussen brugbediening en NIMSA moet gehandhaaf word.
- Gemeentes wat deur 'n proses van brugbediening gegaan het, se stories moet opgeteken en gedeel word.
- Brugpredikante wat 'n proses van brugbediening gefasiliteer het, se stories moet opgeteken en gedeel word.
- Vermyn angstigheid deur te fokus op die positiewe aspekte.
- Stimuleer meer gesprekke oor brugbediening.
- Die Jaarvergadering en Konferensie is voorlopig eers uitgestel.
- Fokus op die Forums wat in die Noorde en Suide van die land gehou word.
- Gee dringend aandag aan kommunikasie tussen sinodale strukture.

Die Sesde Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2015) vind op 28 en 29 Oktober 2015 in die Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park plaas.

Die volgende persone is teenwoordig:

Kobus Basson, Johan Bester, Bennie Brink, Lulu Brink, Anastasia Bukashe, Albert Cruywagen, Dolf de Beer, Howard du Toit, Hannes Janse van Rensburg, Martin Lazenby, Sammy Njenga, Jan Swanepoel, Adriaan van der Colf, Christo van der Merwe, Gerrit van der Merwe, Leon van Heerden, Johan van Loggerenberg en Ernst Zeelie.

Sprekers by die vergadering en die temas:

- Hannes Janse van Rensburg: re-Thinking the Interim Ministry.
- Bennie Brink: Ervaring uit die praktyk.
- Dr Anastasia Bukashe: Interim Ministry in the Ruimsig Anglican Community.
- Dr Anastasia Bukashe: Appreciative Inquiry and the Interim Ministry.

Nuut verkose Beheerliggaam:

- Voorsitter: Hannes Janse van Rensburg
- Onder-voorsitter: Bossie Muller
- Sekretaris: Howard du Toit
- Tesourier: Ernst Zeelie.
- Addisionele lede: Martin Lazenby (sosiale media), Anastasia Bukashe (bemarking) en Christo van der Merwe (opleiding).

NIMSA sou in sy huidige ekumeniese rol bly voortbestaan en voortgaan met sy werksaamhede. Die verskillende denominasies sou saamwerk om NIMSA te versterk. Die doel met NIMSA is om brugbediening in Suid-Afrika van krag tot krag te laat groei.

Die droom om nader aan die IMN te beweeg en groter samewerking te bewerkstellig, het in Junie 2015 waar geword toe Hannes Janse van Rensburg (op eie koste) die IMN Conference in St. Louis, VSA bygewoon het.

Die Sewende Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2016) vind op 24 en 25 Augustus 2016 in die Argiefgebou van die Kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch plaas.

Die volgende persone is teenwoordig:

Banus Botha, Howard du Toit, Pierre Goosen, Johan Holtzhausen, Hannes Janse van Rensburg, Andrien Kilian, Gielie Loubser, Stephan Lubbe, Bossie Muller, Danie Murray, Andre Theron, Willem van der Merwe, Jan van Heerden, Koos van Niekerk, Hannes van Wyk, Cassie Wait en Ernst Zeelie.

- Sprekers by die vergadering en die temas:
- Arnold Smit: Wat word van leiers gevra in ons tyd?
- Andrien Kilian: Verhale uit die Praktyk.
- Heerden van Niekerk: Geestelike Leierskap vir gemeentes.

Beheerliggaam word onveranderd bevestig:

- Voorsitter: Hannes Janse van Rensburg
- Onder-voorsitter: Bossie Muller
- Sekretaris: Howard du Toit
- Tesourier: Ernst Zeelie.
- Addisionele lede: Martin Lazenby (sosiale media), Anastasia Bukashe (bemarking) en Christo van der Merwe (opleiding).

Die Afrikaanse akroniem NIBSA het stadig naas die Engelse akroniem NIMSA in gebruik gekom. Die vergadering meen dit veroorsaak verwarring en besluit om te volstaan met die Engelse akroniem NIMSA.

Hannes Janse van Rensburg doen verslag oor sy derde besoek aan die konferensie van die Interim Ministry Network, Las Vegas in die VSA. Hy is tydens die geleentheid aangewys om 'n 90 minute-werkswinkel aan te bied. Die tema van sy aanbieding: Lens for Interim Leadership in the Next Generation.

Die Agste Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2017) vind op 13 en 14 September 2017 in die Kerkentrum van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zuurfontein, Kempton Park, plaas.

Die volgende persone is teenwoordig:

Johan Bester, Fanie Beukes, Bennie Brink, Albert Cruywagen, Howard du Toit, Corrie Greeff, Hannes Janse van Rensburg, Andries Grobler, Martin Lazenby, Danie Louw, Bossie Muller, Christoph Müller, Derek Oppenshaw, Gideon Roets, Piet Steenkamp, Jan Swanepoel, Fanie Steyn, Marius Terblanche, Trix Truter, Christo van der Merwe, Ben van Dyk, Paul Janse van Rensburg, Andries van Rooyen en Ernst Zeelie.

Sprekers by die vergadering en die temas:

- Christo van der Merwe: Ses belangrike vrae in die gemeente.
- Andries van Rooyen: Wanneer 'n brugpredikant die Kreatiewe Spanningsveld van 'n Gemeente met Medeleraars betree.
- Johan Bester: Brugbediening as Aanpassende Bediening.

Beheerliggaam word verkies:

- Voorsitter: Hannes Janse van Rensburg

- Onder-voorsitter: Bossie Muller
- Sekretaris: Derek Oppenshaw
- Tesourier: Ernst Zeelie.
- Addisionele lede: Martin Lazenby (sosiale media) en Christo van der Merwe (opleiding).
- Erelid: Howard du Toit word, as gevolg van sy jarelange betrokkenheid, as erelid aangewys. Howard du Toit was van die begin van brugbediening betrokke by NIMSA.

Hannes Janse van Rensburg doen verslag oor sy vierde besoek aan die konferensie van die Interim Ministry Network, Baltimore in die VSA. Hy is tydens die geleentheid aangewys om 'n 90 minute werkswinkel aan te bied. Die tema van sy aanbieding: The eyechart: The missional identity of a church in transition.

Die Negende Jaarvergadering en Konferensie (2018) vind op 28 en 29 November 2018 in die Bybelhuis van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kempton Park plaas.

Die volgende persone is teenwoordig:

Johan Bester, Howard du Toit, Hannes Janse van Rensburg, Hannes Jansen van Rensburg, Martin Lazenby, Bossie Muller, Christoph Müller, Derek Oppenshaw, Piet Steenkamp, Trix Truter, Christo van der Merwe, Ernst Zeelie.

Sprekers by die vergadering en die temas:

- Malan Nel: Die geskiedenis van NIMSA en die pad vorentoe.
- Howard du Toit: Die geskiedenis van NIMSA en die pad vorentoe.
- Derek Oppenshaw: Konflikhantering en brugbediening.

Beheerliggaam word verkies:

- Voorsitter: Hannes Janse van Rensburg
- Onder-voorsitter: Bossie Muller
- Sekretaris: Derek Oppenshaw
- Tesourier: Ernst Zeelie.
- Addisionele lede: Martin Lazenby (sosiale media) en Christo van der Merwe (opleiding).
- Erelid: Howard du Toit word.

Hannes Janse van Rensburg doen verslag oor sy vyfde besoek aan die Interim Ministry Network, St. Louis in die VSA. Hy is tydens die geleentheid aangewys om 'n 90 minute-werkswinkel aan te bied. Die tema van sy aanbieding: The emotionally healthy leader.

Die Tiende Jaarvergadering en Konferensie (NIMSA, 2019) vind op 6 en 7 Augustus 2016 in die Argiefgebou van die Kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch plaas.

Die volgende persone is teenwoordig: Ongelukkig kon die volledige presensielys met die opstel van hierdie literatuurstudie nie bekom word nie.

Sprekers by die vergadering en die temas:

- Prof. Marius J. Nel: Dwelling in Christ

Beheerliggaam word onveranderd bevestig:

- Voorsitter: Hannes Janse van Rensburg
- Onder-voorsitter: Bossie Muller
- Sekretaris: Howard du Toit
- Tesourier: Ernst Zeelie.
- Addisionele lede: Martin Lazenby (sosiale media), Anastasia Bukashe (bemarking) en Christo van der Merwe (opleiding).
- Erelid: Howard du Toit.

Hannes Janse van Rensburg doen verslag oor sy beplande sesde besoek aan die konferensie van die Interim Ministry Network, Baltimore in die VSA wat op 6-10 November 2019 plaasvind. Hy is aangewys om 'n 90 minute-werkswinkel, met as tema: Lens for Interim Leadership in the Next Generation – Part II, aan te bied.

Die navorser identifiseer belangrike aangeleenthede wat oor die jare na vore getree het. Hierdie sake kan as moontlike bakens of rigtingwysers vir brugbediening in Suid-Afrika dien:

- Die behoefte om ekumenies inklusief te wees. Talle denominasies is betrokke en uitnodigings word telkens aan nog vele meer gerig.
- Daar bestaan verskille ten opsigte van die kurrikulum by die twee opleidingsinstansies in Suid-Afrika, nl. Sentrum vir Kontekstuele Bediening (lens: Identiteit gedrewe gemeente bediening) – Universiteit Pretoria en Communitas – (lens: Osmer) Universiteit Stellenbosch. Twee verskillende lense word gebruik vir die

opleiding van brugpredikante. Die navorser wil met hierdie navorsing juis aantoon dat 'n holistiese benadering tot voordeel van brugbediening strek. 'n Derde lens (vyf fokus areas) van die Interim Ministry Network word ondersoek.

- In die brugbediening gaan dit om die goeie funksionering van gemeentes maar ten diepste om die saak van die Koninkryk van God. Daarom is die missio Dei as uitgangspunt van wesenlike belang.
- Die brugpredikant moet oor 'n gesonde emosionele intelligensie beskik. Kerngesonde leierskap is uiters belangrik.
- Daar is behoefte om te leer uit praktiese verhale van brugbediening. Die praktiese verhale vorm jaarliks deel van 'n bespreking tydens die NIMSA konferensies. Hierdie bron moet verder ontgin word. Die sosiale netwerk kan 'n belangrike rol speel, asook 'n moontlike boek tot gevolg hê.
- Bemaking is belangrik, maar die uitvoering is 'n groot uitdaging. Die uitdagings is kundige persone en finansiële hulpbronne. Die sosiale media sal toenemend belangrik word. Brugbediening sal hierdie bron daadwerklik meer moet ontgin.
- Keuring van predikante vir brugopleiding is belangrik. Die verskillende denominasies sal in samewerking met die opleidingsinstansies hieraan aandag moet gee.
- Die bediening is altyd tydelik van aard. Die tydelike aard verg groot uitdagings. Dit is finansiëel moeilik om bloot in 'n tydelike pos te wees. Die praktyk in Suid-Afrika is dat die meeste gemeentes tot 'n aanvanklike drie maande-tydperk instem. Eers wanneer die gemeentes versoek om die proses te verleng, is daar beter finansiële voordele, ook vir die brugpredikant. Dit is verder moeilik en ongerieflik om vir korter tydperke na 'n ander omgewing te verhuis. Daar moet egter deeglik kennis geneem word van die voordele wat 'n tydelike brugbediening, veral vir die gemeente, inhou.
- Die begeleiding van 'n gemeente het die vul van 'n vakature in die oog. Dit is van wesenlike belang dat die aard van die volgende standplaas bepaal sal word. Dan kan 'n vakante gemeente voortgaan met die beroepsproses. Die brugpredikant is hier bepalend aangesien 'n goeie passing uiters belangrik vir die gemeente se toekomstige bediening en diens is.

- Begeleiding van onsigbare kultuurverandering: missio Dei na imago Dei. Die missionale gerigtheid van brugbediening is krities. Dit is tydens die proses van brugbediening waar 'n vakante gemeente weer sy missionale roeping kan herontdek en daarvoor beplan. Dit is belangrik dat die brugbediening die gemeente fasiliteer om van 'n missio Dei na 'n imago Dei te groei.
- Sterker bande met die Interim Ministry Network (IMN) word verlang. Dit het 'n realiteit geword met die eerste besoek van Errol Dengler en daarna die besoeke van Hannes Janse van Rensburg:
 - IMN Konferensie Junie 2014 in Baltimore, VSA word deur Hannes Janse van Rensburg bygewoon.
 - IMN Konferensie Junie 2015 in St. Louis, VSA word deur Hannes Janse van Rensburg bygewoon.
 - IMN Konferensie Junie 2016 in Las Vegas, VSA word deur Hannes Janse van Rensburg bygewoon en hy word aanvaar as spreker tydens een van die werksinkels. Tema: Lens for Interim Leadership in the Next Generation
 - IMN Konferensie Junie 2017 in Baltimore, VSA word deur Hannes Janse van Rensburg bygewoon en hy word aanvaar as spreker tydens een van die werksinkels. Tema: The eyechart: The missional identity of a church in transition.
 - IMN Konferensie Junie 2018 in St. Louis, VSA word deur Hannes Janse van Rensburg bygewoon en hy word aanvaar as spreker tydens een van die werksinkels. Tema: Healthy Leadership essential for Interim Ministry.
 - IMN Konferensie November 2019 in Baltimore, VSA word deur Hannes Janse van Rensburg bygewoon en hy word aanvaar as spreker tydens een van die werksinkels. Tema: Healthy Leadership essential for Interim Ministry – Part II.
- Die Bybel is as bron deurslaggewend vir brugbediening. Skrifverstaan en Skrifuitleg is daarom belangrike sake wat aandag behoort te geniet. Ons is almal deeglik bewus van die Bybel wat as bron onskatbare waarde tot die brugproses toevoeg; trouens dit is die riglyn en maatstaf vir brugbediening. Uit die Skrif ontdek ons teologiese perspektiewe en missionale merkers wat vir brugbediening belangrik is.

Die literatuurstudie van brugbediening se ontstaansgeskiedenis in Suid-Afrika bring die navorser tot die volgende gevolgtrekkings. Die navorser se literatuurstudie het aangetoon dat

dieselfde gevolgtrekkings uit die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA en Suid-Afrika gemaak kan word:

- Die ontstaan van brugbediening in Suid-Afrika was as gevolg van die kommer ten opsigte van lidmaatgetalle wat afneem en die gepaardgaande finansiële druk.
- Die konteks van die gemeente speel 'n belangrike rol.
- Vakante gemeentes is ideale geleenthede om brugbediening te fasiliteer.
- Die ontwikkeling van brugbediening is 'n voortgaande proses met multi-fasette.
- Fasilitering speel 'n baie belangrike rol.
- Gesonde leierskap speel 'n baie belangrike rol.
- Opleiding speel 'n bepalende rol.
- Die rol van opleiding kan nooit oorbeklemtoon word nie.
- Gemeentes moet begelei word om hulle missionale roeping te herontdek.

2.3 Die brugpredikant en brugbediening

2.3.1 Die brugpredikant is 'n spesialis fasiliteerder

Die navorser gaan nie poog om 'n volledige literêre studie oor leierskap as sulks te doen nie. Die fokus gaan eerstens val op kenmerke of eienskappe van die brugpredikant as leiersfiguur. Die brugpredikant fasiliteer gewoonlik in uiters uitdagende tye en omstandighede, daarom gaan die navorser kyk na die mees onlangse werk van Carey Nieuwhof, Peter Scazzero en John Helgeson. Dié skrywers beskryf kerngesonde leierskap. Die gedeelte word afgesluit met 'n beskrywing van leierskap-vryhede waarop die brugpredikant bedag moet wees.

Sawyer (1986) som die take van 'n brugpredikant in vyf stappe op: (i) word deel van die proses in die vakante gemeente, (ii) analiseer die vakante gemeente as sisteem in 'n konteks, (iii) word deel en fasiliteer die vakante gemeente se denkproses, (iv) fokus op die vakante gemeente se nuwe verantwoordelikhede en (v) evalueer die proses en beplan 'n losmaking van die vakante gemeente.

Gripe (1997:1-10) beskryf die brugpredikant as 'n ervare, toegeruste, gefokusde predikant wat die gemeente tydens 'n vakature begelei tot daar weer beroep kan word. Soms loop hierdie begeleiding uit op 'n ingeligte en deurdagte besluit om nie te beroep nie of selfs om die gemeente te laat saamsmelt en in uiterste gevalle word die vakante gemeente begelei om te ontbind. Die brugbediening moet beskou word as 'n gespesialiseerde bediening. Die werksaamhede bestaan uit normale gemeentelike bedienings- en dienstake, asook die spesifieke fasilitering van verandering. Die voordeel van brugbediening is dat dit met objektiwiteit dien en die tydelike aard van die aanstelling help met opregte en eerlike verhoudings. Volgens Gripe (1997:1), "These special tasks include guiding the congregation's grief work over the loss of their previous pastor, preparing for a variety of change in the ministry and mission of the congregation, and readying the congregation to accept a new installed pastor."

Tydens die brugtydperk versamel die brugpredikant wysde uit die stories van die verlede en ontwikkel hy vars nuwe idees saam met die gemeente wat kosbaar is vir die gemeente se perspektief op hulle missionale roeping (Gripe, 1997:10).

Die brugpredikant is gewoonlik iemand met ervaring. In die praktyk is brugpredikante dikwels emeriti wat voel hulle kan nog 'n bydrae lewer en wat 'n passie vir die kerk, bediening en diens het. Volgens Gripe (1997:19-21) behoort 'n brugpredikant te voldoen aan meeste van die volgende karaktereienskappe:

- 'n Roepingsbewustheid.
- Sterk innerlike geloof en 'n besef wat dit beteken om 'n Jesusvolgeling te wees.
- 'n Passie vir die kerk van die Here en 'n positiewe ingesteldheid teenoor die kerk.
- Warm omgee-persoonlikheid.
- 'n Humorsin.
- Gesonde gevoel van selfwaarde.
- 'n Eerlike kennis van eie sterk en swak punte.
- Die vermoë om onder druk te kan werk.
- Emosioneel stabiel.
- 'n Stabiele gesinsomgewing.
- 'n Volwasse persoonlikheid.
- Die vermoë om by korttermyn doelwitte te kan aanpas.
- Mobiliteit wat die brugpredikant in staat stel om gereeld te verhuis.
- Die vermoë om waagstukke aan te gaan.

- Die vermoë om uitdagings positief te benader.
- Nie bang vir die vreemde en onbekende nie.
- 'n Geduldige persoon.
- 'n Leergierige gees wat ook bereid is om om hulp te vra.
- Die vermoë om raad en hulp te aanvaar.
- Ervaring as pastor.
- 'n Hoë toleransie vir onsekere werksomstandighede.
- 'n Sensitiwiteit vir die bestuur van prosesse wat daarop uitloop dat 'n gemeente ontbind kan word.
- 'n Goeie algemene kennis van rousmart.
- Opleiding en sensitiwiteit vir groepdinamika.
- Begrip vir die norme en waardes van 'n spesifieke gemeente en gemeenskap.
- Begrip vir die manier hoe 'n bepaalde kerkstruktuur funksioneer.
- Begrip vir die uitdagings en plek van kerkstrukture.
- Bereidheid om binne kerklike strukture saam te werk.
- Liturgiese buigsaamheid.
- Die vermoë om verskillende leierskapstyle te identifiseer en te akkommodeer.
- Begrip vir eie leierskapstyl.
- Die vermoë om in 'n span te kan saamwerk.
- Die vermoë om mense te motiveer.
- Aanpasbaarheid by mense, strukture en omstandighede.
- Die vermoë om gemeentelike situasies te kan ontleed.
- Die vermoë om met prosesse van verandering te kan werk.

Om 'n gemeente (veral 'n gemeente in transisie / vakante gemeente) te lei, vra dus 'n ingewikkelde vorm van leierskap. Dit gaan hier nie net om die instituut nie, maar veral oor die beweging van Jesusvolgelingen – die ontwikkeling (bemagtiging) van mense se Godgegewe potensiaal.

Dit is jammer dat die sekulêre sienings van leierskap vandag 'n integrale deel van leierskap in die kerk vorm. In 'n nuwe paradigma word die besigheidsektor gesien as die ware bron van leierskap. Gemeenteleiers word uitvoerende hoofbeampies en skribas word gemeentebestuurders. Le Roux & Hanekom (2008:5) voel dat hierdie sekulêre siening 'n leierkultuur vestig met die volgende kenmerke: bemarkingspotensiaal, charisma, selfverheerliking en ander. Dit is aan die een uiterste kant van die pendulum.

Ons hoor en lees baie van dienende leierskap. Geestelike leierskap is dienende leierskap met 'n Goddelike roepingsbewustheid. Gelowiges het 'n unieke roeping wat bepaal hoe leierskap gevorm moet word. Daardie soliede grond is die Bybel. Dit bring ander leierseienskappe in die prentjie: "... – een waarin integriteit, spiritualiteit, kreatiwiteit, verbeelding, beginsels en waardes noodsaaklik is" (le Roux & Hanekom: 2008:5).

Take waarmee 'n brugpredikant besig sal wees verg kerngesonde leierskap; take soos evaluering, identifisering, toerusting en ontplooiing van gesonde leiers.

Brugpredikante vind dikwels dat hulle in situasies fasiliteer waar gemeentes vasgelooptheid ervaar. Gemeentes raak vakant omdat die vorige predikant vasgelooptheid ervaar het en die beroep na 'n ander gemeente gebruik om daaruit te probeer ontsnap. Die vasgelooptheid van 'n gemeenteleier veroorsaak dikwels dat die gemeente dit self ook ervaar. Scazzero (2015:21-22) beskryf die gevoel soos volg:

I want to be a better leader. I'm open and eager to learn, but I don't know where to start.

I know something's not right. I feel like it's only a matter of time before something bad happens.

I can't go on this way. I've hit a wall and I need help to make sense of what went wrong so I can get back on my feet and lead differently.

I'm stuck in an environment I can't change. I'm a mid-level leader in a negative situation, and I feel powerless to change it.

I'm doing the best I can, but I'm not having an impact. I'm running programs but not changing lives. I feel plateaued and stagnant.

I'm too overwhelmed by work to enjoy life – with God, myself, and others. I'm missing out on the joys of life because of the choring demands of leadership.

Nieuwhof (2015:Loc740-757) het gevind dat kerngesonde leierskap nodig is om gemeentes te lei. Meer so as daar in 'n tyd van uitdagings gelei word. Brugbediening het juis ontstaan om gemeentes in moeilike tye te lei.

But there's another aspect of health that gets overlooked far too often in the church, and that's the health of its leaders. The spiritual, emotional, relational, and physical health of a congregation's pastor(s) and leaders is a subject church

leaders don't talk about nearly enough. Here's the simple truth: healthy leaders create healthy churches (Nieuwhof, 2015:Loc740).

Nieuwhof (2015:Loc740) beklemtoon dat die gesprek oor gesonde leierskap in vandag se uitdagende tye uiters belangrik vir die ontwikkeling van gemeentes is. Die brugpredikant vind dikwels dat predikante gemeentes vakant laat omdat hulle spiritueel, emosioneel, relasioneel en fisiek op 'n slegte plek is. Dit veroorsaak dat gemeentelidmers ook spiritueel, emosioneel, relasioneel en fisiek op 'n slegte plek is. Gevolglik veroorsaak dit dat gemeentes spiritueel, emosioneel, relasioneel en fisiek op 'n slegte plek beland. 'n Negatiewe spiraal wat toksies word en dit is hier waar die spesialis-fasiliteerder, die brugpredikant, van onskatbare waarde is. Dit veronderstel die brugpredikant moet spiritueel, emosioneel, relasioneel en fisiek gesond wees. Gesonde leierskap gebeur nie net nie.

Deel van die gesprek oor gesonde leierskap is 'n gesprek oor uitbranding van leiers. Nieuwhof (2015:Loc740) het bevind dat kerklikeleiers dikwels as gevolg van hulle harde werk en omstandighede uitgebrand raak en vra daarom die belangrike vraag: "So how do you know you're burning out as a leader? How do you know whether you're unhealthy?"

Nieuwhof (2015:740-795) se kenmerke van uitbranding:

- Motivering vir roeping neem af.
- Oorwegende emosie is gevoelloosheid.
- Mense se teenwoordigheid dreineer jou.
- Klein dingetjies maak jou disproporsioneel kwaad.
- Oorwegend sinies.
- Produktiwiteit neem af.
- Kos (ooreet) word 'n nuwe gedragpatroon.
- Verslaaf aan meer werk deur langer ure te werk.
- Negatiewe opmerkings teenoor ander mense.
- Spandabelrig.
- Onder die radar substans misbruik.
- Slaap en vrye tyd gee nie meer energie nie.
- Geniet nie meer die lewe nie.

Hoe help ek leierskap om van uitbranding te genees? Nieuwhof (2015:815) sê:

It was taking the exceptionally painful step of admitting his struggle to those close to him.

A lot of people have been forgiven for their sins, but they've never been healed because they've never confessed it. There's a big difference between being forgiven and being healed. I learned the power of being healed by confessing that out loud and just telling somebody. I finally realized that anxiety and depression required medication. There's a chemical imbalance in the brain (Nieuwhof: 2015:Loc815-833).

Hoe bly jy 'n kerngesonde leier? Nieuwhof (2015: Loc:833-869) deel 'n paar gedagtes:

- 'n Daaglikse tyd saam met God.
- Fisieke oefeninge – 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.
- Gesonde dieet.
- Verantwoordelike slaaptyd.
- Grense.
- Stokperdjies.
- Gesinstyd.
- Mentorskap en voortdurende toerusting.

Scazzero (2015) se navorsing verskyn in dieselfde jaar as die van Nieuwhof. Sy boek bevestig dat 'n kerngesonde leier eers self van binne af moet transformeer voordat hy dit sal regkry om 'n gemeente te transformeer.

In Scazzero (2015:12-24) se reis om kerngesonde leierskap te verstaan het dinge op die oog af in sy gemeente van krag tot krag gegaan. Tog het hy gevoel dat alles nie pluis was nie, veral op 'n dieper vlak en veral op die vlak van sy persoonlike lewe. Omdat hy nog nie kerngesonde leierskap verstaan het nie, het dit die vreugde uit sy bediening en diens gehaal. In hierdie tyd het hy ervaar dat sy kennis gegroei het, maar daarmee saam het sy emosionele gesondheid agteruit gegaan. Te veel dinge om te doen en te min tyd om dit te doen. Scazzero (2015:16) se transformasie het begin met 'n lewensveranderende ontdekking "God opened my eyes to see I was a human *being*, not a human *doing*". Hierdie transformasie verg volharding, die besef van persoonlike gebrokenheid, menslikheid en veral die opregte wil om te verander.

Scazzero (2015:27-35) se vier karaktereienskappe van 'n ongesonde leier:

- Lae self-bewustheid. Onbewus van die emosionele impak wat jy op ander mense het.

- Prioritiseer bediening bo jou huwelik. Spandeer baie meer tyd om 'n beter leier te word eerder as tyd om 'n gelukkige huwelik te ontwikkel.
- Meer aktiwiteite vir God as wat verhouding met God kan dra. So besig met die dinge van God dat daar nie tyd is vir die God van die dinge nie.
- Gebrek aan Sabbatsritme. Te veel om te doen en te min tyd om te rus.

Scazzero (2014) bied 'n aanlyn vraelys om leiers die geleentheid te gee om hulle kerngesonde leierskap te evalueer. Sien Bylaag A.

Brugpredikante lei gemeentes in transisie en dit verg baie meer as die nuutste leierskapstrategieë. Blywende verandering word deur 'n brugpredikant gelei wat kerngesonde leierskap openbaar. Leiers behoort meer te lei vanuit wie hulle is (kerngesonde leiers) as wat hulle doen (leierskap strategieë). Volgens Scazzero (2015:48) sal blywende verandering net gebeur as die leierskap bereid is om vanuit 'n innerlike kerngesonde lewe te lei. Kerngesonde leiers lei meer vanuit wie hulle is as hulle strategiese vermoëns: "If we fail to recognize that who we are on the inside informs every aspect of our leadership, we will do damage to ourselves and to those we lead" (Scazzero, 2015:48).

Vakante gemeentes bevind hulle in die huidige konteks van 'n dinamiese en mededingende wêreld wat bepaalde eise aan die brugpredikant sal stel. Daar sal van hierdie brugpredikante verwag word om in die oorgangsfase van die vakante gemeente die nodige aanpassings te maak. Dit verg kerngesonde leierskap. Volgens Labuschagne (2019) het hierdie veranderings oor die algemeen en die uitdagings wat daarmee saamgaan, 'n destruktiewe effek op die persoonlike en geestelike lewe van leiers.

Scazzero (2015:48) vergelyk die ontwikkeling van kerngesonde leierskap met die bou van 'n wolkekrabber. Die sukses van die gebou gaan in die eerste plek afhang van die krag van die fondasie – hier ontwikkel hy vier innerlike take waarmee die leier homself moet besighou. Die fondasie is immers deurslaggewend vir die bestaan van die gebou. Sien Bylaag A.

Scazzero (2015:48-50) skryf:

I've chosen to focus on four that have emerged as foundational, both in my own life and in two decades of mentoring other leaders. I've discovered that to lead from a deep and transformed inner life, you must:

- Face your shadow.

- Lead out of your marriage/singleness
- Slow down for loving union
- Practice Sabbath delight.




Figure 2.1: *Die inwendige take vir kerngesonde leierskap*

Elke leier het 'n "skaduwee", maar wat word daarmee bedoel? "Your shadow is the accumulation of untamed emotions, less-than-pure motives and thoughts that, while largely unconscious, strongly influence and shape your behavior" (Scazzero, 2015:55).

Hierdie "skaduwee" manifesteer in verskillende optredes: perfeksionisme, aggressie, jaloesie, koester wrok, lus, gierigheid, bitterheid, ens. Na mate die leier leer om die "skaduwees" te identifiseer en te hanteer groei hy of sy tot 'n kerngesonde leier wat ander leiers kan begelei na kerngesonde leierskap. Die woorde van 2 Korintiërs 12: 8-10 is van belang:

⁸ Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. ⁹ Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. ¹⁰

Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk (Bybel, 1983).

Scazzero (2017:165-171) het bevind dat dit belangrik is om te identifiseer dat kerngesonde leiers getroud of enkellopend is. Sommige mense word deur God gelei tot 'n huwelik en ander (soos Paulus) word geroep om enkellopend te funksioneer. Indien 'n leier in 'n huwelik verbind is, is dit belangrik om te besef dat daardie huwelik ook 'n roeping is. Die kerngesonde leier se huwelik kan nooit los staan van sy bediening en diens in die koninkryk van God nie. Daarvoor moet 'n opregte kennis van teologiese en praktiese perspektiewe op die huwelik ontdek word.

Kerngesonde leiers weet wanneer hulle goed doen vir ander en deur so baie ander mense in nood te help, kan jy te besig raak om kwaliteit tyd met God te spandeer. Volgens Scazzero (2017:165-171) is dit dan juis tyd om doelbewus jou tempo te vertraag en meer aandag te gee aan jou dieper verhouding met God. Die gevaar bestaan dat jy letterlik besig kan raak met die dinge van God en nie met die God van die dinge nie. Dan word wat jy doen nie meer deur jou roeping bepaal nie en kan jy maklik emosioneel moeg en uitgeput raak: "Loving union is an act of surrender – giving God complete access – and we can't do that in a hurry" (Scazzero, 2015:118).

Selfs Jesus het van tyd tot tyd eenkant toe gegaan en tyd gemaak om in die teenwoordigheid van die Vader te wees. Die doel hier is geestelike voorbereiding, suiwering en transformasie.

Die vierde saak wat Scazzero (2017:165-171) as belangrik vir kerngesonde leierskap beskou, is die onderhouding van 'n sabbatdag. Dit maak nie regtig saak watter dag van die week nie, solank dit 'n vol dag is. Dit dui op 'n vier-en-twintig-uur blok met vier definitiewe stappe: kom

tot totale stilstand, rus, fokus op mense en dinge wat vreugde verskaf en fokus op God se gawes. Soos Rabbi Abraham Joshua Heschel skryf:

Unless one learns how to relish the taste of Sabbath while still in this world, unless one is initiated in the appreciation of eternal life, one will be unable to enjoy the taste of eternity in the world to come ... The essence of the world to come is Sabbath eternal, and the seventh day in time is an example of eternity (Heschel, 1951).

Behalwe die uitwendige take van 'n kerngesonde leier is daar ook inwendige take wat elkeen gebeur vanuit 'n lewende verhouding met Jesus Christus (Labuschagne, 2019). Scazzero (2015:174-176) sê hierdie uitwendige take kan vergelyk word met die takke van 'n boom.

- Planning and decision making
- Culture and team building
- Power and wise boundaries
- Endings and new beginnings




Figure 2.2: Die uitwendige take vir kerngesonde leierskap

- Beplanning en besluitneming: Emosioneel gesonde beplanning en besluitneming beteken die vermoë om die radikale wil van God te wil doen. Volgens Labuschagne (2019) word daar dikwels in gemeentes beplan en aksie geneem sonder God. Die kerk bely immers dat Jesus Christus die enigste hoof van die kerk is en behoort daarom beplanning te doen en besluite te neem wat dit weerspieël.

Mense se persoonlike verhouding met God, die vlak van emosionele volwassenheid en die integriteit van die verhoudings van die geloofsgemeenskap is areas wat in 'n emosioneel gesonde geloofsgemeenskap prioriteit is (Labuschagne, 2019).

Scazzero (2015:188) sê emosioneel gesonde beplanning en besluitneming staan op vier pilare:

- Sukses is die radikale doen van God se wil.
 - Ruimte vir hartvoorbereiding.
 - Gebed om wysheid.
 - Soeke na God in menslike tekortkominge.
- Kultuur en spanbou: Die is die primêre taak van 'n brugpredikant om 'n emosioneel gesonde kultuur in die vakante gemeente te vestig en daarmee saam gesonde leierskapspanne te vestig. Die vakante gemeente moet weet wie hulle is, wat hulle bely en hoe hulle leef. Dit bepaal die roeping van die vakante gemeente. Volgens Labuschagne (2019) lê die kultuur en waardes van 'n gemeente diep geanker in hulle roeping. Die brugpredikant sal daarna streef om die nuwe kultuur te gebruik ten einde 'n familie van God tot stand te bring.
 - Mag en grense: Die brugpredikant behoort te bepaal watter bronne van mag daar in die vakante gemeente aanwesig is. Scazzero (2015:245-247) sê elke kerngesonde leier behoort bewus te wees van die ses primêre bronne van mag:
 - Posisionele mag. Dit gaan hand aan hand met posisie, titel, of amp wat 'n persoon het.
 - Persoonlike mag. God het elke mens uniek geskape. Vanuit die gawes wat gelowiges ontvang het gebeur persoonlike mag, soos iemand se persoonlikheid, vlak van kennis, opvoeding en bekwaamhede.
 - God-faktor mag. Ons posisie wat ons in die gemeente bekleed gee aan ons mag.

- Geprojekteerde mag. Mense projekteer onbewustelik mag op 'n ander persoon. Mense dra hulle eie onvervulde behoeftes en onopgeloste uitdagings na ander mense oor.
 - Relasionele mag. Gemeenteleiers staan lidmate in hulle kwesbaarste oomblikke by. Dit gebeur veral in enige vorm van verlies. Hierdie ervaring van verlies word dikwels met diep en intieme gevoelens gedeel. Die inligting wat die luisteraar nou oor beskik kan relasionele mag veroorsaak.
 - Kulturele mag. Elke kultuur het op grond van ouderdom, geslag en ras bepaalde mag. Die kultuur ken aan bepaalde leiers sekere vorme van mag toe.
- Eindes en nuwe beginne: volgens Scazzero (2015:269) moet emosioneel gesonde leiers die vermoë aanleer om eindes te omhels en nuwe beginne te ontvang. Dit is een van die fundamentele kenmerke van 'n kerngesonde leier. Sommige dinge (en vakante gemeentes) moet eenvoudig toegelaat word om tot 'n einde te kom. Eindes is emosioneel pynlik want dit is 'n vorm van verlies. Mense is geneig om dit eerder te vermy. Leiers oordeel soms verkeerdelik as hulle dink hulle moet alles in stand hou. Volgens Labuschagne (2019) is eindes 'n geleentheid tot geestelike groei.

Helgeson (2016:9-12) het na jare se ondervinding as 'n voltydse predikant en brugpredikant gevind dat daar verskille in die leierskapstyl van 'n voltydse predikant en die van 'n brugpredikant is. 'n Voltydse predikant is die fokuspunt van die gemeente en sy leierskap definieer baie dikwels die gemeentebediening en diens. Die voltydse predikant lei vanuit 'n stabiele basis, terwyl die brugpredikant doelbewus tydelik van aard is en daarom bepaalde leierskap-vryhede geniet. Die tydelike aard van die brugpredikant se bediening vra dat hy vinnig sal reageer en beslissend sal optree. Die brugpredikant kan vinnig optree omdat die tydelike aard van brugbediening sekere vryhede tot gevolg het. Dit is bepalend vir die brugpredikant om hierdie vryhede te identifiseer en doelgerig daarvan gebruik te maak. Die identifisering en gepaardgaande internalisering van hierdie vryhede is van belang vir die brugbediening.

These freedoms an interim pastor or minister has, are speech, worship, to act, to disagree, to override or veto, to heal, to explain, to terminate, to change, to experiment, to leave, and to hope (Helgeson, 2016:11-12).

- Vryheid om alles openlik te kan bespreek (Helgeson, 2016:13-22): Omdat die brugpredikant se bedieningstydperk tydelik van aard is en omdat die brugpredikant nie 'n beroep na die gemeente kan aanvaar nie, het hy die vryheid om eerlik en

deursigtig te sê wat gesê moet word. Tydens die prediking kan die Woord van God duidelik en eerlik spreek. Die onderliggende bevindings van die gemeente se vasgelooptheid kan duidelik uitgespreek word. Daar kan reguit en eerlik met vasgelooppte leiers en gemeentelede gepraat word. Dit kan die gemeenteliders en gemeentelede aanmoedig om self openlik en deursigtig te begin deelneem aan die gesprek oor die gemeente. So word die werklike uitdagings van die gemeente na die oppervlak gebring. In die gemeente se herontdekking van hulle missionale roeping as gestuurdes van God word die brugbediening die stem van die gemeente. Vryheid van spraak is 'n hulpmiddel vir die proses en moet met omsigtigheid en verantwoordelikheid gebruik word.

- Vryheid om die erediens nuut te benut (Helgeson, 2016:23-30): Elke predikant ontwikkel binne die riglyne van die denominasie oor jare 'n kenmerkende styl van aanbidding. As hierdie liturgiese patroon oor die jare nie aangepas word nie, raak dit deel van die gemeente se vasgelooptheid. Die brugpredikant het groter vryheid om hierdie liturgiese patrone aan te pas en te vernuwe om by die nuwe tye en omstandighede aan te pas.

Indeed, the worship may have become so habitual as to be meaningless or just something people do without thinking. Worship has to speak to people and involve the people at some level, in some way. If it does not, it has gone stale (Helgeson, 2016:25).

Die vryheid in die erediens kom met verantwoordelikheid. Die brugpredikant moet nie hierdie vryheid misbruik om die erediens in die gemeente te vernietig nie; dit sal brugbediening onsuksesvol maak en in sommige gevalle die gemeente vernietig. Ontdek saam met die gemeente die krag van die erediens.

- Vryheid om daadwerklik op te tree en kerkwees gedoen te kry (Helgeson, 2016:31-40): Brugpredikante ontmoet dikwels gemeentes wat weet hoe hulle vorentoe moet gaan, maar hulle sukkel om daad by die woord te voeg. Die aard van gemeentes wat brugbediening nodig het is dikwels gemeentes wat ophou doen het. Dit is die brugpredikant se roeping om 'n gemeente te begelei tot daadwerklike optrede. Die leierskap van 'n brugpredikant is ingestel om dinge te laat gebeur. Die gemeenteliders en gemeentestruktuur kan soms verlamrend vir die doen-proses wees. Die brugtydperk is 'n tyd om daadwerklik op te tree.

If the church's governing body has a seemingly endless number of rules or hoops anyone or any other group has to go through to get anything done, it is time for the interim to shake that body up and free it to act as a governing and not a blocking body (Helgeson, 2016:36).

- Vryheid om sake in belang van die gemeente openlik te bespreek (Helgeson, 2016: 41-48): Predikante vertel dikwels dat hulle vertrouensbreuk met die kerkraad begin het op die dag toe hulle dit gewaag het om openlik van die kerkraad te verskil. Daar is oor die algemeen 'n groter toleransie met brugpredikante wat verskil. Hierdie verskille moet egter ten doel hê om die gemeente te lei na nuwe geleenthede. Dit beteken die brugpredikant sal met vasgeloopde leiersfigure moet handel, sodat hulle nie in die pad van verandering staan nie. Leiers moet gehelp word om soms ter wille van die gemeente terug te staan. Die vermoë om te kan verskil, máák die kerk juis kerk van die Here.
- Vryheid om die administrasie reg te ruk (Helgeson, 2016:49-56): Ter wille van oorlewing kan voltydse predikante maklik instem en saamstem. Op hierdie manier word die profetiese stem in die gemeente stilgemaak. Dit is dan die brugpredikant se verantwoordelikheid om die profetiese stem weer hoorbaar te maak. Dit is om hierdie rede ook noodsaaklik dat 'n brugpredikant 'n ervare predikant moet wees. Die doel met 'n veto is om chaos te verhoed.
- Vryheid om die seer van verlies te genees (Helgeson, 2016:57-70): Die mees sensitiewe diens van die brugpredikant is om 'n gebroke vakante gemeente te help genees. Dit verg tyd saam met die gemeente en spesifiek die lidmate wat die meeste geraak is. Dit is 'n gegewe: elke vakante gemeente het op die een of ander manier 'n traumatiese ervaring. In al hierdie gevalle moet daar tyd gemaak word om te luister, tyd vir saambid, tyd vir ondersteuning, tyd vir troos. Die brugpredikant moet besef dat pyn wat nie hanteer word nie, manifesteer in vorms van aggressie. Hierdie aggressie moet hanteer word, anders gaan dit oorkook en die gemeente onberekenbare skade aanrig. Dit is noodsaaklik dat die brugpredikant die vryheid sal hê om genesing hiervoor te fasiliteer. 'n Spesiale erediens waar daar helend aanbid word, word voorgestel.
- Vryheid om breedvoerig te verduidelik (Helgeson, 2016:71-88): As daar 'n slagspreuk vir brugbediening sou wees: Verduidelik, verduidelik, verduidelik!

Explain the interim process. Explain what an interim can and cannot do. Explain what a church must do before it gets a new pastor. Explain why the interim is doing things differently than the previous pastor. Explain what you as an interim and an outsider see in the church and how that impacts the interim time in the church. Explain if you have the church or its leaders take surveys (Helgeson, 2016:72-73).

Dit is veral belangrik dat die brugpredikant die gemeente help om hulle finansies eerlik en deursigtig te kommunikeer. Daar moet met lidmate gekommunikeer word wat konflik veroorsaak. Dit is hier belangrik dat die brugpredikant nie alleen sal gaan nie. Dit is belangrik om 'n bepaalde gemeente se visie en missie duidelik te kommunikeer. Die gemeente moet ten alle tye weet waarheen die brugpredikant se bediening op pad is. Dit is beter om te veel te verduidelik en toe te lig as wat die gemeente in die donker gelaat word.

- Vryheid om negatiewe lidmate te laat gaan (Helgeson, 2016:89-100): Daar is moeilike en destruktiewe mense in die wêreld, ook in die kerk. Hierdie mense is 'n remskoen vir die gemeente se vermoë om vorentoe te beweeg. Predikante is in hulle wese eerlike en opregte Christene, wat maklik vergewe. Saam met vergifnis kom egter berou en verandering van hart en dade. Sommige destruktiewe mense kan en wil nie erken dat hulle verkeerd was nie en ander kan en wil nie verander nie. Hier het die brugpredikant die vryheid om sulke mense los te maak van die gemeente. Die brugpredikant moet hierdie geleentheid gebruik om te help dat die gemeente nie verkeerde mense verkies om watter ander rede ook al nie.
- Vryheid om verandering te fasiliteer (Helgeson, 2016:101-114): Almal aanvaar die brugpredikant is daar om verandering te bewerkstellig. Die feit dat 'n gemeente op brugbediening besluit is 'n verandering wat gefasiliteer moet word. Tydens die fasilitering van verandering in die vakante gemeente word daar dikwels vertel van die "goeie ou dae" en die "perfekte dominee" van die verlede. Indien hierdie ervaring nie hanteer word nie, sal alle toekomstige verandering nie van die grond af kom nie. Die apostel Paulus het in die gemeente hiermee te doen gekry en hy het vir ons 'n weg tot toekomstige verandering aangedui. Paulus begin om te fokus op die positiewe van die gemeente se bediening en diens. Hy het dit letterlik uitgelig en bevestig. Daarnaas het Paulus hulle bediening en diens ondersteun. Hy het beklemtoon dat hulle almal saam in diens van God was (en is). Met hierdie positiewe gerigtheid het

Paulus beweeg na die gemeente se missionale roeping en die uitdagings van die toekoms. Verandering het so in beweging gekom.

Die brugpredikant moet verstaan dat vrees die eerste reaksie op verandering is. Alvin Toffler (soos aangehaal deur Helgeson, 2016:104), beskryf hierdie vrees as “future shock”. Vir baie mense is die kerk die plek van stabiliteit en om kerk toe te kom en verandering te ervaar wek ’n gevoel van vrees. Dit is die brugpredikant se taak om die gemeente te begelei om te waag op die pad vorentoe. Dit is ’n waag saam met God en in gehoorsaamheid aan God.

An interim can thereby show that change is the Lord's work and thus good work. A church needs to change to meet the Lord. A church needs to change for the sake of the Lord. A church needs to change in the times to work for the Lord. Interims succeed in the Lord when they realize the gift of change in the Lord. Getting people beyond the fear of change to realizing change is a gift of the Lord is a holy charge for the interim (Helgeson, 2016:105-106).

Die brugpredikant sal al sy persoonlike gawes en talente moet benut om die gemeente in beweging te kry, maar hy sal ook al die gawes en talente van die gemeente benut.

Dit is uiters moeilik om verandering te bewerkstellig wanneer ’n gemeente vasgeloop geraak het. Die HAT (2015:1425) definieer vasgeloop as “in ’n doodloopstraat vasloop”. Die vakante gemeente weet nie hoe om die toekoms aan te pak nie, die gemeente het hulle missionale roeping verloor en/of hulle strukture dien nie die missionale roeping nie. Nieuwhof (2015) stel sewe gesprekke voor wat kan help om die gemeente uit die staat van vasgelooptheid te lig. Die brugpredikant fasiliteer hierdie sewe gesprekke met die gemeenteleiers en gemeentede. Die sewe gesprekke is:

- (i) Hoekom groei die gemeente nie?
- (ii) Hoe reageer ons op die waarneming dat mense minder gereeld die kerk bywoon?
- (iii) Is ons gemeenteleiers werklik kerngesond?
- (iv) Wat is die rede waarom ons leiers nie deel word van die gemeente se missionale roeping nie?
- (v) Hoekom raak die jongmense weg?

- (vi) Wat is die kultuurmerkers wat ons mis?
- (vii) Wat is ons werklik bereid om te verander?

Dit is belangrik om te onthou dat verandering nie gebeur ter wille van verandering nie. Verandering is slegs nodig waar die gemeente weer opnuut hulle missionale roeping moet vind en uitleef.

- Vryheid om te eksperimenteer (Helgeson, 2016:115-128): Brugbediening in 'n vakante gemeente is 'n onseker bediening. Daar word gesoek na antwoorde. In hierdie proses word daar geles, gepraat, toegerus en geluister op pad na 'n herontdekking van die gemeente se missionale roeping. Klinkklaar antwoorde is daar nie en daarom word daar dikwels geëksperimenteer. Brugpredikante begelei gemeentes met sensitiviteit in hierdie brose tyd van herontdekking. Die waarde van brugbediening is om 'n gemeente herlewing en vernuwing te laat ervaar. Begrip vir herlewing en vernuwing begin by 'n studie van die Bybel. Dit is in die Woord van God waar die gemeente opnuut hulle missionale roeping herontdek. Die proses word uitgebrei na die gemeente se bedieningspanne waar die ontdekkings in aksie omgesit word. Hierdie proses loop uit op 'n bedieningsplan. Die bedieningsplan ontwikkel bedieningstrukture, wat die gemeente in staat stel om te word wat hulle in Christus bedoel is om te wees.

Die brugpredikant nooi die gemeente om deur middel van eksperimentering soekend op die weg na 'n nuwe toekoms te gaan. Verandering kan nie op die vakante gemeente afgedwing word nie, dit veroorsaak net verdeeldheid en chaos. Eksperimentering gee geleentheid om te ontdek, maar ook om te erken dit was nie die regte weg nie. Omdat dit nie finaal is nie koop die gemeente makliker in.

- Vryheid om jou los te maak van die gemeente (Helgeson, 2016:129-142): Die brugpredikant het nie 'n lang termyn verbinding aan die vakante gemeente nie. Hy kan ook nie na die gemeente beroep word nie, daarom gee dit bepaalde vryheid wat benut kan word. Helgeson (2016:132) voel dit is nodig dat die brugpredikant een maand voor die nuwe predikant bevestig word, afskeid sal neem en die gemeente tyd gee om by die nuwe omstandighede aan te pas. Die brugpredikant is bloot 'n mens en kan siek word en/of daar kan familieuitdagings wees, dan het hy die vryheid om die gemeente te verlaat. Indien die brugpredikant se bediening, om watter rede ook al, nie die gemeente help om die pad vorentoe te vind nie, kan hy die vryheid om te gaan benut. Wanneer die brugpredikant en/of die gemeente onvoorsiene finansiële

druk ervaar, is dit weereens die brugpredikant se vryheid om losgemaak te word wat uitkoms kan bied. In bogenoemde gevalle sou 'n permanente (pas beroepe) predikant veel moeiliker losgemaak kon word. Dit is daarom nie wenslik dat die brugpredikant enige aspirasies kan koester om die nuwe voltydse predikant van die gemeente te word nie. In so 'n geval sou die vermoë om objektief die gemeente se belange eerste te stel, benadeel word.

Sodra die brugpredikant die vakante gemeente verlaat, is dit finaal. Dit is nie gewens dat hy sal terugkeer of nog op enige manier invloed uitoefen nie. Losmaking van 'n gemeente is permanent. Dit is emosioneel moeilik vir die gemeente en brugpredikant, maar noodsaaklik. 'n Brugpredikant word daarom opgelei om te alle tye 'n professionele buitestander te wees.

- Vryheid om hoop te bring (Helgeson, 2016:143-152): Dit lê in die wese van die brugpredikant om hoop vir die vakante gemeente te bring. Vakante gemeentes staan groot uitdagings in die gesig, van finansiële agteruitgang tot drastiese verliese aan lidmaatgetalle. Ons aanvaar daarom dat die meeste gemeentes instem tot brugbediening as gevolg van 'n gevoel van hoop-loosheid. Die gemeente word begelei om te beseef dat hulle 'n toekoms het, 'n toekoms wat hulle in die herontdekking van hulle missionale roeping vind. Hoop vorm die teologiese basis vir brugbediening. Daarvoor moet die brugpredikant se geloof sterk in hoop geanker lê. Brugbediening is 'n baie spesiale roeping om in die koninkryk van God werksaam te wees.

Die brugpredikant fokus doelbewus op hoop - eers wanneer hy dit self van harte glo en ervaar, kan hy dit met die gemeente begin deel. Dit is 'n keuse wat doelbewus gemaak moet word. Hiernaas word die gemeente begelei om hoop te ervaar deur gebruik te maak van alle bedienings en diens in die gemeente.

Daar is volgens Gripe (1997:6-10) verskeie voordele in die gebruik van 'n brugpredikant. Dikwels sukkel klein gemeentes om finansiëel te oorleef as 'n predikant na jare in die gemeente besluit om te emeriteer of 'n beroep te aanvaar. In die tyd wat daar 'n brugpredikant aan die werk is, kry die gemeente geleentheid om finansiëel te herbeplan en selfs te spaar. Saam met die nuwe brugpredikant kom daar boonop 'n stuk objektiwiteit wat broodnodig is in die evaluering en herbesinning van die gemeente se toekoms. Dikwels is gemeentes in hierdie tyd vasgevang in moeilike emosies van die verlede wat nou deur 'n objektiewe persoon gelei kan word tot 'n positiewe energie wat selfs verandering kan teweegbring. Met die brugpredikant gaan alle aktiwiteite van die gemeente voort en dit gebeur nie maklik dat die

gemeente in hierdie tyd nie by hulle visie uitkom nie. Verder is die brugpredikant 'n persoon wat baie ondervinding saambring om te help met die ontknoping van die gemeente se nuwe toekoms.

2.3.2 Brugbediening dien 'n vakante gemeente

Nicholson (1998:Loc429-603) het bevind dat daar verskille tussen vakante gemeentes is, maar dat daar ook ooreenkomste is. Die aanduibare ooreenkomste gee vakante gemeentes 'n duidelike profiel. Die aanduibare ooreenkomste in vakante gemeentes is:

- die een of ander vorm van roumart.
- direkte of indirekte konflik.
- geheime agendas kom na die oppervlak.
- groeiende openheid ten opsigte van die spesifieke denominasie.
- aanvoelbare lae selfbeeld.
- gebrek aan rentmeesterskap.
- noodsaaklike heropbou van infrastrukture.
- noodsaaklike ontwikkeling van kommunikasiekanale.
- weerstand teen verandering.
- mengelmoes van ervarings en emosies.

Wanneer 'n predikant sy gemeente verlaat, ervaar die gemeente 'n gevoel van verlies. Tull (2012:Loc248) sê hierin lê 'n geleentheid om vorentoe te beweeg. Dit is juis in hierdie tyd van chaos, dat 'n vakante gemeente die ruimte vir brugbediening skep. Gripe (1997:13) het reeds vroeër aangetoon dat gemeentes juis in hierdie tyd makliker tot verdieping begelei kan word:

Interim ministry as a specialty has matured as the church has grown in numbers and diversity, as church programs and pastoral care services have become more complex and varied, and as governing body executives and officers in congregations have realized that every congregation has special needs when it lacks an installed pastor. Change on the secular society around us and new appreciation of the dimensions of interpersonal relations and group dynamics have helped the church to think more carefully about the "in-between-time" and the opportunities and dangers it presents (Gripe, 1997:13).

The strategies employed in such situations coupled with the theology, faith and integrity of the senior interim pastor are indeed crucial in the transformation of churches from a crisis mode to one of hope and vitality. Equally, if not more important, to the success of interim ministry

are the workings of the Holy Spirit and the willingness of members of the congregation to heal, dream new visions, and commit themselves to a new level of discipleship (Tull, 2012:Loc248).

Die meeste gemeentes sal gedurende hierdie tyd aantoon dat hulle so gou as moontlik wil beroep en aanbeweeg. Hy sê dit is ongelukkig nie die antwoord nie aangesien die gemeente eintlik steeds vasgevang is in die goeie ou verlede en dit op sigself hulle blind maak vir die geleenthede wat die toekoms bied.

Volgens Gripe (1997:8-9) is daar ten minste tien redes waarom brugbediening in 'n spesifieke vakante gemeente noodsaaklik is:

- Die predikant het 'n beroep aanvaar, bedank, afgetree, is oorlede of is ongeskik verklaar en die gemeente het begeleiding en ondersteuning nodig.
- Die gemeente benodig 'n nuwe bedieningstyl, veral as die vorige predikant vir baie lank daar gedien het.
- Die predikant is uit sy amp onthef of losgemaak uit die gemeente en die gemeente is in konflik met die kerklike strukture.
- Daar is jare se onopgeloste spanning in die gemeente.
- 'n Konstante afname in lidmaatgetalle.
- Die gemeenskap waarin die gemeente bedien, het demografiese veranderinge ondergaan.
- Die leierskap van die gemeente besef dit is nodig om aan die gemeente se missionale roeping aandag te gee.
- Die gemeente wil graag 'n spesifieke bedieningstyl beproef.
- Daar is verskillende vakatures in die gemeente se leierskap- en diensstrukture.
- Leierskap wat jare onveranderd dien en nie by huidige omstandighede aangepas het nie.

Met die afhandeling van die vakante gemeente se brugprosesse is dit dikwels moontlik om weer 'n predikant te kan beroep. Mead (1976) gee sewe stappe in die beroepsproses en stel voor die brugpredikant moet hierby betrokke wees of ten minste die gemeente hierop voorberei:

- die periode waar die predikant aankondig dat hy die gemeente gaan verlaat tot en met die oomblik wat hy die gemeente fisiek verlaat.
- Die gemeente stel 'n gemeente-profiel saam.
- Die gemeente stel 'n kandidaat-profiel saam.

- Die gemeente stel 'n naamlys van moontlike kandidate saam.
- Die gemeente oorweeg moontlike kandidate wat by die opgestelde profiele inpas en identifiseer 'n kandidaat.
- Die nuwe predikant word beroep.
- Die nuwe predikant word in die gemeente bevestig en begin met sy bediening en diens.

Die tweede hoofstuk word afgesluit met 'n definisie van brugbediening. Hierdie definisie omskryf die roeping, werksaamhede en persoon van brugbediening. Die Werkswinkel van NIMSA oor brugbediening (2014) het 'n omvattende definisie van brugbediening geformuleer:

Brugbediening is die bediening van 'n leraar met gespesialiseerde opleiding in samewerking met die kerk in breër verband in die werklikheid van 'n vakature in 'n bepaalde gemeente met die oog op hantering van die rouproses in die gemeente, hulp aan die gemeente met die verstaan van missionale kerk-wees en eie identiteitsvorming (teologies en kontekstueel) en die gereed maak van die gemeente met die oog op die beroep van 'n volgende leraar (hetsy voltyds of deelyds).

2.4 Samevatting van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk is gefokus op die deskriptiewe taak, wat ten doel het om die vraag “Wat het gebeur?” te beantwoord. Om by die antwoord op die vraag uit te kom, het die navorser eerstens gefokus op die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA en RSA; ooreenkomste en verskille is aangetoon. Soos wat brugbediening oor die jare gegroei het, is die unieke bediening van brugbediening telkens ontwikkel en herdefinieer. Daarna het die navorser gefokus op kenmerke van kerngesonde leierskap en wat dit vir die brugbediening bydra.

HOOFSTUK DRIE

WAT GEBEUR IN BRUGBEDIENING? (INTERPRETERENDE LITERATUURSTUDIE)

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk val die fokus op Osmer (2008:58) se tweede taak, genaamd die interpretatiewe taak, wat ten doel het om die vraag “Waarom gebeur dit?” te beantwoord. Volgens Osmer (2008:4) is die doel van hierdie taak: “Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring”. Om die tweede navorsingsvraag “Hoe kan ’n literatuurstudie bydra tot die holistiese verstaan van brugprosesse?” te beantwoord is ’n literatuurstudie (Osmer, 2008:83) onderneem om te voldoen aan die tweede navorsingsdoelwit; “Om deur ’n literatuurstudie ’n holistiese benadering tot die brugproses te formuleer”

3.2 Drie Lense vir brugbediening

Opgeleide brugpredikante gebruik prosesse om brugbediening in vakante gemeentes suksesvol te fasiliteer. Muller (2016:3) skryf as inleiding tot die opleiding van brugpredikante, dat brugbediening op ’n prakties-teologiese wyse die vakante gemeente se realiteit interpreteer ten einde die gemeente te begelei in hul respons tot die situasie. Hierdie prosesse word deur die opleidingsinstansie, waar die brugpredikant opleiding ontvang het, bepaal. Die navorser se bydrae tot hierdie unieke bediening, in en deur die kerk, is ’n holistiese benadering tot die brugprosesse. Die navorser wil spesifiek aantoon dat ’n holistiese benadering vakante gemeentes nader aan hulle missionale roeping kan bring. ’n Holistiese benadering is belangrik, veral aangesien vakante gemeentes se konteks radikaal van mekaar kan verskil.

Hoofstuk drie bestudeer en analiseer die waarde van drie lense om ’n holistiese benadering tot brugprosesse te fasiliteer. Die gebruik van ’n metafoor verduidelik hoe hierdie drie lense holisties ingespan kan word. Die metafoor wat gebruik word is dié van ’n oogkundige (brugpredikant) wat die pasiënt (vakante gemeente), deur middel van die *phoropter* (holistiese proses) help om die Snellen-oogkaart (missio Dei) te lees. Die oogkundige wil vir die pasiënt ’n voorskrifbril (missionale bediening) ontwikkel, wat die pasiënt in staat sal stel om die Snellen-oogkaart (missio Dei) voortdurend helder en duidelik te lees.

Die drie lense word hoofsaaklik afsonderlik deur die opleidingsinstansies onderrig en daarom ook afsonderlik deur brugpredikante in vakante gemeentes gefasiliteer. Elkeen van hierdie lense kan afsonderlik vakante gemeentes help om hulle missionale roeping te herontdek. Die navorser sal in hoofstuk vyf aandui dat hierdie drie gesamentlik eerder as afsonderlik aangewend moet word – dit verwys na die holistiese benadering van die brugprosesse.

Die drie Lense word vir eers kortliks genoem en sal soos die hoofstuk ontvou meer breedvoerig bespreek word:

- Die Praktiese-Teologiese Interpretasie deur Osmer ontwikkel: Hierdie proses maak gebruik van vier vrae: (i) wat is aan die gebeur? (ii) hoekom het dit gebeur? (iii) wat behoort te gebeur? en (iv) hoe behoort ons daarop te reageer? (Osmer, 2008:Loc.83). Vir die doel van hierdie studie noem die navorser hierdie proses Lens 1. Hierdie proses word gebruik as primêre vertrekpunt vir die opleiding van brugpredikante aan Communitas, Kweekskool Universiteit van Stellenbosch (Communitas, 2013).
- Identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling: Hierdie proses maak gebruik van: (i) motivering, ontvriësing en missieformulering (ii) gemeente-analise (iii) doelgerigte aksie (Nel, 1994; 2015). Vir die doel van hierdie studie noem die navorser hierdie proses Lens 2. Hierdie proses word gebruik as primêre vertrekpunt vir die opleiding van brugpredikante aan Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie, Universiteit van Pretoria, soos bekendgestel op die webblad van die Universiteit van Pretoria (Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie, 2017).
- Vyf fokusareas vir gemeentes in transisie: Hierdie proses maak gebruik van vyf fokusareas:

Heritage, Mission, Connections, Leadership, and Future – offer a way for congregations to reflect on those questions and prepare for meaningful and productive future (Keydel, 2015:54). Vir die doel van hierdie studie noem die navorser hierdie proses Lens 3. Hierdie proses word gebruik as primêre vertrekpunt vir die opleiding van brugpredikante deur Interim Ministry Network in die VSA (IMN Education, 2017).

3.2.1 Lens 1: Prakties-teologiese interpretasie

3.2.1.1 Inleiding

Vir die doel van die navorsing noem ons hierdie proses Lens 1, Prakties-teologiese interpretasie. Osmer (2008:Loc.83) sê die doel van hierdie benadering is om gemeentelêers en gemeentes, wat voor groot uitdagings staan, met 'n bruikbare proses toe te rus. Dit is nie 'n waarborg tot sukses nie, maar dit gee gereedskap waarmee die uitdagingsproses hanteer kan word.

Lens 1 se proses word gebou deur antwoorde op vier vrae te soek (Osmer, 2008:Loc.83): (i) wat is aan die gebeur? (ii) hoekom gebeur dit? (iii) wat behoort te gebeur? en (iv) hoe behoort ons daarop te reageer? Die antwoorde op hierdie vrae vorm die basis van 'n prakties-teologiese interpretasie.

Die prakties-teologiese take wat uit die antwoorde van hierdie vrae voortvloei is (Osmer, 2008:Loc.93):

- (Wat is aan die gebeur?) Deskriptief-empiriese taak: Inligting word versamel wat die gemeente in staat stel om die huidige situasie en konteks te evalueer. Dit impliseer dat die brugpredikant gebruik sal maak van sy vermoë om priesterlik te kan luister.
- (Hoekom gebeur dit?) Interpreterende taak: Met die inligting uit vraag een se antwoord gebruik die brugpredikant ander wetenskappe om die inligting te interpreteer. Die brugpredikant begelei die gemeente om te verstaan hoekom hulle huidige situasie so daar uitsien. Dit vereis ware wysheid aan die kant van die brugpredikant.
- (Wat behoort te gebeur?) Normatiewe taak: Om met die hulp van teologiese uitgangspunte, soos die missio Dei, die praktiese situasie te interpreteer en die koers vorentoe te bepaal. 'n Verstaan van die missionale teologie is van onskatbare waarde. Dit impliseer 'n profetiese onderskeidingsvermoë by die brugpredikant.
- (Hoe behoort ons daarop te reageer?) Pragmatiese taak: 'n Proses word ontwikkel om die huidige situasie in die gemeente positief te beïnvloed. Dienende leierskap word van die brugpredikant verwag.

Osmer (2008:10-12) stel dat die deskriptief-empiriese, Interpreterende en pragmatiese take hoofsaaklik in die praktiese teologie tuis hoort. Die normatiewe taak lê aan die hart van die

missionale teologie, alhoewel nie een van die take uitsluitlik binne die veld van die praktiese of missionale teologie tuiskom nie. Dié vind dus plek in sowel die praktiese- as die missionale teologie.

Aan die een kant kan Moltmann (1977:64) se beskrywing van die missionale vertrekpunt soos volg uitgelig word: "It is not the church that has a mission of salvation to fulfill in the world; it is the mission of the Son and the Spirit through the Father that includes the church".

Aan die ander kant tref Osmer (2008:Loc.190) die onderskeid tussen episodes, situasies en konteks. Hierdie onderskeid is belangrik vir 'n praktiese teologiese interpretasie:

*An **episode** is an incident or event that emerges from the flow of everyday life and evokes explicit attention and reflection. It occurs in a single setting over a short period of time.*

*A **situation** is the broader and longer pattern of events, relationships and circumstances in which an episode occurs. It often is best understood in the form of a narrative in which a particular incident is located within a longer story.*

*A **context** is composed of the social and natural systems in which a situation unfolds. A system is a network of interacting and interconnected parts that give rise to properties belonging to the whole, not to the parts. Contextual analysis, thus, is an important dimension of practical theological interpretation.*

Dit was vir die navorser ook van belang om die studie in beide die twee vakgebiede van sowel die praktiese- as die missionale teologie aan te pak. Die twee vakgebiede komplimenteer mekaar en is die brugbediening baat daarby.

3.2.1.2 Wat is aan die gebeur?

Wat is aan die gebeur? Die antwoord op hierdie vraag is die deskriptief-empiriese taak: Inligting word versamel wat die gemeente in staat stel om die huidige situasie en konteks te evalueer. Dit impliseer dat die brugpredikant gebruik sal maak van sy vermoë om priesterlik te kan luister (Osmer, 2008:Loc.401-972). Dit gaan nie bloot om die insameling van inligting nie, maar die doelgerigte insameling van inligting.

Die vakante gemeente se nuwe toekoms word op stories uit die verlede gebou. Die insameling van inligting geskied deur middel van verskillende vraelyste, gesprekke en storievertellings. Die inligting trek 'n lyn uit die verlede tot by die nuwe toekoms. Die antwoord op die vraag help die brugpredikant om te weet wat in die gemeente gebeur; die antwoord verklaar die hede en

bepaal die toekoms (Westerhoff en Neville, 1979). Bauckham (1998:71-72) stel dit so: "Throughout Scripture we find God's people recalling stories of God's actions in the past, which allow them to discern ways God may act in the present and future." Osmer (2008:Loc160) stel dit so: "This opens up certain strategic lines of thinking: preaching and teaching the stories of Scripture in which God's actions in the past guide them in time of change and crisis.

Volgens Osmer (2008:Loc.434-532) is die volgende nodig:

- 'n Spiritualiteit van Teenwoordigheid: Die luisteraar (brugpredikant) luister na die storie in konteks en in die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Daar vorm noodwendig 'n kwaliteitverhouding tussen die luisteraar en die persoon na wie geluister word. Dit is nodig dat albei in die oomblik sal bly en sodoende sal waak teen die moontlikheid om af te dwaal. Die brugpredikant moet leer om te luister sonder om vinnige en ondeurdagte gevolgtrekkings of veroordelings te maak. Slegs 'n gefokusde luisteraar kan die verhaal van die persoon waarna hy luister (vakante gemeente) sinvol interpreteer. Suksesvolle fasilitering is, sonder teenwoordigheid van gees, onmoontlik.
- Priesterlik luister: Keck (1978: 62) sê:

The pastor is truly a priest when the prayer articulates the situation of the congregation through his or her prayer. For this to happen, one must listen to the people and establish a critical identity with them ... To pray on their behalf, one must enter into their lives to the point that one begins to feel what they feel, yet without losing one's identity.

Priesterlike luister veronderstel persoonlike kontak, aandagtig luister en empatiese nadenke. Hierna beweeg dit opwaarts na God. Die fasiliteerder bring die behoeftes en vrese van die gemeente in gebed na God. Die fasiliteerder tree dus vir die gemeente by God in. Volgens 1 Petrus 2: 5, 9, Openbaring 1:6 en Openbaring 5:10 is die hele Christelike Gemeenskap 'n heilige en koninklike priesterdom (Bybel, 1993).

Die brugpredikant begelei die vakante gemeente om priesterlik na mekaar te luister. Dit is nie net die verantwoordelikheid van die gemeenteleiers nie, maar van die hele gemeente. Volgens Long (soos aangehaal deur Osmer, 2008:Loc.467) en Tisdale (soos aangehaal deur Osmer, 2008:Loc.467) maak dit die gemeente 'n gemeenskap van gelowiges wat die verlede kan verwerk en die toekoms tegemoet kan gaan.

Prediking is een van die belangrikste gereedskapstukke tot beskikking van die Brugpredikant en moet daarom verantwoordelik en eerlik benut word.

Volgens Long (1989:55) kan die prediking optimaal benut word as die prediker eers priesterlik geluister het na die gemeente. Eers luister die prediker na die gemeente en daarna gaan hy namens die gemeente biddend die Skrif ondersoek vir riglyne. In die prediking deel die prediker die openbaring soos wat hy gevind het.

Osmer (2008:Loc.478) sê om priesterlik te luister is noodsaaklik vir elke vorm van bediening en diens in en deur die gemeente.

3.2.1.3 Hoekom het dit gebeur?

Hoekom gebeur dit? Interpreterende taak: Met die inligting uit die antwoord op vraag een, gebruik die brugpredikant ook ander wetenskappe (ekonomie, politieke-wetenskap, sosiologie, psigologie, volkekunde, bestuurswetenskappe ens.) om die inligting te interpreteer. Die brugpredikant begelei die gemeente om geïnterpreteerde inligting bruikbaar vir die bediening en diens van die gemeente te maak. Hierdie proses vereis wysheid van die fasiliteerder. Volgens Osmer (2008:Loc.990) is geestelike en emosionele volwassenheid 'n voorvereiste vir wysheid. Hy verwys na hierdie wysheid as 'n sagte, diep of wyse wysheid. Leiers met wysheid "...offer their communities the gift of sagely wisdom. Leaders whose wise guidance helped them make sense of the circumstances of their lives and world" (Osmer, 2008:Loc.1013).

Die Interpreterende taak is in sy wese 'n baie bedagsame taak. Pieper (1966:13) verduidelik: "The person who plunges head over heels into decision and action, without proper consideration and without well-founded judgment is being imprudent in the mode of thoughtlessness."

Brugpredikante se kennis is nie legio en onbeperk nie. Dikwels kom die brugpredikant tot die besef dat hy in diep water is. Dit is 'n goeie tyd vir lees, ontdek en studie. Bedagsame en deurdagte brugpredikante kweek bedagsame en deurdagte gemeentes.

Tydens die Interpreterende fase, moet die brugpredikant onthou dat die inligting wat hy ontvang bloot 'n perspektief op die waarheid is. Alle inligting moet voortdurend geëvalueer en geïnterpreteer word. Osmer (2008:Loc.1033) stel dat: "Today, especially, we are deeply aware that no one's perspective captures the fullness of the truth and that, often, many perspectives are needed to understand complex, multidimensional phenomena."

Die brugpredikant fasiliteer dus met 'n mate van onsekerheid; hoe meer jy weet, hoe meer is daar om te weet. Fasilitering in die interpreterende fase gaan noodwendig met spanning tussen perspektiewe en interpretasies gepaard.

Wysheid om te kan onderskei is van die uiterste belang.

It is the capacity to interpret episodes, situations and contexts in three interrelated ways: (1) recognition of the relevant particulars of specific events and circumstances; (2) discernment of the moral ends at stake; (3) determination of the most effective means to achieve these ends in light of the constraints and possibilities of a particular time and place (Osmer, 2008:Loc.1044).

3.2.1.4 Wat behoort te gebeur?

Die Normatiewe taak behels om met behulp van teologiese uitgangspunte, soos die missio Dei, die praktiese situasie te interpreteer en die koers vorentoe te bepaal. 'n Verstaan van die missionale teologie is van onskatbare waarde. Dit kom neer op 'n teologiese refleksie van die inligting tot beskikking van die brugpredikant, wat weer 'n profetiese onderskeidingsvermoë impliseer. Hierdie opmerking word in hoofstuk vier breedvoerig beskryf.

Osmer (2008:Loc.1556-1586) verskaf drie interpretasielyne om by die normatiewe taak uit te kom:

- Teologiese interpretasie: die gebruik van teologiese konsepte om die episodes, situasies en konteks van gebeure te verduidelik.
- Etiese refleksie (Browning, 1991:Chapter 7): die gebruik van etiese norme en waardes om te reflekteer op wat gebeur het en wat nog moet gebeur.
- Goeie praktyk: die gebruik van voorbeelde uit “goeie hoop stories” gee rigting aan die normatiewe gesprek.

Vakante gemeentes is worstelend op pad. Die brugbediening bou met die hulp van gemeente-stories op hierdie pad vir die vakante gemeente 'n brug uit die verlede, deur die hede na die toekoms. Deur die gemeente se storie te herontdek, ontdek die gemeente dikwels hulle missio Dei. Nel (2006:12) sê: “Hiermee word nie net die gemeente se oorsprong aangedui nie, maar ook die gemeente se bestemming.”

Bright (1976:15) beskryf die normatiewe taak as een wat nie anders kan as om in 'n verhouding met God te gebeur nie. Dit is in hierdie verhouding met God wat die verlede, hede en die

toekoms geïnterpreteer word. Tydens hierdie normatiewe taak sal die brugpredikant noodwendig sy profetiese roeping uitleef – bring die vakante gemeente in 'n verhouding met God waar hulle die verlede, hede en toekoms deur die oë van God kan insien. God spreek, die profeet luister en bring die Woord van God tot die gemeente. Die brugpredikant se profetiese taak is om met wysheid en afhanklikheid na die Woord van God te luister en dit geïnterpreteer te bring na die gemeente in hulle tyd en omstandighede.

Profetiese onderskeidingsvermoë veronderstel 'n ingewikkelde vermoë om met simpatie te kan luister, te onderskei en op te tree. Hierdie konsep is vir die eerste keer geartikuleer deur Heschel (1972) en ontwikkel deur Moltmann (1974:270-272) en Brueggemann (1978:chapter3).

To the prophet ... God does not reveal himself in an abstract absoluteness, but in a personal and intimate relation to the world. He does not simply command and expect obedience; He is also moved and affected by what happens in the world, and reacts accordingly. Events and human actions arouse in Him joy or sorrow, pleasure or wrath ... [M]an's deeds may move Him, affect Him, grieve Him or, on the other hand, gladden and please Him. This notion that God can be intimately affected ... basically defines the prophetic consciousness of God. (Heschel: 1972:3-4).

Die normatiewe taak behels die vermoë om aktief te soek na God se wil in die omstandighede, gebeure en besluite van die gemeente. Profetiese onderskeidingsvermoë begin wanneer die fasiliteerder sy oordrewe selfvertroue eenkant skuif en besef dat hy/sy nooit seker is van die verlede, hede of toekoms nie. Eers wanneer die “eie ek” gekruisig is, kan met 'n eerlike, oop gemoed gesoek word na die wil van God. Daar is volgens Osmer (2008: Loc.1651) drie fases in hierdie proses:

- Luister na die Woord van God – daaglikse bestudering van die Skrif.
- Skuldbelydenis en radikale eerlikheid.
- Liefde gee en ontvang – Christus moet in ons woorde, gedagtes en optrede ervaar word.

Naas 'n teologiese interpretasievermoë moet die brugpredikant ook oor 'n etiese interpretasievermoë (Browning, 1976, 1983, 1991) beskik. Dit behels die gebruik van etiese norme en waardes om te reflekteer op wat gebeur het en wat nog moet gebeur. Etiese refleksie is die mees formele aksie van die normatiewe taak. Die mens se optrede word bepaal

en gevul deur 'n stel norme en waardes. Dit sal dus vir die brugpredikant nodig wees om aan die norme en waardes van 'n bepaalde vakante gemeente aandag te gee. 'n Nuwe toekoms is dikwels eers moontlik as ou norme en waardes afgestof, en nuwe norme en waardes vasgestel en op ooreengekom word. Dit sal ook in die proses waardevol wees as die bepaalde gemeenskap waarin 'n vakante gemeente geleë is se waardes en norme bestudeer word.

Osmer (2008:Loc.1807-1911) se derde interpretasie ten einde die normatiewe taak aan die orde te stel, is die goeie praktyk. Dit is die gebruik van “stories van hoop” om die verlede, hede en toekoms van 'n bepaalde gemeente te interpreteer. Die gebruik hiervan gee 'n model waarin die verlede, hede en toekoms sigbaar gemaak kan word en dit genereer vorm waarin waardes en norme aandag kan geniet. “It helps leaders imagine what their congregation might become, as well as providing resources and guidelines with which to move it in the desired direction” (Osmer, 2008:Loc1829).

3.2.1.5 Hoe behoort ons daarop te reageer?

'n Pragmatiese taak behels 'n Strategie wat ontwikkel word om die huidige situasie in die gemeente positief te beïnvloed of te verander. Osmer (2008:Loc2271) stel dit so: “The leaders of mainline congregations face not only the external challenge of a changing social context, but also the internal challenge of helping the congregations rework their identity and mission beyond the era when they were at the center of cultural influence and power.”

Dienende leierskap word van die brugpredikant verwag. Osmer (2008:Loc2271) stel dat dienende leierskap die enigste vorm van leierskap is wat 'n vakante gemeente gaan lei tot betekenisvolle verandering. Hierdie betekenisvolle verandering beteken die gemeente moet word wat hulle reeds in Christus Jesus is.

Quinn (1996, 2004) identifiseer drie leierskapstyle wat vir die normatiewe taak van nut kan wees:

- Taakgerigte leierskap (task competence): die leier fokus op die take en pligte van 'n gewone predikant en beïnvloed die gemeente op die manier. Dit is belangrik dat die brugpredikant hierdie take met 'n groot mate van bevoegdheid sal uitvoer.
- Onderhandelingsgerigte leierskap (transactional leadership): beïnvloeding van ander deur 'n proses van onderhandelings. Die brugpredikant wen steun vir sy bediening deur te reageer op die behoeftes van die gemeentelede.

- Transformasiegeïntegreerde leierskap (transforming leadership): die gemeente word gelei deur 'n proses van “deep change” (Quinn, 2004) ten opsigte van hulle identiteit, missie, kultuur en dag-vir-dag take. In die proses van brugbediening kan dit lei tot radikale verandering in hulle bediening en diens. Hierdie vorm van leierskap vereis kerngesonde leierskap.

3.2.1.6 Samevatting van die prakties-teologiese interpretasie

Lens 1: Prakties-Teologiese Interpretasie. Osmer (2008: Loc.96) maak nie aanspraak daarop dat die proses volledig sy werk is nie. Hy het wel die prakties-teologiese interpretasie-model verfyn en ingedeel in die vier vrae en vier take. Dit vorm vandag die hartklop van Prakties-Teologiesedenke en word gerugsteun deur die Missiologie as motiveerder van die proses.

Dit is inderdaad bruikbaar vir die brugbediening en brugpredikante moet deeglik hiervan kennis neem. Die opleiding van brugpredikante aan die Universiteit van Stellenbosch (Communitas) gebruik Osmer se vier vrae en vier take as die ruggraat van hulle opleiding. Brugpredikante wat hiervandaan geroep word om brugbediening te gaan doen gebruik lens 1 as hulle primêre proses. Dit is veral bruikbaar as die vakante gemeente nie erg vasgeloop is nie, die leierskap redelik gesond is en die gemeente maklik aanpassings kan maak om by hulle missionale roeping uit te kom.

3.2.2 Lens 2: Identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling

3.2.2.1 Inleiding

Die Identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling proses maak gebruik van: (i) motivering, ontvriesing en missieformulering (ii) gemeente-analise en (iii) doelgerigte aksie (Nel, 1994; 2015). Vir die doel van hierdie studie noem die navorser hierdie proses Lens 2. Hierdie proses word gebruik as primêre vertrekpunt vir die opleiding van brugpredikante aan Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie, Universiteit van Pretoria, soos bekendgestel op die webblad van die Universiteit van Pretoria (Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie, 2017).

Nel (2015:11) stel dat die doel met die proses is om gemeentes en gemeenteleiers te inspireer om deel te word van God se missie met die plaaslike gemeente – dus: missionale roeping. Nel se uitgangspunt is in ooreenstemming met dié van Feldtkeller (2008:37) naamlik, die plaaslike gemeente is missionaal of die gemeente is nie kerk nie. Wanneer die plaaslike gemeente 'n vakante gemeente word, word die gemeente in wese begelei om te verstaan wat dit beteken om 'n missionale gemeente te wees. In die proses word die bediening en diens in

en deur die gemeente in die eerste plek aan die gemeentelide teruggegee (vgl. Die titel van Ogden 1990 se boek: *The New Reformation: Returning the ministry to the people of God*). Gibbs (2013: 252) bevestig as hy die opmerking maak dat plaaslike gemeentes hulle dit ten doel moet stel om elke gemeentelid deel te maak van die gemeente se bediening en diens. Elke lidmaat se bediening en diens is God se missie in die wêreld. Volgens Mann (1998:32) is hierdie beweging 'n doelbewuste beweging weg van die "ek" na 'n meer aanvaarbare "ons". Die gemeenskap van gelowiges, die plaaslike gemeente, die gemeenskap, die skepping is vir God 'n "ons"-ervaring.

Zscheile (2012:1) stel dit soos volg: "At the heart of the missional church conversation lies a challenge: to recover and deepen the church's Christian identity in a post-Christendom world in light of the triune God's mission in all of creation."

Die identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkelingsproses wil dus die vakante gemeente begelei tot die verstaan en implementering van 'n missionale gemeente.

3.2.2.2 *Motivering, ontvriësing en missieformulering*

Dit dien genoem te word dat die gemeente in die eerste plek self verantwoordelik is vir die opbou van die gemeente. Daarom is die gemeente in die eerste plek verantwoordelik vir die proses van brugbediening. Die brugpredikant is slegs die fasiliteerder wat die gemeente daartoe begelei. Indien die gemeente nie voldoende gemotiveer is om gemeente van God te wees nie, sal die proses nooit van die grond af kom nie. Nel (2015:223) stel dat dit van kardinale belang is dat die gemeente hulle missionale roeping insien en hulle motivering vir groei juis hierin vind.

Die identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkelingsproses begin met 'n missionale motivering en hierdie missionale motivering gebeur regdeur elke ander fase van die proses. "It gets the process moving, gives it power and comes ultimately to leaven, in a positive sense, the whole lump of dough" (Nel: 2015:224).

Motivering is belangrik want die gemeente bestaan uit mense en mense sal nie tot verandering beweeg word deur blote opdragte van bo of van buite die gemeente nie. Gemeentes kan nie tot verandering gemanipuleer word nie (Schipper, 1982:99). Die brugpredikant sal vind dat die hele gemeente, of ten minste gedeeltes van die gemeente, nie gereed is vir die proses nie; daarom is motivering uiters belangrik om die gemeente te begelei tot 'n missionale herontdekking.

Easum (2001:73) bevestig dat ontvriesing in fases gebeur en noem dat sekere tegnieke belangrik is “congregations become more ... faithful, permission-giving, servant-empowering, and constantly innovating outpost of mission.”

Die motiveringsfase veronderstel dat daar 'n aanvoelbare eensgesindheid in die gemeente heers. Die gemeente kan nooit streef na eendersheid nie. Gemeentelede sal in hierdie fase die bereidheid moet openbaar om mekaar ter wille van eensgesindheid te akkommodeer. Fasiliterende dialoog begelei die vakante gemeente tot 'n eensgesindheid wat geanker is in die missio Dei. Lissenburg (1978:23) bevestig dat hierdie tipe gesprek uit drie bestanddele bestaan wat saam geroer word; (i) deelname, (ii) diversiteit en (iii) solidariteit.

Dit is belangrik dat die brugpredikant lidmate tot op grondvlak sal motiveer. Nie almal in die vakante gemeente sal op dieselfde vlak van motivering wees nie en nie almal sal deur dieselfde bronne van motivering gemotiveer word nie. Callahan (1987b:76, 2010:4-14) identifiseer ses bronne van motivering waarvan die brugpredikant gebruik kan maak om die gemeente beter te motiveer:

- (i) Compassion – where there is a sense of empathy, caring, sharing and mutual support;
- (ii) Community – where the congregation has a sense of happy togetherness, belonging, of becoming aware of being within one family and home;
- (iii) Hope – where there is a focus on the grace of God and on the Kingdom come and coming;
- (iv) Challenge – and especially when they have a sense of achieving, fulfilling and attaining the challenge;
- (v) Reasonability – where there is room for logical thinking, analyzing and sound judgment;
- (vi) Commitment – a sense of being dependable, loyal, dedication to a task, accountability.

Die ontvriesingsfase is krities belangrik en moet genoegsame kwaliteit- en kwantiteittyd ontvang. Die brugpredikant moet 'n goeie aanvoeling hiervoor hê. Volgens Van Tiene & Zwanikken (1969:85) moet volwassenheid en geduld, van beide die brugpredikant en die vakante gemeente, die deurslag gee.

Van Niekerk (1992:26) stel dat die oorgang van ontvriesing en motivering na 'n missionale visie is die begin van 'n strategiese plan is, wat ontwikkel en in plek gestel word. Hierdie visie

bevat die gemeente se bestaansdoel en beskryf die gemeente se roeping. Dit is 'n eerlike poging om te beskryf hoe die gemeente deel is van God se plan met die gemeente.

Van Niekerk (1992:29-30) se vereistes vir 'n missionale visie:

- It should define what the congregation is or does, what it strives for and how it goes about doing what it must do.
- It should maintain a balance between what is general and what is specific. It does not have to include all the congregation does, but should be broad enough to encompass the main priorities of its existence.
- A mission is not static. It grows and develops in the course of time, both with changes in its situation and society (context), as well as with the growth of the congregation's self-understanding in the mission of God.
- It should encompass both the objective of the church as a whole, as well as that of the congregation. Whilst the former tends to be general in nature, it is the latter that distinguishes the congregation from other congregations.
- It is a formal document that defines what the congregation is and how it envisions itself in the future.

Dit blyk dat hierdie lens deur motivering, ontvriësing en missieformulering 'n groot bydrae kan lewer in die proses om die gemeente weer hulle missionale identiteit te laat herontdek.

3.2.2.3 Gemeente-analise

Dit is belangrik dat die brugpredikant vir die vakante gemeente daarop sal wys dat die eerste fase (ontvriësing, motivering en missiestelling) nou gehanteer is. Indien die proses van analisering nie amptelik en doelmatig hanteer word nie, veroorsaak dit verwarring onder die gemeente se leiers en gemeentelede, wat selfs kan eskaleer tot weerstand teen die proses van brugbediening. Lissenburg (1975:77; 1978:26) stel dat dit 'n waagstuk is om een van die fases af te water en Nel (2015:255) ondersteun die opmerkings, maar wys daarop dat die verskillende fases mekaar soms oorvleuel en selfs herhaaldelik in mekaar voorkom.

In hierdie fase is die gemeente op soek na die gemeente se missionale roeping. Deur die gemeente-analise leer die gemeente hoe hy tans as 'n missionale gemeente funksioneer, hoe hy as missionale gemeente behoort te funksioneer en watter stappe die gemeente in plek gaan plaas ten einde 'n missionale gemeente te wees. Nel (2015:256) lig dit as volg toe: "It is looking in the mirror – not merely to see who the congregation is and where it exists, but to

see how the congregation is doing. It answers the empirical *who are we* and *how are we doing*.”

Die huidige situasie word teen die ideale situasie, soos beskryf in die Woord van God, gemeet. Nel (1994: 153) onderstreep dat slegs die gemeente homself, so eerlik en objektief moontlik, in die lig van sy wese en doel kan evalueer.

Die gemeente-analise bestaan uit drie komponente: (i) gemeenteprofiel (ii) situasie- en omgewingsdiagnose en (iii) gemeentediagnose en gemeente-evaluering.

- (i) Die doel van die gemeenteprofielfase is om 'n prentjie van die plaaslike gemeente te vorm: 'n Prentjie wat deurlopend geïnterpreteer moet word. Dit behels navorsing na die empiriese identiteit van die gemeente met die doel om 'n databasis op te bou. Brugpredikante het dikwels gevind dat gemeentes se databasisse nie bestaan nie en dan moet hierdie databasis nagevors en opgeteken word. In ander gevalle bestaan die databasis, maar dit kort ernstige instandhouding.
- (ii) Volgens Nel (2015: 258-259) moet ten minste die volgende belangrike vrae gevra en beantwoord word:

- Who lives here?
- How old are they?
- What is the ratio men/women?
- What is the age-group profile?
- What are the educational qualifications?
- What income groups are represented here?
- How long have the members resided here?
- What is the length of residence?
- What is the marital status and size of families?
- Detail of the children, adolescents and young adult, male/female?
- How do these particulars compare to those of the community?

Volgens Nel (1994:164) is daar belangrike faktore wat aan die orde moet kom in die situasie en omgewingsdiagnose: (i) sosiologiese (ii) demografiese (iii) ekonomiese (iv) politieke en (v) godsdienste.

... much social research emphasized the overwhelming influence of community factors on congregational life. From this perspective, the congregation's contexts

determines who they have been, what they currently are, and what their future holds. Many researches see community demographics (population change, age profiles, types of families, and economic needs) as powerful determinants of a congregation's effectiveness and numerical growth (Wooler & Bruce, 2008:1-3).

'n Missionale gemeente kan nie die belangrikheid van die konteks waarin die gemeente hom bevind, geringskat nie (Branson, 2007:97). Moltmann (1977:116-132; 158), Bosch (1991:385) en Osmer (2012:50-51), beskryf hierdie proses met die term missionale ekklesiologie. Die plaaslike gemeente bestaan tegelyk in en vir die plaaslike gemeenskap. Dit bring die gemeente nader aan die verstaan van hulle missionale roeping.

- (iii) Die derde en laaste komponent van gemeente-analise is gemeentediagnose en gemeente-evaluering. Dit vloei uit die gemeente se besef dat hulle nie bewus is van, of beplan rondom hulle missionale roeping nie. Nel (2015: 268-270) wys daarop dat die blote kennis van geskiedenis en gebeure in die verlede van die gemeente, nie beteken die gemeente het dit geïnterpreteer en geëvalueer nie. Die diagnose in die gemeente se realiteit moet die gemeente transformeer en uitstuur om getrou te wees aan hulle missionale roeping.

In die geval van 'n vakante gemeente met 'n brugpredikant is dit belangrik dat die motivering vir analise by die brugpredikant self begin. Wanneer die motivering en oortuiging vir 'n proses van analise hier begin, sal dit oorspoel na die gemeente. Die brugpredikant se deursigtige en eerlike verhouding met die gemeente is van onskatbare waarde. Nel (2015:271) sê dit verg deeglike motivering om die gemeente tot selfevaluering te begelei. Die rol van die brugpredikant lê sterk in die vermoë om die gemeente te kan motiveer om selfevaluering te ondergaan. Slegs die gemeente kan hulself sinvol evalueer vanuit 'n eerlike en opregte proses om die bediening en diens weer aan die gemeente toe te vertrou. Callahan (1983:xxii; 2010:150) stel dat "Perception yields Behavior yields Destiny."

Harris (1981: 24-25) se navorsing lei tot die opstel van agt redes waarom 'n gemeente-analise dringend nodig is. Volgens hom kan een of meer van hierdie redes die gemeente motiveer om deel te neem aan 'n eerlike proses van gemeente-analise. Die brugpredikant sal vind dat die proses daartoe kan lei dat die gemeente hulle doel herontdek en dit kan hulle weer as gemeenskap van gelowiges nader aan mekaar bring.

- Insufficient income;

- A need for better communication: leaders with members;
- A change in leadership: the pastor leaves or resigns;
- Change in the community: change in racial numbers, more mobility, etc;
- Internal tension about liturgical changes and social questions;
- Awareness of a decline, or feeling of failure;
- Inability to draw and keep new members;
- Serious estrangement between the pastor and members (Harris, 1981:24).

Die brugpredikant fasiliteer die vakante gemeente om te verstaan wat die gemeente-analise beteken. Volgens Schippers (1982: 219) sluit 'n diagnose van die volgende in: (i) sterk punte (ii) swak punte en (iii) probleemareas van die verskillende bedienings en dienste van die plaaslike gemeente. Hier word gedink en gepraat oor die realiteite waarbinne die gemeente sy bediening en diens moet voortsit. Dit is nie net praat nie, maar nadink met die doel om te beplan en tot aksie oor te gaan. "When identity is understood, identity wants to be lived!" (Nel, 2015:272).

Die brugpredikant en gemeente moet navorsing doen oor die verskillende analyses wat daar bestaan. Elkeen van hierdie analyses het 'n fokusarea wat 'n bydrae kan lewer. Met die behoeftes en oorsigtelike analise in gedagte word besluit op een of meer vorme van gemeente-analise. Die doel van hierdie analise is om die gemeente te stuur op die pad van missionale kerkwees.

3.2.2.4 Doelgerigte aksie

Volgens Nel (2015:305-306) is daar verskeie komponente;

- Gemeentelike strategiese beplanning
- Implimentering van die strategiese plan
- Evaluasie, stabilisering en herhaling.

Knudsen (1979:29) se navorsing dui daarop dat die meeste gemeentes nie beplanning doen ten opsigte van hulle bediening en diens nie. Trouens, die meeste gemeentes hou maar net wat hulle ken, in stand. Die gebeure van die vorige jaar word maar net oorgeskryf op die nuwe kalender met nuwe datums. Volgens hom is dit hartseer dat gemeentes die gebrek aan doelgerigte aksie teologies probeer regverdig. Hierdie gemeentes sou aanvoer dat dit God se kerk is en dat Hyself sy kerk in stand hou deur die werking van die Heilige Gees. Natuurlik is die plaaslike missionale gemeente God se kerk en werk Hy deur sy Gees. Dit is deur die Gees

wat die gemeente tot verantwoordelikheid geroep word: die verantwoordelikheid om doelgerig te beplan vir diens en bediening in en deur die gemeente. "The congregation who grows in understanding its identity and raison d'être undertakes its journey in a humble, searching but planned way in order to reach God's purpose as well as to do so in a manner faithful and true to its identity" (Nel, 2015:306).

3.2.2.5 Gemeentelike strategiese beplanning

Die gemeente se strategiese beplanning het ten doel om hulle te help om sterkpunte nog sterker uit te bou, om swakpunte as uitdagings te sien waaraan hulle kan werk en om te kyk hoe die behoeftes en die gemeente en gemeenskap op 'n spesifieke tyd aangespreek kan word. Hierdie is die gemeente se verantwoordelikheid. Op hierdie manier word strategiese beplanning deel van God se plan vir die gemeente met ander woorde die strategiese beplanning word die missio Dei. Strategiese beplanning is altyd konteksgebonde. Dit is die beplanning van 'n spesifieke gemeente, in 'n spesifieke gemeenskap op 'n spesifieke tyd in die geskiedenis. Nel (2015:309) stel dat: "Congregations and the greater communities they serve are far too diverse and complex for one-size-fits-all mode of redevelopment."

Wanneer akademici die begrip strategiese beplanning beskryf, is daar verskille, oorvleuelings en ooreenkomste. Vir die doel van hierdie studie verwys die navorser na 'n paar akademici se beskrywings:

- Good planning is therefore understood as being urgent, desirable, and essential for the congregation to attain objectives in an orderly way (Nel, 2015:306).
- Beplanning is die manier om van een plek na 'n volgende plek in die gemeente se bestaan te beweeg. Dit motiveer die gemeente om te reformeer (Roxburgh & Boren, 2009:133-146).
- Beplanning is die totale proses wat die volgende insluit: analisering, afwagting, ontwerp, aksie en evaluering (Van Doorn & Van Vught, 1978:3).
- Beplanning is 'n proses van onderskeiding, waar die volgende teenwoordig is: navorsing, plan, organiseer, lei, koördineer en monitor (Olivier, 1985:2; Van Niekerk, 1992:27; Crous & Nortje, 1992:218-230).
- Beplanning is die opstelling van doelwitte en doelstellings. Hierby 'n plan van aksie wat die opsteller by die realisering van doelwitte en doelstellings bring (Brümmer, 1981:11-13; Van der Merwe, 1984:26).

To identify the strong points of the congregation is to acknowledge that God has already given much to his congregation and does considerable work through them. There, is, according to Callahan, a selfish element in the idea that one should start with people's needs. Often the congregation is seduced into focusing on their problems and needs, rather than on what God wants. Of course, the will of God and the needs and the problems of the members do not oppose one another, yet the above-mentioned emphasis is necessary and the point is valid (Nel, 2015:308).

Stoppels (2009:126-177) stel voor dat die volgende belangrik is vir suksesvolle strategiese beplanning:

- 'n Gemeente-analise.
- Identifisering van die gemeente se sterk en swak punte.
- Opstelling van 'n missie – die gemeente se verstaan van missionale kerkwees.
- Opstel van doelwitte wat lei tot missionale kerkwees.
- Opstel van 'n strategie om doelwitte te laat realiseer – doelstellings.
- Opstel van 'n strategiese skedule.

Nel (2015:324-325) beklemtoon die belangrikheid van 'n gemeente wat deelneem aan die strategiese beplanning. Hulle moet fisiek deel wees van die gemeentelike-analise en beplanning vir die toekoms. Ongeveer 20% van lidmate wat die eredienste bywoon moet betrek word. Hierna kan die resultate vir verwerking na 'n kerngroep gaan, wat doelwitte en doelstellings vir die kerkraad en gemeentevergadering voorberei. Soms is dit nodig om nuwe strukture te skep, maar die gemeente se bestaande en bekende strukture moet deel gemaak word van die proses.

Kerngesonde leierskap is vir hierdie proses van kardinale belang. Louw (1985:38) verwys daarna dat gemeentes wat nie deel is van 'n strategiese beplanning en die uitvoering daarvan nie, sal in hulle bediening en diens ongehoorsaam aan die roeping van God wees. Alhoewel nie die enigste lens nie, is strategiese beplanning belangrik in die herontdekking van die vakante gemeente se missionale roeping.

3.2.2.6 Implimentering van die strategiese plan

Die doel van hierdie fase is die implementering van 'n strategiese plan wat die vakante gemeente kan lei tot 'n missionale gemeente. Dikwels kom gemeentes se strategiese planne nooit van die grond af nie, omdat hulle eenvoudig nie aandag en energie spandeer om die

plan uit te voer nie. Volgens Brümmer (1981:22) en Van Niekerk (1992:27) gebeur dit wanneer die beplanning nie aan verantwoordelike persone toevertrou word nie. Toegegee, die kerk het nie 'n hiërargiese struktuur soos in die korporatiewe wêreld nie. In die oë van God is almal gelyk, maar tog het verskillende lidmate verskillende verantwoordelikhede. Die gemeente is 'n lewende organisme onder die werking van die Heilige Gees. Die implementeerders van 'n strategiese plan is mense wat hulself geroepe voel om hierdie bediening en diens van God in beweging te bring. Gesonde verhoudings tussen spanlede en gemeentelide is uiters noodsaaklik vir suksesvolle implementering van die strategiese plan van die gemeente.

Tydens die implementeringsfase is dit belangrik om die volgende vrae te vra (Ten Have, 1973:119):

- Watter moontlike oplossings is beskikbaar?
- Watter metodes is die beste geskik vir die spesifieke konteks?
- Watter aksiestappe behoort ons te volg?
- Watter hulpbronne (ook menslike hulpbronne) is beskikbaar?
- Watter aksieplan is die meeste versoenbaar met die missionale roeping van die kerk?

Met die implementering van die strategiese plan, met die oog op 'n missionale gemeente, is dit volgens Richards en Hoeldtke (1982:219-234; 283-352) noodsaaklik om aan die volgende sake aandag te gee:

- Die opleiding en begeleiding van leiers.
- Skep en onderhou gesonde verhoudings tussen die leiers onderling.
- Skep en onderhou gesonde verhoudings tussen die leiers en lidmate wat by die proses betrokke is.

Volgens Nel (2015:338) verwag die gemeente nie hulle verlossing as gevolg van die implementering van 'n suksesvolle strategiese plan nie. Veel eerder raak hulle deel van die gemeente se implementering van 'n strategiese plan, omdat hulle glo God het hulle daartoe geroep.

Weereens wys Van Gelder (2007b:166-182 en 2000:17-25, 116-118) daarop dat die implementering van 'n strategiese plan primêr die werk van die Heilige Gees is. Daar moet dus in die hele proses hieraan aandag gegee word. Dit is belangrik om ruimte vir Geesgedrewe handeling toe te laat, asook te fokus op die werk van die Heilige Gees. God werk deur die Heilige Gees in die gemeente, met die gemeente en deur die gemeente.

3.2.2.7 Evaluasie, stabilisering en herhaling

Volgens Nel (2015:342-346) is evaluasie deel van die identiteit-gedrewe proses. Evaluasie gebeur deurlopend van die dag wat die gemeente met die formele proses begin. Dit is noodsaaklik om aan die einde van 'n tydperk formeel evaluasie te doen; minstens aan die einde van elke jaar. Dit is ook noodsaaklik dat die vakante gemeente by hierdie fase betrek sal word om sodoende die gemeente geleentheid te gee om waar daar doelwitte bereik is, fees te vier en waar doelwitte nie bereik is nie, aanpassings te maak. Die wêreld waarin die gemeente homself bevind is voortdurend aan die verander en konteks verander gedurig, daarom sal sommige fases herhaal word en dit noodsaak weer die herhaling van evaluasie.

Nel (2015:343) beskryf die doel van evaluasie soos volg: "To ascertain how effective the program of action is; to ascertain how attainable the objectives have been up to the point in the implementation phase, and whether they have been reached; to make the necessary adjustments to objectives and to the organization."

Die missionale gemeente is op pad om hulle missionale identiteit te verwesenlik; op pad moet hulle gereeld stilstaan en evalueer. Dit sal hulle help om te bepaal of doelwitte bereik is of nie. Dit word stabilisasie genoem. Dit is belangrik om dié deel van die fase nie te verwar met stagnering nie. Dit is nie 'n doodloopstraat of stopstraat nie, dit is 'n toegeeteken. Wanneer die gemeente vir 'n oomblik tot stilstand kom, sink die proses in en word dit werklik deel van die gemeente se kerkwees-DNS.

Dit is belangrik dat hierdie proses nooit ophou nie en dat die volledige proses telkens herhaal moet word. Herhaling is dus deel van die groter prentjie.

Nel (2015:346) som dit soos volg op:

Evaluation, stabilization, and repetition are as much part of the process of developing a missional local church as motivation and analysis and any of the other phases. They, like motivation, are spiritual work, and need to be approached as such. They are ministry at its best. Without them all the other wonderful work, for which the congregation has prayed and laboured, hangs in the air.

3.2.2.8 Samevatting van die identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling

Lens 2: Identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling is 'n komplekse proses. Nel (2015:203-346) het hierdie proses verfyn en uitgebou tot die identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkelingsproses.

Dit is 'n lang en uitgerekte proses wat begin en nooit eindig nie. 'n Proses wat nie gebruik kan word waar 'n gemeente slegs 'n kort termyn vir brugbediening toelaat nie. Die navorser sou voorstel dat hierdie Lens slegs gebruik word waar die maksimum tyd vir brugbediening toegelaat word, naamlik 18-24 maande.

3.2.3 Lens 3: Vyf fokusareas

3.2.3.1 Inleiding

In die middel-tagtiger jare het brugbediening in die VSA en Kanada, onder leiding van Mead en die Interim Ministry Network, gewerk aan 'n proses om vakante gemeentes deur hierdie kritieke en moeilike tyd van vakantskap te begelei. Alhoewel hierdie 'n moeilike fase in die bestaan van 'n gemeente is, glo Mead (1986:37) dit is 'n ideale tyd vir groei. Sy persoonlike studie van vakante gemeentes en hulle konteks het hom laat besef dat hierdie die ideale tyd in 'n gemeente se bestaan is om die gemeente te laat groei na 'n herontdekking van hulle missionale roeping.

Mead (1986:37-50) lys en bespreek dan die vyf ontwikkelingstake:

- (i) "The first task: Coming to terms with history (Mead, 1986:37-42)."
- (ii) The second task: Discovering a new Identity (Mead, 1986:42-45).
- (iii) The third task: Allowing needed leadership change (Mead, 1986:45-47).
- (iv) The fourth task: Renewing denominational linkages (Mead, 1986:47-49).
- (v) The fifth task: Commitment to new direction in ministry (Mead, 49-50).

Alhoewel Lens 3 'n streng liniêre proses is, het dit vir meer as dertig jaar gegroei as primêre Lens vir brugbediening in die VSA en Kanda. Gedurende 2014 aanvaar die Interim Ministry Network, in samewerking met The Center for Congregational Health, 'n veranderde Lens. Dit was veral die opkoms van die waarderende ondersoekmodel wat hulle gelei het tot die herontwerp van die vyf ontwikkelingstake. Wells (2018:1) stel dit so: "The Center for Congregational Health re-framed the traditional five tasks of interim ministry to the current context of the mainline church and stresses the focus points of healthy congregations. Using an appreciative inquiry model, the Transitional Minister focuses on assets versus deficiencies."

Keydel (2015:54) beskryf die skuif van "vyf ontwikkelingstake" na "vyf fokuspunte" soos volg: "The most recent of these shifts in the move from the original language of "five developmental tasks" to the perspective of focus points, adopted by the IMN board of directors in the spring

of 2012, following the lead set by their strategic partner, The Center for Congregational Health.”

Keydel (2015:54) noem veral twee redes vir die skuif: Eerstens het die fokus weg van die brugpredikant na die gemeente in transisie, geskuif. Dit gaan in die hele proses oor die gemeente. Die proses is ook in die eerste plek die gemeente se verantwoordelikheid. Die brugpredikant is bloot 'n fasiliteerder om met die proses behulpsaam te wees. Tweedens skuif die fokus weg van 'n liniêre proses, na 'n spiraal-proses. Die ontwikkelingstake het liniêr op mekaar gevolg, terwyl die fokuspunte in 'n spiraal-proses gehanteer word.

Bendroth (2018:84-85) onderstreep die gedagte dat hierdie fokuspunte nie liniêr van aard aangepak moet word nie. Trouens, volgens hom sal elke gemeente se eie unieke konteks bepaal hoe hierdie fokuspunte in 'n vakante gemeente vergestaltung vind. Nie al die fokuspunte sal in alle gemeentes presies dieselfde aandag en tyd benodig nie. Die kundige brugpredikant moet die gemeente daarom deur hierdie fokuspunte begelei.

Die vyf fokus areas, volgens Bendroth (2018:84-99) is:

- (i) Heritage
- (ii) Leadership
- (iii) Mission
- (iv) Connections
- (v) Future

3.2.3.2 Erfenis

Keydel (2015:55) stel ter inleiding: “Heritage begins with recognition and awareness, and moves to affirmation and embrace of the paths that have brought the congregation to the present.”

Nog 'n perspektief is die van Bendroth (2018:85) wanneer hy sê dié fase help die gemeente om uit te vind wanneer en hoekom het dit met hulle goed gegaan en wanneer en hoekom het dit met hulle sleg gegaan.

Keydel (2015:54-56) beklemtoon die krag van stories as integrale deel van hierdie fase. Die brugpredikant skep 'n veilige plek waar die gemeentelêde hulle en die gemeente se stories kan vertel. Volgens hom is die storie-muur 'n belangrike gereedskapstuk, maar so ook die opteken van stories of bloot die aanhoor en oorvertel van stories. Die doel van storie vertelling

is om die gemeente te begelei om die verlede te onthou op 'n manier waar dit sinvol vir die toekoms raak. Hierdie stories vertel nie net 'n klomp historiese feite oor nie, dit help die gemeente met identiteit, betekenis en selfwaarde.

Die pastorale funksie van storie vertelling darf nie onderskat word nie, aldus Keydel (2015:55). Dit is 'n helende ervaring om te weet my storie word gehoor en mense probeer begrip daarvoor toon. Dit veroorsaak 'n gevoel van behoort. Dit bring eenheid in 'n gemeente wat dalk, as gevolg van die redes vir die vakature, verdeel was.

Die gemeentelêde se stories en die stories van die gemeente beklemtoon die gemeente se waardesisteem: belangrike simbole kom na die oppervlak en waardevolle gewoontes en gebruike word herontdek. Dit help werklik om die fokus te verskuif, weg van die verlede na 'n nuwe toekoms. Bendroth (2018:85) stel dit so: "Issues of identity include the core values, bedrock beliefs, local history, denominational and theological heritage, and local and world events."

Volgens Bendroth (2018:15) is die gemeente se waardesisteem belangriker as 'n missie of visie. Hierdie waardes definieer die gemeente se verhouding met God, hulself en die gemeenskap.

Volgens Dudley en Johnson se boek, *Energizing the Congregation*, soos aangehaal deur Bendroth (2018:86-87), het die omstandighede waaronder 'n gemeente ontstaan het 'n impak op hulle roeping. Hierdie roeping vorm die gemeente se bediening en diens.

Churches, like individuals, have personalities and a self-image, a way of perceiving and understanding themselves (Bendroth, 2018:86-87).

- *Survivor Churches* move from crisis yet still survive.
- *Prophet Churches* are what we usually describe as social action churches.
- *Pillar Churches* sense a unique responsibility to a geographical community, whether to a neighborhood or an entire town.
- *Pilgrim Churches* are rooted in a people and a tradition.
- *Servant Churches* focus on the needs of individuals in quiet, modest ways.

3.2.3.3 Leierskap

Keydel (2015:58) verduidelik waarom daar vanaf die ontwikkelingstake se "ontwikkeling van nuwe leierskap", beweeg is na die fokusareas se "leierskap". Die bedoeling hier is om die

nuwe visie op leierskap volledig te akkommodeer. Dit is nie net 'n groter en dieper verstaan van leierskap wat nodig is nie, maar ook 'n verstaan dat leierskap in gemeentes meer gedeel en uitgebou sal word. Dit is dus belangrik om leierskap-identifisering en leierskap-ontwikkeling te doen.

Dit gaan in wese hier oor die ontwikkeling van meer effektiewe leierskap. Leierskap wat die gemeente se missionale-identiteit verstaan en met hulle bepaalde gawes en talente kan help uitbou. Bendroth (2018:87) stel dat 'n vakante gemeente gepaard gaan met verandering van die leierskap in die standplaas: 'n dominee gaan weg en 'n nuwe dominee word beroep. Navorsing bevestig dat daar in hierdie vakature van die gemeente, dikwels 'n spontane verandering van leierskap plaasvind. Dit bied inderdaad 'n geleentheid om nuwe leierskap te identifiseer, toe te rus en uit te stuur.

Dit is belangrik dat die deelname en suksesse van leiers in die verlede herken, erken en gevier moet word. Alhoewel leiers in die verlede se styl verskil het van dié van vandag, moet in gedagte gehou word dat die konteks van die verlede, hede en toekoms telkens verskil en daarom vra die konteks van die gemeente vir verskillende leierskapstyle. Leiers van die verlede wat ervaar dat hulle herken en erken word, sal makliker terugstaan vir nuwe leierskap en meer geneig daartoe wees om in die toekoms met nuwe leiers saam te werk.

In aansluiting by die navorsing oor leierskap, soos in hoofstuk twee vervat, noem Callahan (soos aangehaal deur Bendroth, 2018:88) karaktereienskappe van effektiewe leierskap wat deur die missionale kerk in die hede en die toekoms benodig word:

- Leierskap-bevoegdheid wat ooreenstem met die spesifieke roeping.
- Algemene-bevoegdheid wat ooreenstem met die spesifieke roeping.
- Passie vir verhoudingsbou.
- Toewyding aan 'n spesifieke leierskapposisie.
- Toewyding aan die gemeente.
- Toewyding aan die kerk en gemeente se missionale roeping.
- Die vermoë om tydens goeie tye gesond te funksioneer.
- Die vermoë om in uitdagende tye gesond te funksioneer.
- Gesonde reputasie en funksionering in vorige groepe.
- Sterk persoonlike karakter met integriteit en goeie selfbeeld.

Hierdie lens (leierskap) help die brugpredikant en die gemeente om te besin oor doeltreffende leierskap. 'n Gebrek aan doeltreffende leierskap verhinder die vakante gemeente om hulle

missionale roeping te herontdek. Doeltreffende leierskap bring die vakante gemeente noodwendig by 'n duideliker verstaan van hulle missionale roeping. Gebrekkige leierskap laat gemeentes stagneer, vasval en blind vir die missionale roeping. Die brugpredikant en vakante gemeente toets hulle leierskap aan genoemde karaktereenskappe.

Bendroth (2015:89-91) se elf areas ten opsigte van leierskap is nog 'n bruikbare meetinstrument, wat die brugpredikant en vakante gemeente met leierskapsontwikkeling ondersteun.

- (i) Shifts of power.
- (ii) Review of position description.
- (iii) Policies and procedure review.
- (iv) Worshipful work.
- (v) Evaluation.
- (vi) Conflicts of interests in your bylaws or other documents.
- (vii) Personnel manual.
- (viii) Staff and committee members skill sets.
- (ix) Nominating committee process.
- (x) Leadership development training.
- (xi) Boundaries.

3.2.3.4 Missie

In hierdie fase wil die gemeente drie vrae beantwoord: Wie is ons? Waarheen is ons op pad? en Wie en wat is ons geroep om te wees? (Keydel, 2015:56). Die gemeente word begelei om hulle waardes en prosesse op die geroepe toekoms te rig. Sommige gemeentes sal 'n volledige nuwe koers moet inslaan en ander gemeentes sal bloot aanpassings aan hulle verstaan van die missio Dei moet maak.

Dit is 'n fase waar die gemeente eerlik leer verstaan wat hulle missionale roeping is. Dit is 'n proses wat gebed nodig het, onderskeidingsvermoë, die vermoë om intens te luister na die stem van God en die vermoë om intens te luister na die stem van ander gemeentelidmate en gemeentelidmate.

Dit is in hierdie fase waar die gemeente hulle waardes neerpen, 'n missie- en visie- verklaring formuleer en doelwitte opstel (Keydel, 2015:56). Dit is ook die fase waar 'n gemeente se bedieningsplan ontwikkel en neergepen word (Bendroth, 2018:91). Die brugpredikant fasiliteer hierdie fase deur self intens te luister. Alle vorme van bediening en diens in en deur die

gemeente word ingespan om die gemeente se missionale identiteit te kommunikeer. Die gemeente ontwikkel 'n definitiewe gevoel van rigting en 'n gevoel van selfwaarde.

Bendroth (2018:93-94) som die proses soos volg op: "It is helpful to understand that mission functions at three distinct levels: the macro, micro, and method level." Op die makro vlak is dit die Bybelse roeping van die kerk (Matteus 22:26-40 en Matteus 28:16-20).

Op die tweede vlak, die mikro vlak, gaan dit oor die spesifieke gemeente. Waartoe is hierdie gemeente geroep? En hoe behoort hulle kerkwees te visualiseer? Dit gaan oor hierdie vakante gemeente se missionale roeping en missionale identiteit.

Op die derde vlak gaan dit oor die Hoe? vraag: die spesifieke gemeente se waardes, missie en visie. Dit is gemeente-gerig en gemeente-spesifiek. Dit sluit die spesifieke gemeente se bedieningsplan in.

3.2.3.5 Netwerke

Dit gaan oor al die netwerke en verhoudings waarby die gemeente betrokke is (en in die verlede was), dit is die missionale roeping van die gemeente, want dit praat oor netwerke buiten die wat na binne gerig is. Aanvanklik, met die ontwikkelingstake was die fokus van hierdie fase bloot netwerke buite die gemeente, maar binne die denominasie: In die Suid-Afrikaanse konteks die Ring en die Sinode. Volgens Keydel (2015:57) het daar met die ontwikkelingstake 'n skuif gekom – nou sluit dit alle netwerke na buite in: ekumenies, ander geloofsgroepe, die totale gemeenskap, barmhartigheidsprojekte en die sosiale media. Keydel (2015:57) stel dit so: "Consideration of this focus point provides a wonderful opportunity for a congregation to update its technology and communications processes, to build or refine web pages, and to explore various other social media and networking options."

3.2.3.6 Toekomsvisie

Keydel (2015:59-60) sê met jare en jare se navorsing en ontwikkeling in hoe daar oor brugbediening gedink word, is ontdek dat nie alle gemeentes in transisie 'n totaal nuwe rigting hoef in te slaan nie. Dit gaan nie net oor vrede maak met die verlede nie, maar 'n visie vir waarheen God die gemeente roep. Selfs al was daar trauma, konflik en was die gemeente dalk vasgeloop, ontdek brugpredikante dat gemeentes soms net 'n klein koersaanpassing nodig het. Dit gaan dus nie oor verandering *per se* nie, maar oor 'n eerlike en deursigtige proses om weer by die gemeente se missionale roeping uit te kom. Hierdie proses vereis passie: eerlikheid, volwassenheid en tyd. Dit is ook belangrik om daarop te let dat 'n

brugpredikant en vakante gemeente nie die toekoms tegemoet gaan met 'n vooropgestelde uitkoms in gedagte nie. Hierdie proses bly die werk van die gemeente; dit is hulle missionale roeping.

Die beroepsproses is 'n belangrike deel van hierdie ontwikkelingstaak. Bendroth (2018:96) wys daarop dat die gemeente hierin begelei moet word. Alle sake rondom die nuwe standplaas moet hier gefinaliseer word en daar moet ooreengekom word oor 'n beroepsproses. Soms is die brugpredikant betrokke tot en met die ontvangs van die nuwe predikant en soms nie. Die konteks en omstandighede speel hierin 'n rol.

3.2.3.7 Samevatting van die vyf fokusareas

Lens 3: die vyf fokusareas is 'n weldeurdragte proses wat oor baie jare en deur baie ervaring in die VSA en Kanda geformuleer is. Onder leiding van die Interim Ministry Network is hierdie proses begin en uitgebou totdat dit saam met die Center for Congregational Health verfyn is. Lens 3 word gebruik vir die opleiding van brugpredikante by die Interim Ministry Network.

Dit is 'n maklike proses wat 'n bietjie tyd nodig het. Die navorser sal voorstel dat hierdie proses aangewend word in vakante gemeentes waar die brugpredikant vir ses tot twaalf maande werksaam sal wees.

3.3 Samevatting van die interpreterende literatuurstudie

In hierdie hoofstuk is gefokus op die interpretatiewe taak, wat ten doel het om die vraag "Waarom gebeur dit?" te beantwoord. Om by die antwoord op die vraag uit te kom, het die navorser gefokus op die drie lense wat afsonderlik vir brugopleiding wêreldwyd gebruik word. Opgeleide brugpredikante gebruik net die een spesifieke lens waarmee hy/sy opgelei is. 'n Literatuurstudie het die drie lense afsonderlik beskryf. Die studie wil in hoofstuk vyf aantoon dat 'n holistiese gebruik (oormekaar en deurmekaar gebruik van al die lense) die brugpredikant eerder instaat sal stel om die vakante gemeente te begelei tot 'n herontdekking van hul missionale roeping.

Tussen hoofstuk drie en vyf word gefokus op die normatiewe vraag "wat behoort te gebeur?" Hiervoor gaan die navorser na die Skrif om eksegetiese van sekere tekste te doen.

HOOFSTUK VIER

WAT BEHOORT TE GEBEUR?

(NORMATIEWE STUDIE)

MISSIONALE FOKUS

4.1 Inleiding

Die hipotese is dat die snelveranderende konteks die kerk van 'n missionale fokus ontnem het en dat suksesvolle brugbediening die gemeente kan ondersteun om sy missionale roeping te herontdek. Hoofstuk een het hierdie realiteit uitgewys, deur sterk klem te lê op die snelveranderende konteks van die kerk. Die holistiese benadering tot brugbediening, waar met veelvoudige lense gewerk word, kan die vakante gemeente in 'n snelveranderende konteks help om weer missionaal te fokus en te funksioneer. Hoofstuk twee het gekyk na brugbediening se ontstaansgeskiedenis in die VSA en Suid-Afrika. Alhoewel hierdie twee stukke geskiedenis ongeveer dertig jaar uitmekaar gebeur het en boonop op twee verskillende kontinente, is daar merkbare ooreenkomste wat help om brugbediening as 'n spesialis bediening te ontwikkel. Dit is duidelik dat brugbediening sy ontstaan te danke gehad het aan twee uitdagings wat die kerk getref het: (i) dalende lidmaatgetalle en (ii) minder finansiële inkomste. Dit verg 'n nuwe soort leier wat as spesialis brugpredikant vakante gemeentes moet kan begelei. Hoofstuk drie het verwys na drie lense wat by drie opleidingsinstansies gebruik word. Die enkelvoudige aanwending van 'n enkel lens verhinder 'n duidelike missionale fokus, daarom is die navorser se voorstel 'n holistiese benadering waarin kennis van alle lense ingespan word. Hierdie benadering is nodig omdat alle vakante gemeentes se konteks verskil en dit 'n duidelik invloed op die proses en uitkoms het.

In hierdie hoofstuk val die fokus op Osmer (2008:4) se derde taak, genaamd die normatiewe taak, wat ten doel het om die vraag "Wat behoort te gebeur?" te beantwoord. Volgens Osmer (2008:4) is die doel van hierdie taak: "Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our responses, and learning from good practice"

Die derde navorsingsvraag: *Watter perspektiewe bied Skriftuurlike en teologiese perspektiewe op brugbediening?* is die normatiewe taak van die studie en soek aktief na God se wil (wat behoort te gebeur?) in die omstandighede, gebeure en besluite van 'n vakante gemeente. Om die normatief te ontgin stel Osmer (2008:Loc.1556-1586) drie interpretasielyne voor: (i) teologiese interpretasie, (ii) etiese refleksie en (iii) goeie praktyk. Hiermee word

voldoen aan die derde navorsingsdoelwit: *om vanuit die vakante gemeente se perspektief op hul missionale roeping vas te stel wat Skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir brugbediening bydra*. Hoofstuk vier bevat die teologiese interpretasie, met ander woorde die identifisering van teologiese konsepte en missionale merkers wat vir brugbediening belangrik is. Brugbediening het altyd 'n missionale fokus. Die etiese refleksie vind ons by die eksegetiese (4.2) en die Pauliniese perspektief (4.3). Die inhoud van 'n jaarvergadering (19-21 Januarie 2015) van die *International Consortium for Congregational Studies (ICCS)* verskaf die goeie praktyk interpretasielyn (4.4).

4.2 Teologiese interpretasie vir 'n missionale fokus

4.2.1 Eksegese

Die normatiewe taak van die studie sal fokus op verskeie tekste wat vir die brugbediening teologiese perspektiewe belig. Die brugpredikant behoort hierdie teologiese perspektiewe as missionale merkers te gebruik, met ander woorde deur die kundige gebruik van verskeie lense moet die gemeente vanuit die Skrif hierdie teologiese perspektiewe herontdek (duidelik sien).

Die tekste wat gebruik word:

- Matteus 28: 18-20 - Apostoliese opdrag
- Openbaring 2-3 - Die boodskap aan die sewe gemeentes van Klein-Asië
- Openbaring 10: 1-11 - Eet die boekrol

Die navorser sluit die eksegetiese af met Martin (2020) se navorsing wat gerig is op 'n Pauliniese perspektief ten opsigte van brugbediening. Hierdie insigte is uniek en nuut, dit het met die opstel van hierdie studie pas aan die lig gekom. Die rede waarom slegs een outeur aangehaal word. Martin het gedurende 2020 twee kort artikels daarvoor saam met die Interim Ministry Network se weeklikse nuusbrieff uitgestuur. Die titel van die artikels was: *Interim Ministry in a Pauline Perspective: Part One* (May15, 2020) en *Interim Ministry in a Pauline Perspective: Part Two* (May 29, 2020). Martin skryf dat die lees van Douglas Campbell se boek, *The deliverance of God: an apocalyptic re-reading of justification in Paul* hom geïnspireer het om verder navorsing te doen. Hierdie navorsing het die twee genoemde artikels geïnspireer, wat weer gelei het tot die skryf van 'n boek wat in 2021 gepubliseer sal word. Die voorlopige titel van Martin se boek is: *Paul Found His Letters*. Die navorser meen dit is vir ons verstaan van missionale roeping nodig om van hierdie werk kennis te neem. Verder is dit belangrik om te sien hoe 'n Pauliniese perspektief op brugbediening help om die vakante gemeente tot sy missionale roeping te begelei.

4.2.2 Wat is eksegeses?

Die Bybel is God se Woord wat oor duisende jare opgeteken is (Van Rensburg *et al.*, 2011:11). Hiervoor het Hy mense gebruik wat die teks eers in hulle eie konteks en taal ontvang het en later opgeteken het. Daarom moet hierdie tekste deur middel van eksegeses oopgebreek, geïnterpreteer, verkondig en toegepas word. Die Bybel is God se grootste gawe aan die mensdom, dus is die Bybel God se grootste gawe aan brugbediening. Dit is wanneer brugbediening, deur middel van eksegeses, tekste oopbreek dat hulle God se stem vir die brugbediening hoor. Wanneer brugbediening Bybeltekste bestudeer vra hulle na teologiese merkers om brugbediening werklik in diens van God se missio Dei te stel. Brugbediening moet verder ook die konteks van die vakante gemeente verdiskonteer.

Volgens Jordaan *et al.* (2011:228-233) is daar vier belangrike hermeneutiese vertrekpunte wat vir die eksegeet van die uiterste belang is. Hierdie hermeneutiese vertrekpunte is ook vir brugbediening se Skrifbeskouing van belang:

- *Die Bybel is die woord van God.* (Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), art. 3.) In die Bybel is God aan die woord. Ten diepste is die brugbediening daarop gerig om God se stem te hoor. Hiervoor is die leser afhanklik van die (ver-)lig(-ting) van die Heilige Gees.
- *Die Bybel is die Woord van God, deur mense geskryf.* Vir die brugbediening is dit van belang om rekening te hou met die feit dat God sy wil aan mense wou openbaar, deur mense en in menslike woorde (vgl. NGB, art. 3). Dit word God se organiese inspirasie genoem. Die organiese inspirasie impliseer egter dat die skrywers se eie persoonlikhede, agtergrond en ander omstandighede in berekening gebring moet word. Om binne die metafoer van hierdie navorsing God se wil duidelik te sien moet die lewensproblematiek van menslike outeurs en hulle lesers vir die brugbediening belangrik wees.
- *Die Bybel is die ewige en altyd-geldende Woord van God.* Dit was God se bedoeling om sy wil aan mense van alle tye, plekke en omstandighede te bring. Dit beteken die brugbediening sal in die eksegeses met die tydsgerigtheid van die Bybel rekening hou, maar ook met die skopus van die openbaring (vgl. Coetzee *et al.*, 1980:24-33). Dit beteken die Bybel is tydsgerig maar nie tydsgebonden nie. God praat met die eerste hoorders binne hulle eie tydsomstandighede, maar dit kan ook deurgetrek word na die konteks van die eietydse leser (vgl. Jordaan *et al.*, 2011:231).

- *Die Heilige Gees is die eintlike eksegeet.* Die brugbediening neem kennis dat die getuigenis van die Heilige Gees ten nouste verbind is tot, en verweef is met, die inhoud van die Bybel (Joh 14:26; 16:12-15; 1 Kor 2:10-14). Dit beteken ook dat verskillende Bybelboeke nie in isolasie van mekaar gelees moet word nie. Volgens Jordaan *et al.* (2001:232) moet daar onderskei word tussen wat in die Bybel staan en die eksegeet se verklaring. Hierdie belydenis maak die eksegeet nederig en daarom moet die volgende deel vorm van die eksegeseproses: (i) eie voorveronderstellings moet duidelik en logies gestel word, (ii) eksegeese staan binne 'n bepaalde teologiese tradisie, en (iii) die eksegeet se eie persoon, tyd en problematiek werk in op die eksegeese.

In sy eksegeese wil die navorser van nog 'n hermeneutiese vertrekpunt beweeg: *Kultuurhistoriese konteks*. Uit hierdie konteks kan die eksegeet goeie afleidings maak wat 'n gegewe teks se betekenis kan help verhelder. Volgens Jordaan *et al.* (2011:247-248) word die Bybel in sy kultuurhistoriese inkleding verstaanbaar vir vandag se konteks gemaak. Die brugbediening lees die Bybel in sy kultuurhistoriese konteks, dit verhelder die normatiewe wat by die vakante gemeente se huidige konteks ingelees word.

Die oorsprong van missionale bediening vind ons in die Bybel, die Skriftuurlike perspektief. 'n Gemeente se missionale karakter is in die DNS van God se missionale roeping. God roep mense om sy koninkryk in die wêreld te vestig. God roep mense om na al die nasies toe te gaan en mense sy dissipels te maak. Dit is duidelik in die Apostoliese Opdrag soos opgeteken in Matteus 28 en ander belangrike missionale tekste soos die briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië (Op 2-3) en die missionale opdrag van Openbaring 10.

4.2.3 Matteus 28: 18-20 - Apostoliese opdrag

Matteus 28: 18-20:

¹⁸ *Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. ¹⁹ Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en ²⁰ leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” (Bybel, 1983).*

Die kultuurhistoriese agtergrond is die afsluitingswoorde van Jesus in die evangelie volgens Matteus. 'n Sterk trinitariese teenwoordigheid van God die Vader, Jesus Christus die Seun en die Heilige Gees is 'n bewys dat God in sy volle Triniteit werksaam is by die missionale kerk.

Brugbediening is in sy wese ook 'n Trinitariese bediening. Jesus-woorde word voorafgegaan deur die opstanding van Jesus en daarmee die oorwinning oor die dood. Die vakante gemeente word missionale kerk omdat God die opdrag gegee het (vgl. Johnson, 1990:620-625).

Volgens Johnson (1990:620) gee hierdie teks vir die kerk 'n visie. God stuur die kerk na die wêreld toe om die boodskap van verlossing aan alle mense te verkondig. Guder (2017:59) sê die Apostoliese opdrag van Matteus 28 beklemtoon die missionale karakter waar mense nie as individue geroep word om deel te word van die gemeente nie, maar om deel te word van 'n geloofsgemeenskap wat uitgaan en getuig in Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die uithoeke van die aarde, sodat nuwe bekeerlinge deel word van die koninkryk van God.

Dié teologiese perspektief, waar mense geroep word om dissipels te gaan maak is deel van die DNS van 'n missionale gemeente. Brugbediening moet die verskeie lense kundig aanwend, sodat die vakante gemeente hierdie teologiese perspektief kan herontdek. Die vakante gemeente moet ontdek dat dit God se plan is om na al die nasies te gaan (na buite) en mense sy dissipels te maak. 'n Gemeente wat na binne gerig lewe se missio Dei is verdof en brugbediening wil help om die gesigskerpte daarvoor te verbeter tot op die punt waar die vakante gemeente hulle roeping na buite duidelik sien.

4.2.4 Openbaring 2-3 - Die boodskap aan die sewe gemeentes van Klein-Asië

Die boek Openbaring kan nooit losgemaak word van die historiese konteks waarin dit geskryf is nie (Durand, 2007:55). Johannes ontvang op die eiland Patmos 'n openbaring van God met die opdrag om dit aan sy dienaars oor te dra. Hierdie dienaars woon in ongeveer 95-96 nC in Klein-Asië. Johannes is 'n godsdienstige gevangene op Patmos wat geweier het om op te hou verkondig dat Jesus die Here is. Die gelowiges van daardie tyd het juis 'n slagspreuk gehad: *Christus is die Here!* Daarmee het hulle bedoel die keiser is nie die Here nie. Hiervoor is Johannes en ander gelowiges gevang, gemartel en selfs doodgemaak. Die slagspreuk kan vandag vergelyk word met 'n visie of missie. Hiermee word die vakante gemeente se bediening en diens gefokus op die missio Dei.

Volgens Botha (2018) was hierdie uiters moeilike tye vir die dienaars van God. Veral twee Romeinse keisers het dit baie moeilik vir hulle gemaak: Daar was eerstens Nero (54-68 nC.) asook Domitianus (81-95 nC.). Die boek Openbaring speel af in die tyd van Domitianus, 'n wrede, magsugtige, eersugtige, skelm heidense keiser. Durand (2007:81) wys op die moeilike kinderjare van Titus Flavius Domitianus: Sy ma is op 'n baie jong ouderdom oorlede en sy pa

was altyd weg op die een of ander militêre veldtog. Hy was 'n heerser wat geglo het hy is self God en van sy onderdane in Klein-Asië verwag het om hom in tempels te aanbid. Hierdie tempels was regoor Klein-Asië versprei. In hierdie gebied was daar sewe gemeentes van God: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea.

Die kultuur-historiese agtergrond van die gemeentes is belangrik vir die verstaan van die sewe gemeentes in Klein-Asië se konteks. Dit is bepalend vir hulle verstaan van kerkwees in 'n spesifieke konteks. Die eksegetiese fokus laat die brugpredikant met 'n fokus op die vakante gemeente se kultuur-historiese agtergrond wat die vakante gemeente help om die konteks te verstaan waarin hulle nou gemeente van God is.

Wanneer die eksegeet met die sewe gemeentes van Openbaring 2-3 werk, maak hy 'n analise van die gemeentes. Elke gemeente se sterkpunte word ontleed en elke gemeente se swakpunte word uitgewys. Daarna word 'n plan vir die pad vorentoe gegee. Die gemeente word ook elke keer daarop gewys dat God 'n pad met die gemeente wil loop en dat dit God se wil is dat hulle daarby inval. Brugbediening gebruik sy lense om op die een of ander manier 'n analise van die vakante gemeente te maak. Deur middel van die lense word 'n unieke multifokale lens ontwikkel waarmee die vakante gemeente sy missionale roeping herontdek en dit loop uit op 'n bedieningsplan vir die pad vorentoe.

Johannes skryf in opdrag van God aan elkeen van hierdie gemeentes 'n persoonlike brief. Tog moes hulle die briewe ook as omsendskrywes na mekaar toe aanstuur. Elke gemeente het 'n eie konteks gehad, daarom 'n persoonlike brief aan elkeen. Hulle kry ook die opdrag om die briewe onder mekaar te versprei, want hulle het ook ooreenkomste – hulle is missionale gemeentes van God wat ten spyte van hulle omstandighede maniere moes vind om steeds deel te wees van die missio Dei. Hierdie ooreenkomste en verskille word verder in hoofstuk 5 beskryf (5.3.2). Die brugbediening leer dat die kultuurhistoriese agtergrond van elke gemeente belangrik is; daarsonder kan die vakante gemeente nie vorentoe beweeg nie. Die doel van hierdie briewe was om gemeentes en hulle lidmate te bemoedig. Dit lyk miskien asof die bese in beheer is, maar God is. God is die groot oorwinnaar (vgl. Botha, 2018b).

Brugbediening leer by die kultuurhistoriese agtergrond 'n paar ander belangrike missionale merkers (vgl. Burger, 2020:29-38):

- *Gemeentes speel 'n belangrike rol.* Dit gaan nie in Openbaring primêr oor die antichris, die politieke stryd of oor die eindtyd nie. Dit gaan oor Christus en sy gemeentes en oor die vraag wat gemeentes te doen staan in die tye waarin hulle hul

bevind. Gemeentes is belangrik, want dit is hulle roeping om die evangelie na die wêreld uit te dra. Brugbediening begelei gemeentes om hierdie roeping te herontdek. Hierdie missionale merker help brugbediening ook om te verstaan dat die opbou van die vakante gemeente nie die doel is nie, maar bloot 'n belangrike middel tot die eintlike doel, naamlik missio Dei.

- *Stede speel 'n belangrike rol.* Die sewe gemeentes se name word afgelei van die stede waarin hulle geleë is. Johannes sê al sewe hierdie gemeentes is historiese gemeentes. Burger (2020:30) beskryf hierdie missionale merker so: “Die Here se bedoeling vir die gemeentes was dat hulle getuienis oor Jesus in die stede moes indra en verkondig met die hoop en verwagting dat mense tot geloof in Hom sal kom.” Dit is 'n belangrike missionale merker vir brugbediening. Wanneer daar nie erns gemaak word met hierdie merker nie, verloor die gemeente sy missio Dei. Daarsonder is die gemeente nie meer kerk van die Here nie en sal die Here nie hierdie kerk in stand hou nie, want die Here hou sy kerk in stand. So het gemeente Sardis byvoorbeeld sy missionale fokus verloor en het die dorp meer invloed op die gemeente uitgeoefen as die gemeente op die dorp. Gemeente Laodisea het lout geword en so hulle missionale roeping verloor.
- *Die Here weet alles oor die kerk.* In Openbaring 2:1 lees ons dat God die sewe sterre in sy regterhand vashou en dit dui daarop dat God nie Sy kerk en die leiers van die kerk alleen los nie. Trouens, Hy wandel tussen die sewe goue lampe. Die sewe goue lampe is die sewe gemeentes van God en Hy is altyd teenwoordig. God is nie net teenwoordig in sy gemeentes nie, Hy sorg vir hulle. God weet alles wat in die gemeente gebeur en nie gebeur nie, Hy is die Alfa en die Omega. God hoor hulle uitdagings en sien hulle harde werk raak. Dit is belangrik dat hierdie teologiese perspektief deur die brugbediening raakgesien moet word. Brugbediening gebeur in 'n vakante gemeente waar God reeds alles weet. Gemeentes word daarom begelei om nie net na hulself te luister nie, maar om stil te word en na God te luister. Brugbediening lei gemeentes om tyd te maak om na die stem van God te luister.
- *Die Here verwag veel van sy kerk.* Johannes skryf aan gemeente Sardis om hulle op te roep tot bekering. Die Here weet waartoe die gemeente in staat is en daarom word hulle opgeroep om daardie potensiaal te verwesenlik. Elke gemeente van God is daartoe in staat om 'n missionale gemeente te wees, maar nie alle gemeentes bereik daardie potensiaal nie. Die brugpredikant weet dat die vakante tyd in 'n gemeente se

geskiedenis juis die rede hiervoor is. Elke gemeente ontvang informasie oor die gemeente, dit bring hulle tot transformasie van hulle kerkwees en dan loop dit uit op 'n formasie van 'n nuwe geloofsgemeenskap (*informasie > transformasie > formasie*).

Wat is dit wat die Here van gemeentes verwag? Burger (2020:35) sê daar is 'n langer antwoord en 'n korter antwoord. Die langer antwoord lê in die diep eksegeese van elke brief aan elke gemeente, waar daar uitvoerig aandag gegee kan word aan wat die Here vir elke gemeente sê. Die navorser kan hierdie tekste aanbeveel as maatstaf of rigsgnoer vir die vakante gemeente se gesprekke, Bybelstudie en prediking. Deur die hele brugproses bly die Woord van God (lees: die God van die Woord) sentraal. Burger (2020:35) se korter antwoord stel hy so:

As ons een woord uit die boek moet haal wat in kort sê wat Jesus van die gemeentes verwag, is dit die woord “getuienis”. Die Here het verwag dat die gemeentes getroue getuies van Hom en van die evangelie moet wees. Ons kry reeds in hoofstuk 1 die eerste aanduiding hiervan as Johannes skryf dat hy na Patmos verban is “omdat hy die Woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het (1:9)”. Dit is ook interessant dat een van die benamings wat die meeste vir Jesus in die Openbaringsboek gebruik word, “die Geloofwaardige Getuie” is.

4.2.5 Openbaring 10: 1-11 – missionale roeping in beeldryke taal

Openbaring 10: 1-11 beskryf missionale roeping in beeldryke taal. Die eksegeet gebruik hierdie beeldryke narratief om die vakante gemeente tot selfverstaan en roeping te begelei. Die kultuurhistoriese agtergrond skilder 'n moeilike en uitdagende tyd vir die kerk van die Here. Daar is aanvegting, beproewing en uitdagings. Die kerk van die Here moet in sulke tye opstaan en missio Dei herontdek. Dit doen die vakante gemeente deur na binne te kyk en ook en veral hulle aandag op die missionale roeping van God te vestig. Soos reeds in hierdie navorsing aangedui vind brugbediening bykans uitsluitlik plaas in vakante gemeentes waar daar ook aanvegting, beproewing en uitdagings ervaar word (vgl. Joubert, 2019).

Du Rand (2007:352-361) verstaan die boek Openbaring eers werklik wanneer die groter kontoere (konteks) raaksien word. Volgens hom is daar twee vrae wat in die tyd tussen hemelvaart en wederkoms by die gelowiges opkom: Wat is ons identiteit (roeping)? en Watter rol moet ons vervul? Hierdie twee vrae en hulle antwoord, soos in Openbaring 10: 1-11, gee twee duidelike missionale merkers vir die normatiewe van brugbediening: (i) missionale roeping en (ii) getuienistaak.

Om 'n betekenisvolle bydrae in hierdie tyd te kan lewer moet die vakante gemeente antwoorde vind op hierdie twee vrae. Openbaring leer dat die plaaslike gemeente se identiteit in sy missionale roeping lê. Die tweede vraag word veral in hierdie hoofstuk van Openbaring beantwoord. Die betekenisvolle rol wat gelowiges (vakante gemeentes) moet vervul, is om die Woord van God aan die nasies bekend te maak. Dit word in hierdie hoofstuk treffend uitgebeeld deur die eet van die boekrol en die getuienis van die twee getuies. Die eet van die boekrol in Openbaring 10 is deel van die DNS van missionale roeping. Bybelstudie en prediking bring die Woord van God (lees: God van die Woord) tot by die gemeente. Daarna word die gemeente God se Woord as hulle in die wêreld gaan leef. 'n Vakante gemeente hou hom deurentyd besig met die Woord van God (hulle eet die boekrol).

Gelowiges se getuienistaak vorm die ruggraat van God se bekeringsplan vir die kerk en die wêreld. Die brugbediening moet kennis neem dat hierdie getuienis (missionale bediening) van die kerk dikwels lei tot martelaarskap waarin die oorwinning van die evangelie treffend uitgebeeld word (Botha, 2018).

Die tiende hoofstuk van Openbaring se tema is: *gaan maak die woord van God bekend!* Dit is die missionale gerigtheid van die gemeente. Brugbediening moet deur 'n holistiese fasiliteringsproses wat veelvoudige lense gebruik, die gemeente weer by hierdie ontdekking en implimentering van die missionale roeping uitbring (Joubert, 2019).

4.2.6 Pauliniese perspektief

Die navorser glo dat 'n Pauliniese perspektief op brugbediening op sigself teologiese perspektiewe en missionale merkers vir die brugbediening bied. 'n Studie van Martin (2020) se twee artikels beskryf die Pauliniese perspektief op brugbediening.

Martin (May 15, 2020) sê die feit dat hy in agt gemeentes as brugpredikant bedien en gedien het, het sy gedagtes by Paulus gebring. Soos Paulus was elke gemeente waarin hy brugbediening gedoen het, 'n gemeente met "some real issues and problems". Die twee briewe aan die Korintiërs word sterk beklemtoon en selfs deur hom aanbeveel as teks vir die prediking in die vakante gemeente. Martin sê:

I can even imagine St. Paul writing to us, interim pastors, helpful advice for us when we encounter the issues and problems in this work. Not all the problems emerge, from evil intent, but often it is simply issues avoided, parishioners ignored, of habits that were never examined (May 15, 2020).

Martin (May 15, 2020) skryf in Paulus se wese was die Jesusverhaal die verhaal van 'n Joodse messias wat aan 'n Romeinse kruis vir almal gesterf het. Paulus sien die na-alle-nasies van missionale bediening raak. 'n Belangrike missionale merker vir die brugbediening.

Nog 'n Pauliniese perspektief wat uit Martin (May 15, 2020) se werk na vore tree en belangrik is, is die saak van roeping. God roep die leiers en die gemeente om kerk van God te wees. Paulus se gebruik van die Griekse woord ekklesia word vertaal met "the church of God", maar meer letterlik sal dit beteken "the called out". Die brugpredikant en gemeente behoort by hierdie saak stil te staan en ernstig die implikasies daarvan te bedink, dit is immers 'n missionale merker. Hy skryf oor die impak wat dit op 'n gemeente gehad het:

On the first Sunday when I began my last interim, prior to real retirement, I stood in front of the community, smiled, and said in a loud voice. Good morning Church. They looked stunned thinking they were in a church. Then they smiled, for they knew they were called to be church. On some of the Sundays that followed what became a familiar opening welcome I would add, and remember church is people, not a building (May 15, 2020).

Die belangrike missionale merker in hierdie aanhaling is: die vakante gemeente is nie 'n kerk-organisasie nie, hulle is 'n kerk-organisme. Die fokus van kerkwees is nie die struktuur nie, maar die missie. Dit gaan in die eerste plek nie oor die opbou van getalle en finansies nie, maar die missionale roeping om getuie van God in en deur die kerk te wees.

Paulus plaas baie klem op respek vir ander mense, veral mense wat nie jou gelyke is nie. Sien jou mede-gelowiges as jou broers en susters. Selfs in die huwelik moet daar wedersydse respek tussen man en vrou wees (1 Kor 7). Sosiale geregtigheid ten opsigte van vrouens en armes was hierby ingesluit. Brugbediening kan nie geskied as die brugpredikant nie die nodige respek vir die vakante gemeente het nie en 'n vakante gemeente sal nie hulle missionale roeping ontdek as hulle nie wedersydse respek vir mekaar het nie. Die Pauliniese perspektief op brugbediening help ons verstaan hoe belangrik sosiale geregtigheid vir die herontdekking van 'n missionale roeping is.

Sosiale geregtigheid lei tot nog 'n belangrike Pauliniese perspektief op brugbediening, naamlik gasvryheid. Martin (May 15, 2020) sê die lidmate beleef verlies wanneer hulle gemeente vakant raak. Vir sommige is die weggaan van 'n dominee die verlies aan 'n goeie vriend en vir baie is dit 'n verlies aan "die goeie ou dae". Hierdie ervaring van verlies is pynlik. Paulus se antwoord hierop is gasvryheid. Nog 'n missionale merker wat brugbediening in die proses

ondersteun. Brugbediening help die vakante gemeente om deur gasvryheid getuies van God se gasvryheid aan almal te word.

Aan die einde van Paulus se eerste brief noem hy die name van almal wat by die bediening betrokke is en was. Daar word gefokus op die positiewe en daar word met dankbaarheid daarop teruggekyk. Martin (May 5, 2020) wys daarop dat erkenning 'n belangrike missionale merker van die christelike gemeente behoort te wees. Erkenning is een van daardie take waarvoor 'n gemeente in transisie ernstig moet nadink en toepas.

Martin (May 15, 2020) sluit hierdie artikel af met nog 'n laaste belangrike saak, naamlik nederigheid. Met brugbediening sal ons dikwels te doen kry met uitdagings waarop ons alleen nie antwoorde sal hê nie: "We only see in a mirror dimly, 1 Cor. 13:12. We can't claim to have all the answers. We're there for a time, and we are called to remind those we serve that they are called. They are church."

Die navorser vind in Paulus se perspektief op brugbediening in hierdie eerste artikel die volgende missionale merkers:

- roeping
- respek
- gasvryheid
- erkenning
- nederigheid.

Paulus se perspektief op brugbediening in 'n missionale kerkwees fokus op norme en waardes waaraan die brugpredikant en die vakante gemeente behoort te voldoen.

Martin (May 29, 2020) se inleidende paragraaf van die tweede artikel wys daarop dat brugpredikante en Paulus se bediening nog iets gemeen het. Nie een van die twee word geroep na 'n gemeente om 'n permanente posisie te beklee nie. Dit het aan Paulus die vrymoedigheid gegee om met elke gemeente oop, eerlik en reguit te praat.

In die tweede brief van Paulus aan die gemeente in Korinthe is dit duidelik dat die gemeente vasgeloop geraak het. Hulle kon nie missionaal uit die wegspringblokke kom nie en dit het konflik in die gemeente veroorsaak. Martin (May 29, 2020) wys dat gedurende konflik daar 'n ons-hulle gesprek plaasvind en dit is negatiewe kommunikasie. Konflik is baie dikwels deel van 'n vakante gemeente en Paulus het self dikwels daarmee geworstel:

...to these communities founded in Corinth we are dealing with letters stuck in time. These weren't old settled communities of faith, but new, almost adolescent messy, as well as unsettling conflicted communities. Conflict as such, is not a bad thing in itself, in an interim perspective, but it can be the seedbed, as it ought to be for reconciliation and a way forward. Paul was worried, as any of us should be, when conflict portended disruptions and decay extending into the future (Martin. May 29, 2020).

Paulus se tweede brief aan die Korintiërs is dikwels outobiografies. Hy verwys na die negatiewe ervarings ten opsigte van kritiek en verwerping. Hy was onder sekere groepe in die gemeente baie ongewild. Martin (May 29, 2020) verwys persoonlik na sy eie identiese ervaring van negatiwiteit en selfs verwerping. Paulus hanteer dit met 'n sagte oog vir die gemeente. Daarmee word bedoel 'n fokus op die gemeente as God se geroepenes vir daardie gemeenskap. Hy gee sy volle aandag aan die gemeente alleen en die gemeente se uitdagings sonder om hulle te vergelyk met die van ander.

Ons leer dat Paulus nooit sy bediening opgee nie. Ongeag of dit alles tevergeefs lyk. Dit is 'n Pauliniese perspektief wat nie geringgeskat behoort te word nie. Martin (May 29, 2020) beskryf dit kragtig met hierdie paragraaf:

*The Greek word for "heart" is **kardia**. The verb in that passage is **egkakoumen**. Ralph Martin's translation is "we do not get discouraged. He pointed out other translations surrounding this rather enigmatic Greek word: "we do not get tired," "we do not despair," we do not "act in a cowardly way, "and maybe, best of all that by Luther, "we do not get tired." There is always the brilliant work of Eugene Peterson to consider as well, "we're not about to throw up our hands and walk off the job just because we run into occasional hard times."*

Volgens Martin (May 29, 2020) het Paulus se oormatige gebruik van die voornaamwoord "ons" kenmerkend van sy bediening in Korinthe geword. Die ons-benadering is belangrik vir suksesvolle brugbediening. Daar is eenvoudig nie plek vir die eie ek-benadering nie.

Paulus is meester by die gebruik van metafore. Metafore help mense in moeilike situasies om hulle missionale fokus in te sien. Martin (May 29, 2020) beklemtoon dat metafore vasgelooptheid makliker losmaak. Mense is meer geneig om na 'n verhaal te luister as na 'n klomp dreigemente of feite. Paulus het die verhaal van Jesus kragtig gebruik as motivering en ontvriësing. Die verhaal van ander gemeentes wat soortgelyke omstandighede oorkom het is

'n kragtige hulpmiddel vir brugbediening. So ook die verhaal van die vakante gemeente se verlede. Daar was 'n tyd toe hierdie gemeente ook ander uitdagings oorkom het.

Die navorser vind in hierdie tweede artikel oor Paulus se perspektief op brugbediening die volgende missionale merkers:

- geroep tot 'n interim bediening wat tydelik van aard is
- konflik is deel van interim bediening
- negatiewe en verwerping is deel van interim bediening
- ophou en moed begewe is nie 'n opsie nie
- ons-benadering
- gebruik verhale

4.3 Etiese refleksie vir 'n missionale fokus

Die vakante gemeente is 'n gemeente in transisie, 'n gemeente met 'n komplekse en veranderende konteks. Hirsch en Altclass (2009:25) omskryf dié komplekse en veranderende konteks. Volgens hul navorsing bestaan gemeentes vandag in 'n komplekse tydgleuf met terrorisme, tegnologiese innovasies, 'n onvolhoubare omgewing, 'n onbeheerste verbruikersmentaliteit en onophoudelike veranderings.

Die proses van brugbediening help die vakante gemeente om te verstaan dat hulle deur God geroep is om na die wêreld gestuur te word ten einde dissipels vir God te gaan maak (Matt. 28:16-20). Dissipels (leerlinge) wat weer apostels (gestuurdes) kan word om weer dissipels te maak. Dit begelei die vakante gemeente in missionale kerkwees om deel te word van dit waarmee God reeds in die gemeente en gemeenskap aan die werk is. Dit gaan dus in 'n missionale gemeente nie bloot om die behoeftes van die vakante gemeente as sulks nie (Tyra, 2013:26). In die brugproses word daar opnuut missionaal gefokus op dit waarmee God reeds in die gemeente en gemeenskap besig sou wees.

Van der Merwe (2014:2-3) wys op die uiteenlopende antwoorde wat die kerk wêreldwyd in hierdie veranderende konteks gevind het: bemerkbaarheid, relevansie, geloofwaardigheid, outentisiteit en 'n vernuwende fokus. Hierdie vernuwende fokus is 'n missionale fokus wat deur 'n holistiese proses met veelvoudige lense herontdek kan word.

Volgens van der Merwe (2014:2) blyk dit dat Leonard Sweet die leidende rol in die sogenaamde "Church growth" -beweging vertolk. Hierdie beweging fokus op die bemerkbaarheid van die plaaslike gemeente. Dit was egter meer spesifiek Donald McGavran

wat verantwoordelik was vir die tegniese term “Church growth” (Wagner, 1977:12). Volgens hom was die doel van hierdie beweging om mense te kry om in ’n persoonlike verhouding met God te staan en om in hierdie proses hulle verantwoordelikheid ten opsigte van kerklidmaatskap na te kom. ’n Missionale gerigtheid sal fokus op die persoonlike verhouding met God en daarteenoor sal ’n missionêre fokus meer gerig wees op kerklidmaatskap. Die gevolg was egter dat gemeentes meer missionêr as missionaal gefokus geraak het. Ward (2002:62) beskryf dit so: “(congregations) have reshaped faith as an attraction or commodity”. Dit is nie ’n herontdekking van die missionale roeping nie. Hierdie proses steun sterk op strategieë en programme, wat fokus op lidmate se behoeftes en hulle help om evangeliese betekenis vir hulle bestaan te vind. Volgens Van der Merwe (2014:2) is die Alpha-kursus se wêreldwye sukses ’n voorbeeld hiervan. Met hierdie proses sluit die Christelike geloof nou by die kontemporêre kultuur aan (Ward, 2002:63).

Die gemeentes se uitdaging lê nie werklik daarin om meer en meer mense na die kerk toe te bring nie (McLaren, 2000:22-24). Die vorm waarin die kerk sy verkondiging verpak, is volgens hierdie beweging nie relevant genoeg nie. Hieruit ontstaan die beweging van die ontluikende kerk, ’n nuwe manier om outentiek en relevant te wees. Die ontluikende kerk is in wese ’n beweging of selfs ’n gesprek (Carson, 2005:12). Die missionale ontwikkeling beweeg nou vanaf ’n *Church growth*- na ’n ontluikende kerk perspektief. Hierdie groei van missionêre kerkwees na ’n meer missionale kerkwees bied nuwe insigte soos klem op relasionele kerkwees. Die relasionele is van onskatbare waarde vir brugbediening. Die relasionele is kenmerkend van die fasiliteringsproses. Peterson (2013:3) sluit by hierdie gedagte aan: “Yet, emerging-church leaders interpret that people are not looking to join organizations; they are looking for authentic community and deep spiritual experiences.”

Die moderne mens is eerder op soek na ’n verdiepte relasionele spiritualiteit (Chan, 2012:7-9). Ongelukkig het Butler en Bass (2012:26) bevind dat die hedendaagse mens nie hierdie verdiepte spiritualiteit in die tradisionele kerke vind nie. Dit sal juis brugbediening se doel wees om tradisionele kerke te fasiliteer om weer ’n verdiepte spiritualiteit te herontdek met sterk klem op die relasionele.

Die kerk se denke behoort verder te groei deur kennis te neem van missionale ekklesiologie (Van der Merwe, 2014:4). ’n Missionale gemeente is ’n gemeente wat sy bediening en diens al meer na die wêreld buite die kerkgebou rig. Heaney (2019:20) oordeel dit is wanneer die gemeente aangeleer het dat God reeds in die wêreld werksaam is en dat hulle bevoorreg is om daarby aan te sluit. ’n Missionale ekklesiologie lê sterk klem op waardes soos respek, luister, omarming, openheid, leerbaarheid, deursigtigheid, waagmoed, vergifnis en liefde.

Brugbediening begelei die vakante gemeente om hulle missionale ekklesiologie te herontdek. Die gemeente word volgens Heaney (2019:21) begelei om betrokke te raak by die heilshandeling van God met die wêreld.

Om missionale ekklesiologie verder te omskryf gebruik Heaney (2019:21) Reglement 21 van die Algemene Sinode van die NG kerk en voeg self by:

Hierdie betrokkenheid sluit in persoonlike getuienis deur Woord en lewe, die beoefening van geloofsgemeenskap, voorbidding, rentmeesterskap, die diens van barmhartigheid en die ywer vir reg en geregtigheid in die samelewing. Hierin speel die daaglikse navolging van Christus, die wandel in die Woord en die Gees, sowel as 'n lewe van integriteit 'n deurslaggewende rol.

Heaney (2019:21-22) stel dat die vra van die “God-vrae” baie belangrik is om missionale ekklesiologie te verstaan. Volgens hom is brugbediening juis na aard, fokus en tydraamwerk uiters geskik om hierdie vrae te stel en antwoorde te soek. Deur hierdie vrae ontdek die vakante gemeente missionale ekklesiologie en daarmee saam hulle missionale fokus:

- Wie is God?
- Waarmee is God nou besig?
- Wat is God besig om vir ons te sê?
- Wat vra God van ons?
- Wat is God se droom / voorkeurtokoms vir die gemeente?
- Hoe lyk die missionale fokus van die eredienste en prediking?
- Het ons vrymoedigheid om nuwe mense by die gemeente te voeg?
- Wie is die mens (nader en wyer) in ons konteks?
- Watter geloofsgewoontes kan ons help om as gestuurde gemeente te leef?
- Help die gemeente mense wat volgelingen van Jesus is om beter volgelingen van Jesus te word?

Die fokus skuif nou meer direk op die missionale roeping. In nadenke oor missionale kerkwees is dit nodig om kennis te neem van die verskil tussen missionêre kerkwees en missionale kerkwees. Daar het mettertyd 'n onderskeid gekom tussen missionêr kerkwees en missionaal kerkwees (Guder, 2017:56). Die skuif was noodsaak deur die groei in verstaan van die kerk se Goddelike roeping. Die kerk is nie bloot geroep om deur hulle programme en aktiwiteite na buite te beweeg nie. Hierdie eng verstaan van die kerk se roeping staan nou bekend as missionêr kerkwees. God se roeping sluit meer in: die wese van die kerk moet 'n na-buiterigter bediening en diens wees; dit staan bekend as missionale kerkwees. Guder (2017:52)

begin sy artikel oor *The background and roots of the missional movement* soos volg: “The missional theological movement can be assigned a date: It was inaugurated with the publication in 1998 of the volume entitled *Missional Church*.”

Nel (26 Februarie, 2015) sê op sy blog, Attie se koffietafel, “alles wat missionaal is, is nie noodwendig missionêr nie en alles wat missionêr is, is nie noodwendig missionaal nie”. Hy voel dat missionaal die meer omvattende begrip is waarvan missionêr bloot deel is. Missionêr is vir hom fisieke sendingwerk waar grense oorgesteek word om mense van die Here te vertel. Missionaal is vir hom waar die gemeente aansluit by God se betrokkenheid in die gemeenskap waar hulle woon; die gemeente word dus deel van God se missie. Hy reken dat alles wat die gemeente doen missionaal behoort te wees.

Die begrip missionaal word egter nie oral dieselfde gebruik nie. Volgens Burger (2017:252) is die term veral bekend in die Verenigde State van Amerika en Suid-Afrika. Dit het byvoorbeeld nie dieselfde impak in die Verenigde Koninkryk en Europa nie.

Die Missionale Beweging in Suid-Afrika is diep gewortel in die Missionêre Beweging wat strek vanaf Jan van Riebeeck. Dit is belangrik om hiervan kennis te neem, want dit gee konteks aan ons denke oor missionale roeping – die beplande uitkoms van brugbediening. Marais (2017:72) wys daarop dat Jan van Riebeeck in 1652 met ’n sending na die Kaap van Goeie Hoop gekom het. Behalwe al die politieke ideale was daar ook die opdrag om ’n “Christelike Gemeenskap” aan die suidpunt van Afrika te vestig.

Saayman (2007:15-44) beskryf die Missionêre Beweging as ’n beweging met vier belangrike golwe:

- Eerste golf vanaf 1779 tot 1834.
- Tweede golf vanaf 1867 tot 1939. Dit was die fokus op Midde-Afrika, tot so ver op as Nigerië.
- Derde golf vanaf 1954 tot 1976. Dit is die tyd toe kulturele en politieke grense in Suid-Afrika oorgesteek is. Dit is belangrik om te daarop te let dat hierdie fase met die beleid van Apartheid in Suid-Afrika saamval.
- Vierde golf vanaf 1990 “to the ends of the earth” (Saayman, 2007:100-104). Hier gaan dit oor grense oorstek na lande buite Afrika.

Verskeie missioloë, soos Niemandt (2010), Van der Watt (2010) en Van Niekerk (2014), gebruik Saayman (2007:15-44) se vier golwe as wegspringblok vir die beskrywing van ’n vyfde

golf. Die vyfde golf beskryf die tydperk waar 'n missionale bewussyn in Suid-Afrika ontdek en ontwikkel word. Met hierdie nuwe golf stuur gemeentes nie meer sendelinge na die sendingveld nie, maar die gemeente word beweeg om betrokke te raak by hulle onmiddellike omgewing. Volgens Marais (2017:70) kan die begin van hierdie golf so vroeg soos 1986 wees. Volgens Van der Walt (2010:166-167) beklemtoon David Bosch dat missionaal 'n Koninkryksperspektief bevat. Met Koninkryk bedoel hy God se betrokkenheid by geheel sy skepping. Die einddoel hiervan is vrede (shalom). Brugbediening help die vakante gemeente om sy missie uit die missio Dei te laat ontwikkel.

Die Jaarvergadering van die International Consortium for Congregational Studies (ICCS) se konferensie is in 2015 by die Universiteit van Wes-Kaapland gehou. Aan die einde van hierdie konferensie bied hulle 'n definisie vir Missionale Beweging en debatteer die inhoud van wat verstaan behoort te word onder die term missionaal:

The church mission (missio ecclesiae) flows from the realisation that mission is first and foremost God's mission (missio Dei) and that the churches' calling to a holistic witness (marturia) should include the following dimensions: proclaiming the Word (kerugma), acts/services of love (diakonia), the forming of a new community of love and unity (koinonia), the zeal for just society (dikaionoma) and worship (leitourgia) (Van der Walt, 2010:166-167).

Die kerk moet 'n doelbewuste paradigmaskuif maak om missionaal kerk te wees (McNeal, 2009:xiv). Dit is juis wat brugbediening ten doel het. Dit is nie soseer 'n proses om die kerk te kry om missionaal te word nie, maar eerder om die kerk te laat besef hulle is 'n missionale kerk. God is reeds aan die werk en daarvoor het Hy 'n kerk; 'n kerk wat missionaal moet funksioneer. Volgens hom sal drie baie belangrike skuiwe moet plaasvind ('n suksesvolle brugproses sal hierdie skuiwe tot gevolg hê):

- van na binne-gerig tot na buite-gerig.
- van program-gedrewe na aktiwiteit-gedrewe.
- van kerk-gedrewe na koninkryk-gedrewe.

Om op te som kan ons tot die gevolgtrekking kom dat brugbediening nie missionêr nie, maar veel eerder missionaal gefokus is. Die ontstaansvrae van brugbediening was missionêr met fokus op lidmaatgetalle en finansiële hulpbronne. Namate brugbediening oor die laaste dekades ontwikkel het, het dit gegroei tot 'n proses wat vakante gemeentes help met die herontdekking van hulle missionale identiteit. Hiervolgens leef die gemeente nie meer na

binne nie, maar na buite. Daar is kreatiewe grenservarings waar die vakante gemeente begelei word om weg te beweeg van 'n lewe binne my eie gemeente, na vernuwende ervarings op die grense van die lewe. Gemeentes word begelei om gestuurde gemeentes te word. Volgens Burger (1995: 39-154) help hierdie kennis 'n brugpredikant om te verstaan dat gemeentes se geborgenheid nie in strukture lê nie, maar in lewende verhoudings en netwerke. Brugpredikante weet nou lidmate soek nie na 'n verbreding van die lewe nie, maar na 'n verdieping van jou verankering in God. Vakante gemeentes wat hulle missionale roeping herontdek het staan voor unieke geleenthede. Brugbediening wil die vakante gemeente by daardie unieke geleenthede bring.

4.4 Goeie praktyk vir 'n missionale fokus

4.4.1 Jaarvergadering van die International Consortium for Congregational Studies (ICCS)

4.4.1.1 Inleiding

'n Literatuurstudie van die Jaarvergadering van die ICCS help brugpredikante om opnuut te fokus op 'n vakante gemeente se missionale roeping. Dit bring met ander woorde teologiese perspektiewe en missionale merkers wat belangrik is vir die brugbediening. Die navorser is oortuig dat hierdie literatuurstudie bydra tot brugbediening se missionale fokus. Vir die brugpredikant in veral Suid-Afrika is die inhoud van hierdie Jaarvergadering (2015) van die ICCS dus absoluut noodsaaklik. Met die gebruik van brugprosesse word die vakante gemeente begelei om hulle missionale roeping van vooraf te herontdek. Die soms volledige en lomp beskrywing is tog noodsaaklik vir toekomstige studie van brugbediening. Hierdie studie sal brugbediening help om die vakante gemeente tot sy *missio Dei* te begelei en sodoende voldoen aan Osmer (2008:Loc.1556-1586) se derde interpretasielyn, naamlik goeie praktyk.

Die jaarlikse vergadering van die International Consortium for Congregational Studies (ICCS) het op 19-21 Januarie 2015 in Stellenbosch, Suid-Afrika, plaasgevind. Ongeveer 180 persone het hierdie konferensie met sprekers van reg oor die wêreld bygewoon. Die tema van die konferensie was: *The future of Missional Churches and Missional Theology* (Burger, 2017:10). Die navorser glo dit is noodsaaklik om 'n oorsig van die sprekers en hulle temas weer te gee. Hierdie oorsig trek duidelike lyne vir 'n hedendaagse verstaan van missionale kerkwees en kan in 'n uitgebreide studie nagelees word. Die navorser het reeds in hoofstuk 1 aangetoon dat sy werk ook ten doel het om verdere studie aan te moedig.

Die ICCS se formele aanbiedings en informele gesprekke help brugbediening om missionaal te fokus. Al die werksaamhede word in sewe verklarings opgesom. Die sewe verklarings is sewe teologiese perspektiewe of sewe missionale merkers wat vir die brugbediening baie waardevol is (Burger, 2017:251-262).

4.4.1.2 Die sewe verklarings:

4.4.1.2.1 'n Nuwe beweging van God se Gees, wat Christene van reg oor die wêreld wakker maak en oproep, om deel van God se missie vir die wêreld te word

Die missionale beweging is bykans 'n wêreldwye beweging. Die missionale beweging lyk egter nie regoor die wêreld dieselfde nie - die konteks en uitdagings verskil soos mens oor die wêreld daarna kyk. Tog is daar 'n sterk ooreenkoms in hoe die missionale beweging ervaar en beleef word. Dit dui daarop dat die missionale beweging inderdaad trans-kerklik is. Konteks en plek speel 'n integrale rol hierin. Uit hierdie beweging groei hoop, want hoop lê in God op wie die missionale beweging fokus. Die krisis van die verlede word die uitdagings van die toekoms. Die missionale beweging is meer as bloot die vernuwing van die "ou-kerk". Brugbediening begelei dus nie die vakante gemeente bloot om die goeie-ou-dae-kerk te wees nie. Die vakante gemeente word begelei om nuut oor kerkwees te dink en te doen. Die vermoë om hier geloofsonderskeidend op te tree, is van deurslaggewende belang. Die kerk in transisie sal leer om te soek na die weg van God (Burger, 2017:252).

4.4.1.2.2 Die herontdekking van 'n lewende God, wat teenwoordig is en aktief deelneem in die geskiedenis

God is aktief en direk teenwoordig in die huidige konteks. In die sekulêre wêreld is dit die missionale beweging se taak om God se teenwoordigheid in die wêreld uit te wys (Burger, 2017:253-255). God se teenwoordigheid is die missionale kerk se baken van hoop. Weereens kom die vermoë om geloofsonderskeidend te kan handel, sterk onder die vergrootglas. Dit gaan hier nie primêr om die uitbouing en groei van die kerk nie, maar die uitdra van die Blye Evangelie. Burger (2017:255) sê as ons die kerk wil herbou, sal ons met mense oor God moet praat. God is reeds aktief besig in die vakante gemeente. Dit is die vakante gemeente se uitdaging om met behulp van brugbediening by God se missio Dei aan te sluit.

4.4.1.2.3 Ons hoor God se stem wat ons oproep om vir die wêreld en sy mense om te gee

Hierdie derde stelling bevestig dat daar uitdagings is, maar ook nuwe geleenthede. Eers moet die missionale kerk die realiteit van die huidige konteks besef en insien. Soos in hoofstuk een

beskryf, het die konteks van die kerk vandag radikaal verander. Dit is nie net 'n konteks wat verander nie, maar dit is 'n veranderende konteks. Hierdie konteks word die adres waarby die missionale kerk die Blye Boodskap moet aflewer (Burger, 2017:255-257).

Volgens Burger (2017:256) sukkel die kerk, omdat hulle nog nie werklik die sekulêre en post-Christen konteks verdiskonteer het nie. Hiervoor is ook die verstaan van ons diverse geskiedenis nodig:

Therefore, we need to be very attentive to detail in our reading of our surroundings. This applies to general culture, to the way people think and relate and live. It also applies to organisations, including the way churches organise themselves ... And it will have to be done on different levels: macro-level, on meso-level and on micro-level.

Tog waarsku hy dat dit meer is as bloot beter tegnieke en strukture. Dit is eerder 'n diep luister en verstaan van die evangelie wat ons bring by 'n beter verstaan van God se betrokkenheid in die wêreld. Om in die missio Dei te deel, moet die kerk ook in die ware liefde van God deel. Dit is 'n voorvereiste vir missionale kerkwees. Hierdie liefde moet nie net na binne geleef word nie, maar verseker na buite. Ongelukkig het die kerk dikwels die na buite geïgnoreer of afgeskeep, omdat dit die verlore, stukkende en gebroke wêreld is. Die missionale kerk dink anders oor die verlore, stukkende en gebroke wêreld (Burger, 2017:257). Wanneer brugbediening die vakante gemeente hiertoe begelei het ontwikkel die vakante gemeente 'n "oog-skerpte" vir God se missio Dei, hulle missionale roeping.

Soos Jesus, behoort die missionale kerk dus nie te wag op die "de-churched" en "un-churched" om na hulle toe te kom nie. Trouens, dit gaan waarskynlik nooit gebeur nie. Soos Jesus, behoort die missionale kerk weer na die "de-churched" en "un-Churched" te gaan.

Wanneer ons van nader na Jesus se bediening en diens op aarde kyk, sien ons dat sy bediening en diens anders gelyk het as die "kerk" van sy tyd. Hy was nie bang vir die uitdagings van sy konteks nie. Hall (1987:41) kom tot dieselfde gevolgtrekking: as die kerk ware missionale kerk wil word, sal die kerk meer soos Jesus moet word. Die kerk kan nie wag dat die wêreld na die kerk toe kom nie, maar die kerk is geroep om na die wêreld te gaan.

4.4.1.2.4 Missionale kerk is bereid om die kruis vir die missio Dei op te neem

Die missionale kerk moet nie verbaas wees as hy 'n kruis kry om te dra nie (Burger, 2017:257-259). Brugbediening neem hiervan kennis en motiveer die gemeente hiertoe. Brugbediening begelei die vakante gemeente om te verstaan dat kruis-opneem deel is van die brugproses.

Kyk bloot maar net na die geskiedenis en lewe van Jesus Christus op aarde. Die missionale kerk sal met onsekerheid, frustrasie en wanhoop gekonfronteer word. Daar is boonop die realiteit van die gebroke en gevalle mens. Dit is daarom belangrik vir die missionale kerk om te besef dat hy slegs daarby verby kan kom as hy die realiteit daarvan konfronteer. Cray (2017:92-107) verduidelik dat die nuwe eers gebore kan word as die oue gesterf het. Ook Paas (2017:222-229) sluit by hierdie gedagte aan. Hy sê die kerk sal moet verstaan dat die gemeenskap 'n oorweldigende negatiewe indruk van die kerk het. Eers as die kerk dit insien en daaraan verander, kan die kerk groei tot 'n missionale kerk.

Modern people have lost the capacity to suffer. With the massive turn to a therapeutic understanding of the gospel, the western churches have more problems on their hands than they think. There is no way we can become missional in a real and meaningful way unless we allow our thinking to be changed on this point. The western church is in desperate need of a new theology of suffering (Hall, 1987:41).

4.4.1.2.5 Kerkstrukture kan die werk van die Heilige Gees versmoor

Waar die missionale kerk-gedagte in 'n vakante gemeente begin leef, vind daar by hierdie vakante gemeente groei plaas. So groei die missionale bewussyn in denominasies. Hierdie is 'n moeilike en komplekse proses, wat deur brugbediening in ag geneem moet word. Sommige voel dit is selfs makliker om 'n nuwe missionale kerk te begin as om 'n bestaande kerk te draai om missionale kerk te word. Hierdie moeilike proses het te doen met die kultuur, struktuur en gewoontes van 'n plaaslike gemeente of denominasie. Verder is dit noodsaaklik om kennis te neem dat soortgelyke lense vir verandering nie in elke gemeente of denominasie dieselfde werk nie. Tog kan die verskillende plaaslike gemeentes of denominasies baie by mekaar leer (Burger, 2017:259-260).

Burger (2017:260) lys 'n paar belangrike sake wat die konferensie ten opsigte hiervan opgemerk het (Brugbediening moet self hierdie missionale merkers verreken):

- Moenie verbaas wees as daar enige weerstand teen missionale kerkwees is nie.
- Moenie weerstand teen missionale kerkwees persoonlik opneem nie.
- Alle sisteme het 'n ingeboude mate van weerstand.
- Wees versigtig vir 'n "ons-hulle" benadering.
- Moenie die hele kerk meteens probeer verander nie. Vra eerder die geleentheid om 'n plaaslike gemeente op hierdie weg te laat gaan.

- Kry formele toestemming om op die weg van missionale kerkwees te gaan.

4.4.1.2.6 *Missionale kerkwees werk van onder na bo*

Burger (2017:261) stel dat: “Many wonderful new visions and dreams for the church failed and came to nothing, because the dream could not be converted into practical plans that could be executed in real congregations.”

Ongelukkig is daar ’n tendens in die kerk waar teorie en praktyk as vyande van mekaar gesien word. Die missionale kerkwees het beide die groepe nodig en daarom moet daar doelbewus vir samewerking tussen teorie en praktyk gewerk word. Ondervinding het die kongresgangers geleer dat nuwe sisteme en modelle nie in klaskamers en studies uitgedink word nie. Nuwe sisteme en modelle word in die praktyk van die plaaslike gemeente ontdek en ontwikkel. Dit is hoekom brugbediening so sterk klem op die vakante gemeente se konteks moet plaas. Loder (1998) het gevind dat die plaaslike gemeente nie genoeg aandag gee aan die krag en werking van die Heilige Gees nie.

4.4.1.2.7 *Netwerke is belangrik vir missionale kerkwees*

’n Wyer internasionale en ekumeniese gesprek sal geweldig bydra tot die ontwikkeling van die missionale beweging en missionale kerk.

But all of us were encouraged by the communion we experienced. It remains one of the most uplifting and life-changing experiences to meet people you never met or even knew about before discover in a short timespan how much you share – because of your common faith in Christ and your common calling to proclaim the gospel (Burger, 2017:262).

Die krag wat bediening en diens (ook mense in bediening en diens) hier saambind is Christus. In Christus het ons veel gemeen en dit is net in hierdie netwerk waar die toekoms saam tegemoet gegaan kan word. Die eenheid lê ook in die diversiteit, ’n belangrike missionale merker wat deur die brugbediening in ag geneem moet word.

Die navorser se literatuurstudie en die eksegeese kom bymekaar om die normatief te beskryf. Dit maak ’n impak op brugbediening waar die vakante gemeente met die hulp van lense gefasiliteer word tot ’n herontdekking van hulle missionale roeping (normatief).

4.4.1.3 Missionale Ekklesiologie

Missionale ekklesiologie is 'n nadenke oor die verhouding tussen God, die kerk en die wêreld. Dit is presies waarmee brugbediening homself besig hou. Oor die eeue heen het kerkwees maklik vervlak tot godsdienstigheid. 'n Nuwe ontwaking om oor die kerk te dink; 'n ontwaking wat reg oor die wêreld aan die gang is bring nuwe missionale fokus. Hierdie nadenke is ook belangrik vir die brugpredikant wat die vakante gemeente na 'n missionale roeping wil begelei.

Nuwe begrippe soos “gestuurde gemeentes” en “missionale ekklesiologie” word afgestof en nuut gebruik (Niemandt, 2013:20). Pillay (2017:36-40) bevestig “missionale ekklesiologie” is nie soseer om lidmate na die kerk toe te bring nie, maar eerder om die kerk na die wêreld toe te stuur. Pillay (2017:36-40) se studiebevindings sluit dus nou aan by die bevinding van die studie oor die ontstaansgeskiedenis van brugbediening is die VSA en RSA. Daarom kan bymekaar geleer word. Missionale kerkwees is 'n roeping en nie 'n kuur vir die dalende lidmaatgetalle en kwynende finansies nie. Dié literatuurstudie het aangetoon dat juis die dalende lidmaatgetalle en kwynende finansies die kerk weer gedwing het om oor kerkwees na te dink, die kerk gedwing het om brugbediening te ontwikkel. Dit het die kerk by 'n nuwe missionale fokus gebring. Die doel hiervan is om die wêreld te transformeer om meer en meer soos die koninkryk van God te lyk. Hy beklemtoon dat hierdie bediening en diens onder leiding van die Heilige Gees geskied. Dit bly God se missio en die vakante gemeente deel daarin saam met ander geroepenes. Dulles (1978:26) sê: “It is an emerging theological consensus that is missio-centric, multicultural and multilingual, while structurally plural”. Dit is die uitdaging waarmee missionale kerkwees voortdurend moet worstel.

Easum (2001:27) skryf die kerk word nie langer gekenmerk deur die blindelingse ondersteuning van die denominasie nie. Die navorser word deur hierdie literatuurstudie oortuig dat 'n denominasionele fokus die kerk se missionale roeping laat verblind het. Vir Easum (2001:27) is 'n suksesvolle gemeente nie die een wie se getalle gegroei het en daarom die langste oorleef het nie. Hy sê: “Rather we gauge faithfulness by a congregation's willingness to follow Jesus into the mission field”. Ook Pillay (2017:41) sê dit gaan nie oor meer en meer lidmate vir die plaaslike gemeente nie, maar die transformering van die gemeenskap om soos die koninkryk van God te funksioneer.

Metodologies is ekklesiologie eerder 'n sistematiese taak wat *van onder af* gebeur, met die kerk se werk in die konkrete kerklike praktyke. Daarteenoor gebeur ekklesiologie in sy wese *van bo af* (vgl. Van der Merwe, 2014:4). Peterson (2013:5) vind dat dit tog nie onredelik is om die volgende te aanvaar nie: “to describe the concrete church, at least initially in terms of

agency rather than terms of being.” Van der Merwe (2014:4) verduidelik dat die *van onder af* begin nie die werk van die Heilige Gees kan uitsluit nie. Volgens hom is dit die missio Dei wat aan die kerk sy eiesoortige identiteit gee.

’n Missionale benadering fokus op die alles insluitende aard van die missio Dei. In die Suid-Afrikaanse konteks verwys missionaal na die totale konteks van die Suid-Afrikaanse samelewing. Dit is nie beperk tot uitsluitend van enige kultuur, groep of stand nie. Dit hou verband met die postmoderne, post-Christelike, post-denominasionele en postapartheidkontekste, omdat dit juis die lokale konteks kenmerk waarin God die plaaslike gemeente en kerk geroep het (Van der Merwe, 2014:4).

Die literatuurstudie het dus aangetoon dat ’n verwronge ekklesiologie lei tot ’n kerk wat nie meer missionaal gefokus bedien en dien nie. Die brugbediening begelei dikwels ’n verwronge ekklesiologie na ’n missionaal gefokusde ekklesiologie. Hiervoor sluit die navorser aan by Newbigin (1995:2) wat bevind het ’n kerk wat nie missionaal gefokus is nie, kan nie kerk wees nie. Stott (1992:335) skryf: “mission arises from the heart of God himself and is communicated from its heart to ours. Mission is the global outreach of the global people of a global God.”

Tydens brugbediening word die lense op holistiese manier gebruik om die gemeente tot missionale roeping te begelei.

Hierby sê Wright (2010:23-24) God het ’n kerk vir sy missie. Die missio Dei kom nie vanuit die kerk nie, maar die kerk is gebore vanuit die missio Dei. Die kerk is dus geskep vir God se missie. Wanneer oor die missie van die kerk gepraat word, word verwys na die missionale doel waarvoor God die kerk geroep het. Nel (2015:92) skryf: “such a congregation could indeed exist, but actually it has denied and lost its identity as the church of Christ”.

God openbaar oral in Sy Woord die normatiewe van kerkwees. Kosbare wesenskenmerke van die missionale ekklesiologie is oral in die Bybel te vinde; veral die Nuwe Testament het so ’n fokus. Ons het ook reeds in hierdie hoofstuk hieraan aandag gegee. Vir die doel van hierdie studie wys die navorser nou kortliks op Openbaring 2-3 se missionale ekklesiologie, die teologiese perspektiewe en missionale merkers wat dit na vore gebring het. Volgens Burger (2020:96-170) skryf Johannes, na sy openbaring op die eiland Patmos, aan sewe gemeentes in Klein-Asië briewe om hulle missionale roeping in konteks te verduidelik. Elke gemeente het eie unieke uitdagings wat hulle verlei om hulle missionale roeping te verloor.

Burger (2020: 98) sê byvoorbeeld dat die gemeente Efese (Op 2:1-7) weer sal moet terugkeer na hulle eerste liefde. Hulle het so hard geveg vir die waarheid, maar die liefde verloor. As 'n gemeente die liefde verloor, verloor hy sy missionale drif en visie.

Die brief aan die gemeente in Smirna (Op 2: 8-11) help die gemeente met hulle missionale roeping deur hulle bewus te maak van die feit dat lyding en teenspoed deel is van die kerk se lewe. Burger (2020:112) sê die Westerse kerk het 'n totale onvermoë ontwikkel om te ly. As die gelowige doodbang is vir lyding en met die verwagting leef dat lyding eintlik nie deel is van die kerk se missionale roeping nie, sal die gelowige missionale fokus verloor.

Johannes se derde brief is aan die gemeente in Pergamum (Op 2:12-17). Die stad Pergamum was vir lank die vernaamste godsdienssentrum in Klein-Asië. Daar was baie gode en tempels om die afgode te aanbid. Hulle was 'n gemeente wat hul missionale roeping getrou na buite uitgeleef het – ten spyte van baie kwaai druk (Burger, 2020:118).

Die gemeente in Tiatira (Op 2:18-29) se brief bring missionale fokus deur te praat oor die verleidingskrag van geld en aardse besitting. Johannes waarsku hulle dat onbeteuelde begeertes hulle missionale fokus gaan verdof. Volgens Burger (2020:137) moet hulle bloot vashou aan hulle missionale roeping.

In Openbaring 3:1-6 lees ons die brief aan die gemeente in Sardis. Hulle moet leer dat 'n rustige en doodgewone lewe nie altyd voordelig is vir 'n gemeente se missionale fokus nie. Dit kan veroorsaak dat die gemeente hulle broodnodige geesdrif vir missionale ekklesiologie verloor. Volgens Burger (2020:141) het die gemeente te gewoon geraak aan die missionale ekklesiologie en daarom hulle passie en vuur daarvoor verloor. Daarom is die Here se raad aan die gemeente om wakker te word en weer hulle missionale roeping duidelik te erken.

Filadelfia (Op 3:7-13) was 'n gemeente wat te midde van moeilike omstandighede baie toegewyd aan hulle missionale roeping gebly het (Burger, 2020:149). Hulle omstandighede was uitdagend, maar hulle het nooit hulle missionale visie of roeping verloor nie. Die vakante gemeente kan byvoorbeeld, te midde van hulle uitdagende tyd, hoop hieruit put.

Laastens is daar die brief aan Laodisea (Op 3:14-22). Volgens Burger (2020:159) het hierdie gemeente so ver van hulle missionale roeping afgedwaal dat hulle vir God verwerplik geraak het, maar alles is ook nie vir hulle verlore nie, want Christus kan hulle weer nuut en bruikbaar maak. Hoe? Hulle moet hulle missionale roeping herontdek. Dit is die doelstelling van brugbediening.

Hierdie is kosbare inhoud ten opsigte van 'n Skriftuurlike besinning van missionale roeping. Dit is prakties in die lewe van geloofsgemeenskappe, soos die vakante gemeente wat deur brugbediening bedien en gedien word en is 'n bevestiging van die noodsaaklikheid van 'n normatiewe studie soos hierdie. Die missionale ekklesiologiese kenmerke, soos in Openbaring se sewe gemeentes, is kosbaar vir brugbediening se suksesvolle bediening en diens.

Die kerk leef nou in 'n tyd waar dit uiters noodsaaklik is om die kerk se missio Dei en ekklesiologie met mekaar te versoen. Dit is 'n verdere bewys van die noodsaaklikheid van brugbediening, aangesien dit brugbediening se missie is om gemeentes te begelei tot 'n missio Dei. Hy beskryf dit soos volg: "The church is / The church does what it is / The church organizes what it does"(Van Gelder, 2007:27-28).

Hendriks (2004:105-106) skryf dat gemeentes in hierdie soeke, hulself konstant die volgende vrae moet afvra:

- Wie is ons?
- Waarheen is ons op pad?

Pillay (2017:42) vra op sy beurt vier vrae wat op sigself missionale merkers is:

- Wat is die konteks?
- Wat doen God reeds in hierdie gemeenskap?
- Waartoe roep God ons?
- Wat kan ons doen om ons Goddelike roeping in hierdie konteks uit te leef?

Hierdie vrae van Pillay (2017:42) en Hendriks (2004:105-106) moet deur die brugproses aan die vakante gemeente gevra word. Antwoorde uit die Bybel sal die gemeente in staat stel om hulle missionale roeping te herontdek. Soos gesien uit Burger (2020) se werk, is antwoorde geanker in God se normatiewe woord onontbeerlik vir die vakante gemeente se terugkeer van hulle missionale roeping.

Dit gaan nie soseer oor die behoud van die kerk as sodanig nie. Dit is eerder 'n hernude ontdekking en fokus op die kerk se deel-wees van die missio Dei, 'n herontdekking van die missionale fokus, die wesenskenmerk van brugbediening. Nel (2015:36-37) se gevolgtrekking hieroor is dat 'n "revitalization, reformation, refounding" moet plaasvind: Nie 'n wedergeboorte van die kerk as instituut in die eerste plek nie, maar 'n hergeboorte van elke individuele lidmaat. Volgens Nel (2015:36-37) is die lidmate geestelik dood en daarom het die kerk die missionale

fokus verloor. Gemeentes wat dié fokus verloor het kan nie maar net vernuwe word nie, want hul aandag is bloot op lidmaatskap toegespits. Easum (2007:vii, 3) sê “revitalization is not the answer” bied verdere missionale merkers wat vir die brugbediening normatief is:

God’s people are people who:

- know the story they are part of;
- care for creation;
- are a blessing to the nations;
- walk in God’s way;
- are redeemed for redemptive living;
- represent God to the world;
- attract others to God;
- know the one living God and saviour;
- bear witness to the living God;
- proclaim the Gospel of Christ;
- send and are sent;
- live and work in the public square;
- praise and pray (Wright, 2010:29-30, 35, 48, 63, 82, 96, 114, 128, 149, 151, 163, 179, 201, 222, 224).

Nel (2015:49) benadruk dieselfde:

The issue at stake is that the concept building up the local church wants to be understood as a concept of understanding and finding identity. In accountability towards God and in a responsible encounter with Scripture and culture this identity should be rediscovered and understood – continually.

Nel (2015:49) bedoel met identiteit ook die gemeente se missionale roeping.

Niemandt (2013:80) maak ’n duidelike punt: Die kerk sal moet leer om anders na die wêreld te kyk – met die hermeneutiek van God se liefde (missionale merker). Bosch (1991: 32) breek die hermeneutiek van liefde groter oop wanneer hy beklemtoon dat die missionale kerk teen alles wat boos is, moet veg.

What if we looked at our world ... with pity and not blame? What if we heard God’s call to evangelise out of love instead of fear, hope instead of judgement? What if we saw sin for the complex mixture it is, grounded in wounds and unmet needs?

What if we automatically tried to see the “total fact” of others? In short, what would it mean to read our world with a hermeneutic of love (Heath, 2008:119).

Nel (2015:50) sê Guder (2000) se beskrywing hiervan is duidelik in die titel van sy 2000 publikasie: “*The continuing conversion of the church*”. Malphurs (2011:9) haal Pieter Wagner aan: “It is the difference between having babies and trying to raise the dead ... Struggling, established churches are steeped in complacency and the status quo and thus tend strongly to resist needed change.”

Die *goeie-ou-dae sindroom* is nog een van die redes waarom gemeentes hulle missionale fokus verloor (Nel, 2015:55-56), waarom vakante gemeentes vasgeloop raak. Sulke gemeentes fokus op instandhouding. Hand aan hand hiermee loop die dominees-kerk, waarin die predikant se gewoontes en behoeftes (of die gebrek daaraan) die sentrale fokus word. Nel (2015:97) beskryf die missionale kerk as een wat: “exists as a community created by the Spirit that is missionary by nature in being called and sent to participate in God’s mission in the world”.

Burger (2017:279-287) lei ons om na te dink oor die gesprek wat daar tussen missiologie en ekklesiologie behoort te wees. Soos reeds hierbo aangedui, is dit ’n belangrike gesprek vir die pad vorentoe en boonop ’n belangrike gesprek vir die verstaan van brugbediening. Hy wys daarop dat daar wel in die verlede ’n soortgelyke gesprek tussen missiologie en ekklesiologie was, maar betoog dat hierdie bespreking nog radikaal uitgebrei moet word.

Die missionale beweging word op ten minste twee vlakke gefrustreer as die genoemde gesprek nie sinvol gevoer word nie:

- (i) ’n Missionale beweging eindig noodwendig iewers met die vraag na struktuur en vorm. Wanneer hierdie vraag nie bevredigend beantwoord word nie, het dit dikwels ’n onsuksesvolle missionale uitreik tot gevolg.
- (ii) Aan die ander kant word ’n missionale beweging gesmoor waar daar ’n rigiede klem op struktuur en vorm is. In hierdie geval ondersteun die struktuur of vorm nie die dinamika van die missionale beweging nie.

Berkhof (1981:54) bevestig: “(e)cclesiology still suffers from a high degree of abstractness. The church discussed in ecclesiology often seems to have little to do with the church in which we exist and which we form.”

Volgens Placher (2007:85) begin sommige navorsers met hierdie gesprek, maar hulle voer dit nooit enduit nie. Gunton (1997:60) het ook die meewerking tussen teologie, missiologie en ekklesiologie bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom dat 'n gebrek aan sinvolle meewerking tot gevolg het dat die vroeë kerk nooit die ekklesiologiese praktyk vanaf geloof in die drie-enige God deurgevoer het nie. As hierdie gesprek gebrekkig in brugbediening hanteer word, sal die doel van brugbediening nie bereik word nie. Dit is Burger (2017:281) wat aantoon dat die groei van die missionale beweging na die globale Ooste en Suide navorsers gedwing het om weer dringend aandag te gee aan die meewerking tussen missiologie en ekklesiologie.

Burger (2017:281-287) gee 'n oorsig van die teologiese gesprek tussen missiologie en ekklesiologie. Hierdie gesprek bring ons by 'n missiologiese roeping, wat die einddoel van brugbediening is. Die inhoud van hierdie literatuurstudie gee 'n teologiese perspektief wat normatief is, dit is dus belangrik vir die studie oor brugbediening. Hy voer hierdie gesprek onder die volgende opskrifte:

- 4.4.3.1 Die onverwagse draai na 'n gemeentefokus
- 4.4.3.2 Ekklesiologie en sosiologie
- 4.4.3.3 Vernuwings van bestaande gemeentes
- 4.4.3.4 Vorming van nuwe gemeentes
- 4.4.3.5 Sistematiese teologie en ekklesiologie
- 4.4.3.6 Missionale studie en ekklesiologie

4.4.1.3.1 Die onverwagse draai na 'n gemeentefokus

Gedurende die laaste vier tot vyf dekades is daar 'n onverwagse nuwe belangstelling in kerke en gemeentes, veral die wyse waarop hulle funksioneer (Burger, 2017: 281-282). Dit is die navorser se oortuiging dat hierdie nuwe belangstelling aan die hart van brugbediening lê. Tot en met die 1960's is die bestaan van gemeentes nie werklik bestudeer en nagevors nie. Navorsing oor die groei of agteruitgang van hoofstroomkerke in die eerste wêreld het in die vroeë 70's in alle erns begin. Daarmee saam groei die gedagte dat daar nie eerlik gepraat kan word oor missionale bediening en diens sonder dat daar ook gepraat word oor die kerk en sy gemeentes nie. Dit is as gevolg van 'n missionale roeping wat nie duidelik sigbaar is nie, met ander woorde gemeentes se missionale roeping het verdof.

4.4.1.3.2 Ekklesiologie en sosiologie

Die sosiologie het navorsers gehelp met die verstaan van konteks en kontekstualisering. Die missio Dei bestaan nie sonder konteks nie, maar is 'n kosbare teologiese perspektief met die

oog op brugbediening. Die gemeentes en kerk vorm 'n bepaalde konteks. Missiologie en ekklesiologie vorm 'n netwerk van verstaan saam met ander studieterreine, met ander woorde sosiologie bring 'n meer holistiese benadering.

4.4.1.3.3 Vernuwning van bestaande gemeentes

Die bydrae ten opsigte van die vernuwning (hernuwning) van ou en bestaande gemeentes is belangrik. Hierdie vernuwning dra op 'n besondere manier by tot die meewerking tussen missiologie en ekklesiologie. Die meeste van die navorsers se werke oor ekklesiologie is nie holisties van aard nie, maar fokus eerder op spesifieke aspekte van die kerk en kerkwees. Die meeste van hierdie werk word gemotiveer en gedryf deur missionale vrae of teologiese perspektiewe, wat vir die brugbediening belangrik is (Burger, 2017:283-284).

4.4.1.3.4 Vorming van nuwe gemeentes

Brugbediening kan uitloop op die vorming van nuwe gemeentes. Hierdie missionale beweging het stadig uit die kinderskoene gekom (Burger, 2017: 284). Tog het hierdie beweging mettertyd goeie momentum gekry en groei nuwe klein "gemeentes" reg oor die eerste wêreld. Aanvanklik was hierdie beweging bloot gekoppel aan Pinkster- en charismatiese bewegings. Hierdie situasie het oor die laaste dekade drasties verander (Moynagh, 2012:x-xv). Dit het in die Verenigde Koninkryk, met die Church Planting Movement begin. Die Church Planting Movement was weer gekoppel aan die DAWN strategie. Hierdie eerste missionale beweging is opgevolg deur 'n tweede beweging, die Emerging Church Movement onder leiding van Brian McLaren. Gedurende 2004 ontstaan daar 'n derde missionale beweging in Engeland. Hierdie nuwe beweging staan bekend as die Fresh Expressions Movement. Hulle visie word netjies in die publikasie, *Mission-shaped church*, uiteengesit. Hierdie missionale beweging het nou ook oorgespoel na Suid-Afrika (Burger, 2017:285).

4.4.1.3.5 Sistematiese teologie en ekklesiologie

Dit is bykans onmoontlik om direkte lyne en navorsing tussen Sistematiese teologie (Bybelse teologie) aan die een kant en ekklesiologie aan die ander kant te trek (Burger, 2017: 285). Dit het direk te make met ons verstaan van God en die impak wat dit op ons konteks het.

We have been living long enough with this discrepancy between a Trinitarian faith we confess verbally and a congregational life fashioned not by our relationship with the triune God, but by the man-made rules and conventions of the institutions and corporations that surround us. That is not enough. One step up would be not

to search for a biblical principles and norms, but a church living in communion with the triune God of the Scripture (Burger, 2017: 287).

Burger (2017:288) waarsku dat ons nie die betekenis en krag van die kerk as God se kinders moet onderskat nie. Die kerk is die liggaam van God, gered en toegerus deur Jesus Christus en geskep deur die Heilige Gees. Die kerk is na die beeld van God geskep. Daarom behoort die kerk weg te beweeg van die oorheersende invloed wat die sekulêre wêreld op die denke en vorming vir kerkwees het. Daarom, "...being the people of God, the body of Christ and the community of the Spirit could be something very different ..." (Burger, 2017:288). Dit is die Bybelse narratief wat die kerk uitnoui om deel te neem aan die missio Dei (Gorman, 2015:1403-1430).

Daar bestaan vier deurslaggewende temas in hierdie debat oor sistematiese (Bybelse) teologie en ekklesiologie (Burger, 2017:288-289):

- God is 'n lewende God wat werklik bestaan. Hy is nie net aktief in die natuur nie. Hy was, is en sal altyd aktief deel wees van die geskiedenis. Daarom word die kerk, in die Heilige Gees, genooi om deel te wees van God se betrokkenheid in die geskiedenis.
- God is 'n persoonlike God wat ons liefhet. Hy reik uit na ons en nooi ons om in 'n persoonlike verhouding met Hom te leef. Migliore (2004:76) formuleer: "(T)o confess that God is Triune is to affirm that the eternal life of God is personal life in relationship." Sistematiese teologie help die ekklesiologie om hierdie relasionele gegewe nie af te water of te ignoreer nie. Waar dit gebeur is kerkwees niks anders as die gehoorsame nakom van godsdienstige reëls nie. Relasionele ekklesiologie is geanker in 'n diep en ware verhouding met die ware God.
- 'n Trinitariese teologie beklemtoon die belangrikheid van koinonia. Koinonia was 'n deurslaggewende deel van Jesus Christus se lewe op aarde. Daarom behoort 'n missionale ekklesiologie dit geensins gering te ag nie. Dit is veral belangrik om dit te beklemtoon in 'n tydsges wat deur individualisme gekenmerk word. Koinonia moet binne die kerk en plaaslike gemeente voelbaar wees, maar ook tussen gemeentes en kerke. Hierdie koinonia moet ook sigbaar wees tussen die kerk en die wêreld.
- 'n Trinitariese teologie herontdek en lê klem op die missio Dei. Die verkondiging van die ware God is nie in die eerste plek 'n inisiatief van die kerk nie, dit is 'n belangrike

opdrag van God. God is deur die kerk lief vir die wêreld en al sy mense. Daarom sal nadenke oor kerkwees altyd begin met nadenke oor God. Die kerk mag nie anders as om na God in sy volheid te luister nie:

- God die skepper en onderhouer,
- God in Jesus met liefde en regverdigheid op aarde,
- God wat vir die mens se sonde gely, gekruisig is en gesterf het,
- God wat opgestaan het en so die dood oorwin het,
- God wat opgevaar het na die hemele en
- God wat in die Heilige Gees met ons is.

4.4.1.3.6 Missionale studie en ekklesiologie

Brugbediening se primêre fokus is nie ekklesiologie nie, maar missiologie. Burger (2017:287) bevestig dit as hy bevind dat missiologie se primêre fokus nie die ekklesiologie is nie, maar min wat aan beide kante nagevors word het nie te make met mekaar nie (Burger, 2017:287). Om missionaal te dink bring jou in die sentrum van die sistematiese teologie en hoe dit afspeel in die wêreld - dit is die hartklop van ekklesiologie.

4.4.1.4 Missionale uitdagings vir die toekoms

Dit is van die uiterste belang dat brugbediening kennis sal neem van die missionale uitdagings wat daar vir die toekoms voorlê. Marais (2017:73-76) beskryf drie van die genoemde uitdagings wat brugbediening ten goede kan wees:

- 4.4.1.4.1 Missionaal is 'n unieke uitdaging in die post-Christendom.
- 4.4.1.4.2 Demografiese skuiwe bring geleenthede vir nuwe missionale gemeenskappe.
- 4.4.1.4.3 Die uitdaging van geloofsonderskeiding.

4.4.1.4.1 Missionaal is 'n unieke uitdaging in die post-Christendom

Hoofstuk een van hierdie studie het reeds die post-Christendom uitdagings vir brugbediening aangedui. Hier word dit kortliks genoem in die vorm van 'n lys missionale uitdagings wat ook vir brugbediening van belang is. Alhoewel die uitdagings groot is, voorspel dit nie noodwendig die einde van die kerk nie. Dit voorspel bloot die einde van die kerk se fokus op mag, rykdom en eiendom (Guder, 2017:233). Die missionale golf spoel met dramatiese gevolge oor die kerk. Dit is baie duidelik in kleiner wordende gemeentes en meer gemeentes wat finansiëel

sukkel om te oorleef. Tog glo die missionale beweging dat dit bloot die geboorte van 'n nuwe era gaan wees.

Vir Guder (2017:228) word missionale aksie gestimuleer deur transformasie van ons missionale denke en missionale dade:

- Rigorous engagement with the earthly ministry of Jesus as formative of the discipleship that leads to apostolate
- Rigorous engagement with the emphasis upon living/walking worthy of our calling in the Pauline literature
- Focussed study and interpretation of the imperatives in the New Testament Scriptures that define the formation of faithful witnessing communities
- Reading the Old Testament Scriptures as foundation of God's people for his service
- Identifying in the history of Christendom resources for missional change and practice that are relevant to our changing context
- Addressing the absence of mission in Christendom's ecclesiologies
- Confronting the cultural captivities and compromises which mark the entire course of Christendom's history, together with important reactions and challenges, for example the monastic movement, revival movements, etcetera, and
- Overcoming the problematic silos in the theological scholarship and formation, evidenced especially in the distinction between ecclesiology and practical theology.

4.4.1.4.2 Demografiese skuiwe bring geleenthede vir nuwe missionale gemeenskappe

Dit het 'n impak op die kerkgemeenskap soos ons dit geken het. Die tipiese instandhoudingsmodel vir die ou en bekende beeld van 'n plaaslike gemeente, skep ruimte en gemeenskap vir nuwe Geesvervulde en Geesgestuurde gemeentes. Hierdie nuwe Geesvervulde en Geesgestuurde gemeentes ontwikkel noodwendig uit 'n goed gefasiliteerde brugproses.

4.4.1.4.3 Die uitdaging van geloofsonderskeiding

Cordier (2014:68) identifiseer geloofsonderskeiding as 'n sleutelkenmerk van missionale leierskap. Missionale leierskap is in hoofstuk twee van hierdie studie breedvoerig beskryf en daarom word dit hier kortliks hanteer. Marais (2017:76) sê: "That was the start of my own journey in not knowing, waiting on the Spirit in silence and solitude, spending time in discerning prayer and reading the Bible formatively, among other discerning practices."

Dreier (2013:4) en Guder (2017:226) se opmerkings ondersteun die gedagtes van Marais (2017:76). Hulle bevestig dat missionale kerkwees berus op 'n belofde ingrype van die Heilige Gees. Die missionale kerk is geroep, toegerus en gestuur deur die Heilige Gees na die stukkende wêreld. Ook Cray (2017:414) waarsku: "... rather than settle into a merely pastoral or attractional model, it will need to maintain its attentiveness to the action of the Holy Spirit in its locality".

Vroeër reeds het Torrance (1996:ix) nie meer net klem gelê op die werk van die Heilige Gees in geloofsonderskeiding nie, hy beskou dit as 'n Trinitariese gawe van God Drie-enig. Daarom sê hy die missie van die kerk is die gawe om deel te neem aan die missio Dei deur die Heilige Gees, in die Seun van God en van die Vader.

Volgens Sunquist (2013:239) behoort ons verstaan van die Heilige Gees ons te leer om intensioneel te wag op die Heilige Gees, intensioneel te luister na die Heilige Gees en intensioneel te reageer op die Heilige Gees. Die wag op en luister na die Heilige Gees is dus nie 'n passiewe handeling nie. Dit is intensioneel, gerig, gefokus op die stem van die Heilige Gees. Cray (2017:408-409) sê die fokus op die Heilige Gees (of selfs 'n Trinitariese fokus) beteken nie dat daar nie in geloofsonderskeiding ook gewag, geluister en gereageer moet word op die studie van die heilige Skrif, die geskiedenis van die kerk, die tradisies van die kerk of gemeente of denominasie nie.

Verder voeg hy by dat geloofsonderskeiding ook nie bloot net 'n reaksie op die verlede moet wees nie. Vir hom is geloofsonderskeiding vanuit die verlede, deur die hede op pad saam met God na die toekoms; God se toekoms.

The church itself must continually undergo the process of discerning the spirits and of distinguishing what is essential and what is peripheral to Christian belief and practice, as the early church did. They must continually discern how the universal promise in Jesus might best be enacted in each particular context (Malcolm, 2013:65).

Daar is geen kortpaaie nie. Geloofsonderskeiding is nie 'n kitsoplossing vir die kerk nie Cray (2017:409). Dit is 'n tyd om die pas stadiger te maak. Wanneer 'n geloofsgemeenskap nie doelbewus fokus om na die wil van God te luister nie, mag dit gebeur dat hulle bloot 'n ander "suksesvolle" geloofsgemeenskap probeer naboots eerder as om na God se wil vir hulle geloofsgemeenskap in hulle konteks te luister. Nabootsing gebeur daar waar 'n geloofsgemeenskap 'n suksesvolle geloofsgemeenskap naboots sonder om kennis te neem van die konteksverskille. Hierdie luisterproses is nie bloot 'n beginpunt vir missionale roeping nie, dit is die fondasie waarop missionale gehoorsaamheid gebou word (Cray, 2017:413). Daarteenoor behoort die geloofsgemeenskap te luister na die wil van God in hulle eie konteks. Dit is hoe geloofsgemeenskappe getrou bly aan hulle missionale roeping. "The church is missionary by its very nature, and it becomes missionary by attending to each and every context in which it finds itself (Bevans and Schroeder, 2004:2).

Hierdie is 'n proses wat nooit eindig nie (Dreier, 2013:12). Geloofsonderskeiding is dus 'n proses en in hierdie proses is dit wesenlik belangrik om te kan onderskei waar en hoe God in die wêreld aan die werk is (Van der Merwe, 2014:11).

Geloofsonderskeiding beteken rentmeesterskap van die evangelie (Woord van God / Skrif). Dit, tesame met die vermoë om die konteks van die evangelie te verstaan en rentmeesterskap om dit weer in eie konteks te interpreteer (Cray, 2017:410). Hy verwys hier na die Skrif:

⁸ Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld (Handelinge 1:8).

¹⁶ Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: ¹⁷ "Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. ¹⁸ Ja, op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree (Hand 2:16-18).

⁶ Die gelowiges het hulle voor die apostels gebring, en dié het vir hulle gebid en hulle die hande opgelê. ⁷ Die woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem. Selfs 'n groot aantal priesters het gelowig geword (Hand 6: 6-7).

Johnson (2011:71) skryf oor hierdie tekste en sê ons leer daaruit dat 'n geloofsgemeenskap wat waarlik deur die Heilige Gees gelei word, 'n geloofsgemeenskap is wat in die rigting van

die missio Dei beweeg. So 'n geloofsgemeenskap moet nie verras wees deur die rigting waarin die Heilige Gees hulle lei nie. Die Heilige Gees se leiding is nie voorspelbaar nie.

Die kerk is deur God geroep en uitgestuur, daarom neem die kerk bloot deel as God se missie in die wêreld. Dit is die kerk se verantwoordelikheid om deur die pad van geloofsonderskeiding, by God se missie aan te sluit soos dit in die wêreld gebeur (Van Gelder, 2007:59-61).

Geloofsonderskeiding is slegs moontlik as die regte vrae opreg en eerlik gevra word. Daar word by God gesoek na die antwoorde op hierdie vrae en die huidige konteks word onder leiding van die Heilige Gees in berekening gebring. Hy sê die vrae wat gevra behoort te word is (Pinnock, 1966:145):

- Waarheen is God besig om te lei?
- Is dit God se missio Dei?
- Is die Heilige Gees die middelpunt van hierdie missio Dei?

Kitchens (2003:38-40) het reeds vroeër vier bruikbare riglyne vir die proses van onderskeiding aangebied:

- Die eerste riglyn is: bid vir die leiding van die Heilige Gees. As jy bid vir leiding van die Heilige Gees, moet jy ook glo dat jy dit van God sal ontvang. Hierdie eerste riglyn is vir gelowiges voor die hand liggend, maar nie vanselfsprekend nie.
- Die tweede riglyn: 'n nuwe vorm van gemeentelike lewe mag ontdek word. Hierdie nuwe ontdekking mag nie strydig wees met die Christelike tradisie van Jesus se bediening, dood en opstanding nie.
- Die derde riglyn: ampsdraers en nie-ampsdraers luister almal na die stem van die Heilige Gees, sodoende kan die twee groepe by mekaar leer.
- Die vierde riglyn: die kerk se proses van onderskeiding dra die vrugte van die Gees (Gal. 5:22).

Geloofsonderskeiding, met 'n fokus op die konteks, het verskillende vlakke (McMillan, 2014:112). Op 'n direkte vlak luister die geloofsgemeenskap na God se wil deur gebed, Bybelstudie, ens. Op die indirekte vlak luister die geloofsgemeenskap na God se wil deur te luister na ander mede-gelowiges, maar ook te luister na die stem van die gemeenskap. Geloofsonderskeiding begin waar 'n netwerk van mense mekaar ontmoet en luister na mekaar se "stories". Dunn (1998:321) beklemtoon dat dié proses van geloofsonderskeiding 'n

korporatiewe, maar ook individuele luister na die wil van God is. Dié luister het ten doel om behoeftes, geleenthede en beskikbare gawes te identifiseer.

Dit is volgens Taylor (1972:65,70) baie belangrik om ontvanklik te wees vir 'n Goddelike openbaring wat deur mense, die konteks of die Woord van God kan kom. Dit moet dan opgevolg word deur 'n dapper wil om te volg (Warnes, 2014:139).

Die navorser sluit hierdie gedeelte af met twee bruikbare definisies, wat geloofsonderskeiding omvattend beskryf:

Discernment assumes the reality of God's action and work in our world and our surroundings. It is a process whereby our eyes and minds are opened to see where and how God is really at work in our context and to hear Him calling us to follow Him (Burger, 2017:254).

Geloofsonderskeiding is 'n hermeneutiese proses waarin ons van God 'n bril (verbeelding) ontvang waarmee ons na die komplekse en gefragmenteerde lewe kan kyk en luister en in dit alles 'n helder beeld sien van God se toekoms vir ons, die koninkryk, wat ons so in beslag neem dat dit ons roep om daaraan deel te neem (Marais, 2018:8).

4.5 Slotopmerkings van die normatiewe studie

Alle teologiese perspektiewe behoort missionaal te wees, gefokus op dit waarmee God Drie-enig in die wêreld besig is (Tyra, 2013:25). Die missionale gerigtheid is nie bloot iets waarvan ons soms in die Bybel lees nie. Die missionale is die wese van die kerk. 'n Bybels-gefundeerde teologie, wat die wese van die kerk in die wêreld beskryf (Wright, 2006:22).

As dit die kerk se bestaansdoel is om deel te neem aan waar en waarmee God in sy wêreld besig is, eerder as dat die kerk bloot daarna strewende om in eie institusionele behoeftes te voorsien, behoort die doel van die teologie te wees om die lidmate van die kerk – korporatief sowel as individueel – te bemagtig om inderdaad God se mense te wees, dit is getroue getuies van Christus en sy koninkryk in hulle huise, woonbuurte, werkplekke en in die gemeenskap as geheel (Van der Merwe, 2014:10).

Die kerk se teoloë (brugpredikante) moet so met die Bybel omgaan dat die Heilige Gees hulle lewe vir die evangelie rekontekstualiseer. Tyra (2013:27) stel dit so: "That will be compelling

to their generation given its specific modes of intellection and expression, as well as the particular existential and religious questions it ponders.”

Ten slotte kan gesê word dat die hoofstroomkerke se uitdagings nie 'n oorlewingskrisis is nie, maar veel eerder 'n uitdaging om roeping te verstaan. Hierdie nuwe roeping is nie te vinde in nuwe strategieë of nog meer programme nie, maar eerder in die herwinning van die kerk se teologiese identiteit (Van der Merwe, 2015:10). Peterson (2013:144) stel dit nog sterker as hy sê dit gaan daaroor om heropgeneem te word deur die Bybelse roeping wat God self aan die kerk gegee het as 'n Geesgeïnspireerde kerk. Jy is dus die kerk, so gaan wees die kerk. Daarom dat dit vir hom meer gaan oor herlewing as oorlewing: “... what might it look like for the mainline churches to be revived by the Spirit and live into a Spirit-breathed identity?”.

Vir Niemandt (2013:74) voel herontdekking en heropname nog nie sterk genoeg nie. Hy wil veel eerder praat van 'n ontwaking, aangesien dit die somtotaal van die manier waarop mense leef verander en ook die aard van godsdienstigheid vernuwe en verander. Reeds 30 jaar voor Peterson en Niemandt sê Watson (1983:18) dit is die plan van God vir die ganse wêreld.

Ten slotte is dit belangrik om ten minste kennis te neem van die vier fases waarin missionale gemeente-ontwikkeling plaasvind (Marais, 2017:66):

- discovery – building the capacity to listen.
- engagement – building the capacity to take risk.
- visioning – building the capacity to focus, and
- practice and growth – building the capacity to learn and grow.

Gittins (2008:69) haal Moeder Teresa van Avila soos volg aan en beskryf daarmee die missionale aard van 'n missionale gemeente:

Christ has no body now on earth but yours;
no hands but yours;
no feet but yours;
Yours are the eyes through which Christ's compassion is to look out into the world;
Yours are the feet with which He is to go about doing good;
Yours are the hands with which He is to bless us now.

Hierdie hoofstuk het gesoek na teologiese perspektiewe en missionale merkers wat die normatiewe hart van brugbediening vorm. Daarvoor is eksegetiese van verskillende tekste gedoen, 'n Pauliniese perspektief op brugbediening is ondersoek en 'n literatuurstudie van die International Consortium for Congregational Studies (ICCS) se Jaarvergadering in 2015 is gemaak.

HOOFSTUK VYF

HOE BEHOORT ONS OP 'n MISSIONALE FOKUS EN HOLISTIESE BENADERING TE REAGEER? (’n PRAGMATIESE STUDIE)

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk val die fokus op Osmer (2008:4) se vierde taak, genaamd die pragmatiese taak, wat ten doel het om die vraag “Hoe gaan ons hierop reageer?” te beantwoord. Volgens Osmer (2008:4-5) is die doel van hierdie taak: “Determining strategies of action that will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the “talk back” emerging when they are enacted.” Om die vierde navorsingsvraag “Hoe kan die brugproses aangebied word, sodat dit help met die herontdekking van ’n vakante gemeente se missionale roeping?” te beantwoord is daar gebruik gemaak van ’n metafoor (oogkundige proses) om te voldoen aan die vierde navorsingsdoelwit, “Om ’n holistiese benadering tot brugbediening saam te stel om ’n vakante gemeente te ondersteun en ’n missionale roeping te herontdek.”

In hoofstuk een het die navorser sy studie gemotiveer, nou in hoofstuk vyf word ’n moontlike oplossing vir die hipotese aangebied. Dié hipotese is dat brugbediening soms in gebreke bly om vakante gemeentes te begelei om hulle ware missionale roeping te herontdek. Volgens die navorser is dit omdat daar alleenlik van ’n enkelvoudige lens vir fasilitering gebruik gemaak word, byvoorbeeld slegs die Osmer se Prakties teologiese interpretasie-lens of slegs die lens van Nel se identiteit gedrewe gemeente-ontwikkeling of slegs die lens van IMN se vyf fokuspunte.

Vir die doel van hierdie studie word verwys na drie opleidingsinstansies en daarom drie lense wat deur brugpredikante in brugbediening gebruik word: (i) *Communitas* – Universiteit van Stellenbosch, (ii) Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie – Universiteit van Pretoria en (iii) Faculty of the Interim Ministry Network in die VSA. Brugopleiding by elkeen van hierdie instansies fokus op die gebruik van slegs een lens. *Communitas* gebruik Osmer se *Prakties Teologiese interpretasie* as lens en Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie gebruik slegs Nel se *Identiteit Gedrewe Gemeente-ontwikkeling* as lens. Alhoewel daar oor die jare ontwikkeling van die Interim Ministry Network se lens was, gebruik hulle slegs die *Vyf Fokuspunte* as lens.

Dit veroorsaak dat die fasiliteerder bloot 'n enkelvoudige visie op die fasilitering van die vakante gemeente se konteks het en dat die missionale roeping as gevolg hiervan verdof. Deur van slegs een lens gebruik te maak ignoreer die brugbediening die spesifieke vakante gemeente se konteks. 'n Enkelvoudige lens fokus op 'n spesifieke konteks en sal nie noodwendig suksesvol wees in 'n ander konteks nie. 'n Vasgeloopte gemeente sal byvoorbeeld meer baat by Nel se lens met die spesifieke verwysing na die fokus op motivering, ontvriesing en missieformulering. Om bloot Osmer se lens gefokus op die vraag "Waar kom ons vandaan?" te gebruik sal die vasgeloopte gemeente min baat.

Die navorser wil bydra en voorstel dat die *en* benadering eerder as die tot nou toe *of* benadering gevolg behoort te word. Die *en* benadering is wanneer daar oormekaar en deurmekaar gebruik gemaak word van al die lense tot die brugpredikant se beskikking en die *of* benadering is wanneer daar van slegs 'n enkelvoudige lens gebruik gemaak word. Die navorser is oortuig dat 'n deeglike kennis van, asook die holistiese aanwending van al drie lense die vakante gemeente doeltreffer sal begelei tot 'n herontdekking van hulle missionale roeping. Elke lens het sy beperkings en dit kan die spesifieke vakante gemeente se missionale roeping verdof. Die kundige gebruik van veelvoudige lense stel die vakante gemeente in staat om sy missionale roeping helderder te sien. Die navorser kom tot die slotsom dat die holistiese benadering tot veelvoudige lense juis die vakante gemeente sal ondersteun om hulle eiesoortige en unieke missionale roeping te herontdek. Hierdie missionale roeping is bepalend in die gemeente se voortbestaan en om 'n impak te maak in die konteks waarin die vakante gemeente hom bevind. 'n Holistiese benadering tot brugbediening kan die vakante gemeente begelei om 'n duidelike missionale roeping te herontdek, te ervaar en uit te leef.

Brugbediening in Noord Amerika, Europa en Suid-Afrika het nie sy ontstaan te danke aan 'n missionale fokus nie, maar aan demografiese en gepaardgaande finansiële werklikhede soos die kerk se dalende lidmaatgetalle en verlies aan inkomste. Dit plaas die studie met een been in die studieveld van die Praktiese Teologie (Praktiese-teologiese werklikhede). Aan die ander kan wil hierdie studie aantoon dat 'n holistiese benadering tot brugbediening die vakante gemeente kan begelei om hulle missionale roeping te herontdek. Dit plaas die studie se ander been in die studieveld van die Missiologie. Dit is die navorser se oortuiging dat hierdie studie met die hulp van Praktiese Teologie, 'n missionale fokus het.

Dié navorsing se deskriptiewe literatuurstudie (hoofstuk twee) het die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA en Suid-Afrika bestudeer. Dit het aangetoon dat die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA en Suid-Afrika onafhanklik en boonop

jare uitmekaar verloop het; nogtans is dalende lidmaatgetalle en verswakkende finansiële hulpbronne geïdentifiseer as die redes vir die ontstaan van brugbediening. Dit is die navorser se oortuiging dat die praktiese en demografiese werklikhede die fokus van brugbediening se opleiding en fasilitering noodwendig weg van die missionale roeping gelei het (verdof). Met die fokus op dalende lidmaatgetalle en verswakkende finansiële hulpbronne verval die vakante gemeente in 'n fokus op die instandhouding van die gemeente, na binne gerig en dus sonder missionale fokus.

Hierdie navorsing se interpreterende literatuurstudie (hoofstuk drie) beantwoord die vraag: Wat gebeur in brugbediening? Hier is fokus geplaas op die drie lense wat gebruik word vir die opleiding van brugpredikante. Dié drie lense is die fasiliterings prosesse van die drie opleidingsinstansies. 'n Vergelykende studie tussen die onderskeie lense het aangetoon dat daar ooreenkomste en verskille tussen die genoemde lense is. Die lense moet dus eerder oormekaar en deurmekaar gebruik word (die *en* benadering). Lense staan dan nie teenoor mekaar nie, maar vul mekaar eerder aan.

Dit is die navorser se oortuiging dat die normatiewe studie (hoofstuk vier) die uitkoms van enige brugproses moet bepaal om 'n antwoord te vind op die vraag: Wat behoort in die brugbediening te gebeur? Daarom is hy oortuig dat die holistiese gebruik van meervoudige lense juis die vakante gemeente kan begelei tot 'n duidelik beeld van die genoemde gemeente se missionale roeping.

In die pragmatiese studie (hoofstuk vyf) is die navorser se bydrae 'n metafoor (oogkundigeproses) wat die drie lense holisties aanwend ten einde 'n brugproses te fasiliteer wat die vakante gemeente sal help om 'n eie missionale roeping te herontdek. Die navorser het opleiding in al drie brugprosesse (lense) ontvang en is dus goed geposisioneer om 'n holistiese benadering aan te beveel.

Om hierdie holistiese benadering tot veelvoudige lense te verduidelik gebruik die navorser 'n metafoor: Dié van 'n oogkundige wat die unieke pasiënt deur middel van die phoropter begelei om die missionale oogkaart duideliker te sien.

5.2 Die gebruik van 'n metafoor

'n Besoek aan die oogkundige het die navorser gebring by hierdie metafoor. Die doel van die besoek aan die oogkundige was eerstens 'n oogtoets en hierdie toets moes help om lense te ontwikkel (bril te maak), wat hom sou help om beter te sien. Met dié bril, uniek aan sy eie oë se behoeftes, sou hy die Snellen-oogkaart van bo tot onder kon lees. Tydens die ondersoek

het die oogkundige 'n instrument gebruik – die phoropter. Die goedopgeleide oogkundige het met die hulp van 'n phoropter verskeie lense voor die navorser se oë geflits en op dié manier bepaal hoe sy eiesoortige multifokale lens moes lyk. Hierdie ervaring het hom laat besef die oogkundigeproses kan 'n gepaste metafoor vir brugbediening word.

Die navorser wil beklemtoon dat hy die proses van 'n oogkundige as 'n metafoor wil gebruik en nie bloot as 'n vergelyking nie. Volgens die Afrikaanse Taalkommissie (Die Afrikaanse Taalkommissie, 2015) is daar 'n verskil tussen “metafoor” en “vergelyking”. 'n Vergelyking word gebruik om twee sake of dinge van uiteenlopende aard op grond van 'n bepaalde ooreenkoms of bepaalde ooreenkomste met mekaar te vergelyk of gelyk te stel. Die navorser wil nie bloot die oogkundige proses en brugbediening met mekaar gelykstel of vergelyk nie. Vergelykings kan verder van 'n metafoor onderskei word in die verbindingskakels (“soos”, “nes” en “net soos”) wat dit gebruik.

Volgens die Afrikaanse Taalkommissie (Die Afrikaanse Taalkommissie, 2015) stel 'n metafoor groter eise aan 'n mens se verbeelding, dit is meer spontaan en dit het groter interpretasie moontlikhede. Dit is die bedoeling van die navorser dat die metafoor van die oogkundige proses sal help om met groter verbeelding na brugbediening te kyk. Die eie aard van die metafoor maak dat hierdie studie nie die einde van 'n ontdekkingsreis na die waarde van brugbediening is nie, maar 'n herhaalde oorbegyn.

Die navorsing gaan die oogkundige proses ontgin om meer van die brugproses te herontdek. Hy is deur Harvey (2015) gemotiveer wat brugpredikante in haar lesing tydens die 35th Annual Conference of the Interim Ministry Network begelei en aangemoedig het om die krag van 'n metafoor te gebruik wanneer daar oor brugbediening gepraat word. Die navorser se ervaring is dat vakante gemeentes makliker begelei word tot 'n missionale herontdekking wanneer hulle van 'n metafoor gebruik maak.

5.3 Toepassing van die metafoor

Die navorser het sy gedagtes oor die metafoor en brugbediening geformuleer vir 'n werkwinkel tydens die 36th Annual Conference of the Interim Ministry Network in Las Vegas, Nevada, VSA. Die tema vir die konferensie was *Leadership the Next Generation* en die tema van sy aanbieding was *Lens for Interim Leadership in the Next Generation*. Onder die opskrif *Using the Optical World* skryf Janse van Rensburg (2016) soos volg:

Using the optical world, the interim becomes the optometrist, the congregation becomes the patient, and the Divine Calling of the local parish becomes the

eyechart. Using the various lenses, the optician can develop prescription eyewear for the congregation to see their Divine Calling and be better equipped to define, develop, and deploy as a missional church.

Alvorens die metafoor van die oogkundige proses gebruik word om te help met brugbediening se pad vorentoe, gaan die navorser eers kortliks kyk na die brugproses. Hiervoor gebruik hy 'n YouTube-video van die Center for Congregational Health met die titel *Intentional Interim Ministry* (2015).

Volgens hierdie YouTube-video (2015) is 'n mens se lewe 'n reis met 'n begin en 'n einde. Tussenin gebeur die lewe. Dieselfde gebeur ook met 'n gemeente. Die gemeente word gestig en daar is gedurig mense wat kom en gaan. Dit is ook waar van predikante wat in die gemeente bedien en dien. Brugbediening is 'n kragtige proses wat vakante gemeentes help om in hierdie gebeure hulle identiteit (missionale roeping) te herontdek. Gemeentes word deur 'n proses begelei om gereed te wees vir die volgende normaal. Dit is belangrik om hierdie proses af te handel alvorens die nuwe predikant beroep word, sodoende sal die nuwe predikant gereed wees om by die gemeente se bedieningsplan in te val. Die huidige praktyk is dikwels dat die nuwe predikant begin, met 'n eie bedieningsplan wat ligjare verwyder is van die gemeente se eie missionale roeping en konteks. Dit bring spanning en konflik wat die gemeente se missionale groei verdof of selfs heeltemal uitdoof. Die uitdaging bly: Wat is God se missionale roeping vir hierdie vakante gemeente? Die gemeente word deur brugbediening begelei om die verlede agter te laat en 'n nuwe toekoms tegemoet te gaan.

Sparhawk (2009) se YouTube-video beskryf die oogkundige proses op so 'n manier dat dit kan dien as dié metafoor vir brugbediening. Die video begin met die oogkundige wat die phoropter gebruik om verskillende lense aan die pasiënt te wys. Twee verskillende lense word om die beurt vir die pasiënt gebruik en die vraag van die oogkundige is: Watter een help jou om beter te sien? Is dit die eerste lens? Of is dit die tweede lens? Of is dit 'n kombinasie van die eerste en tweede lens?

Volgens die webblad *Eyeglass Guide* (2020) word die phoropter soos volg beskryf:

A phoropter is an instrument used to test individual lenses on each eye during an exam. If, during an eye examination, your doctor has discovered a vision problem like nearsightedness, farsightedness, or astigmatism, it is likely that one of the next steps he'll take will involve a phoropter. A phoropter is a special machine used to switch multiple lenses in front of your eyes to correct your vision.

Dit is vir die gebruik van die metafoor belangrik om daarop te let dat hierdie proses tyd neem en dat die lense telkens herhaal word. Dit het die navorser daaraan laat dink hoe belangrik dit is dat die fasilitering van die brugproses in geleidelike fases en prosesse plaasvind. Vakante gemeentes moet tyd spandeer en seker maak die regte keuse word gemaak. Dit bepaal immers die eindproduk – die voorskrifbril (bedieningsplan) waarmee die gemeente die missionale roeping op die Snellen-oogkaart moet kan raaksien.

Sparhawk (2009) verduidelik dat die pasiënt soms nie die verskil kan sien tussen die eerste en tweede lens nie. Dit is eintlik goed, want dit beteken die regte lens vir daardie unieke pasiënt is gevind. Die lense van brugbediening is reeds breedvoerig in hierdie navorsing aangespreek; sien hoofstuk drie. Die onderskeie lense behoort oormekaar en deurmekaar deur die kundige brugpredikant in 'n brugproses van fasilitering vir die gemeente aangebied te word totdat die vakante gemeente sy missionale roeping herken. Indien al die lense gebruik word en nie net die lense van een spesifieke opleidingsinstansie nie, is daar 'n beter kans dat die unieke vakante gemeente helder sal kan sien. Dit is waarna die navorser verwys wanneer die holistiese gebruik van lense vir brugbediening ter sprake kom en dit is dus deel van die navorser se unieke bydrae.

Om saam te vat ontgin die metafoor van 'n oogkundige die verstaan van die holistiese benadering tot brugbediening. Wanneer hierdie metafoor gebruik word is die volgende moontlik: Die doel van die oogkundigeproses (Sparhawk, 2009) is om 'n voorskrifbril (bedieningsplan) vir die unieke pasiënt (vakante gemeente) te maak. Hierdie voorskrifbril sal bestaan uit multifokale lense wat nommerpas vir die unieke pasiënt ontwikkel is. Dit is 'n unieke pasiënt, want elkeen se oë verskil. Dit is 'n unieke vakante gemeente, want elkeen se konteks verskil. Dit het die navorser laat dink aan 'n brugpredikant wat al die lense tot sy beskikking gebruik om vir die unieke vakante gemeente 'n voorskrifbril te maak ('n bedieningsplan, visie en missie te ontwikkel) wat sal help om die Snellen-oogkaart (missionale roeping) duidelik sigbaar te maak. Die studie gaan nou voort met die dinamiese interpretering van die oogkundige proses ten einde die holistiese gebruik van meervoudige lense te verduidelik.

5.3.1 Brugpredikant (Oogkundige)

Met die gebruik van dié metafoor word die brugpredikant die oogkundige. Om die metafoor ten volle te kan benut moet daar eerstens kennis geneem word van die eie aard en karakter van die oogkundige en dit dan verbeeldingryk op die brugpredikant van toepassing maak.

Die webblad van die American Association for Pediatric Ophthalmology and Strabismus (AAPOS) beskryf 'n oogkundige as 'n spesialis persoon wat pasiënte help met die proses om hulle sig te verbeter. Die beskrywing van die kundigheid en spesialisopleiding van die oogkundige het die navorser laat dink aan die noodsaaklike kundigheid en spesialisopleiding vir die brugpredikant. Die volgende aanhaling bevestig die fokus op kundigheid en spesialisopleiding:

Optometrists are healthcare professionals who provide primary vision care ranging from sight testing and correction to the diagnosis, treatment, and management of vision changes. An optometrist is not a medical doctor. An optometrist receives a doctor of optometry (OD) degree after completing four years of optometry school, preceded by three years or more years of college. They are licensed to practice optometry, which primarily involves performing eye exams and vision tests, prescribing and dispensing corrective lenses, detecting certain eye abnormalities, and prescribing medications for certain eye diseases (American Association for Pediatric Ophthalmology and Strabismus, 2020).

Die brugpredikant moet 'n kundige en opgeleide spesialis wees wat prosesse gebruik om die vakante gemeente te begelei tot 'n missionale herontdekking. In hoofstuk twee (2.2.1) van hierdie studie verduidelik Gripe (1997:19-21) breedvoerig die kenmerke van 'n kundige en opgeleide spesialis brugpredikant.

Die brugpredikant is 'n kundige en opgeleide spesialis toegerus, gefokus en ervare in die fasilitering van vakante gemeentes (Gripe, 1997:1-10). Geen predikant behoort as brugpredikant in 'n vakante gemeente te werk as die predikant nie spesialisopleiding ontvang het nie. Svingen (1998:57) stel dit: "The long held notion that the interim pastor is a retired pastor who marks time or simply fills in is being recognized by more and more lay people as inadequate to the basic developmental needs of congregations in search of new leadership".

Buiten die normale gemeentelike bedienings- en dienstake, is hy opgelei om die vakante gemeente deur hierdie verandering te fasiliteer met die oog op missionale herontdekking. Die brugpredikant is dus doelgerig en goed opgelei as 'n spesialis fasiliteerder.

Janse van Rensburg (2016:8) sê: "This is indeed a unique, skilled, experienced individual. Therefore I choose the IMN version: INTENTIONAL interim minister." Brugbediening is gespesialiseerde werk en vra daarom 'n gespesialiseerde persoon. Dit vra 'n predikant wat brugbediening spesifiek ook as 'n roeping sien (Truter, 2019:40).

Dit sou egter onproduktief wees om slegs te fokus op die kundigheid van die brugpredikant. Dit sal beteken dat vakante gemeentes te veel sal fokus op die persoon van die brugpredikant en nie fokus op die missionale roeping van die gemeente nie, met ander woorde die goed opgeleide brugpredikant is nie die doel van die brugbediening nie maar wel 'n belangrike hulpmiddel tot die brugbediening.

5.3.2 Vakante gemeente (pasiënt)

In dié metafoor word die vakante gemeente die pasiënt. Mead (2015) het in sy boek “The parish is the issue” hierop gewys. Dit beteken dat die vakante gemeente die fokus van die brugproses is. In hoofstuk een het die studie gekyk na die konteks waarin die kerk van vandag bedien en dien. Dit stem ook ooreen met die konteks van die vakante gemeente. Gemeentes wat vakant is kan hulself in die “perfekste storm” bevind. Dit blyk dat die perfekte storm van ons tyd die kerk se sig op die missionale roeping ernstig verswak het. Gemeentes het begin fokus op hulle oorlewing eerder as op hulle missionale roeping. Gemeentes van regoor die wêreld en van verskillende denominasies ondervind dit.

In hoofstuk twee het die ontstaansgeskiedenis van die IMN en NIMSA geleer dat daar ooreenstemmende konteks is: (i) drastiese afname in lidmaatgetalle en (ii) kwynende finansiële hulpbronne. Wanneer die brugpredikant (oogkundige) met die vakante gemeente as pasiënt werk moet hierdie konteks in ag geneem word as die lense voor die oë van die vakante gemeente geflits word. Bykans alle vakante gemeentes worstel met 'n uitdagende konteks wat baie eise aan die gemeente se bediening stel. Dit veroorsaak spanning by die vakante gemeente, 'n gevoel van verlies, wat as dit nie hanteer word nie oorgaan tot konflik en gepaardgaande trauma. Verskillende vorme van verlies word deur die vakante gemeente ervaar: lidmaatgetalle wat verminder, die predikant wat weg is, finansies wat inkrimp, leierskap wat ontbreek. Dit alles verswak die vakante gemeente se visie van hulle missionale roeping (Mead, 2015:Loc1904).

Die vakante gemeente is 'n pasiënt en dit beteken die vakante gemeente het hulp nodig om die missionale oogkaart beter te kan lees. Die beroep van 'n volgende predikant binne 'n kort tyd is nie die antwoord op hierdie uitdaging nie. 'n Spesialis, die intensionele brugpredikant, behoort hierdie proses te begelei. Mead (2015:Loc2317) stel:

... after all these years of defining, developing, and deploying interim pastors he still believed it was all about the local church. According to him no congregation were the same, not even in the same denomination. It was all about contexts. No

congregation could copy another congregation's way of doing and just pass it onto their local congregation.

Om hierdie rede is die verskillende lense nodig. Elke gemeente het ook hulle unieke konteks, met eie en unieke uitdagings. Soos wat elke pasiënt se sig verskil, verskil die konteks van elke vakante gemeente. Janse van Rensburg (2016:9) skryf daarom soos volg in sy aanbieding: “The optician (intentional interim minister) only takes into consideration what he has learned from the patient in front of him. The prescription eyewear for the patient can only fit that specific patient. No person's eyes are the same as any others; no two congregations are identical.”

Soos in hoofstuk vier bespreek is dit om hierdie rede dat Johannes verskillende briewe aan verskillende gemeentes in Klein-Asië skryf. Die unieke konteks van elke vakante gemeente is teologies normatief. Burger (2020:25-26) bevestig dit ook as hy sê Johannes skryf in sy briewe in Openbaring 2 en 3 oor die eie unieke konteks van die gemeentes in Klein-Asië vir elkeen 'n eie brief, maar omdat hulle ook ooreenstemmende konteks het word hierdie briewe as omsendbriewe na mekaar aangestuur. Hy skryf dat die gemeentes in Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea almal in Klein-Asië geleë is en in 90-96 nC. onder 'n Romeinse regering vasgekeer is. Dit is die rede waarom al sewe briewe as omsendbriewe aan al sewe gemeentes versprei moes word.

Elke gemeente het eie unieke omstandighede wat 'n eie unieke brief benodig. Die unieke uitdaging van Efese verskil van die ander gemeentes omdat hulle die gevaar loop om die liefde te verloor en dit sal tot gevolg hê dat hulle hul missionale roeping sou verloor. In Smirna moet die gemeente besef dat lyding deel van die lewe is – ook van gelowiges se lewens. Die gemeente in Pergamum moes oefen om altyd die waarheid te praat en te leef. Hulle moes leer om die waarheid te vertrou. In Tiatira leer die gemeente die Here se raad ten opsigte van Isebel. Die gemeente in Sardis het hulle geesdrif vir die evangelie verloor en Filadelfia moes leer hoe om tye van beproewing te verstaan as geleenthede om die Here te dien, te volg, te eer en te bely. Laodisea was lou en vir niks bruikbaar nie (Burger, 2020:101-162).

Dit is die navorser se hipotese dat hierdie balans tussen ooreenstemmende konteks en verskillende konteks nie deur 'n enkelvoudige lens – een lens alleen - hanteer sal word nie. Daarom stel hy voor dat die vakante gemeente, soos Mead (2015) argumenteer, die “issue” moet word. Die kundige brugpredikant moet dus genoeg aandag daaraan gee om die gemeente se geskiedenis en storie te leer ken. Wat het in die gemeente gebeur? Wat is die gemeente se unieke konteks? Is daar konflik? Is daar genoegsame leierskap? Kennis van die

unieke aard van die vakante gemeente sal die brugpredikant in staat stel om die vakante gemeente tot hulle unieke missionale roeping te begelei.

Vir te lank is 'n holistiese benadering geïgnoreer en het elke opleidingsinstansie, en die brugpredikante wat hulle lewer, te geïsoleerd na hierdie uitdagings gekyk. Met 'n holistiese benadering tot veelvoudige lense sal die brugbediening die vakante gemeente deeglik leer ken en verstaan. Eers as dit gebeur het kan begin word met die pad vorentoe, anders is Mead (2015:Loc1924) in die kol:

Later, much later, I got an image for what was going on. It was as if a whole bunch of boats were in a shallow harbor, and the tide started going out. Those in each boat were panicking. Some were trying to push their boat through the mud to deeper water; some were throwing heavy stuff overboard; some were giving up and walking to shore; some were praying to find enough water to stay afloat as long as they could. Classic siloing; each facing its own problem, growing more and more hysterical about it. Nobody noticing that there was something going on that was bigger than its silo.

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik om kennis te neem van die unieke vakante gemeente, die pasiënt. Daarom is dit uiters belangrik dat die brugpredikant die spesifieke vakante gemeente se unieke konteks ernstig sal bestudeer. Dit sal die brugpredikant op die pad plaas om die unieke vakante gemeente, deur 'n holistiese proses, te begelei om weer hulle missionale roeping te herontdek.

5.3.3 Holistiese brugproses (Phoropter)

Die navorser het reeds aan die hand van Sparhawk (2009) se YouTube-video die oogkundige proses (hoofstuk 5.3) met die hulp van 'n phoropter beskryf. Aan die hand van Eyeglass Guide (2020) se webblad is die phoropter gedefinieer. Dié video beskryf duidelik hoe die oogkundige op 'n bekwame wyse die phoropter gebruik om lense aan die pasiënt te wys. Eers die een lens, dan die ander. Die lense word ook oormekaar en deurmekaar gewys. Deur van al hierdie lense gebruik te maak, word 'n eie unieke lens vir die pasiënt ontwikkel. Dit laat die pasiënt die oogkaart beter sien en gee aanleiding tot die maak van 'n voorskrifbril. In die konteks van ons metafoor gebruik die brugpredikant lense om die vakante gemeente te help om hulle missionale roeping te erken en selfs te herontdek. Hulle word gevolglik begelei om nuut daarop te fokus deur die opstel van 'n bedieningsplan wat 'n duidelike missionale fokus het.

Die lense waarna hier verwys word, word in hoofstuk drie breedvoerig bespreek en daarom word die inhoud van die onderskeie lense nie weer hier belig nie. Die drie lense, soos genoem in hoofstuk 3, word oorwegend afsonderlik deur die opleidingsinstansies onderrig en daarom ook afsonderlik deur brugpredikante in vakante gemeentes gefasiliteer. Slegs 'n persoon wat deeglike kennis van al drie die lense het kan dit op 'n bekwame manier aanwend om die vakante gemeente te fasiliteer tot 'n duideliker erkenning van hulle missionale roeping.

Die navorser se unieke bydra tot die studie is die holistiese gebruik van al drie die lense. Soms Osmer se Prakties Teologiese interpretasie, ander kere Nel se Identiteit Gedrewe Gemeente-Ontwikkeling en nog ander kere IMN se Vyf Fokuspunte. Dit sal selfs nodig wees om vir 'n unieke vakante gemeente twee of selfs al drie hierdie lense oormekaar en deurmekaar te gebruik.

Die vakante gemeente se unieke konteks moet die keuse van 'n lens bepaal en nie die opleiding van 'n spesifieke brugpredikant aan 'n spesifieke instansie nie. In die lig van 'n spesifieke vakante gemeente se unieke konteks sal Osmer se Prakties Teologiese interpretasie voldoende wees, 'n ander unieke vakante gemeente vereis dalk Nel se Identiteit Gedrewe Gemeente-Ontwikkeling en nog 'n ander unieke vakante gemeente IMN se Vyf Fokuspunte.

Die navorser se studie wil aanbeveel dat brugpredikante in al drie die lense opgelei word, sodat hulle al drie die lense kan gebruik. Eers dan sal die vakante gemeente begelei kan word om hulle missionale roeping helder en duidelik te kan sien. Met kennis van al drie hierdie lense sal die kundige brugpredikant gebruik kan maak van meer moontlikhede (lense). Die drie lense staan naas mekaar en nie teenoor mekaar nie. So kan die brugpredikant, afhangende van die vakante gemeente se konteks, die drie lense oormekaar en deurmekaar gebruik.




Figure 5.1: **Grafiese voorstelling vir die drie lense wat oormekaar gebruik word**

Janse van Rensburg (2017:23) stel voor dat die drie lense dan ten minste soos volg gebruik sal word:

- (i) If you have to pick a process (lens) for a short-term interim (3-9 months) – The four questions of Osmer,
- (ii) If you have to pick a process (lens) for a mid-term interim (10-18 months) – The five focus points.
- (iii) If you have to pick a process (lens) for a long-term interim (19-24 months) – The Identity Driven process is applicable.

Nie alle gemeentes se brugbediening sal in 'n korttermyn afgehandel kan word nie. Daar is dalk groot uitdagings ten opsigte van vasgelooptheid of daar is geen missionale leierskap in die vakante gemeente nie. Die Osmer-lens is nie sterk op 'n missionale fokus nie en sal die gemeente eerder begelei tot 'n sterker na binne-gerigtheid (instandhoudingsmodel). As dit die geval is sal daar nie 'n brug na die gemeente se missionale roeping gebou kan word nie. 'n Vakante gemeente met 'n sterk geskiedenis van 'n missionale roeping en gesonde missionale leierskap sal byvoorbeeld suksesvol met hierdie enkelvoudige lens wees. In die lig van die metafoor: gestel die gemeente is bysiende en Osmer se lens is 'n lens vir bysiendheid, kan daar aanvaar word dat die brugbediening met hierdie lens suksesvol sal wees.

Die IMN-lens sal byvoorbeeld suksesvol wees vir 'n medium termyn bediening waar die vakante gemeente oor missionale leierskap beskik. Hierdie lens het 'n sterk fokus op 'n narratiewe model met 'n beginpunt (die gemeente se besoek aan die verlede) en 'n eindpunt (die gemeente se toekomsvisie). Ongelukkig kan dit bloot deur die vakante gemeente as bestemmings op die reis beskou word. Daar is nie ruimte om vorentoe en agtertoe in die brugproses te beweeg nie. Ons sou kon sê die lense van IMN word bloot na mekaar gebruik en nie oormekaar en deurmekaar soos die navorser aanbeveel nie. 'n Brugproses wat bloot kronologies met die lense omgaan sal dus ten sterkste afgeraai word. Die unieke konteks van die vakante gemeente vereis dat alle vakante gemeentes nie met dieselfde lens begin en dan aanbeweeg na dieselfde volgende en daaropvolgende lens nie. Boonop fokus die netwerk-lens van IMN gewoon op netwerke binne die gemeente en denominasie en is dus nie in wese missionaal nie. Dit is hoogstens missionêr. 'n Sterkpunt van hierdie lens is die fokus op leierskap en die ontwikkeling daarvan binne die gemeente. Hoofstuk twee van hierdie studie het reeds aangetoon hoe belangrik gesonde leierskap vir 'n vakante gemeente is.

Nel se lens is by verre die mees omvattende lens. Hierdie identiteit gedrewe-lens is gefokus op 'n missionale identiteit. Dit kan veral gebruik word waar brugbediening as 'n langtermyn bediening toegelaat word. Dit gebeur baie min in die praktyk aangesien gemeentes 'n langtermyn brugbediening as onnodig beskou. Om hierdie lens ten volle te benut is 'n tydperk van ongeveer 19-24 maande nodig. Die analyses-lens van Nel is byvoorbeeld nie moontlik in 'n kort bedieningstyd nie. As enkelvoudige lens kan hierdie lens aanbeveel word vir gemeentes wat vasgeloop is en waar 'n missionale fokus ontbreek, omdat ontvriësing en motivering as lens sterk fokus op vasgeloopte gemeentes. Die lens vir herhaling help die brugbediening om na willekeur na enige van Nel se ander lense terug te keer. Nel se lense kan oormekaar en selfs deurmekaar aangewend word, met ander woorde as die gemeente reeds gemotiveerd en ontvries, is kan daar met die analyse-lens begin word of enige ander volgorde wat die brugpredikant met sy ervaring identifiseer.

'n Verdere bydrae van die navorser is die aanbeveling dat al die lense oormekaar en deurmekaar gebruik behoort te word. Weereens word dit bepaal deur die konteks van die vakante gemeente en die ervaring van die brugpredikant. Hierdie holistiese benadering kan ontgin word ten einde 'n multifokale lens vir die spesifieke vakante gemeente te ontwikkel.

Die holistiese benadering gaan nie net om die oormekaar en deurmekaar gebruik van die Osmer, Nel en IMN as lense nie, maar ook die oormekaar en deurmekaar gebruik van al die lense wat deel is van die drie groot lense. Dit is Osmer se vier lense (Wat is aan die gebeur? Hoe het dit gebeur? Wat behoort te gebeur? Hoe behoort ons daarop te reageer?), Nel se vyf

lense (motivering en ontvriësing; analisering; strategiese beplanning; aksie; evaluasie, stabilisering en ontvriësing) en IMN se vyf lense (erfenis; sending; netwerk; leierskap; toekomsvisie). Soos reeds aangetoon is daar ooreenkomste en verskille tussen die lense, daarom hoef al die lense nie in elke brugbediening volledig benut te word nie.

Met 'n denkbeeldige vakante gemeente in gedagte kan die bekwame brugpredikant byvoorbeeld besluit om met die vakante gemeente se konteks in gedagte te begin met brugbediening - *wat is aan die gebeur?* Dit kan daartoe lei dat die gemeente begin aandag gee aan hulle *erfenis*, wat die gemeente bring by *motivering en ontvriësing*. Die gemeente doen daarna *analise* wat hulle help om te vra *hoe het dit gebeur?* Leierskap ontwikkel as gevolg hiervan. *Wat behoort te gebeur?* Word gevra en daar word na *aksie* oorgegaan. *Strategiese beplanning* volg. 'n *Nuwe toekomsvisie* word geformuleer en opgevolg met *hoe behoort ons daarop te reageer?* Daar word deurlopend aandag gegee aan *evaluasie, stabilisasie en herhaling* en laastens volg *sending*.

Die navorser wil beklemtoon dat bogenoemde nie die nuwe brugproses is nie. Dit is 'n fiktiewe moontlikheid om die holistiese benadering te beklemtoon. Dit beklemtoon ook die oormekaar en deurmekaar gebruik van lense. 'n Goedopgeleide en ervare brugpredikant behoort hierdie holistiese brugproses te gebruik ten einde die vakante gemeente by hulle missionale roeping te bring. Hiervoor sal toerusting, vaardigheid en veral ervaring baie belangrik wees. Dit is alleen moontlik waar 'n bekwame brugpredikant in al drie die lense opgelei is.

5.3.4 Missionale roeping (Oogkaart)

'n Volledige beskrywing van hoe die Snellen-oogkaart werk, word gevind in Keegan (2015) se YouTube-video getiteld: *How to check your patient's visual acuity*. Die Snellen-oogkaart is die toets vir die oogkundige proses. Wanneer die regte lense vir die pasiënt geïdentifiseer word, sien die pasiënt die oogkaart duidelik. Wanneer die holistiese gebruik van lense (brugproses) suksesvol aangewend word, sien die vakante gemeente die oogkaart (missionale roeping) duidelik.

Brugbediening se einddoel is die herontdekking van 'n vakante gemeente se missionale roeping. Suksesvolle brugbediening lei tot 'n vakante gemeente se missionale herontdekking. Sonder suksesvolle brugbediening mag 'n gemeente totaal blind vir hulle missionale roeping gelaat word. Dit begelei die vakante gemeente om missionale roeping weer die DNS van hulle gemeente-wees te maak. Vakante gemeentes sal dus nie bloot fokus op die beroep van 'n nuwe predikant of die oorlewing van die gemeente nie; daar sal na afloop van die brugproses

gefokus kan word op die vakante gemeente se deel word van God se missio Dei (herontdekking van 'n missionale roeping).

Vir die doel van hierdie studie verander die navorser (vir die simboliese waarde) die groot “E” wat boaan die Snellen-oogkaart staan na 'n groot “M”. Dit is omdat dié metafoor ons verstaan van missionale roeping vergelyk met die gesigskerppte waarmee 'n vakante gemeente die Snellen-oogkaart lees. Die hele doel van die brugproses is om 'n vakante gemeente te help om hulle missionale roeping te herontdek – duidelik te kan sien.

Die navorser het aangetoon dat die holistiese oormekaar en deurmekaar gebruik van lense die gemeente sal help om hulle missionale gesigskerppte te verbeter. Om dit volhoubaar uit te leef, ontwikkel die gemeente 'n bedieningsplan vir die toekoms – dit is die voorskrifbril.

5.3.5 Bedieningsplan (Voorskrifbril)

In die metafoor word die voorskrifbril die gemeente se bedieningsplan. Oor bedieningsplanne kan geweldig baie gesê word. Dit is 'n studie op sy eie. Dit is egter nie die primêre fokus van die studie nie en daarom sal dit net kortliks aandag geniet. Volgens Janse van Rensburg (2017:17) is die voorskrifbril die resultaat van al die oogkundige prosesse wat gevolg is. Wanneer die pasiënt die bril opsit en goed voel, goed lyk en veral beter gesigskerppte het, is die doel bereik.

Die bedieningsplan word aan die einde van brugbediening geformuleer en help die vakante gemeente om sy missionale fokus te behou. Wanneer 'n gemeente sy missionale roeping herontdek het, sal dit help om mense weer na die kerk se bediening en diens te trek en dit sal gevolglik ook die finansiële vermoëns versterk. Let op die volgorde!

Volgens Kinnaman (2011:Loc.1424) is daar ses redes waarom jongmense die kerk verlaat. Daar is egter nie een rede wat uitstaan bo die ander nie, maar dit is eerder 'n kombinasie van redes. Dit is nie net jongmense wat hierdie redes vir kerkverlating aanvoer nie. Dit is ook vir die brugbediening nodig om hiervan kennis te neem. Hy noem hierdie redes ontkoppelings:

- *Die kerk se behoefte om in beheer te wees.* Die kerk word ervaar as 'n instelling wat kreatiewe denke versmoor. 'n Oorbeklemtoning van reëls en regulasies versmoor verhoudings waarsonder 'n geloofsgemeenskap nie sinvol kan voortbestaan nie. Volgens Kinnaman (2011:Loc.1424) moet die kerk 'n antwoord op hierdie vraag vind: “How can the church peel back the tamper-resistant safety seal, making space for

imaginative risk taking and creative self-expression, traits that are so valued within the next generation?”

- *Gebrek aan verdiepte spiritualiteit.* Die kerk word as vervelig ervaar. Bediening en diens is gefokus op instandhouding. Lidmate se gawes en talente word nie in die kerk se bediening en diens ontgin nie en daarom ervaar hulle nie 'n missionale roeping in die kerk nie. Kinnaman (2011:Loc.1453) stel voor die kerk vind 'n antwoord op hierdie vraag: “How can the church nurture a deep, holistic faith in Christ that encompasses every area of life?”
- *Negatiewe ingesteldheid ten opsigte van die wetenskap.* Daar word ervaar dat geloof en wetenskap onversoenbaar is. Die wetenskap verwelkom vrae, maar dit wil voorkom asof die kerk kritiese vrae afmaak as ongeloof. Kinnaman (2011:Loc.1453) stel voor die kerk vind 'n antwoord op hierdie vraag: “How can Christian community help the next generation interact with science positively and prophetically?”
- *Onderdrukkende leierskapstyl.* Hierdie onderdrukkende leierskapstyl vervreem mense van die kerk. Dit word veral ervaar ten opsigte van geslags- en generatiewe onderskeiding. Daarom stel Kinnaman (2011:Loc.1453) dat die kerk 'n eerlike antwoord op die volgende vraag vind: “How can the church contextualize its approach to sexuality and culture within a broader vision of restored relationships?”
- *Eksklusiwiteit.* Die kerk is na binne gerig en verwelkom nie graag vreemdelinge nie. Daarom behoort die kerk te soek na 'n antwoord op Kinnaman (2011:Loc.1453) se vraag: “How can the Christian community link the singular nature of Christ with the radical ways in which he pursued and included outsiders?”
- *Gebrek aan ruimte vir onsekerheid (twyfel).* Die ervaring is dat die kerk twyfel afwys as onaanvaarbaar. Daar is nie ruimte om in die kerk te praat oor twyfel nie. Die missionaal gefokusde kerk vind dus 'n antwoord op Kinnaman (2011:Loc.1453) se vraag: “How can the Christian community help this generation face their doubts squarely and integrate their questions into a robust life of faith?”

Die ontwikkelende bedieningsplan wat uit die brugbediening groei sal juis bogenoemde vrae beantwoord en 'n nuwe missionale fokus bied.

5.4 Slot

Hoofstuk vyf is 'n pragmatiese studie en beantwoord Osmer se laaste vraag: Wat behoort te gebeur? Hier is dit die navorser se eie bydra tot die studie. Daar word gebruik gemaak van 'n metafoor en wel die van 'n oogkundige. In hierdie metafoor is die brugpredikant die oogkundige en die brugpredikant werk met die vakante gemeente; die pasiënt in die metafoor. Die brugpredikant gebruik verskeie lense wat hy oormekaar en deurmekaar aanwend; die phoropter in die metafoor. Dit is 'n nuwe benadering aangesien daar tot nou toe wêreldwyd van slegs een lens gebruik gemaak word. Dit word 'n holistiese benadering tot meervoudige lense genoem. Die brugpredikant het ten doel om die vakante gemeente te begelei tot 'n herontdekking van hulle missionale roeping; en in die metafoor is dit die lees van die Snellen-oogkaart. Uiteindelik ontwikkel die gemeente onder leiding van die brugpredikant 'n bedieningsplan waarin die gemeente hulle missionale fokus beplan; in die metafoor is dit die multifokale voorskrifbril.

HOOFSTUK SES

SLOTOPMERKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Struktuur van die studie

Met hierdie studie het die navorser in hoofstuk een by die konteks van gemeentes begin en dit is beskryf as die *perfekte storm*. Reg deur die studie is aangetoon hoe belangrik konteks vir 'n vakante gemeente se bediening en diens is. In hoofstuk vyf is konteks as bepalend vir die gebruik van die verskillende lense aangetoon. Verskeie van die lense is spesifiek gerig op die verkenning van die vakante gemeente se konteks: Wat is aan die gebeur? (Osmer), analisering (Nel) en erfenis (IMN).

Navorsing gedoen toon dat brugbediening tans op 'n enkelvoudige (die gebruik van slegs een lens) wyse gefasiliteer word. 'n Holistiese benadering tot veelvoudige (die gebruik van meer as een lens of multifokale lens) lense, beklemtoon die noodsaak van brugbediening binne die nuwe konteks en gee gefokusde antwoorde vir die spesifieke vakante gemeente se missionale roeping. Tot op hede maak opgeleide brugpredikante wêreldwyd van slegs een lens gebruik, dié lens wat in hulle opleiding aangebied word.

Navorsing is gedoen ten opsigte van die snelveranderende konteks waarin die vakante gemeente bedien en dien. Dit gaan nie soseer oor die behoud van die kerk as sodanig nie. Dit is eerder 'n hernude ontdekking en fokus op die kerk se deel-wees van die missio Dei, 'n herontdekking van die missionale fokus.

In hierdie studie is Osmer (2008) se model as navorsingsmetode gebruik. Volgens Osmer (2008:4) is daar vier belangrike take in die hantering van enige uitdaging. Al vier hierdie prakties-teologiese take sal die basis vorm van die navorsing. Daar is vier baie belangrike vrae gevra: "What is going on? Why is this going on? What ought to be going on? How might we respond?". Die antwoorde op hierdie vrae identifiseer vier take vir die navorsing: (i) deskriptiewe- empiriese, (ii) interpreterende, (iii) normatiewe en (iv) pragmatiese.

6.2 Deskriptiewe-empiriese studie

In hoofstuk twee het die fokus geval op Osmer se eerste taak, genaamd die "descriptive-empirical task", wat ten doel het om die vraag "Wat het gebeur?" te beantwoord. Die doel van hierdie taak is, "gathering information that helps us discern patterns and dynamics in particular

episodes, situations, or contexts.” Die eerste navorsingsvraag “Watter perspektiewe kan ’n deskriptiewe literatuurstudie tot die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika bydra?” is met ’n literatuurstudie onderneem en het voldoen aan die eerste navorsingsdoelwit; “om deur ’n deskriptiewe literatuurstudie van die ontstaan en ontwikkeling van brugbediening in die algemeen en in Suid-Afrika in besonder, meer te leer van die fasilitering van brugbediening in vakante gemeentes.”

Die ontstaansgeskiedenis van brugbediening in die VSA en RSA het hierdie vraag (Wat het gebeur?) beantwoord. Uit die ontstaansgeskiedenis het ons ontdek dat dalende lidmaatgetalle en krimpende finansiële hulpbronne brugbediening geïnisieer het. Die navorser het aangetoon dat dit daartoe bygedra het dat brugbediening se enkelvoudige lense nie sterk missionaal gefokus was nie. Die hoofstuk het verder gefokus op die brugpredikant en brugbediening. Dit is duidelik dat die brugpredikant ’n geroepe, ervare en goed toegeruste spesialis is wat die gemeente van een punt in hulle bestaan na ’n ander punt begelei.

Die unieke bediening van brugbediening het telkens ontwikkel en word voortdurend herdefinieer. Die navorser het gefokus op kenmerke van kerngesonde leierskap, omdat kerngesonde leierskap onontbeerlik vir brugbediening is. Behalwe dat die brugpredikant se leierskap kerngesond moet wees is dit sy roeping om kerngesonde leierskap in die vakante gemeente te ontdek en te ontwikkel. Sonder hierdie kerngesonde leierskap sal die vakante gemeente nie in staat wees om sy missionale roeping te herontdek nie.

6.3 Interpretierende Literatuurstudie

Hoofstuk drie was ’n interpretierende literatuurstudie wat Osmer se tweede vraag beantwoord het: Hoe het dit gebeur? Die doel van hierdie taak was: “Drawing on theories of the arts and sciences to better understand and explain why these patterns and dynamics are occurring”. Die tweede navorsingsvraag van Osmer “Hoe kan ’n literatuurstudie bydra tot die holistiese verstaan van brugprosesse?” is met ’n literatuurstudie van die drie lense onderneem en dit het voldoen aan die tweede navorsingsdoelwit; “Om deur ’n literatuurstudie ’n holistiese benadering tot die brugproses te formuleer”

In hierdie hoofstuk het die navorser gekyk na die drie lense:

- Lens 1 - Prakties-teologiese interpretasie, soos ontwikkel deur Osmer, word aangebied aan Communitas, kweekskool Universiteit van Stellenbosch,

- Lens 2 – Identiteit-gedrewe gemeente-ontwikkeling, soos ontwikkel deur Nel, word aangebied aan Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie, Universiteit van Pretoria en
- Lens 3 - Vyf fokus-areas, soos ontwikkel en aangebied deur die Interim Ministry Network in Baltimore, VSA. word gewy aan die opleiding van brugpredikante.

Elkeen van hierdie lense is uitgepak en daar is aangetoon dat dit enkelvoudig by die drie opleidingsinstansies aangebied word. Dit is die navorser se bydra om aan te toon dat 'n meer holistiese benadering teenoor die gebruik van enkelvoudige lense die vakante gemeente se herontdekking van hulle missionale roeping sal ondersteun.

6.4 Normatiewe studie

Die normatiewe studie is in hoofstuk vier aangepak met Osmer se derde vraag in gedagte: Wat behoort te gebeur? In hoofstuk vier het die fokus op Osmer se derde taak geval. Dit is die normatiewe taak, wat ten doel het om die vraag "Wat behoort te gebeur?" te beantwoord. Die doel van hierdie taak was: "Using theological concepts to interpret particular episodes, situations, or contexts, constructing ethical norms to guide our responses, and learning from good practice" Die studie het die derde navorsingsvraag: *Watter perspektiewe bied Skriftuurlike en teologiese perspektiewe op brugbediening?* beantwoord. Dit was die normatiewe taak van die studie, wat aktief na God se wil (wat behoort te gebeur?) gesoek het. Drie interpretasie lyne van Osmer is ontgin: (i) teologiese interpretasie, (ii) etiese refleksie en (iii) goeie praktyk. Hiermee is voldoen aan die derde navorsingsdoelwit: *om vanuit die vakante gemeente se perspektief op hul missionale roeping vas te stel wat Skriftuurlike en teologiese perspektiewe vir brugbediening bydra.*

Eksegese van drie tekste (Matteus 28: 16-20, Openbaring 2 en 3 en Openbaring 10) en 'n Pauliniese perspektief op brugbediening het teologiese perspektiewe en missionale merkers vir brugbediening aangetoon. Die Jaarvergadering van die International Consortium for Congregational Studies (ICCS) in 2015 is ook in hierdie hoofstuk bestudeer en verdere teologiese perspektiewe en missionale merkers is in die belang van brugbediening aangetoon.

6.5 Pragmatiese studie

Hoofstuk vyf is 'n pragmatiese studie en beantwoord Osmer se laaste vraag: Wat behoort te gebeur? Navorsing gedoen in hoofstuk vyf laat val die fokus op Osmer se vierde taak, genaamd die pragmatiese taak, wat ten doel gehad het om die vraag "Hoe gaan ons hierop reageer?" te beantwoord. Die doel van hierdie taak was: "Determining strategies of action that

will influence situations in ways that are desirable and entering into a reflective conversation with the “talk back” emerging when they are enacted.” Om die vierde navorsingsvraag “Hoe kan die brugproses aangebied word, sodat dit help met die herontdekking van ’n vakante gemeente se missionale roeping?” te beantwoord is daar gebruik gemaak van ’n metafoor (oogkundige proses) om te voldoen aan die vierde navorsingsdoelwit, “Om ’n holistiese benadering tot brugbediening saam te stel om ’n vakante gemeente te ondersteun en ’n missionale roeping te herontdek.”

Hierdie was die navorser se eie bydra tot die studie. Daar word gebruik gemaak van ’n metafoor en wel die van ’n oogkundige. In hierdie metafoor is die brugpredikant die oogkundige en die brugpredikant werk met die vakante gemeente; die pasiënt in die metafoor. Die brugpredikant gebruik verskeie lense wat hy oormekaar en deurmekaar aanwend; die phoropter in die metafoor. Dit is ’n nuwe benadering aangesien daar tot nou toe wêreldwyd van slegs een lens gebruik gemaak word. Dit word ’n holistiese benadering tot meervoudige lense genoem. Die brugpredikant het ten doel om die vakante gemeente te begelei tot ’n herontdekking van hulle missionale roeping; en in die metafoor is dit die lees van die Snellen-oogkaart. Uiteindelik ontwikkel die gemeente onder leiding van die brugpredikant ’n bedieningsplan waarin die gemeente hulle missionale fokus beplan; in die metafoor is dit die multifokale voorskrifbril.

6.6 Tekortkominge van die studie

- Navorsing ten opsigte van die snelveranderende konteks van vakante gemeentes is kortliks bespreek.
- Navorsing ten opsigte van die intergeneratiewe uitdagings is baie kortliks bespreek.
- Die drie lense is nie volledig bestudeer en bespreek nie.
- Die ontkoppelings van David Kinnaman is baie kortliks bespreek.
- Navorsing in hierdie studie het nie die moontlikhede van brugbediening in nie-vakante gemeentes bespreek nie, byvoorbeeld die begeleiding van gemeentes in ’n oorgangstyd anders as vakantskap (byvoorbeeld post Covid-19).

6.7 Voorstelle uit die studie

Die navorser wil voorstel dat die opleiding van die brugpredikant meer uitgebreid en intensief sal wees. Die opleiding van brugpredikante het tot nou toe een spesifieke enkelvoudige lens

gebruik. In sommige gevalle kan 'n spesifieke enkelvoudige lens suksesvol wees, maar in 'n ander konteks glad nie.

Die navorser gee toe dat die spesifieke enkelvoudige lens van Osmer suksesvol sal wees waar 'n vakante gemeente nie vasgeloop is nie en 'n kort tyd (3-8 maande) vir brugbediening beskikbaar het. Die spesifieke enkelvoudige lens van IMN sal suksesvol wees waar 'n gemeente 'n medium termyn (9-16 maande) tot hulle beskikking het en waar die gemeente reeds ontvries is en oor kerngesonde leierskap beskik. Die spesifieke enkelvoudige lens van Nel sal geskik wees vir 'n intensiewe brugbediening waar die gemeente totaal vasgeloop is en waar 'n langtermyn (17+ maande) beskikbaar is. 'n Meer holistiese benadering met die gebruik van al drie lense, gesien die konteks van 'n spesifieke gemeente en die ervaring van die brugpredikant sal die vakante gemeente egter veel eerder tot die herontdekking van hulle missionale roeping begelei.

Daarom stel die navorser voor dat die kurrikulum vir die opleiding van brugpredikante die volgende sal insluit:

- Die normatiewe van brugbediening.
- Die snelveranderende konteks waarin gemeentes missionaal moet kerkwees.
- Die brugpredikant en kerngesonde leierskap.
- Die vakante gemeente en kerngesonde leierskap.
- Die drie lense afsonderlik.
- Die drie lense holisties.

6.8 Finale bevinding

Die begeleiding van brugbediening binne vakante gemeentes moet lei tot 'n missionale fokus. 'n Holistiese benadering deur 'n multifokale lens word gevolg.

BRONNELYS

- AAPOS (American Association for Pediatric Ophthalmology and Strabismus). 2020. *Difference between an Ophthalmologist, Optometrist and Optician*.
<https://aapos.org/glossary/difference-between-an-ophthalmologist-optometrist-and-optician>
Date of access: 14 Aug. 2020.
- Barna, G. 2005. *The state of the church*. Ventura, CA: The Barna Group.
- Bauckham, R. 1998. *God Crucified: Monotheism and Christology in the New Testament*. Carlisle, U.K.: Paternoster Press.
- Bendroth, N.B. 2018. *Interim ministry in action. A Handbook for churches in Transition*. Lanham, Maryland: Rowman & Littlefield.
- Bendroth, N.B., ed. 2015. *Transitional Ministry today. Successful strategies for churches and Pastors*. Lanham, Maryland: Rowman & Littlefield.
- Berkhof, H. 1981. *Introduction to the study of dogmatics*. Grand Rapids: Eerdmans.
- Bevans, S. & Schroeder, R. 2004. *Constants in context*. Maryknoll: Orbis.
- Bosch, D.J. 1991. *Transforming mission*. Maryknoll, NY: Orbis.
- Botha, R. 2018, 10 Jul. *Openbaring Hoofstuk 1*. [YouTube video].
<https://www.youtube.com/watch?v=gR0xcJ052tY&t=7s> Datum van gebruik 1 Julie 2020.
- Botha, R. 2018, 20 Jul. *Openbaring Hoofstuk 2*. [YouTube video].
<https://www.youtube.com/watch?v=-E66gUWwjww> Datum van gebruik 1 Julie 2020.
- Botha, R. 2018, 28 Aug. *Openbaring Hoofstuk 10*. [YouTube video].
<https://www.youtube.com/watch?v=-b908WJNtDI> Datum van gebruik: 1 Julie 2020.
- Branson, M.L. 2007. Ecclesiology and leadership for the missional church. In van Gelder, C., ed. 2007. *The missional church in contexts: Helping congregations develop contextual ministry*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Bright, J. 1976. *Convent and Promise: The Prophetic Understanding of the Future in PreExilic Israel*. Philadelphia: Westminster.

Browning, D.S. 1976. *The Moral Context of the Pastoral Care*. Philadelphia: Westminster.

Browning, D.S. 1983. *Religious Ethics and Pastoral Care*. Philadelphia: Westminster.

Browning, D.S. 1991. *A Fundamental Practical Theology: Descriptive and Strategic Proposals*. Minneapolis: Fortress.

Brueggemann, W. 1978. *The Prophetic Imagination*. Philadelphia: Fortress.

Brümmer, J.F. 1981. *Strategiese Bestuur*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Thesis - Business Administration).

Burger, C. 1995. Gemeentes in transito. Vernuwingsgeleentheid in 'n oorgangstyd. Kaapstad: Lux Verbi.

Burger, C. 2017. Chapter 1. Introducing this publication. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D., ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p. 10-19.

Burger, C. 2017. Chapter 17. Impressions: What we heard at the conference and what it tells us about the way forward. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D., ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p. 251-262.

Burger, C. 2017. Chapter 19. Missional ecclesiology. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D., ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p. 251-262.

Burger, C. 2020. *Oop deure wat Openbaring ons oor die kerk se lewe en roeping leer*. Wellington: CLF Uitgewers.

Butler Bass, D. 2012. *Christianity after religion. The end of church and the birth of a new spiritual awakening*. HarperOne, New York.

Bybel. 1983. *Die Bybel: nuwe vertaling*. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Callahan, K.L. 1983. *Twelve keys to an effective church*. San Francisco, CA: Harper & Row.

Callahan, K.L. 1987a. *Twelve keys to an effective church: The planning workbook*. New York, NY: Harper & Row.

Callahan, K.L. 1987b. *Twelve keys to an effective church: The leaders guide*. San Francisco, CA: Harper & Row.

Callahan, K.L. 2010a. rev. ed. *Twelve keys to an effective church*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Callahan, K.L. 2010b. rev. ed. *Twelve keys leaders guide*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Callahan, K.L. 2010b. rev. ed. *Twelve keys to an effective church*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Capra, F. 1996. *The web of life. A new scientific understanding of living systems*. Anchor Books, New York.

Carson, D.A. 2005. *Becoming conversant with the emerging church*. Zondervan: Grand Rapids, MI.

Center for Congregational Health. 2015, 28 Jan. *Intentional Interim Ministry at the Center for Congregational Health*. [YouTube video].

https://www.youtube.com/watch?v=_Ne3C64R65Q&t=57s Date of access: 13 Aug. 2020.

Center for Congregational Health. <https://genhq.com/faq-info-about-generations/> Date of access: 16 April 2016.

Center for Generational Kinetics. <https://genhq.com/faq-info-about-generations/> Date of access: 17 January 2019.

Chan, S. 2012. Foreword in B.C. Demarets, B. Nassif, S. Hahn, J. Driskill & E. Howard (ed). *Four views on Christian Spirituality*. Zondervan: Grand Rapids, MI.

Coetzee, J.C., De Klerk, B.J. & Floor, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. In: Koers, 45(1):18-36.

Communitas. *Predikante-begeleiding*. 2013. <http://communitas.co.za/taakspanne/predikante-begeleiding/brugpastoraat/> Datum van toegang: 25 Maart 2018.

Cordier, G. 2014. Kernkapasiteite van die predikant as missionale leier in die vorming van 'n missionale gemeentekultuur. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Verhandeling – PhD).

Cray, G. 2017. Chapter 7. The journey towards “missional” in the United Kingdom: The history and development of the missional movement in the United Kingdom. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D. ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p. 92-107.

Cray, G. 2017. Chapter 27. Discernment: The key to planting missional churches. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D. ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p. 251-262.

Crous, M.J. & Nortjè, J.D. 1992. *Die veranderende rol van bestuur oor die volgende dekade*. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 32(1): p218-230.

De Klerk, J.J. 1971. *Die onderlinge vermaning in pastorale perspektief*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Proefskrif - D.Th).

De Roest, H. & Stoppels, S., 2007. Levend licchaam, in Brouwer, R., red. *Levend lichaam: Dynamiek van christelijke geloofsgemeenschappen in Nederland*. Kok: Kampen. p.12–26.

Deming, W.E. 1993. *The new economics for industry*. Government education, 2nd ed. Cambridge, MA: MIT Press.

Dengler, E. 2008. Grondwet van NIMSA. <http://www.nimsa.co.za/Grondwet.html> Datum van gebruik: 15 Maart 2018.

Die Afrikaanse Taalkommissie. 2015, 9 Februarie. <https://www.facebook.com/Taalkommissie/> Datum van gebruik: 3 Augustus 2020.

Dingemans, G.D.J. 2005. *De stem van de roepende: Pneumateologie*. Kok, Kampen.

Dreier, M.S.D. 2013. Created and led by the Spirit: Planting Missional Congregations (Missional Church Series). Grand Rapids: Eerdmans.

Dreyer, W.A., 2016. Empiriese perspektief op kerkwees. In: *Praktiese ekklesiologie – Kerkwees in die 21ste eeu*. HTS Teologiese Studies/Theological Studies, suppl. 10, 72(5), a4379. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i5.4379>

Du Rand, J. 2007. Die A-Z van Openbaring. 'n Allesomvattende perspektief op die boek Openbaring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Du Toit, J.H.H. 2019. Die ontwikkeling van die "Interim Ministry" (Brugbediening) in Suid-Afrika. In: Network for Interim Ministry in South Africa (2019) Item 1-14: *Notule van die Tiende Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA*, 6 en 7 Augustus 2019. Argiefgebou van die Kweekskool, Stellenbosch.

Du Toit, J.H.H. & Nel, M. 2005. Predikantsverwisseling en die brug-predikant. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Vol (1):43-58.

Dulles, A. 1987. *Models of the church. Expanded edition*. New York: Doubleday Image.

Dunn, J. 1998. *The Christ and the Spirit*. Vol 2. Edinburg: T&T Clark.

Easum, W.M. 1995. Gourmet cows make sacred burgers: ministry anytime, anywhere, by anybody. Nashville: Abingdon Press.

Easum, W.M. 2001. Unfreezing moves: Following Jesus into the mission field. Nashville, TN: Abingdon Press.

Easum, W.M. 2007. A second resurrection: Leading your congregation to new life. Nashville, TN: Abingdon Press.

Eyeglass Guide. 2020. What is a Phoropter? <https://www.eyeglassguide.com/my-visit/vision-testing/phoropter.aspx> Date of access: 12 Aug. 2020.

Feldtkelter, A. 2008. Kontextuelle Missionstheologie? Das Beispiel einer missionarischen Theologie in und für Mitteleuropa. In: Reppenhausen, Martin und Michael Herbst. 2008. *Kirchen in der Postmoderne. Beiträge zu Evangelisation und Gemeindeentwicklung*. Band 6. Neukirchener Verlag. Neukirchen-Vluyn.

Fuchs, O. 2001. Identität der Gemeinde: Praktisch-theologische Impulse zu ihren Grundvollzügen. In: W. Krieger & B. Sieberer (eds.), *Gemeinde der Zukunft-Zukunft der Gemeinde*. Würzburg: Echter. p.48-85

George, C.F. 2000. *Prepare your church for the future*. Grand Rapids, Fleming H. Revell/Baker Book House Company.

Getz, G.A. 1974. *Sharpening the focus of the church*. Chicago, IL: Moody.

Gibbs, E. 2013. *The rebirth of the church: Applying Paul's vision for ministry in our post-Christian world*. Grand Rapids. MI: Baker Academic.

Gittins, A.J. 2008. *Called to be sent. Co-missioned as Disciples Today*. Liguori, MI: Liguori.

Gorman, M.J. 2015. *Becoming the gospel: Paul, participation, and mission*. Grand Rapids: Eerdmans.

Gripe, A.G. 1997. *The Interim pastor's manual*. Louisville Kentucky: Geneva Press.

Guder, D.L. 1998. *Missional Church: A vision for the sending of the church in North America*. Grand Rapids: Eerdmans.

Guder, D.L. 2000. *The continuing conversion of the church*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Guder, D.L. 2017. The background and roots of the missional movement. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D. ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p.52-63.

Guder, D.L. 2017. The future of the missional movement and missional churches. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D. ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p.222-229.

Gunton, C. 1997. *The promise of Trinitarian theology*. Edenburg: T&T Clark.

Hall, D.J. 1987. *God and human suffering*. Minneapolis: Augsburg.

Harris, W.L. 1981. *Theology of administration: A Biblical basis for organizing the congregation*. Minneapolis, MN: Augsburg.

Harvey, H.B. 2015. *The art of storytelling*. Paper delivered at the 35th Annual Conference of the Interim Ministry Network, Linthicum Maryland. <http://imnedu.org/wp-content/uploads/2012/05/2015-IMN-Conference-programpdf.pdf> Date of access: 17 Jun. 2015.

HAT: *handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 2015. 6de uitg. Kaapstad: Pearson Education.

Heaney, M. 2019. Essensie – Missionale gemeente-wees, fokus, sinvrae en terminologie. In: Doyer, A & du Toit, H. 2019. *Brûe vir gemeentes op pad na God se toekoms. 'n Gidsboek vir die Brugbediening*. Wellington: CLF Uitgewers.

Heath, E.A. 2008. *The mystic way of evangelism: A contemplative vision for Christian outreach*. Grand Rapids: Baker Academic.

Heitink, G. 2000. *Praktische theologie: Geschiedenis, theorie, handelingsvelden*. Kok, Kampen.

Helgeson, J. 2016. *Freedom and Interim Ministry. Twelve freedoms of the Interim*. Mustang, Oklahoma: Tate Publishing & Enterprises, LLC.

Hendriks, H.J. 1992. *Strategiese beplanning in die gemeente*. Wellington: Hugenate.

Hendriks, H.J. 2004. *Studying congregation in Africa*. Wellington: Lux Verbi.BM.

Heschel, A.J. 1951. *The Sabbath: Its meanings for modern man*. New York: Farrar, Straus, Giroux.

Heschel, A.J. 1962. *The Prophets*. New York: Harper Torchbooks.

Hirsch, A. 2006. *The forgotten ways: Reactivating the missional church*. Grand Rapids, MI: BrazosPress.

Hirsch, A. & Altclass, D. 2009. *The forgotten ways handbook*. Grand Rapids, MI: BrazosPress.

Interim Ministry Network. 2017. *IMN Education*. https://imnedu.org/interim_transitonal-education/ Date of access: 24 March 2017.

Interim Ministry Network. 2020. *Interim Ministry in a Pauline Perspective: Part Two*. <https://imnedu.org/?s=News+letters> Date of access: 1 July 2020.

Janse van Rensburg, J.G. 2016. *Lens for interim leadership in the next generation*. Paper delivered at the 36th annual Conference of the Interim Ministry Network, Las Vegas. <https://imnedu.org/annual-conference/> Date of Access: 1 July 2020.

Janse van Rensburg, J.G. 2017. *The eye chart: missional identity of a church in transition*. Paper delivered at the 37th annual Conference of the Interim Ministry Network, Baltimore. <https://imnedu.org/annual-conference/> Date of Access: 1 July 2020.

Johnson, S.E., 1990. *The Gospel according to St. Matthew*. In: Buttrick, G.A., ed. *The Interpreter's Bible*, 7. 49 ed. Nashville: Abingdon. pp.620-625.

Jordaan, G.J.C., Van Rensburg, F.J., & Breed, D.G., 2011. Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegeese. *In die Skriflig*, 45(2 & 3) 2011:225-258. <https://indieskriflig.org.za/index.php/skriflig/article/view/14/14>

Joubert, S. 2007. Die perfekte storm. Hoe die gelowiges van vandag die wêreld van môre kan oorleef. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.

Joubert, S. 2019, 13 Aug. *Openbaring 10 – Eet die Woord, Doen die woord*. [YouTube video]. <https://www.youtube.com/watch?v=xdMAicwSWQk>. Datum van gebruik: 1 Julie 2020.

Keck, L.E. 1978. *The Bible in the pulpit: The renewal of Biblical Preaching*. Nashville: Abingdon.

Keegan, D. 2015, 23 March. *How to check your patient's visual acuity*. [YouTube video]. <https://www.youtube.com/watch?v=kMwy06mAV5U&t=38s> Date of access: 15 Aug. 2020.

Keydel, J. 2015. Focus Points and the Work of the Congregation. In: Bendroth, N.B., ed. *Transitional Ministry Today: Successful Strategies for Churches and Pastors*. Lanham, Maryland: Rowman & Littlefield Publishing Group, Inc. p.53-62.

Kinnaman, D. 2011. *You lost me. Why young Christians are leaving church ... and rethinking faith*. [Kindle edition]. Baker Books. Available from Amazon.com.

Kitchens, J. 2003. *The postmodern parish. New ministry for a new era*. The Alban Institute. Rowman Littlefield Publishing: Cambridge, UK.

Knudsen, R.B. 1979. *New models for church administration*. Chicago, IL: Follett.

Labuschagne, F.J. 2009. Kerkleierskap as bemiddeling van 'n onmoontlike werklikheid: 'n Prakties-teologiese ondersoek na die rol van leierskap in die transformasie van gemeentes. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Proefskrif – PhD).

Labuschagne, F.J. 2019. *Voortgesette toerusting in 2019*. Die Hervormer, Oktober 2019, Jaargang 112, Nommer 7. <https://nhka.org/die-hervormer/die-hervormer-oktober-2019/>
Datum besoek: 18 Februarie 2020.

Le Roux, J. & Hanekom, B. (Red). 2008. *Geestelike Leierskap maak die verskil*. Christen Leiers. God se mense vir nuwe werklikhede. Wellington: Bybel-Media.

Lissenburg, D. 1975. *Samen thuis – samen uit*. Over de begeleiding van veranderingsprocessen in kerken. Assen: Van Gorcum.

Lissenburg, D. 1978. *Veranderen in de kerk ... hoe doet jy dat?* Assen: Van Gorcum.

Loder, J. 1998. *The logic of the Spirit*. San Francisco: Jossey-Bass.

Long, T. 1989. *The witness of Preaching*. Louisville: Westminster John Knox.

Louw, D.J. (Red). 1985. *Op die breuklyn*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Malcolm, L. 2013. Raised for our justification: Christ's Spirit for us and for all. In: Dreier, M.S.D., (ed) *Created and led by the Spirit*. Grand Rapids: Eerdmans, p.65.

Malphurs, A. 2011. *The nuts and bolts of church planting: A guide for starting any kind of church*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Mann, A. 1998. *The in-between church: Navigating size transitions in congregations*. Alban Institute: New York.

Marais, F. 2017. The history and challenge of the missional movement in South Africa: Perspective from an insider. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D. ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p.64-79.

Marais, F. 2018. *Enkele eerste konklusies oor die herontwerp van 'n missionale model vir geloofsonderskeiding*. Voorlegging by die jaarlikse Gemeente Dienste Netwerk samekoms, Menuha, Bloemfontein, 13-15 Augustus 2018.

Martin, G.H. Interim Ministry Network. 2020, 15 May. *Interim Ministry in a Pauline Perspective: Part One*. <https://imnedu.org/?s=News+letters>. Date of access: 1 July 2020.

Martin, G.H. Interim Ministry Network. 2020. *What is Interim Ministry?*

<https://imnedu.org/about-imn>. Date of access: 6 February 2020.

Martin, R. 2014. *2 Corinthians*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

McMillan, N.C. 2014. Creating third space. In: Branson, ML & Warnes, N (eds). *Starting missional churches*. Downers Grove: IVP, p.112.

McNeal, R. 2009. *Missional Renaissance: Changing the scorecard for the church*. San Francisco: Jossey-Bass.

Mead, L.B. 1976. *Changing pastoral leadership*. Washington DC: Alban Institute.

Mead, L.B. 1986. *Critical moment of ministry: a change of pastors*. Washington DC: Alban Institute.

Mead, L.B. 2005. *A Change of Pastors ... and how it effects change in the congregation*. [Kindle edition]. Herndon, VA.: Alban Institute. Available from Amazon.com.

Mead, L.B. 2015. *The Parish is the issue. What I learned and how I learned it*. [Kindle edition]. Herndon, VA.: Alban Institute. Available from Amazon.com.

Migliore, D. 1991. *Faith seeking understanding*. Grand Rapids: Eerdmans.

Moltmann, J. 1974. *The Crucified God: The Cross of Christ as the Foundation and Criticism of Christian Theology*. New York: Harper and Row.

Moltmann, J. 1977. *The Church in the Power of the Spirit: A Contribution to Messianic Ecclesiology*. San Francisco, CA: Harper & Row.

Moynagh, M. 2012. *Church for every context*. London: SCM.

Muller, W.H.B. 2017. *Brugpredikante Opleiding Een*. Communitas: Universiteit Stellenbosch. (Studiegids).

Nederlandse Geloofsbelydenis. S.A. In Afrikaans vertaal in opdrag van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In: *Psalmboek. Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Pretoria: NG Kerk Uitgewers. p. 486-520.

Nel, A. 2015. *Missionêre- vs Missionale Spiritualiteit*. [Blog post].
<https://attie.wordpress.com/2015/02/26/missionere-vs-missionale-spiritualiteit/> Datum
gebruik: 17 September 2020.

Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.

Nel, M. 2006. Stories van hoop. Gemeentes wat in hulle konteks 'n verskil maak en hoop
bring. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Nel, M. 2008. Stigting van 'n ekumeniese struktuur vir Brugbediening in Suid-Afrika.
Skrywe 18 April 2008.

Nel, M. 2015. Identity-driven churches. Who are we, and where are we going? Biblecor.
Wellington.

Network for Interim Ministry in South-Africa. 2008. Items 1-7: Vorming van 'n ekumeniese
struktuur vir Brugbediening in Suid-Afrika. Notule van die stigtingsvergadering, 20 Junie
2008. Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin,
Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South-Africa. 2008. Items 1-9: Beplannings vergadering van
die Taakspan. Notule van die werksessie, 31 Augustus 2008. Marweweck Street 649,
Moreleta Park, Pretoria.

Network for Interim Ministry in South-Africa. 2008. Items 1-7: Vorming van 'n ekumeniese
struktuur vir Brugbediening in Suid-Afrika. Notule van die vergadering, 24 Oktober 2008.
Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2008. Item 4: Samestelling van Beheerraad.
Notule van die eerste Beheerraadsvergadering, 14 November 2008. Kerkentrum van die
Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2009. Item 1-12: Notule van die Eerste
Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 1 en 2 September 2009. Kerkentrum van die
Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2010. Item 1-9: Notule van die Tweede
Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 18 September 2010. Kerkentrum van die
Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2011. Item 1-7: Notule van die Derde Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 28 en 29 September 2011. Argiefgebou van die Kweekskool, Stellenbosch.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2012. Item 1-11: Notule van die Vierde Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 26 en 27 September 2011. Argiefgebou van die Kweekskool, Stellenbosch.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2013. Item 1-14: Notule van die Vyfde Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 23 en 24 Oktober 2013. Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2014. Item 1-4: Verslag van die werkswinkel van NIMSA oor die toekoms van NIMSA, 2 Desember 2014. Kerkentrum van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zuurfontein, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2014. Item 1-5: Notule van die telefoonkonferensie van NIMSA se Beheerliggaam, 21 Oktober 2014 om 11:00.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2015. Item 1-20: Notule van die Sesde Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 28 en 29 Oktober 2015. Kerkentrum van die Nederduitse Gereformeerde gemeente Kempton-Kruin, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2016. Item 1-14: Notule van die Sewende Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 24 en 25 Augustus 2016. Argiefgebou van die Kweekskool, Stellenbosch.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2017. Item 1-14: Notule van die Agste Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 13 en 14 September 2017. Kerkentrum van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gemeente Zuurfontein, Kempton Park.

Network for Interim Ministry South Afrika, 2008. Tuisblad, Augustus 2008.
<http://www.nimsa.co.za/>. Datum gebruik: 15 Maart 2018.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2018. Item 1-14: Notule van die Negende Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 28 en 29 November 2018. Bybelhuis van die Suid-Afrikaanse Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Kempton Park.

Network for Interim Ministry in South Africa. 2019. Item 1-14: Notule van die Tiende Jaarvergadering en Konferensie van NIMSA, 6 en 7 Augustus 2019. Argiefgebou van die Kweekskool, Stellenbosch.

Newbigin, L. 1995. rev. ed. *The open secret. An introduction to the theology of mission*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. (First Print 1978).

NHKA, 2019, Almanak. Jaarboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 2019, Jaargang 113, p.199. Pretoria: Sentik.

Nicholson, R.S. 1998. *Temporary Shepard's: A Congregational Handbook for Interim Ministry*. [Kindle edition]. HarperOne. Available from Amazon.com.

Niemandt, C.J.P. 2010. Kontoere in die ontwikkeling van 'n missionêre ekklesiologie in die Nederduits Gereformeerde Kerk: 'n Omvangryker vierde golf. NGTT:93-103.

Niemandt, C.J.P. 2013. Nuwe leiers vir nuwe werklikhede: Insigte wat nodig is om die nuwe uitdagings in die kerk en die lewe te hanteer. Vereeniging: CUM.

Niemandt, N. 2007. Nuwe drome in nuwe werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld. Wellington: Lux Verbi.

Nieuwhof, C. 2015. *Lasting Impact. Seven powerful conversations that will help your church grow*. [Kindle edition]. HarperOne. Available from Amazon.com.

Ogden, G. 1990. The new reformation: Returning the ministry to the people of God. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Olivier, G.C. 1985. *Beplanning en bestuur*. Unpublished paper. Pretoria: Centre for Continuing Theological Education. UP.

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology: An introduction*. [Kindle edition]. Available from Amazon.com.

Osmer, R.R. 2012. Formation in the missional church. Building deep connections between ministries of upbuilding and sending. In: Zscheile, D.J. ed. 2012. *Cultivating sent communities: Missional spiritual formations*. Grand Rapids, MI: Eerdmans. P.29-55.

- Paas, S. 2017. Strangers and priests. Missional ecclesiology for a (very) secular environment. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D. ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bible Media. p.92-107.
- Palmer, R. 1969. *Hermeneutics*. Evanston, Ill.: Northwestern University Press. p.25-26, 87-88, 118-121.
- Petersen, E. 2003. *The Message*. Colorado Springs, CO: Navpress.
- Peterson, C.M. 2013. Who is the church? An ecclesiology for the twenty-first century. Minneapolis, MI. Fortress Press.
- Pieper, J. 1966. *The four cardinal virtues*. Notre Dame, IND.: University of Notre Dame Press.
- Pillay, J. 2017. The missional renaissance: Its impact on churches in South Africa, ecumenical organisations, and the development of local congregations. In: Burger, C & Marais, F & Mouton, D. ed. *Cultivating missional change. The future of missional churches and missional theology*. Wellington: Bybel Media. p.35-49.
- Pinnock, C. 1966. *Flame of love*. Downers Grove: IVP.
- Placher, W.C. 2007. *An essay in postliberal theology*. Louisville: Westminster John Knox.
- Quinn, R. 1996. *Deep Change: Discovering the Leader within*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Quinn, R. 2004. *Building the bridge as you walk on it*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Richards, L.O. & Hoeldtke, C. 1982. *A theology of church leadership*. Eth.ed. Grand Rapids, MI: Zondervan.
- Roxburgh, A.J. & Boren, M.S. 2009. *Introducing the missional church: What it is. Why it matters. How to become one*. Grand Rapids, MI: Baker Books.
- Saayman, W. 2007. *Being missionary, being human: An overview of the Dutch Reformed mission*. Pietermaritzburg: Cluster.
- Sawyer, D.R. 1986. *Work of the Church: Getting the job done in boards and committees*. Ville Forge, Pa: Judson Press.

Scazzero, P. (@PeterScazzero). 2017, 22 February. [Facebook post].
https://www.facebook.com/pg/petescazzero/photos/?tab=album&album_id=169736409257&ref=page_internal Date of access: 3 Augustus 2020.

Scazzero, P. 2014. *How healthy is your leadership?*
<https://www.emotionallyhealthy.org/how-healthy-is-your-leadership-3/> Date of access: 18 Feb. 2020.

Scazzero, P. 2015. *The Emotionally Healthy Leader. How transforming your inner life will deeply transform your church, team, and the world.* Grand Rapids Michigan: Zondervan.

Scazzero, P. 2017. *Emotionally Healthy Spirituality. It's impossible to be spiritually mature while remaining emotionally immature.* Grand Rapids Michigan: Zondervan.

Schippers, K.A. 1982. *Werken aan de gewone gemeente, 2, 3, 4.* Praktische Theologie (2): p.96-105; Praktische Theologie (3): p.181-192; Praktische Theologie (4): p.211-224.

Smith, M.D. 2009. *Transitional Ministry.* [Kindle edition]. Available on Amazon.com.

Smuts, J.C. 1962. *Holism and evolution.* Compass Books Edition, 625 Madison avenue, New York 22, N.Y.

Sparhawk, J. 2009, 1 Dec. *Eye exam, Refraction.* [YouTube video].
<https://www.youtube.com/channel/UCKqYNQ4s9L-jsTAK0X2ZtCg> Date of access: 12 Aug. 2020.

Stoppels, S. 2009. *Voor de verandering. Werken aan vernieuwing in gemeente en parochie.* Zoetermeer: Boekencentrum.

Stott, J. 1992. *The contemporary Christian: An urgent plea for double listening.* Leicester: Intervarsity.

Sunquist, S.W. 2013. *Understanding Christian mission.* Grand Rapids: Baker Academic.

Svingen, P.N. 1998. *The Interim Minister:* In: Nicolson, R.S. 1998: p.52-61.

Taylor, J.V. 1972. *The go-between go: The Holy Spirit and the Christian mission.* London: SCM.

Ten Have, T.T. 1973. *Andragologie in blauwdruk.* Groningen: Tjenk Willink.

Tisdale, L.T. 1997. *Preaching as Local Theology and Folk Art*. Minneapolis: Fortress.

Torrance, J.B. 1996. *Worship, community and the triune God of grace*. Carlisle: Paternoster.

Trimble, C. 2015. The changing landscape of the American church. In: Bendroth, N.B., ed. 2015. *Transitional Ministry today. Successful strategies for churches and Pastors*. Lanham, Maryland: Rowman & Littlefield. p.37-51.

Truter, T. 2019. Wie stap saam. In: Doyer, A & du Toit, H. 2019. *Brue vir gemeentes op pad na God se toekoms. 'n Gidsboek vir die Brugbediening*. Wellington: CLF Uitgewers.

Tull, J.W. 2012. *Interim Ministry: Positive Change in Times of Transition*. [Kindle edition]. Available on Amazon.com.

Tyra, G. 2013. *A missional orthodoxy. Theology and ministry in a post-Christian context*. IVP Academic, Downers Grove, IN.

Tyra, G. 2013. *A missional orthodoxy. Theology and ministry in a post-Christian context*. IVP Academic: Downers Grove, IN.

Universiteit van Pretoria. Die Sentrum vir Kontekstuele Teologie. Gevorderde kursusse. 2017. *Interim Ministry*. <http://up.ac.za/en/center-for-contextual-ministry/article/21977551/interim-ministry> Datum van gebruik: 27 Maart 2017.

Van der Merwe, B.J. 1984. *Beplanning: die primêre bestuursfunksie*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (Thesis in Business Administration).

Van der Merwe, J.C. 2014. *'n Narratief vir kerkwees vandag*. HTS Teologiese Studies / Theological Studies 70(1), Art. #2699, 13 bladsye. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i1.2699>.

Van der Merwe, J.C. 2015. *Die inkarnering van die missio Dei as praktykmodel vir die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. HTS Teologiese Studies / Theological Studies 71(3), Art. #3066, 16 bladsye. <http://dx.doi.org/10.4102/hts.v71i3.3066>.

Van der Walt, G. 2010. Recent developments and changes in understanding the Dutch Reformed family of churches missional identity and calling. NGTT:164-176.

Van der Walt, J.L. & Dekker, E.I. 1983. *Die opvoedingsgebeure*. Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Van Doorn, J. & Van Vught, F. 1978. *Planning*. Amsterdam: Van Gorcum.

Van Gelder, C. 2000. *The essence of the church: A community created by the Spirit*. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Van Gelder, C. 2007. *The ministry of the missional church: A community led by the Spirit*. Grand Rapids, MI: Baker Books. p.59-61.

Van Loggerenberg, J & du Toit, J.H.H. 2014. *Brugbediening in Suid-Afrika na 10 jaar. Riglyne uit die Teologiese Praktyk*.

<http://www.nimsa.co.za/BB%20in%20Suidelike%20Afrika%20na%2010%20Jaar.pdf>

Datum van gebruik: 22 April 2017.

Van Niekerk, A. 2014. *The missional congregation in the South African context*. HTS Theological Studies. p.1-6.

Van Niekerk, W.P. 1992. *Die ontwerp van 'n organisasiemissie*. Tydskrif vir Geesteswetenskappe 32(1). p.26-39.

Van Rensburg, F.J., De Klerk, B.J., De Wet, F.W., Lamprecht, A., Nel, M. & Vergeer, W. 2011. *Preekgeboorte: Van eksegeese tot preek*. SA: Potchefstroomse Teologiese Publikasie.

Van Ruler, A.A. 1952. *Bijzonder en algemeen ambt*. Callenbach, Nijkerk.

Van Tiene, A.J.M. & Zwanikken, W.A.C. 1969. *Opbouwerk als een sociaal-agogische methode*. Deventer: Van Loghum.

Van Wyk, B.J. 2016. *Kom ons begrawe die kerk!* Die Hervormer 109(1). p.3.

Wagner, C.P. 1977. *Your church can grow*. Scottsdale, AZ.: Regal Publishing.

Ward, P. 2002. *Liquid church*. Peabody, MA.: Hendrickson publishers.

Warnes, N. 2014. *Growing roots in a Secularized Context*. In: Branson, M.L. & Warnes, N. eds. *Starting missional churches*. Downers Grove: IVP, p.139.

Watson, D. 1983. *Discipleship*. London: Hodder and Stoughton.

Wells, C.A. 2018. Five developmental tasks critical moments: Mead and Annual Report [email]. 27 Jul. 2018.

Westerhoff, J.H. & Neville, G.K. 1979. *Generation to generation: Conversations on religious education and culture*. [Kindle edition]. Available on Amazon.com.

Williams, Y. *Why is it called the silent generation?* In: Study.com
<https://study.com/academy/lesson/the-silent-generation-definition-characteristics-facts.html>
17 January 2019.

Woolever, C. & Bruce, D. 2008. *Places of promise: Finding strength in your congregation's location*. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Wright, C.J.H. 2006. *The mission of god. Unlocking the Bible's grand narrative*. Downers Grove, IN.: IVP Academic.

Wright, C.J.H. 2010. *The mission of God's people. A Biblical theology of the church's mission*. Grand Rapids, MI: Zondervan. (Series Biblical Theology for life, General editor Jonathan Lunde.)

Wuthnow, R. 2007. *After the Baby Boomers: How Twenty- and Thirty-Somethings are shaping the future of American religion*. Boston: Princeton University Press.

Zscheile, D.J. 2012. A missional theology of spiritual formation. In Zscheile, D.J. (ed.) 2012. *Cultivating sent communities: Missional spiritual formation*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

BYLAAG A: HOW HEALTHY IS YOUR LEADERSHIP?

(Scazzero, 2015:48)

Being an emotionally unhealthy leader is not an all-or-nothing condition; it operates on a continuum that ranges from mild to severe, and may change from one season of life and ministry to the next. The following is a one of the assessments I developed for the upcoming Emotionally Healthy Leader (Zondervan, 2015) book I have been writing for the last year and a half. Use the list of statements that follow to get an idea of where you're at right now. Next to each statement, write down the number that best describes your response.

Use the following scale:

5 = Always true of me

4 = Frequently true of me

3 = Occasionally true of me

2 = Rarely true of me

1 = Never true of me

_____ 1. I take sufficient time to experience and process difficult emotions such as anger, fear, and sadness.

_____ 2. I am able to identify how issues from my family of origin impact my relationships and leadership—both negatively and positively.

_____ 3. (If married): The way I spend my time and energy reflects the value that my marriage—not ministry—is my first priority as a leader.

(If single): The way I spend my time and energy reflects the value that living out a healthy singleness—not ministry—is my first priority as a leader.

_____ 4. (If married): I experience a direct connection between my oneness with Jesus and oneness with my spouse.

(If single): I experience a direct connection between my oneness with Jesus and closeness with my friends and family.

_____ 5. No matter how busy I am, I consistently practice the spiritual disciplines of solitude and silence.

- _____ 6. I regularly read Scripture and pray in order to enjoy communion with God and not just in service of ministry tasks.
- _____ 7. I practice Sabbath—a weekly twenty-four-hour period in which I stop my work, rest, and delight in God’s many gifts.
- _____ 8. I view Sabbath as a spiritual discipline that is essential for both my personal life and my leadership.
- _____ 9. I take time to practice prayerful discernment when making ministry plans and decisions.
- _____ 10. I measure the success of planning and decision-making primarily in terms of discerning and doing God’s will (rather than exclusively by measures such as attendance growth, excellence in programming, or expanded impact in the world).
- _____ 11. With those who report to me, I consistently devote a portion of my supervision time to help them in their inner life with God and to accomplish their ministry goals.
- _____ 12. I do not avoid difficult conversations with team members about their performance or behavior.
- _____ 13. I feel comfortable talking about the use of power in connection with my role and that of others.
- _____ 14. I have articulated and established healthy boundaries in relationships that have overlapping roles (for example, with friends and family who are also employees or key volunteers, etc.).
- _____ 15. Instead of avoiding endings and losses, I embrace them and see them as a fundamental part of the way God works.
- _____ 16. I am able to prayerfully and thoughtfully let go of initiatives, volunteers, or programs when they aren’t working well, doing so with compassion and right motives.

Take a moment to briefly review your responses. What stands out most to you?

BYLAAG B: ETIEK KLARING



Private Bag X1290, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: 018 299-1111/2222
Fax: 018 299-4910
Web: <http://www.nwu.ac.za>

Senate Committee for Research Ethics
Tel: 018 299-4849
Email: nkosinathi.machine@nwu.ac.za

25 May 2020

ETHICS APPROVAL LETTER OF STUDY

Based on approval by the **Theology Research Ethics Committee (TREC)** on 25/05/2020, the Theology Research Ethics Committee hereby **approves** your study as indicated below. This implies that the North-West University Senate Committee for Research Ethics (NWU-SERC) grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and pending any other authorisation that may be necessary, the study may be initiated, using the ethics number below.

Study title: Brugbediening in vakante gemeentes gemik op 'n missionale fokus: 'n Holistiese benadering deur 'n multifokale lens.

Study Leader/Supervisor (Principal Investigator)/Researcher: Dr IW Ferreira & Dr R Denton

Student: J. Van Rensburg

Ethics number:

N	W	U	-	0	1	9	8	9	-	2	0	-	A	6
Institution				Study Number						Year			Status	

Status: S = Submission; R = Re-Submission; P = Provisional Authorisation; A = Authorisation

Application Type: Single Study

Commencement date: 2020/06/01

Risk Category:

Low

Expiry date: 2021/05/31

Approval of the study is initially provided for a year, after which continuation of the study is dependent on receipt and review of the annual (or as otherwise stipulated) monitoring report and the concomitant issuing of a letter of continuation.

Special in process conditions of the research for approval (if applicable):

General conditions:


While this ethics approval is subject to all declarations, undertakings and agreements incorporated and signed in the application form, the following general terms and conditions will apply:

- The study leader/supervisor (principle investigator)/researcher must report in the prescribed format to the TREC:

- annually (or as otherwise requested) on the monitoring of the study, whereby a letter of continuation will be provided, and upon completion of the study; and
- without any delay in case of any adverse event or incident (or any matter that interrupts sound ethical principles) during the course of the study.
- The approval applies strictly to the proposal as stipulated in the application form. Should any amendments to the proposal be deemed necessary during the course of the study, the study leader/researcher must apply for approval of these amendments at the TREC, prior to implementation. Should there be any deviations from the study proposal without the necessary approval of such amendments, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.
- Annually a number of studies may be randomly selected for an external audit.
- The date of approval indicates the first date that the study may be started.
- In the interest of ethical responsibility, the NWU-SCRE and TREC reserves the right to:
 - request access to any information or data at any time during the course or after completion of the study;
 - to ask further questions, seek additional information, require further modification or monitor the conduct of your research or the informed consent process;
 - withdraw or postpone approval if:
 - any unethical principles or practices of the study are revealed or suspected;
 - it becomes apparent that any relevant information was withheld from the TREC or that information has been false or misrepresented;
 - submission of the annual (or otherwise stipulated) monitoring report, the required amendments, or reporting of adverse events or incidents was not done in a timely manner and accurately; and / or
 - new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.
- TREC can be contacted for further information or any report templates via Rudy.Denton@nwu.ac.za.

The TREC would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your study. Please do not hesitate to contact the TREC or the NWU-SCRE for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely



Prof Rudy Denton
Chairperson NWU Theology Research Ethics Committee

Original details: (22351930) C:\Users\22351930\Desktop\ETHICS APPROVAL LETTER OF STUDY.docm
8 November 2018
File reference: 9.1.5.4.2

BYLAAG C: VERKLARING AANGAANDE TAALVERSORGING

VERKLARING AANGAANDE TAALVERSORGING

Ek, Anna Botha, verklaar hiermee dat ek die taalversorging van die navorsingstudie getiteld

Die begeleiding van brugbediening binne vakante gemeentes tot 'n missionale fokus: 'n Holistiese benadering deur 'n multifokale lens

as nagraadse navorsingstudie vir Johannes George Janse van Rensburg behartig het. Taalfoute is op die gewone manier van doen ("track changes") aangedui en aan die outeur oorgelaat vir regstelling.

Die uwe,



A. Botha
Taalkundige.